



EVANGELI IN DI VOLKSTAAL

*Afrikaanse preke deur ds P. D. Rossouw en
eerw. J. W. van der Rijst*

EN

SO GAAT DIT


'n verhaal deur eerw. J. W. van der Rijst

Versorg deur P. J. NIENABER

*Uitgawe van die Patriotvereniging vir
Afrikaanse Teksuitgawes*

Nr 10

(Vierde Jaargang nr 1)



VOORTREKKERS, BEPERK

Johannesburg - Pretoria - Potchefstroom - Krugersdorp - Klerksdorp -
Germiston - Boksburg - Benoni - Brakpan - Springs - Pietersburg.

1943

Aan Felix.

VOORWOORD.

Ek wil graag my waardering betuig aan al die openbare Inrigtings en aan persone wat aan my hulp verleen het met die oog op insameling van gegewens vir die voorliggende studie.

Ek dink aan mnr Varley van die Openbare Biblioteek te Kaapstad en sy staf; prof. R. W. Wilcocks, rektor van die Universiteit van Stellenbosch, en mnr G. V. Marais, bibliotekaris aldaar, wat my toegelaat het om sekere jaargange van die *Patriot* na Kaapstad te neem om fotostatte te laat maak; ds J. A. S. Oberholster, argivaris van die Ned. Geref. Kerk in Kaapstad; mnr F. N. van Niekerk van Kaapstad; mnr M. M. Stirling van die Staatsbiblioteek, Pretoria, en die magistraat van Wynberg.

'n Spesiale woord van dank aan mnr P. D. Rousseau, seun van ds Rossouw (let op die verskil in spelling van die van), wat heelwat stof verskaf het in verband met die preke en gedigte van sy vader. Hy het self navorsingswerk gaan doen in die Openbare Biblioteek, Kaapstad, en my taak daardeur vergemaklik.

Prof. C. M. van den Heever het die manuskrip gelees en my van waardevolle wenke voorsien, waarvan ek dankbaar gebruik gemaak het.

Vir sy vriendelike hulp met die lees van die proewe, is ek mnr P. J. van der Watt, B.A., baie dank verskuldig.

Ten slotte die dank van die Patriotvereniging aan die kopiereghouers van die verskillende preekbundels vir verlof aan ons toegestaan om die preke te herdruk.

DIE SKRYWER.

Johannesburg,
19 April 1943.

Inhoud.

	Bladsy
Voorwoord.	
Inleiding	I
Godsdienstige stukke	1
Evangeli in di volkstaal, No. 1	77
Evangeli in di volkstaal, No. 2	131
So gaat dit	181
Konstitusie van die Patriotvereniging	226
Ledelys	227

INLEIDING.

Dit is nie vreemd dat ons drie Afrikaanse preekbundels uit die Eerste Tydperk van die Afrikaanse Beweging besit nie. Die Genootskap van Regte Afrikaners het sy ontstaan indirek te danke aan die begeerte om die Bybel in Afrikaans te vertaal, en die leiers van die G.R.A. was almal godsdienstige mense. Van elke lid is geverg geloof in die „Versoeningsdood van onse Here Jesus Christus”, en al het hierdie bepaling sommige laat aanstoot neem, tog is daarvan nie afgewyk nie. Elke vergadering is met gebed geopen en gesluit, en op bepaalde tye en ure het elke lid die Afrikaanse saak voor die genadetroon opgedra in die gebed.

Dit was die vertrouwe op die hulp en welgevalle van God, en die oortuiging dat alles geskied tot Sy eer, wat hulle instaat gestel het om in weerwil van hoon en spot vorentoe te gaan. Geloof in die Hoër Wil was die slagaar van hulle lewe en strewe.

Die Bybelvertaling is aan die gang gesit deur die brief van dr Arnoldus Pannevis op 7 Sept. 1872 aan *De Zuid Afrikaan* oor „De Bijbel in het Afrikaansch.” Dit het ’n belangrike geskryf oor die saak uitgelok: ’n paar het die sienswyse van Pannevis toegejuig en dit hoofsaaklik op grond van die feit dat die Bybelverafrikaansing vir die kleurling van nut kan wees. Dog in hoofsaak is die oorsetting ten behoeve van die Afrikaanse gemeenskap van die hand gewys as ’n onbesonnenheid of onnodigheid.

Hierdie brief van Pannevis het die saak van ’n Afrikaanse Bybelvertaling direk onder die aandag van die lesers van *De Zuid Afrikaan* gebring, en C. P. Hoogenhout het ’n vertaling van Matthéüs 28 gemaak. Hy het dit aan die *Kerkbode* gestuur, maar dit het in die snippermandjie beland. Dit is die eerste vertalingspoging, maar reeds vroeër, na dit skyn, is Afrikaans selfs vanaf die kansel gebruik. In die *Patriot* (o.d. 29 Julie 1881) staan te lees: „’n Episkopale predikant deel ons mé dat hy ’n geskrewe preek in besit het, in *Afrikaans* geskrewe, lang voor die Afrikaanse taalbeweging begin het.”

’n Ander belangrike gebeurtenis lewer bewys van die erns waarmee C. P. Hoogenhout besiel was in sy ywer om aan die Afrikaanssprekende die boodskap van die Bybel kragtig maar eenvoudig te bring. Dit is die boekie wat deur hom bewerk is en in 1873 uitgegee is, onder die titel: *Die geskiedenis van Josef voor Afirkaanse kinders en huissouwens*. Dis nou wel nie ’n vertaling van ’n Bybelboek nie, maar tog ’n verafrikaansing van ’n mooi Bybelverhaal.

Op 7 November 1874 rig Pannevis 'n brief aan die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap en versoek hulle om die Bybel in Afrikaans te vertaal. Hy het nie takvol te werk gegaan nie, maar tog het die B.B.B.G. hul sekretaris in die Kaap, ds Geo. Morgan, opdrag gegee om die saak te ondersoek. Hy het dit voor 'n predikantekonferensie in Wellington gebring (Julie 1875), maar die predikante het hulle, op enkele uitsonderinge na, teen Afrikaans uitgespreek. Nou tree ds Morgan met ds S. J. du Toit in verbinding, en die gevolg was dat op 14 Aug. 1875 agt persone in die Paarl bymekaar kom en besluit tot die stigting van die Genootskap van Regte Afrikaners. Met die vertaling van die Bybel sal eers gewag word.

Ek sal die geskiedenis van die Afrikaanse Bybelvertaling nie verder volg nie, want my doel was alleen om aan te toon hoedat die Bybelvertaling die aanleidende oorsaak was tot die stigting van die G.R.A., wat nou die stryd verder sal voer vir die erkenning van Afrikaans as skryftaal.

In hierdie stryd het die Afrikaanse preke hul deel bygedra. Sowel ds Rossouw as eerw. Van der Rijst het verklaar dat hulle nie net in Afrikaans skryf om die mense te stig nie, maar ook om die taal te bevorder en te toon dat Afrikaans ook geskik is om God deur middel daarvan te dien, sonder om oneerbiedig teenoor die Opperwese te wees. So sê eerw. Van der Rijst in een van sy preke: „Ons volk het 'n reg om in ons eie taal di Evangelie te hoor, en al te lank word hulle di reg onthou en al te onverskillig is ons volk omtrent hulle reg.” Ds Rossouw verklaar weer dat hy in Afrikaans skryf, „omdat ons weet dat dit werklik 'n taal is. . . .”

Die eerste Afrikaanse preke in die *Patriot* is deur ds P. D. Rossouw geskryf, maar in die boekie wat in 1881 deur D. F. du Toit & Co. uitgegee is, nl. *Godsdienstige stukke*, kom ook twee preke van ds S. J. du Toit voor, en hierdie preke is reeds in die *Patriot* van 8 Junie 1877 en 27 Sept. 1878 gepubliseer. Ek wou hulle ook eers opneem, maar dan sou ek buite die opdrag van die bestuur van die Patriotvereniging gegaan het. Wat egter by my die swaarste geweeg het, is die feit dat hierdie preke nie oorspronklik is nie; daarmee bedoel ek dat ds Du Toit die preke in Nederlands gelewer het, maar 'n verslaggewer het hulle in Afrikaans oorgebring en in die *Patriot* gepubliseer. Dit blyk baie duidelik uit die inleiding by 'n *Preek ver ons tyd*:

„Laaste Sondag het Meneer A. van der Lingen, Predikant van Harrismith, in die Noorder Paarl kerk gepreek. Hy het algemeen voldoening gegee. By die uitgaan van die kerk kondig hy af, dat die agtermiddag sal gepreek worde o'er die heersende landsiekte (skarlakenkoors) wat al so baing kindertjies weg-gemaai het en nog vortgaat.

„Hoewel dit somar een streek deur gereen het, was daar tog 'n tamelike opkoms. Ds. Du Toit neem tot teks 2 Sam. XXIV : 14. . . .”

Nou volg 'n saaklike opsomming van die preek, en dan eindig die verslaggewer: „Met 'n hartelikke wens dat die Here die besoeking mag segen an huisgesin, gemeente, kerk, maatskappy en regering, is die rede gesluit, wat met andag en met tranen angehooër is. Ek het mar 'n korte opsomming gegee, so ver as ek onthou het.”

Ook 'n *Preek ver jonge mense* is 'n verslag, en om dié rede kan ek hulle nie as die eerste geskrewe Afrikaanse preke beskou nie. Die eer kom m.i. aan ds Rossouw toe. In die *Patriot* van 1878 het daar nog 'n reeks verslae van preke in Afrikaans van ds Du Toit onder die titel *Profesie en Sang* verskyn. Miskien kan hulle later in een bundel saamgevat word.

Die hele Eerste Tydperk staan dus grootliks in die teken van die godsdiens. Ook in die digwerk uit hierdie tyd is daar talle gedigte wat die godsdiens as tema het. Bybeltekste is berym, gesange is in Afrikaans omgewerk en ds David Ross het selfs proewe van die psalms in Afrikaans gegee. Op nasionale gebeurtenisse, wanneer die volk 'n groot oorwinning behaal het, het daar gewoonlik 'n godsdienstige gedig in die *Patriot* verskyn, waaruit geblyk het hoeseer die voormanne van Afrikaans hulself afhanklik gevoel het van Hoër Leiding.

Die Afrikaner se godsdiens was geen lippetaal nie, dit was 'n onontbeerlike deel van sy lewensopvatting om te dink aan sy sieleheil, en aan die ewige lewe hiernamaals. Daarom dat so baie van ons eerste Afrikaanse boekies deurtrek is met godsdiens, dat nie net dadelik Afrikaanse preke geskryf is nie, maar selfs prosaverhale met 'n godsdienstige strekking, soos die verskillende „Duiwels” van ds Jan Lion Cachet.

Ds P. D. Rossouw.

(1844—1896).


Omtrent die lewe van ds Rossouw is nie veel bekend nie. Die koerante het destyds weinig oor sy dood geskryf en sy kinders beskik ook oor min lewensbesonderhede.

Ds Pieter Daniel Rossouw is op 16 Oktober 1845 in Kaapstad gebore en het sy jeug op Burgersdorp deurgebring. Sy vader het hom vroeg ontval, maar gelukkig het hy 'n vriend gekry in die persoon van dr Brebner, wat hom finansiële hulp verleen het gedurende sy skooljare. Later is hy na die Suid-Afrikaanse Kollege in Kaapstad met min geld, maar die wil was daar om te leer en vir opofferinge het hy nie teruggedeins nie. Hy het dikwels aan sy kinders vertel hoe hy 'n klein kamertjie gehuur en tot laat in die nag by die lig van 'n walvis-olielampie studeer het. Gedurende vakansietye moes hy uitspring om sy studiegeld vir die volgende kwartaal te verdien. Op die kweekskool (Stellenbosch) het dit darem beter gegaan, hoewel hy nog baie spaarsaam moes leef.

Sy ideaal om evangeliedienaar te word, is verwesenlik en op 12 Maart 1869 is hy toegelaat as predikant in die Ned. Geref. Kerk. Hy was in die volgende gemeentes werksaam: Uniondale (22 Jan. 1870—1878); Steynsburg (1878—1881); Franschhoek (1881—1883), en Fraserburg, waar hy gearbei het tot aan sy dood op 11 Oktober 1896.

Ds Rossouw het hom met soveel liefde en ywer aan sy werk oorgegee dat hy 'n predikant in die ware sin van die woord was. So getuig *De Zuid Afrikaan* (15 Okt. 1896): „Hy was 'n Evangeliedienaar wat oorvloei het van diepe erns, 'n heilige vuur en 'n onuitputbare arbeidskrag. Hy was nie alleen prediker nie, maar 'n deelnemende vriend van armes en beproefdes.” As prediker het hy nooit verveel nie, omdat hy 'n direkte preek-metode gehad het en 'n taal gebruik het wat ryk was aan treffende gesegdes. Hy het aanleg gehad vir spesiale evangelieprediking, en was as sodanig in verskeie gemeentes werksaam, hoewel hy 'n afkeer gehad het van onnodige opwindning en geestesdrywery. Ds E. J. de Beer sê van hom: „Hy was een prediker van ongewone zalving” (*De Vereeniging*). Vir hulle wat hom as student in Kaapstad geken het, was sy sukses op die preekstoel wel 'n groot verrassing, omdat hy in sy jongelingsjare baie gehakkel het.

Hoewel ernstig van geaardheid, was hy nie sonder geestigheid nie. So vertel ds De Beer dat hy tydens 'n Sinodesitting 'n swaar verkoue gehad het en dikwels sy sakdoek moes gebruik



Ds P. D. Rossouw.

met 'n luidrugtigheid wat erg hinderlik was. Ds Rossouw buk toe vooroor en fluister aan hom: „Broeder, u moet toch niet zoveel uw eigen trompet blazen.”

Hierdie voorstander van Afrikaans het saam met ds S. J. du Toit meegewerk aan die *Bijbelsch Dagboek* (1880), wat in Nederlands opgestel is, omdat byna al die Afrikaners nog nie gewillig was om Afrikaans in hul huisgodsdienste te erken nie. Die boeke van die Nuwe Testament is in dagstukkies verwerk deur verskillende predikante, en ds Rossouw was verantwoordelik vir die twee briewe aan die Thessalonicensers, die twee briewe van Petrus en die drie briewe van Johannes.

Toe dr Andrew Murray nie die tyd kon vind om 'n geskiedenis van die Christen-martelare saam te stel nie, het hy sy vriend, ds Rossouw gevra om dit te doen. In 1896 het dan *Het Nieuwe Martelaarsboek: eene geschiedenis van de vervolgingen der Christelijke Kerk*, verskyn. Dit is bewerk na die oorspronklike van John Foxe, met gebruikmaking van die kerkgeskiedenis van Kurtz en Van Kooy.

Die voorwoord karakteriseer hierdie boek baie goed: „Wij verbazen ons, en het haar rijst ons soms ten berge, wanneer wij de verhalen lezen, welke de geschiedschrijvers van die dagen ons mededeelen aangaande hetgeen de godzalige martelaren te verduren hadden onder de Romeinsche keizers en daarna. De martelingen, die hun werden aangedaan, waren zoo verscheiden als het vernuft van den mensch, door den Satan aangeblazen, ze maar maken kon, en haar getal was werkelijk legio.”

Ds Rossouw was ook digter, hoewel ek net een Afrikaanse gedig aan sy naam kan vasbind, geskryf onder die skuilnaam Petrus. Vir sy preke het hy altyd die naam Cefas gebruik. Hy was tuis in die werke van die beste Hollandse en Engelse digters. Daar het verskeie oorspronklike gedigte in Nederlands en Engels uit sy pen gevloei, sommige onder die naam „P. D. R. van Uindal” (Uniondale). Hierdie gedigte getuig van die warme gevoel waarmee aangrypende gebeurtenisse uit die geskiedenis van sy land hom vervul het. Sy Engelse gedigte het hy gepubliseer in die *South African News*, en sy Hollandse gedigte in die *Zuid-Afrikaan*.

In een van sy Engelse gedigte beskryf hy die slag van Majuba gedurende die Eerste Vryheidsoorlog. Sir George Colley het die krag van die Boere onderskat:

„But he despised the daring of his foe;
Their courage which turned dangers into trifles,
Until they stood upon the mountain's brow
And dealt out death with their unerring rifles.”

Te laat het sir George Colley die gevaar besef en tevergeefs het hy sy manskappe probeer aanspoor, sodat hulle gou op die vlug geslaan het.

„In heaps they fall like ripe fruit from a tree
That by the hurricane is fiercely shaken.”

Die lesers van die *Patriot* het nie geweet wie „Petrus” is nie, maar sy gedig *An di adres van John Mackensie* (*Patriot*, 29 Aug. 1884), het hul verbeelding beetgepak, waarskynlik om die skerp sarkasme en hekeling van die Engelse sendeling. Na aanleiding van gedigte soos hierdie is die poësie van die *Patriot*-digters dikwels spotverse genoem en met die Geusepoësie vergelyk.

Die gedig het betrekking op die republiekies Stellaland en Goosen, wat in 1882 deur blankes gestig is in die gebied van die Kafferkapteins Montsioa en Mankoroane, wat oorwin is deur Moshette en Massouw met die hulp van hierdie blankes. By die Konvensie van Londen in 1884 is die republiekies tussen Engeland en Transvaal verdeel. Die Engelse gedeelte het direk onder ryksbeheer gestaan en eerw. John Mackenzie is aangestel as kommissaris daarvan.

John Mackenzie was miskien ’n goeie sendeling, maar geen staatsman nie, veral wat sy naturellepolitiek betref. Sir Hercules Robinson het self tot die oortuiging gekom dat sy aanstelling ’n fout was en het hom daarom teruggeroep.

Ds Rossouw gryp nou na die pen en begin John Mackenzie met stoutseun-spotterny te troos in ’n kostelike hekeldig. Tergend vang elke koeplet aan met die reëls:

„John Mackensie,
Moe ni grens ni. . . .”

Die hele geskiedenis word oorvertel en John Mackenzie word verseker „ons het medely”, maar tog ook die raad gegee: „Word ni stapel gek”, en „hou jou by jou lees.” Die digter maak hom vrolik oor Johnnie se leed. Ek skryf die hele gedig hier af, sodat al ds Rossouw se Afrikaanse geskrifte bymekaar is in hierdie bundel.

John Mackensie,
Moe ni grens ni.
Ja jou tyd was kort.
Jy het ni kan toon ni,
Wat daar in jou woon ni!—
Sonder seremoni
Moes jy so maar vort!

John Mackensie,
Moe ni grens ni,
Jy moes gou laat vat.
Ach di swarte brawe,
Moet nou goud gaan grawe
Als die “Boers” hul’ slawe,—
En jy in di pad!

John Mackensie,
Moe ni grens ni,
Word ni stapel gek.
Van jou fraaie drome
Is daar niks gekome
Hulle bly mar drome—
En jy moet laat trek!

John Mackensie,
Moe ni grens ni,
Ons het medely.-
Jy het ni gebrom ni,
Om so ver te kom ni.
Wi was ni verstom ni—
En nou moet jy gly!

John Mackensie,
Moe ni grens ni,
Ons doet niks as sug.
Wi kon dit voorspelle,
Dat hul jou sou kwelle
Tot jy heen moes snelle,
Bondel op di rug!

John Mackensie,
Moe ni grens ni,
Hou jou by jou lees.
Want dit hou geen steek ni,
Om di wet te preek ni,
Als jy selfs dit breek ni,
Jy is daar gewees! !*

PETRUS.

* * *

Die eerste reeks preke het vanaf 10 Januarie tot 12 Desember 1879 in die *Patriot* verskyn. Toe is hulle gestaak en in 1884 weer voortgesit, maar die tweede reeks bestaan slegs uit 'n inleiding en drie preke.

Aanleiding tot die preke was waarskynlik 'n brief van ds Rossouw onder die skuilnaam „Petros” in die *Patriot* van 4 Oktober 1878 oor die rigting van die koerant. Dit moet streng godsdienstig bly, soos dit van die begin af was. Nee, meer: „Hy moet **DIE GODSDIENSTIGE WEEKBLAD** ver die Kolonie en ver die Vrystaat en Transvaal worde. Ons moet hem opwerk, sodat onse vrome landgenote daardeur kan worde gevormd ver die tyd, sowel as ver die ewigheid.”

Hy beweer dat die *Kerkbode* nie aan sy doel beantwoord nie, terwyl *Elpis* maar elke drie maande verskyn en te geleerd skrywe „ver eenvoudige mense.” Nou bied hy sy dienste aan

* Ek het die teks gebruik van die vyfde versameling *Afrikaanse Gedigte* (1885).

om „met die hulp van God, te doen wat ek kan om die Patriot tot 'n grote segen te maak voor alle ware Afrikaanders.”

Oom Lokomotief het hom hierop uitgenooi om elke week 'n Afrikaanse preek in die koerant te publiseer.

Ds Rossouw het in die eerste instansie natuurlik 'n godsdienstige oogmerk met sy preke gehad, maar in die tweede plek wou hy ook die Afrikaanse taal bevorder: „Ons skryf in di Afrikaanse taal, omdat ons weet dat dit werklik 'n taal is, en dat di argumente van di voorstanders daarvan, nog nooit weerleg is, en nooit weerleg kan worde ni. 'n Ander rede is, omdat 'n mens ver hom in di Afrikaanse taal, kragtiger kan uitdruk dan in Hollans, en omdat daar 'n seggingskrag, 'n direktheid, 'n onnoembare iets is, wat in baing tale ni word gevonde ni. Ook verstaat di meeste van onse mense, dit beter dan iets anders, en word di veragterste van onse landgenote, daardeur in di gelegenheid gesteld, om omtrent di dinge wat di saligheid van syn siel angaan te kan lees, in 'n taal wat hy alle dage spreek en hoor!” (*Patriot*, 26 Sept. 1884).

Die vernaamste doel van ds Rossouw met sy preke was egter om die evangelie te verkondig, en sy program van aksie kondig hy self aan in die *Patriot* van 1 Jan. 1879:

„Ons wil julle door die kolomme tot een segen wees. Ons wil julle op die teekenen der tyden opmerkzaam maak, julle ver gevare waarskuw, julle vertroos in droefheid, opbeur in moeielikheid, aanmoedig wanneer julle dit maar opdragend in di wereld het, als ook julle die Schrift duidelyk maak en julle wys op die genade van die liewe Heiland en wat hy voor julle is en wese wil en eenmaal syn sal. Ons *Patriot* wil julle aantoon hoe diep die mens deur die sonde gevalle is en hoe hoog hy deur Gods genade ryse kan. Hoe skrikkelyk syn lot sal syn as hy onbekeerd sterft, maar tevens tot welk toppunt van heerlykheid en geluksaligheid hy opklimmen kan as hy hom heelmal aan die Heer wy.”

Hierdie program het ds Rossouw stiptelik uitgevoer. Hy begin met „selfondersoek”, en stel die leser die direkte vraag hoe dit met sy siel gesteld is, of hy al wedergebore is, en indien nie, dat hy dadelik tot inkeer moet kom. In vyf preke behandel hy die geskiedenis van die vrou wat twaalf jaar siek was, en bring dan op takvolle wyse die toepassing. Die vernaamste tema is egter die noodsaaklikheid van bekering vir die sondaar — hy kom in elke preek hierop terug, en wat belangrik is: hy toon die sondaar die weg aan hoe om salig te word. Dringend, pleitend smee hy die sondaar om tog nie langer te talm nie, maar om hom sonder versuim aan Christus oor te gee: „Kom! — alle dinge is gereed!”

Maar die prediker het nie altyd gepleit nie. Hy het dit soms nodig gevind om hard op te tree, om sy lesers op die verskrikking van die verdoemenis te wys as hulle koud en onverskillig bly teenoor die roepstem van die Here. Hy het

nie geskroom om die sondes by hul name te noem nie: „Ah man is jy aan die sonde skuldig, sidder dan, en bekeer jou, anders sal jou verdoemenis swaarder wees dan die van baing ander sondaars!” In ’n heftige oomblik roep hy uit: „Ons wens dat ons ’n stem had as van di donder, om di skrik ‘des Heeren’ wat in onse tyd so lig vergeet word, di ganse wereld rond an alle mense-kindere te verkondig.”

Hierdie heftigheid en dreigemente is egter die uitsondering. Gewoonlik skep sy preke die indruk dat hy ’n simpatieke, opbouende heelmeester is. Hy moes sy lesers bekoor het met sy beeldryke taal, die eenvoud van voorstelling, en die helderheid van sy preke. Heel digterlik is sy siening soms: „U is nie veilig, voordat u aan die doorboorde voete van die Heere Jesus, rus ver u siel gevinde het. U moet uit die gevaarlike vlakte tusse Sodom en tusse Zoar uitkom. Die vuur en die swawel van die Gerig van God, sal spoedig die ganse vlakte van die wereld, met al haar skoonheid en heerlikheid bedek. . . .”

Hoe aanskoulik kon hy iets beskrywe — sy lesers móés die dinge sien. Die siek vrou is op pad na Jesus: „Kyk, daar staat sy op; sy wil val, maar sy neem an die tafel, die stoel, die muur, en sukkel vort na die voordeur. Daar staat sy vas-houdende an die kosyn of deurposte.”

Die invloed van hierdie preke was groot, en ds Rossouw skryf dit toe aan die feit dat hy hom van Afrikaans bedien het (P., 26 Sept. 1884). Die *Patriot* het by mense gekom wat nooit in die kerk gekom het, of nooit deur ’n predikant besoek is nie; nooit in ’n Bybel gekyk of huisgodsdienst gehou het nie. Daar is talle briewe in die koerant gepubliseer van mense wat die preke met waardering gelees het, of selfs tot bekering gekom het. So getuig J. H. Swanepoel: „U het my op die liefde van die Here Jesus gewys, die pad daar na toe angewys, my angemoedig en my nie met rus gelaat nie tot ek Hem naderhand gevinde het, en [in] wie Syn hande ek ver myn nou bevinde” (P., 24 Okt. 1879).

„’n Intekenaar syn dogter” vertel ’n bietjie skindernusies uit Harrismit, bv. dat die mense baie ontevrede is met hul predikant, omdat hy die afgelope vier jaar nog nooit huisbesoek gedoen het nie; sy vra Oom Loko om Cefas aan te spoor om vol te hou met sy „mooi” preke „ver ’n sondaar”, want „ek het baing gehuil toen ek die stuk gelees het: ‘Kom want alle dinge is gereed!’” (P., 30 Mei 1879).

Verder was daar nog waarderende briewe van Criticus, A.Z., en F. S. Fischer. Laasgenoemde roep opgewonde uit: „O myn onbekende broeder! ek het u lief en gevoel myn verheug om Donderdags myn *Patriot* te kry.”

Teenstand het egter nie ontbreek nie. Sommige lesers het die preke „gesmaad en verag”, en dit die „verspotste ding” ter wêreld genoem om godsdienstige stukke in ’n koerant te skryf.

Hulle beweer dat 'n mens nie na die kantien met 'n Bybel onder die arm kan gaan nie, of na die kerk met 'n bottel brandewyn in die sak. Vir hulle het ds Rossouw ook 'n antwoord gehad: „Ons moet ons dus nie aan hulle steur nie, maar onse koers gaan, als of hulle daar nie is nie. . . . Hulle het nog gen oohe om te sien, of *verligte* verstande (Ef. I : 17, 18) om te oordeel, wat goed en wat nie goed is nie in godsdienstige sake, en daarom kan hulle voordat hulle wedergebore is, nie met ons meêpraat nie!”


Eerw. J. W. van der Rijst.

(16 Jan. 1828—13 Des. 1904).

Eerw. Van der Rijst was 'n bekende figuur onder die voorvegters vir Afrikaans gedurende die laaste kwart van die vorige eeu, en tog kon ek nie veel omtrent sy lewe te wete kom nie.

Net soos sy strydgenote dr Arnoldus Pannevis en C. P. Hoogenhout, was hy 'n Hollander van geboorte. Hy is as sendeling van die Ned. Geref. Kerk toegelaat in 1861, en was vir 'n paar maande in Calvinia werkzaam. In Februarie 1862 is hy aangestel as onderwyser en sendeling in die gemeente Wynberg. Wat ook al die oorsake was, weet ons nie, maar 'n jaar later neem hy afskeid van die Ned. Geref. Kerk en voeg hom by die Plymouth-Broeders. Hy was nou een van hul voorgangers en as reisende prediker het hy orals in die land opgetree. So lees ons in die *Patriot* dat hy op 14 September 1877 op Claremont was, en op 15 Augustus 1879 in die Paarl godsdiens oefening gehou het by mnr McMillan.

Eerw. Van der Rijst was tweekeer getroud gewees. By sy eerste vrou het hy twee kinders gehad, 'n seun en dogter. Die seun is jonk oorlede aan waterpokkies, en die dogter Anna is later getroud met 'n mnr Fish. Sy is ook reeds dood. Volgens 'n gediggie op haar is sy gebore op 3 Mei 1852. Soos dit gebruiklik was in die dae, het eerw. Van der Rijst 'n gediggie vir haar gemaak met haar eerste verjaardag: *Wensen aan ons Lief Dochtertje A. W. van der Rijst op haar 1sten verjaardag, 3 Mei 1853*. Dit is heeltemal in die gees van die Hollandse predikante-poësie van die 19de eeu. Omdat dit alleen in handskrif bestaan, sover ek weet, skryf ek dit hier af.



Eerw. J. W. van der Rijst.

Nynke, 23 Januarij 1877.

Waarde Vriend & Broeder
in Christus,

Uwe Cheque voor 10/-
Intekening "Gemeente" met
deze inbragen.

"Gemeenteren"! dit
moet gij niet geloven!
"Gemeenkeits" - en
dit heil met jenen is heel
goed correcter. —

En het is wel?

In een vrouw?

In een Kerk?

Niksen wel, dan gij kunt wel?

In een vrouw kunt gij?

Heere, ambtenaren.

Wt V & Br. in Christus,

J. van der R. St.

O, Anna, die ons hart bemint;
 O, Liefste Dochter, eenig Kind!
 Wij vieren thans, met blijden geest
 Dankzeggend uw Verjaringsfeest.
 De Heer heeft u verzorgd, bewaard,
 U, Bloempje! in 't leven nog gespaard.
 Daarvoor looft U ons hart en mond
 O, God! in dezen morgenstond.
 Bewaar haar verder, Hemelheer!
 Neig Gij haar hartje tot Uw eer.
 Drie-eenig God! o, geef, dat zij,
 Aan JEZUS kroon een Parel zij.

Gij zijt, mijn Kind! nog zwak en klein;
 O, moogt g' in 't kwaad zoo altijd zijn.
 Wees eens volwassen in 't verstand;
 God zegen' u met milde hand.
 Gij kunt nog zonder hulp niet gaan;
 Mijn Kind! wensch nooit alleen te staan;
 Zoek uwen Schepper in uw jeugd;
 Vind in Gods Woord uw ware vreugd.

En lacht welhaast de zond' u aan,
 O, wil nooit op dien dwaalweg gaan;
 De zonde maakt voor dezen tijd
 Rampzalig, en voor eeuwigheid.
 En nu, mijn Kind! 'k beveel u God
 En Zijn bescherming. O, uw lot
 Zal dan gewis gelukkig zijn.
 O, JEZUS! maak haar hartje rein.
 Neem haar ook Heer! genadig aan;
 Doe haar op 't pad des levens gaan:

Uwe liefhebbende Ouders,

J. W. VAN DER RIJST,

A. J. VAN DER RIJST

(geb. VAN VEEN).

* * *

Na die dood van sy vrou, is eerw. Van der Rijst na Holland waar hy vir die tweede keer getroud is. Sy vrou was egter nie gelukkig in Suid-Afrika nie, en is later terug. Na 'n paar jaar het hy haar na Holland gevolg en is daar oorlede in 1904.

Aanvanklik was Oom Willem, soos hy in die wandel bekend was, 'n heftige teenstander van Afrikaans, maar Oom Lokomotief (D. F. du Toit) het hom tot ander insigte gebring. Oom Lokomotief het in die *Huisgenoot* van Desember 1919 vertel hoe dit gebeur het. Hulle het oor die moontlikheid van 'n Afrikaanse Bybelvertaling gesels:

Oom Loko: „Oom Willem, wat dink jy van ons Bybelvertaling?”

Oom Willem: „Moenie met my daaroor praat nie. Julle het mos nie eens 'n taalkunde nie.”

Oom Loko: „Ja, maar die taal kom tog eers, en dan die taalkunde.”

Oom Willem: „Hou op! Ek voel ek word kwaad.”

Een aand sê Oom Lokomotief aan eerw. Van der Rijst: „Oom Willem, kan ek jou 'n paar vrae vra? Julle sê mos ons het nie 'n taal nie. Praat ons Hoog-Hollands?”

Oom Willem: „Nee.”

Oom Loko: „Praat ons Engels?”

Oom Willem: „Nee.”

Oom Loko: „Praat ons Duits?”

Oom Willem: „Nee.”

Oom Loko: „Nou praat ons dan nie?”

Die anderdagmôre ry hulle twee Stellenbosch-toe met die kar. Langs die pad begin eerw. Van der Rijst weer oor Afrikaans te praat. Hy verbuig toe self die selfstandige naamwoord met 'n lidwoord:— „1ste nv.: die man; 2de nv.: die man; 3de nv.: die man; 4de nv.: die man. Maar dis maklik!” Daarop vervoeg hy die werkwoord: „Ek is, jy is, hy is; ons is, julle is, hulle is. Maar wil jy glo dis maklik! Julle moet 'n taalkunde maak.”

Oom Loko: „Maar sal Oom dit nie vir ons doen nie?”

Eerw. Van der Rijst het dadelik aan die werk gegaan met die grammatika-boek, maar volgens Oom Lokomotief het hy slegs 'n Hollandse spraakkuns verafrikaans. Op die eerste vergadering van die Genootskap van Regte Afrikaners (14 Aug. 1875) is 'n kommissie aangestel, met ds S. J. du Toit as lid, om eerw. Van der Rijst se spraakkuns na te sien. Dit is duidelik dat ds Du Toit groot veranderings aangebring en die boekie feitlik heeltemal omgewerk het. Op die derde vergadering van die G.R.A. is dr Pannevis by die kommissie bygevoeg, terwyl C. P. Hoogenhout, D. F. du Toit (Oom Lokomotief) en M. Rossouw dit nog 'n keer moes nasien, en 1,000 eksemplare daarvan moes laat druk. Op die vierde vergadering word besluit om nog 'n deel in te las oor woordvoeging en prosodie. 26 Febr. 1876 word die eerste gedrukte eksemplare van die *Eerste beginsels van die Afrikaanse taal* voorgelê, en 'n paar maande later (19 Augustus) was daar nog net 300 voorhande. In 1882 was 'n tweede uitgawe nodig, nou met 'n oplaag van 6,000. So groot het die aanvraag gebly dat ds S. J. du Toit dit in 1897 heeltemal omgewerk het, nou onder die titel *Fergelykende taalkunde van Afrikaans en Engels*. Die grondslag vir die eerste Afrikaanse grammatika-boekie is egter deur eerw. J. W. van der Rijst gelê.*

* J. D. du Toit: *Ds S. J. du Toit in weg en werk*. Paarl, 1917, bl. 71—72.

Reeds op die eerste vergadering van die G.R.A. is hy, hoewel nie teenwoordig nie, benoem op die kommissie wat die reëls van die Genootskap moes opstel. Op die volgende vergadering het hy toegetree as lid.

Eerw. Van der Rijst het spoedig na die grammatika 'n *Spel en leesboekie* saamgestel, en dit op 15 Jan. 1878 aan die G.R.A. op 'n vergadering voorgelê om dit deur 'n kommissie te laat nasien. Die kommissie het bestaan uit ds S. J. du Toit, dr A. Pannevis, D. F. du Toit (Oom Lokomotief), C. P. Hoogenhout, P. J. Malan en W. A. Malherbe. Op 5 Februarie het die G.R.A. besluit om dit in sy naam uit te gee met 'n oplaag van 2,000.

So groot was die aanvraag dat binne twee maande die helfte van die boekies verkoop is. Maar Oom Willem se *Spel en leesboekie* het geen gulle ontvangs te beurt geval nie. Ds S. J. du Toit skryf: „Mar dit het oek 'n vreselike vyandskap lat losbreek by die teenstanders.”* Hulle was bevrees dat dit Afrikaans te vinnig sou vooruithelp, want dit is deur die platelandse kinders gebruik, omdat hulle in hierdie boekie in 'n maand meer geleer het „as in 'n jaar in Hollandse of Engelse boeke.”*

Een van die kwaaieste aanvalle het gekom van *De Express* (7 Nov. 1878): hy hoop dat dit die eerste en laaste Afrikaanse spelboekie sal wees, „aangezien wij niets schandelijker en onedeler kunnen denken als om zelfs het ABC boek te verdraaien ten gerieve van zulk een blad als de *Patriot*. . . . Dit boekje zoowel als het voornoemde blad wordt uitgegeven als een spekulatie berekend om te azen op den eenvoud der Zuid Afrikaansche boeren, wiens vooroordelen het aanmoedigd op de allerlaagste wijze. . . . 't Is nogal een aanmatigend boekje: op eigen gezag worden de letters c, q, x en z weggelaten. De hemel beware ons voor het tweede boekje.”

In *Het Volksblad* (oorgeneem deur *De Express* van 28 Nov. 1878) is C. J. Willem ook baie verontwaardig dat so'n boek in die hande van kinders gestel word, „daar de samenstelling ervan met al de regels van opvoeding en onderwijs in strijd is.” Dit is bv. „onchristelik”, omdat dit die leser tot haat en afkeer teenoor die regering van die land oprui, en in die twaalfde les word die kinders tot „partijzucht opgewekt.”

Die afbrekende kritiek, wat niks met die wese van die boekie te doen gehad het nie, kon nie verhinder dat hy druk gekoop en bestudeer is nie. In 1884 was 'n tweede druk nodig, ook uitgegee deur D. F. du Toit & Co., Paarl, en in 1896 volg 'n nuwe druk, nou uitgegee deur die Traktaat-Drukkery, Wynberg.

* [Ds. S. J. du Toit]: *Geskiedenis van die Afrikaanse Taalbeweging*, ens. 1880, bl. 75.

Die meeste sukses het Oom Willem gehad met sy *Same-sprake in Afrikaans en Engels*, wat uit drie nommers bestaan het, respektieflik uitgegee in 1885, 1887 en 1890. Nommer 1 het vyf drukke beleef (die derde druk met 'n oplaag van 5,000), nommer twee drie drukke, en nommer drie slegs een. In 1897 is die drie nommers saam uitgegee.

Die doel was om die Afrikaners sowel as die Engelse in staat te stel om mekaar se tale te leer. In die inleiding word eers 'n oorsig gegee van die Afrikaanse klanke en hulle waardes, en dan begin Oom Willem weer onder met eenvoudige samesprakies, en word dit al moeiliker. Die eerste samespraak begin as volg:

Afrikaans

Goeie mor'e, meneer!
Hoe gaan dit nog?

English

Good morning, sir!
How do you do?

Naderhand word die name van die dae en maande geleer, 'n besoek gebring aan 'n winkel, en eindelik word gebeurtenisse van die dag behandel, ook politieke kwessies. Godsdienstige sake word nie vergeet nie. Teen die einde is die sinne en same-sprake al so lank dat dit duidelik is dat die leerling nou tweetalig moet wees.

Die ontvangs van die *Samesprake* was besonder gunstig, soos herhaaldelik uit briewe in die *Patriot* geblyk het. So skryf 'n korrespondent op 15 Januarie 1886 ná die ontvangs van die tweede *Samespraak*: „Waarlik, as 'n man nou nog onbekend bly met die twee hoof tale van Suid-Afrika dan is dit syn eie skuld, en dan is dit ook onverskoonlik. Ek hoop mar dat Oom Willem syn groot werk ni daar sal laat ni, mar 'n derde en vermeerderde uitgawe binne kort sal verskyn. Hy moet so reken hy doet meer as wat nog di beste skoolmeester in ons land gedaan het.”

Vir ons doel is eerw. Van der Rijst se belangrikste werk sy preke in Afrikaans, waarvan daar twee bundels verskyn het onder die titel *Evangeli in di Volkstaal*; nr I in 1884 en nr II in 1885. Dit is albei herdrukke uit die *Patriot* van dieselfde jare. Hoewel die boekies elk 'n oplaag van 1,000 gehad het, is hulle vandag besonder skaars — slegs twee privaat versamelaars besit m.w. eksemplare daarvan.

Hoërop het ek gesê dat eerw. Van der Rijst in 1863 oorgestaan het na die Plymouth-Broeders, en dis nodig dat ek iets oor hierdie sekte sal meedeel.

J. W. Darby (1800—1882) word gewoonlik beskou as die stigter van die sekte in 1830 toe hy baie van die inwoners van Plymouth oorgehaal het om sy sienswyse in verband met die godsdienst te deel. Darby was 'n predikant in Wicklow (1825—1827) toe hy hom gedronge gevoel het om die Anglikaanse Kerk te verlaat en aan te sluit by geesgenote: klein Chris-

telike gemeenskappe wat orals in Ierland en elders bestaan het en hulself „Broeders” genoem het. Onder sy leiding het hulle in Engeland vinnig veld gewen. Hy is in 1838 na Europa en hy het sy leerstellings verbrei onder die Protestante van Frankryk, Switserland en Italië, en baie aanhangers gewerf. Die sekte het feitlik in alle dele van die wêreld bekend geraak, maar veral in Amerika ’n vrugbare akker gevind, waar dit in 1915 oor die 10,000 lidmate getel het. Met die loop van tyd het dit egter in vier, en selfs meer, verskillende groepe gesplits. Ook in Suid-Afrika het dit ’n aansienlike ledetal, hoewel die ledetal nie vinnig toeneem nie: in 1926 het hulle 1,998 blankes getel, en in 1936 nog maar net 2,017. Hierby moet nog gevoeg word 202 Kleurlinge en 498 Naturelle — dit was in 1936, volgens die *Offisiële Jaarboek van die Unie van Suid-Afrika* (1941).

Die leerstellings van die Plymouth-Broeders is streng Calvinisties: erfsonde en predestinasie, die kragdadigheid van Christus se soendood, die genadige werksaamheid van die Heilige Gees met betrekking tot wedergeboorte en heiligmaking. Hulle doop eers nadat ’n mens gelowig geword het, afgesien daarvan of hy reeds as kind in ’n kerkgenootskap gedoop is. Hulle gebruik elke week nagmaal. Die opvallendste kenmerk van hul geloof, wanneer dit vergelyk word met die Calvinistiese geloofsleer, is hul totale verwerping van kerklike organisasie: hulle erken geen predikante, ouderlinge of diakens nie. Hulle glo dat alle gelowiges in Jesus Christus, afgesien van die kerkgenootskap waar hulle behoort, die „gemeente van God” vorm. Eerw. Van der Rijst het teen 1890 dikwels die Ned. Geref. Kerk aangeval, en beweer dat weinig van die predikante „uit God geborene menschen” is. „In het kerkgenootschap vergadert men niet rondom den persoon van Christus, maar om de leer van het genootschap” (*De Gemeente*, 20 Febr. 1892).

Die Plymouth-Broeders erken geen predikante nie, en daarom kan enigeeen van hulle in ’n vergadering voorgaan en die diens waarneem, of ’n gebed doen. Dit kom egter daarop neer dat diegene wat in staat is om ’n diens te lei, nie volop is nie, en enkele persone dus die leiding neem. Een van hierdie voorgangers bedien ook die doop as iemand gelowig geword het. ’n Voorganger ontvang geen salaris nie, maar deur vrywillige gawes word in sy onderhoud voorsien. Vroue word nie toegelaat om in die vergaderings op te tree nie *

Eerw. Van der Rijst het hom hart en siel gewy aan sy werk as voorganger onder die Plymouth-Broeders. Hy het ’n eie tweemaandelikse tydskrif gehad, *De Gemeente*, wat in 1898 reeds in sy 14de jaargang was. Wanneer dié tydskrif doodgeloop het, kon ek nie vasstel nie, maar waarskynlik teen 1904. Hierin

* Sien: *Chambers Encyclopaedia*, Deel VIII, 1930, bl. 236—237; *The Encyclopaedia Britannica*, 14th ed., Deel 18, bl. 93; *The Encyclopedia Americana* 1937, bl. 264.

het artikels oor die Plymouth-Broeders verskyn, preke en ook godsdienstige liedere.

In 1891 het hy 'n bundel *Nieuwe Gezangen* uitgegee: al die gesange is deur homself gedig: geen een is vertaal of oorgeneem nie, maar oorspronklik. Die gesangboek „is bestemd voor de Hollandsche vergaderingen der geloovigen, die uit hun kerkgenootschap zijn uitgegaan, of daar nimmer in geweest zijn.” Die bundel bestaan uit twee afdelings: die eerste is bestem om gesing te word wanneer die lede te saam kom vir die weeklikse nagmaal, vir Bybellesings of vir bidure; die tweede afdeling moet by die Evangelieprediking gesing word.

Hierdie gesangboek het eerw. Van der Rijst nodig gevind, omdat die gesangboek van die Ned. Geref. Kerk vir hulle onbruikbaar is: „Het is juist zoo als het kerkgenootschap is: een geheel van ongelijksoortige bestanddeelen. In het kerkgenootschap wordt geen onderscheid gemaakt tusschen geloovigen en ongeloovigen, tusschen bekeerden en onbekeerden, tusschen wedergeborenen en onwedergeborenen” (*De Gemeente*, 20 Febr. 1892).

Digterlike waarde het die bundeltjie nie. Dit erken die vervaardiger trouens self: hy is geen digter nie; „alleen heeft hij meer of min een idee van rijm en rithmus.”

Dit is opvallend dat eerw. Van der Rijst se geskifte vir sy geloofsgenote almal in Nederlands was, terwyl hy 'n sterk voorstander van Afrikaans was. In 1884 en 1885 het sy preke in die *Patriot* tog in Afrikaans verskyn, en vir die kleurlinge het hy steeds in Afrikaans gepreek.

Nou mag die vraag gestel word waarom ds S. J. du Toit of Oom Lokomotief (D. F. du Toit) eerw. Van der Rijst toegelaat het om in die *Patriot* preke te skryf, terwyl hy 'n voorganger onder die Broeders was. As 'n mens egter op die onderlinge verhouding tussen hierdie persone let, is dit verstaanbaar. Hulle was almal voorvegters vir Afrikaans en onderling bevriend. Eerw. Van der Rijst was 'n waardige en vroom man, besadigd en het nooit geprobeer om gemeentelêde van die Ned. Geref. Kerk afvallig te maak nie. So het die Ned. Geref. Kerk van die Paarl dit nooit nodig gevind om teen eerw. Van der Rijst op te tree of die mense teen hom te waarsku nie. Inteendeel, dr J. D. du Toit vertel dat hy dikwels in Daljosafat in die Gedenkskool gepreek het, en daardie dae was daar in die Dal geen Broeders nie. Hy was deur almal gerespekteer as 'n „waardige en vroom” man, om die woorde van dr Du Toit te gebruik.

In die *Stemmen des Tijds* van Mei 1905 het ds S. J. du Toit op 'n vraag omtrent die Broeders geantwoord, waaruit blyk hoe vriendskaplik die onderlinge verhouding tussen lede van die Ned. Geref. Kerk en die Broeders was. Hy het o.a. gesê: „Nuwel, wij veroordeelen de broeders niet; zij hebben veel

waarheid aan hunne zijde; over het algemeen beijveren zij zich om na te leven wat zij belijden en zeker arbeiden velen van hen met groote zelf-opoffering." En nou volg 'n belangrike verklaring — moontlik het hy o.a. aan sy vriend eerw. Van der Rijst gedink: „Gevaar voor verleiding vreezen we echter zoo grootliks niet bij hen; wij zelven gaan hartelik en broederlik om met sommigen hunner."

Omtrent Oom Lokomotief (D. F. du Toit) weet ons dat hy baie godsdienstig was, en moontlik het hy eerw. Van der Rijst self gevra om die preke vir die *Patriot* te skryf, want in 1884 was hy (Oom Lokomotief) redakteur. Hy sou ook wel gesorg het dat daar niks in die preke verskyn waaraan lesers hulle miskien kon stoot nie.

Nou is ek daarvan oortuig dat geen enkele leek ooit iets sektaries in die preke gevind het nie, want nooit het eerw. Van der Rijst in sy preke enige propaganda vir die Broeders gemaak nie. Hy het alleen die Evangelie verkondig en die lesers die weg tot saligwording aangetoon. Die leerstellings van die Broeders sal ons in hierdie preke nie vind nie; nooit het hy eens gerep van die verskil in opvattinge tussen die Broeders en die Ned. Geref. Kerk omtrent die doop, die nagmaal, of die kerklike organisasie nie. Eintlik lê die verskille alleen in uiterlike dinge; omtrent die geloof in die versoeningsdood van Jesus Christus is die Ned. Geref. Kerk en die Broeders dit eens.

Eerw. Van der Rijst se preke het dan oorspronklik in die *Patriot* verskyn, en is in 1884 en 1885 oorgedruk as nommers 1 en 2 van die *Evangelie in di Volkstaal*. Eintlik kan ons hulle nie preke noem nie: 'n beter benaming sou wees preeksetse, eintlik toesprake, Bybellesinge. In nommer 1 is dit as 't ware geen preke nie, maar godsdienstige verhale waarin hy vertel van mense wat tot bekering gekom het, en wat hulle daartoe gebring het. Hy doen dit in sulke eenvoudige taal en op so'n eenvoudige wyse dat hy sy lesers se onverdeelde aandag gewen het, en daardie aandag vasgehou het deurdat hy gedurig in persoonlike kontak met hulle was. Hy het die preek-verhaal so geskryf dat elke leser(es) hom of haar daaraan kon spieël. Die evangelie het die harte van sy lesers geraak. „[Ek] moet oek as 'n dienende priester van God myn medemense op di Lam wys, en dat oek in di taal van ons volk. Ons volk het 'n reg om in ons eie taal di Evangelie te hoor, en al te lank word hulle di reg onthou en al te onverskillig is ons volk omtrent hulle reg" (Nr 2, bl. 26).

Soms is die prediker-skrywer darem te plat in sy taalgebruik. Geen wonder dat ds S. J. du Toit en Oom Lokomotief gelag het toe hulle hom die eerste keer in Afrikaans hoor preek het nie. So dreig hy die sondaar: „Jy wandel van jou jeugd af in jou bloedroot kleed van jou sonde; di hel is jou voorland" (Nr 1, bl. 51). „Wandel jy in jou skulde dan word

jou harspan, jou kop verslaan" (t.a.p., bl. 59). „Hy is doodhond en pêrd gerus, di armê Laodicéer" (Nr 2, bl. 6). „En jy kan met di arme stomme mense niks begin ni" (t.a.p., bl. 32).

Di Skarlaken Snoer is die onderhoudende verhaal omtrent Anna se bekering. Sy en haar suster het een aand na die nuwe prediker gaan luister, en hy het die sondaars so direk aangemaan om hulle te bekeer, dat sy „di skoot gekry het so dwars deur di kol van haar hart". 'n Groot onrus het haar beetgepak, en hierdie onrus word heel verdienstelik deur eerw. Van der Rijst beskryf, want hy was bekend met die vertwyfeling van 'n sondige hart. Anna se familie is bevrees dat sy in 'n „stryd" sal raak en laat die prediker roep. Tot Anna se groot verbasing wens hy haar geluk dat sy die afmetings van haar sonde aanskou, want nou is sy in 'n toestand om Christus te ontmoet!

Dit was eerw. Van der Rijst hoofsaaklik te doen om aan mense hul sondes te openbaar, en veral aan dié mense wat hulle verbeel dat hulle deur hul goeie werke kan salig word. Dit was bv. die geval met Tant Leni in *Issakar, di sterk gebeende Esel*. Sy kon Oom Karel nie bra veel nie, omdat hy altyd te veel oor geloof „lol". Die prediker het haar egter aan haarself geopenbaar, en nou vrees sy vir die hel, wat as volg voorgestel word: „'n buitenste duisternis, wening van di oo'e, knersing van di tande, 'n worm wat ni sterwe ni en 'n vuur wat ni uitbrand ni."

Haar kwellinge word oordrewe voorgestel, eintlik komieklik, sodat ons weinig simpatie vir haar het. Maar ook sy begryp naderhand wat die voorwaarde is om salig te word, en toe kon „'n mens so di vrede op haar gesig lees", want opgewek getuig sy: „Ek geloof nou in di Soon, ek geloof nou in di Gristus, ek geloof in di bloed van di Lam."

In *Liew en Lam* het ons met 'n ander tipe van ongelowige te doen: die verstandsmens, en daarom kry ons hier 'n verstandelike beredenering van die geloof. Hier is geen gevoel in die spel soos in die vorige twee sketse nie. Met eenvoudige voorbeelde bring Oom Willem die sondaar daartoe om sy sondigheid te besef, en dan word hy ook op die weg na die saligheid gelei.

Jesus is di Gristus is die eerste werklike preek, want dis geskryf in die vorm en die gees van 'n preek, opgehelder met die nodige Bybeltekste om te bewys dat Jesus die Christus is.

Gewoonlik gebruik eerw. Van der Rijst 'n beeld om een of ander waarheid vir sy lesers bevatlik te maak. In *Root of Wit* is rooi die kleur van die sonde en wit die kleur van die saligheid. Alle sondaars dra 'n rooi kleed, en nou bewys die prediker dat alle onbekeerdes sondaars is en verlore gaan. Hulle sondig bv. deur hul gedagtes, want hoe baie is daar wat in die kerk sit en aan ander dinge dink. Hy ondervra sy toehoorders of lesers direk, en spaar hulle 'n harde skrobbering nie: „En nou het ek weer te doen met 'n ander klas sondaars, wat uiterlik al te

veul beter is; ja man, ek het met jou te doen, wat jou nog nooit onfatsoenlik of onbetamelik gedrage het ni" (t.a.p., bl. 51).

Dis nie nodig om al die preke te behandel nie, want baie het dieselfde opset. Gewoonlik noem eerw. Van der Rijst sy lesers hul sondes by hul name, laat hy hulle onmiddellik beseft dat hulle gans verlore is. Ek gee 'n paar voorbeelde: „Di toorn van God bly nog op jou, en sterwe jy in jou sonde, dan lê jy in di helse vuur, net so seker as di ryke man in di gelykenis. Lukas 16:19—31" (Nr 1, bl. 51). „Jy is in gevaar, jy loop op di brede weg, wat na di verderf gaat" (Nr. 1, bl. 53). „Wil jy dan mar so vir dood slaap totdat jy in di helse vuur wakker skrik? Kan jy dan so gerus na di verdoemenis stap? Julle, wat di stukki lees, julle gaat ni ongewaarskuw na di hel toe" (Nr. 2, bl. 6).

Maar na hierdie dreigemente wys die prediker sy toehoorders die weg tot saligheid aan, wys hy hulle op die versoeningsdood van Christus, en vra hy hulle om in Christus te glo. „Daarom lesers, as daar onder julle is, wat Jesus nog ni besit ni, en dus di Vader ni ken ni; neem dan di Soon an, kus Hem; onderwerp julle an Hem; glo Syn Evangeli . . ." (Nr 1, bl. 47). „'n Mens moet di stem van di Here Jesus hoor, anders kom di saak ni reg ni" (Nr 2, bl. 7). „Gaaf, lê jouself voor God neer, erken jou skuld en jou sonde" (Nr 2, bl. 14).

Wat die invloed van hierdie preke op die lesers was, kon ek nie uit die *Patriot* vasstel nie, omdat geen briewe van goed- of afkeuring daarin verskyn het nie.

So gaat dit (1886) word genoem „'n verhaal", maar dit sluit baie nou aan by die preek-sketse: dit is feitlik net 'n lang-gerekte preek in verhaalvorm. Boeiend of spannend is die verhaal nie: dit is eintlik twee „stories" waarin die geskiedenis vertel word van die bejaarde meisie Leni, en twee seuns Jan en Bêrend.

Oom Koos, 'n plaasboer in die onderveld, gaan Kaapstad-toe vir besigheid en dan soek hy terselfdertyd 'n wit meisie om sy vrou in die huis te help, en twee seuns om hom met die boerdery behulpsaam te wees. Alles gaan baie voorspoedig: hy kry vir Leni en Jan en Bêrend. Leni trou naderhand, maar haar man sterf en die tweede huwelik is ongelukkig. Jan en Bêrend is baie voorspoedig by Oom Koos, sodat hulle later hul eie boerderye kon aanskaf.

Om hierdie gebeure mee te deel, het eerw. Van der Rijst 42 bladsye kleindruk nodig. Hy is dikwels erg omslagtig en dieselfde ding word deur verskillende karakters oor en oor herhaal. Daar is hoegenaamd geen bou in die verhaal nie, en die karakters is lewenlose poppe: hulle is niks anders as spreekbuise vir die skrywer se gedagtes nie. Ook die dialoog is flou en vervelend.

Die hele opset en doel van die verhaal is om te toon hoe voorspoedig mense is wat in Christus as hul saligmaker glo en Hom in alles raadpleeg, en hoe sleg dit gaan as hulle op eie houtjie handel. Daarom is daar so baie indirekte en direkte prekies en sedelessies, en dankbetuigings: „Neef Jan, ek is verstom o'er di goedertierendheid van di Liwe Here. . . .” Voor haar eerste huwelik het Leni die Here geraadpleeg, maar nie die tweede keer nie, en daarom was dit 'n mislukking. „So gaat dit' as 'n mens syn eie wil doen,” sê eerw. Van der Rijst, en dan laat hy direk daarop volg: „Jonge, godvresende wedewes laat julle raai en wees ni ei'ensinnig ni.”

As geheel maak die verhaal die indruk van matheid, en is letterkundig van weinig belang, veral as 'n mens dit vergelyk met die *Duiwels* van ds Jan Lion Cachet van dieselfde tydperk. Cachet het ook gepreek, maar selde opsetlik, en dan het hy lewendig en spannend geskryf sodat die leser se aandag op die verhaal toegespits is en die sedeles of preek nie bewus raaksien nie. Cachet se verhale staan op 'n veel hoër plan as die van eerw. Van der Rijst.

GODSDIENSTIGE STUKKE

van

ds P. D. Rossouw (Cefas)

Inhoud.

Hoofstuk.	Bladsy
I. 1878 en 1879	5
II. Selfonderzoek	9
III. Die vrou wat twaalf jare krank was	13
1. Haar toestand	13
2. Haar genesing	16
3. Wat die vrou gedaan het!	17
4. Drie sake	20
5. Slot	23
IV. Die Saligmaker	25
1.	25
2.	27
V. Christus 'n Saligmaker net soo's die sondaar nodig het	29
VI. Kom! — Alle dinge is gereed!	33
VII. Luister!	37
1. Tot bekeerde	37
(a) Wees versigtig	37
(b) Wees nederig	39
(c) Wees beslis	40
(d) Wees heilig	42
2. De soekende siele	46
(a) Wees dankbaar!	46
(b) Moet nie stil staan nit!	47
(c) Lat ver u dcor niemand stilmaak	48
3. Ver onverskillige	49
(a) Wat nog jong is	50
(b) Wat al oud is	52
VIII. De Teekenen der Tyden en die Zulu oorlog, enz. ..	55
IX. Wat die sonde is?	62
X. Evangeli in die volkstaal	66
1.	66
2.	69
3.	73

VOORWOORD.

Onder die titel *Godsdienstige Stukke* van Cefas en ds S. J. du Toit het in 1881 by D. F. du Toit & Co., Paarl, die preke van ds P. D. Rossouw verskyn.

Hierdie bundel is feitlik 'n herdruk van die *Godsdienstige Stukke*, maar met weglating van die twee preek-verslae van ds S. J. du Toit en 'n hoofstuk uit Groenewegen in Nederlands, en met byvoeging van die drie preke van ds Rossouw wat in die *Patriot* van 1884 verskyn het.

Die teks berus op fotostatte uit die *Patriot*, behalwe die sewe hoofstukke onder die titel: *Luister!*, wat uit die boek gefotostateer is, omdat die toestand van die *Patriot* van 1879 so sleg is dat geen goeie fotostatte gemaak kon word nie.

Die nommers by die onderhofies is deur my aangebring.

P. J. NIENABER.

is verby! Dingsdag nag om twaalf uur is die jaar gestorwe' is 'n ander jaar gebore, is ons 'n ander tydperk van ons lewe ingegaan. En kan ons die jaar wat voorby is, dan sommaar in die ewigheid laat wegsink, sonder voor 'n enkel oogenblik te peins oor wat daarin gebeur is, en wat ons moes ondervinde? Voor ons land, of liever voor Zuid Afrika was 1878 'n jaar, so als ons miskien nog nooit beleef het nie.

Dit was *vooreerst* 'n jaar van onsekerheid, en teleurstelling en beproeving voor onse Broeders in die Transvaal; maar so als ons hoop, was dit ook 'n jaar van Gods nabyheid en van groote genade: Want onse lieve Heer is gewoon om in groote verdrukking groote segeninge te skenke. Julle is in verdrukking als volk gebore, in verdrukkinge geworde wat julle van dag is, en dit skyn of daar nog gen end kom an al die verdrukkinge. Maar onse lieve Heer regeer. Hy weet wat voor julle goed is. Ook weet Hy wat Hy met julle voor het. Vertrouw maar op Hem en Hy sal alles wel maak. Lees Ps. 37: 3—6.

Hulle seg 'n groot volk word in teënspoed gebore. Mag dit van julle waar wees. En wil julle he dat julle wat in so'n wonderbaar land woon, 'n groot volk moet worde, dan sal dit naas God ahang van syn volk in die Transvaal. Hulle is die heilige saad, die kern van die ganse nasie. Het julle in 1878 julle roeping nie verstaan, ge julle dan nou an die Heer ver 1879 oor om ver julle volk te bidde en te gelowe, en te verwagte dat Syn raadsbesluite met julle almaal sal volbrag worde, en syn planne geskied tot eer van syn naam.

Dan was dit in die Vrystaat *rustiger*. Daar was gen oorlog. Net maar die droogte wat amper ooral geheers het. Hulle het dit gemakkelyker gehad als die Transvaal en die Kaapkolonie. Maar of onse Broeders daardeur nader by die Heer gekom het, is ver hulle om te oordeel. Of hulle lossen van die wereld, en meer aan die Heer gewy is, moet hulle selwers weet. Ons kan julle maar toeroep: Broeders! ondersoek julle, vooral nou by die begin van 'n ander jaar. Ons almal, wat die Heere Jesus lief het, in die Kolonie en Transvaal, in die Vrystaat en Natal, moes ver mekaar plegtig die hand ge, om in 1879 ons aan die Heer, en an syn diens te wy, soos ons nog noit gedaan het nie; en om ver Hem te lewe met ons ganse hart. Laat Ges. 127, die laaste vers, die taal van ons hart wees.

Verder, hoe's dit in die Kolonie gegaan. Het ons ooit 'n jaar sien begin so als 1878! Hoe donker was alles? In hoe veel harte was daar nie vrees en ontsetting! Daar was oorlog en gerugte van oorlog. Toen in die begin van die jaar onse vaders, onse broeders, onse kinders, hulle ooral begon

klaar te maak voor die oorlog, hoe was onse harte nie vol van weemoed, en hoe bitter bedroef was veel van ons nie. Toen ons self na die grense moes optrek, en onse dierbare moes agterlaat, in die ontsettende droogte, sonder te weet of ons hulle ooit weer op aarde sou ontmoet, of toen ons moes by die huis bly, en een dierbare naardie oorlog sien gaan, om hem miskien nooit weer op aarde te sien, en syn plaas aan onse tafel ledig te vinde, en syn stem nooit weer in onse oore te hoor klink, wie kan sê wat toen in onse harte omgegaan is.

Dan ook die droogte, so *erg*, dat die Gouwerment 'n biddag bepaal het om regen! En watter ander plage is daar nie gewees, en hoe was dit nie die gehele jaar deur op verskeie plekke gesteld nie; Baing van onse landgenootes veral wat op die grense woon is heeltemaal verarm. Die wol is gesak en met die ander ding gaan dit nie beter. Ook uit Europa is aan die end van verlede jaar allerande jobstydings gekome. England in oorlog "in 't verre oosten"! soos almal seg op aanhitsing van Rusland, en soos ons weet teën die waarskuwing aan van haar beste sone. Ja meer dan ooit het die see en watergolve groot geluid gegee, en het die hart van die mense beswyk "van verwagting der dinge die de aarde overkomen zullen." Is 1878 dus nie 'n allergewigtigste jaar gewees nie?

En hoe met ons huisgesin en enkele persone! Was die jaar wat voorby is, nie voor vele van ons so gewigtig as daar nog gen jaar gewees is? Wat het ons nie moet ondervinde nie. Watter kruise! watter teënspoede! watter rampe was nie die onse! Watter stikdonkere duisternisse het ons nie moet doorwandel; Waar is die kleine Jannie, of Kootie, die kleine Mimie of Tootie, die kindertjies wat met ons so onbesorgd die jaar begin het, en die wat ons so lief gehad het, an wie onse harte so vas was, en die ons maar nie kan mis nie? Waar is hulle? Daar op die kerkhof rus hulle tot die wederkoms van Christus. Of onse andere dierbare, waar is hulle? Vrouw waar is u man? Man waar is u vrouw? Waar u broeder of suster, of vriende en vriendinne? Hulle sal nooit weer op aarde 'n nuwe jaar met ons begin nie? Dit was swaar om hulle af te ge. Onse harte treur nou nog, en, sal nooit ophou om te bloei. Maar Goddank, ons leer om te segge, die wil van die Heer geskiede!

Ja die jaar is voorby, maar hy was net swaar voor vele. Toen die meel soo skaars was, meer dan £4 'n mud, en die kindertjies om brood huil, en ons hulle gen brood kon gé. Toen die sieke vrou, net maar brandmaarskaapvlyns moes eet, en daar gen druppel melk was, voor die kindertjies wat soo ellendig aan die skarlakenkoors leg, toe wou ons hart breek, en ons wou amper touw opgoi, want ons moed was heeltemaal gedaan. Maar God het gehelp. Hy was altoos naby. Al was syn aangesig nou en dan agter 'n wolk, ons kon daarom syn stem hoor. Hoewel ons deur diepe waters moes gaan, nogtans het Hy

altoos ons regterhand gevat. Ons kan gerus sê: "Niemand is er gelyk God o Jeschurun! die op den hemel vaart tot onse hulp, en met Syne hoogheid op de bovenste wolken. De Eeuwige God *was* ons eene woning, en van onder eeuwig armen. Hy heeft den vyand voor ons aangezicht verdreven" (Deut. 33: 26, 27!).

En tog het ons menigmaal gemurmureer. Maar ook dit het of wil die Heer ons vergeve. Hy het met ons nie gehandel naar onse sonde, maar naar syne groote *goedertierenheid* en *barmhartigheid* het hy ons besog en gelouter; en alhoewel ons ver ons onder die dinge maar regte swak gedraag het, het Hy ons daarom by al die besoekingls oorfloedig gesegen. Daar is onder onse lesers wat kan spreek van groote segeninge van jaar ontvang, "*en dat de Heere syne barmhartigheden ten eenenmale aan hen wonderbaar heeft gemaakt!*" Daarom juig ons, en prys ons syn naam, en aanbid ons syn goedheid. En terwyl ons syn Raad, en die leidingen van syne Voorsienigheid met ons bewonder—roep ons met opgeruimde harte uit: Vaarwel 1878! Wees welkom.

1879!

Ons gaat jou met *vertrouwe* binne Nuwe jaar! God is met ons! Hy gaat vóór ons uit. Als die gevaar van agter dreig, dan sal syn wolkkolom net soo's by die Rooode see, tusse ons kom en tusse die vyand. Dreig die gevaar van alle kante, dan sal Hy 'n "yzere muur geheel rondom" wees 'n sterkgebouwde onoverwinbare toren! "De engel des Heeren legert zich rondom degenen die Hem vreezen, en rukt hen uit" (Ps. 34:8) "Rondom Jeruzalem zyn bergen, alzoo is de Heer rondom degenen die Hem vreezen, van nu aan tot in der eeuwigheid" (Ps. 125: 2) Ons is *veilig*. Met Hem gaat ons, met blye verwagting en gerus die toekoms tegemoet. Ons weet Ps. 73; 24—26 is waar, als ook, dat onse tyde in Syn hande is.

Die toekoms is duister. Ons kan die sluier daarvan nie oplig, of voor 'n oogenblik in die toekoms in kyk nie.—Ons weet nie wat ver ons voor die deur staat. Maar ons is tevrede om dit nie te weet nie.

Onse God het wat vóór is, namelyk al wat tot "de tyden en gelegenheden behoort, in zijne eigene magt gesteld," en ons is te vrede om dit soo te hê. Al wat voor is, is Syn sake, is in Syn hande en ons wil dit daar laat. 'n Geloofige in Skotland het laas, die moeite geneem om al die beloftes in die Bybel te tel, en hy het *een en dertig duisend* gekry! Hy seg daar is 'n belofte voor ieder omstandigheid, waarin die mens maar kan kom. Dit sou goed wees ver 'n ieder van ons, om van jaar by Genesis te begin en by Openbaring op te hou, en die beloftes almal na te gaan en daarvan aantekeninge te maak en boek te hou. Dit sal ons miskien meer dan een jaar neem, maar ons sal

daar veel by profiteer. Ons kry al te baing die beloftes van die Bybel uit boeke, dis dus uit die tweede, miskien wel uit die vyftiende of twintigste hand. Eén Christen byvoorbeeld, het 'n belofte in die Bybel gekry en *syn* uitleg daaraan gegee—en almal het nagepraat, somwyl van Augustinus syn tyd afaan. Ne ons moet die beloftes self nagaan, en die *self* uit die Bybel put, en Gods geest moet hulle eigenhandig in onse gees afdruk en hulle daarin skrywe, sodat hulle kersvers uit die Bybel in onse siel overgaan. Dis hoog tyd dat ons *weet* wat ons besit, en dat ons leer om wat ons om Christus wil in die Bybel het, reg te waardeer en op prys te stel. En dit kan ons nie of ons moet “van het Woord des Levens” met onse eige oge gesien, met onse eige ore gehoor, met onse eige hande (des geloofs) getas hê. (1 Joh. 1:1—3).

Ver die wat vra: of al die beloftes dan voor hem is? antwoord ons met Paulus (2 Cor. 2:20) “WANT ZOO VELE BELOFTEN GODS ALS DAAR ZIJN, *die zijn in Hem ja, en zijn in Hem amen. Gode tot heerlijkheid door ons!*”

In Christus is dus al die 31,000 beloftes ja en amen. “God is geen aannemer des persoons” (Hand. 10:34—47) en daarom kan almal, *in Christus* hulle die beloftes toeëigen. Miskien vraag u hoe of dit kan wees, omdat daar soveel beloftes is, wat net ver die Jode kan wees? Ja, als dit letterlyk vervuld moet worde, so als dit eenmaal letterlyk in Israel vervuld sal worde, dan kan ons dit nie op ons toepas nie. Maar ons het reg om wat letterlyk aan Israel beloof word, *in 'n geestelyke sin* op ons toe te pas.

Die Christelyke kerk het 'n groote fout gemaak, om al die profesieën of beloftes wat op Iarael siet (en die Bybel is daar vol van) te vergeestelyk, en op die *kerk* toe te pas, en als vervuld te sien in die kerk, en wel by die eerste koms van Christus, en die uitstorting van die *Heilige Geest*. Hulle vergeet dat Hy toen als die Man van Smarten hier was, en door Israel in persoon en naderhand in syn apostels is verworpe, als die in wie daar geen gedaante of heerlykheid was. Als die Heer der heerlykheid, moet Hy nog geopenbaard worde en deur Israel als soodanig aangeneem worde en dan sal al die profesieën almal letterlyk uitkom. Die verharding is nou op Israel ver 'n tyd. Hoe lank die sal duur siet ons in Rom. 11:25. In die tussetyd, word daar 'n uitverkore gemeente gevorm. Die gemeente, ook “de Bruid des Lams” genoemd, bestaan uit Jode sowel as Heidene na die verkiesing der genade (Rom. 11:5). Hulle is die takke van die wilde olyfboom, wat in die stam is ingeent, in die plaas waar die natuurlyke takke (Israel) gestaan het (Rom. 11:17—22) en waar hulle eenmaal weer sal staan (Rom. 11:23—32). Dus voor sover als ons werkelyk wedergeboren is staat ons, net waar Israel eenmaal gestaan het, en eenmaal weer sal, staan “en daar wy des wortels en der vettigheid des olyfbooms mededeelachtig

geworden zijn," is alles wat aan Israel beloof is, en eenmaal "om der Vaders wil" letterlyk vervuld sal worde, ook voor ons ja en amen, en wel in 'n geestelyke sin en "*in Christus Jesus!*"

Op 'n ander keer kom ons hierop terug. Nou vereers is dit genoeg om te wete, dat ons die uitverkorene uit die volkeren, saam met die overblyfsel uit Israel (Rom 11:1—5), op die olyfstam Christus die plaas inneem van die Israelitise nasie. Ons staat daar waar Israel eenkeer gestaan het, en eenkeer weer sal staan (Rom. 11:17, 23. Ef. 3:6) Ons is die *geestelyke* kinders van Abraham, hulle die *natuurlyke*. Die beloftes word in 'n *geestelyke* sin aan ons vervul om Christus wil; aan Israel geskied dit eenmaal *letterlyk* om der Vaders wil. Ons kan ons dus alles in alle nederigheid toeëien, en dit sal ons eige skuld wees, als ons van jaar nie die regte gebruik maak van die 31,000 beloftes wat almal in Christus voor ons ja en amen is. Ons is nou eenmaal ver 'n tyd, in die plaas van Israel, in die olyfstam ingeent, en die sap en vrugbaarheid en vettingheid van die stam vloei in ons oor, als of ons werkelyk die *natuurlyke* takke is. Hoe dit so kan wees verstaat ons nie, (Rom. 11:33, 34; 16:25, 26), maar dat dit soo is, is seker (Ef. 3:1—12). Was dit nie soo, dan was die grootste gedeelte van Gods woord voor ons 'n doode letter tot op die bekeering van Israel als volk.

Nou vrinde, laat ons met vrymoedigheid die nuwe jaar binne gaan. Ons weet nie wat kan gebeur nie, of wat ons voor die deur staat. Ook nie watter tydings daar van jaar uit Europa sal kom. Watter groote omwentelings op staatkundig gebied ons kan verwag—watter ontdekkings die wetenskap sal maak—watter heerlyke uitstorting van die Heilige Geest daar sal wees, en as die Heer ons spaar hoeveel nader ons aan die einde van 1879 ons aan die toekoms van onse Heer sal bevinde. Mog die Heer ons maar instaat stel om onse roeping getrouw te vervul en wat ons oek gebeur dig by hom hou. Dé Heere segene die *Patriot* en make hem tot 'n groote segen voor Suid Afrika. Ons sal probeer om ver julle te doen wat ons maar kan, maar ons het julle voorbidding noodig, en daarom versoek.

CEFAS.

[*Patriot*, 10 Jan. 1879].

HOOFSTUK II.

SELFONDERSOEK.

"Onderzoek uzelfen of gij in het geloof zijt!" 2 Cor. 13 5.

Daar is gen beter iets, om ons hy die begin van 'n nuwe jaar me bezig te hou, als met die selfondersoek. Dis altoos goed om tot ons self intekeer, en ons te ondersoek, hoe of dit met onse onsterfelike siele gesteld is, mar dis veral goed om dit *nou* te doen. Ons moet nou eenmaal, ver altyd weet, of

ons geloof besit, dan of ons nog nie geloof bezit nie, of ons al gered is, dan of ons nog nie gered is nie. 'n Koopman het seker ty'e, waarin hy syn boeke opmaak, en alles in syn winkel of pakhuis nauwkeurig opneem, om te sien of hy vooruit gegaan is in syn besigheid of agteruit. 'n Generaal ondersoek syn manschappe, om te sien of hulle klaar is, om die vyand te ontmoet, en hy sal nie sommar waag om teen die vyand optetrek nie, als hy rede het om te vrees dat dar iets nie reg is nie. Ons almal is regte voor sigtig met onse aardse besighede. Die skape moet alle avonde en miskien oek alle oggende getel worde, of ten minste tog verskei'e male in die week. En hoeveel maal word die grootve nie by makkaar gemaak nie? Hoe nauwkeurig let ons nie op nie, of die wingerd weer swawel nodig het en of dit weer geskoffel moet worde. Kan daar 'n wakker man in syn aardse beroep wees, wat nie onophoudelik alles ondersoek om waar hy iets verkeerd kry dit reg te maak nie? En sal ons dan ver wat vergaat, en ver wat ons by die dood moet agterlaat sorge, en die dinge die nooit kan vergaan, ja die ewige belange van onse onsterfelike siele, verwaarloos? Ne, ne vrinde dit sal nooit gaan nie. Daarom lees met aandag wat hier volg.

Ons word geroepe tot selfondersoek. Die regte vertaling van 2 Cor 13:5 is "ondersoek *uw eigen zelven*". Daardoor wil die apostel leer, dat 'n ieder by sig self, by syn eie hart moet begin. Misskien seg een van onse lesers: "Dis 'n mooi'e stuk ver myn buurman, ik wens dat hy dit wil lees, of ik sal dit aan myn buurvrou ge, misskien sal dit haar goeddoen. Maar die stuk is ver *jou* leser, jy moet jou self ondersoek. Die vraag is, hoe gaat dit met *jou*? met jou siel en met jou God? jy het niks met jou buurman of buurvrou te doen nie, jou eie siel moet *eers* gered worde, dan kan jy ondersoek doen na jou buurman syn toestand, om hem bekend te maak met wat tot syn saligheid dien. Honderde, duisende, tien duisende, van mense het met andere te doen, als hulle hulle eie hart ondersoek, en hulle bekommer hulle oer die toestand, van die siel van ander mense, in plaas van selwers neer te val voor die alwetende God, en uitteroep. "*Doorgrond my o God en ken myn hart, beproef my en ken myne gedachten, en zie of by my een schadelyke weg zy en leid my op den eeuwigen weg*". Laat dit tog nie met jou so wees nie leser! Vergeet jou buurman of buurvrou, vergeet dat daar 'n ander sondaar op die ganse aarde is, en dink net aan jou self 'alleen' en an die God voor wie jy eenmaal sal moet verskyn, en vraag dan jou self af, of jy in "het geloof is,, of nie? Of jou siel al gered is, of sy al veilig is, of nie? jy moet in jou eie lamp kyk of daar olie in is, of nie. Nie in die lamp van jou buurman. Slegs als jy seker is dat jy olie het in jou eie lamp, dan kan jy jou begin te bekommer, o'er die lamp van jou buurman.

Dan om nauwkeurig te wees merk ons aan, dat ons geroepe word om te ondersoek of ons *"in het geloof is"* ons moet ons ondersoek of ons al bekeerd en wedergebore is. Dis nie genoeg om lidmaat te wees nie, of om getrou na die kerk te gaan, of om gereëld die Nagmaal te gebruik nie. Honderde is hier mē te vrede. En tog seg de Heer, in Mat. 7:21—29. *"Niet een iegelyk die tot my segt: Here, Here? sal ingaan ens. ens."* Lees dit selwers in die bybel na, en vergelyk daarmee Luk. 13:24—28. Die mense bedrieg ver hulle. Daarom moet ons nie te vrede wees nie, met 'n uiterlike godsdienstigheid, maar soek om die godsdiens *"des harten"* te besit. Want al is iemand so onbesproke, so invloedryk, so bemiddeld als Nikodemus. *"Hy kan het koningryk Gods niet sien, tenzy hy wederom geboren wordtl."* Die predikant kan nie te vrede wees met syn predikantskap nie, of die ouderling, of die diaken of die lidmaat, met hulle ouderling, of diaken, of lidmaatskap nie. Want slegs die wedergeboorte kan hulle redde! en hiervan hang alles af. Leser hoe is dit met jou? Is jy al wedergebore of is jy nog nie wedergebore nie? Denk aan Joh. 3:3.

Ongelukkig is *vele mense onwillig om hulle self te ondersoek!* Sommige is te *onverskillig*. Tot die onverskillige behoort in die *eersteplaas* die *roekeloose*. Die wat sonder God of syn gebod leef, en hulle nie bekommer oor godsdienstige sake. Hulle bid nooit, hulle eet sonder 'n segen op die ete aftevera, oek lees hulle nooit in die bybel en hulle word maar weinig in Gods huis gevonde. Dan is daar onder hulle wat maar 'n slegte lewe lei en hulle an grote sonde skuldig maak. Waartoe sal hulle, hulle self ondersoek hulle het dit nie nodig nie. Hulle spot met alle ernstigheid en godsdienstigheid. Is daar een van onse lesers met wie dit soo gesteld is? dan bid en smeek ons hom om tog te verander, en te begin om hom self te ondersoek, voor dat hy voor Gods regterstoel sal moet staan, om daar ondersog te worde Op. 20:2. Maar al die *onverskillige* is nie roekeloos nie. Ne daar is vele wat maar nie hulle gevaar kan insien nie, en *altyd uitstel om hulle te ondersoek, tot dat dit te laat is!* Vrind laat ver julle waarskuw, en wees nie langer onverskillig nie. Julle weet nie hoe spoedig die dood kan kom nie. *En die selfondersoek moet geskiede voor dat die dood daar is.* Vele was onverskillig gewees om hulle self te ondersoek en hulle is voor ewig velore gegaan. Ons wens dat ons een ieder van onse lesers by die hand kan vat, en met hom same kan neerkniel om die Heere te vra om hom tog te ondersoek en hom met die toestand van syn onsterfelike siel bekend te maak. Maar ons kan nie, egter roep ons, met al die krag wat in ons is 'n ieder toe, wees tog nie onverskillig vrind, maar ondersoek jou!—Ander weer is *bang om ver hulle te ondersoek!* Hulle is bang om in die diepte van hulle hart in te kyk. Dis so goddeloos en so gruwelik daar binne, dat hulle aarsel om bekend te worde met die toestand van hulle hart. Ons weet wat dit is,

ons het baing keer gesidder, om "Gods woord, het licht des geestes" in ons hart te laat skyn, en dan in die peilloose diepte in te kyk, en te hoor hoe dit daarbinne bruis en kook. Niemand weet watter diepten der ongeregtigheid daar in hom is, voor dat hy sig self ondersoek het nie, en daarom is duisende bevrees voor die selfondersoek, laat ons nie bevrees wees nie.

En tog is dit *noodsakelik* volstrek *noodsakelik*. Want die kennis van ons selwe is die eerste les wat ons moet leer. Die eerste stuk wat ik moet weet, om salig te worde, is *hoe groot myn sonde en ellende is*. En die les kan ik nie leer sonder self-ondersoek nie. Dus ik moet kies tussen myn self te ondersoek en bekend te worde met al die gruwelike goddeloosheid en arglistigheid van myn hart, ten einde tot die Zaligmaker die toevlug te neem en door Hom gered te worde, of ik moet myselwe bedrieg en voor eeuwig verlore gaan. O leser, ondersoek jou, en doet dit sonder uitstel.

Maar *hoewel die ondersoek noodzakelik is, is dit tog regte moeilik*. Waarom? omdat die mens so'n goeie gedagte van sig selwe het. Die mens meen dat hy ryk en verryk is geworden en geen dings gebrek het, en hy weet nie, en hy wil dit nie weet nie, dat hy ellendig en jammerlik en arm en blind en naakt is." (Op. 3:17, 18). Ons moet die hooge gedagte wat ons van ons selwe het maar van ons wegwerp, en die Heer vra om ons, ons selwe te laat ken soos Hy ver ons ken, en dan sal ons, ons nie bedrieg nie.—'n Ander moeilikheid ver die self-ondersoek is. Ons eige hart bedrieg ons. "Die hart van die mens is arglistig meer as eenig ding. Ja doodelik, wie sal dit ken! So roep Jeremia uit: (Jer. 17:9), maar let op Gods antwoord (vers 10) "Ik, de Heere doorgrond het hart en proef de nieren!" Dus, al is ons hart arglistig, en al is dit ver ons ontsettend moeilik om met so'n hart ons selwe te ondersoek, kan ons die Heere selwe vra om ons te ondersoek en te doorsoek, en te sien hoe dit met ons is, en ons met ons ware toestand bekend te maak, Gaat dus leser op u knije en vraag die Heer wat David Hem in Ps. 139:23, 24 vraag.

En nou het iemand sig ondersog, en vind hy dat dit reg is met synsiel en met synGod, "dat hy in het geloof is!" Dan wens ons hom geluk, Dan het hy rede om die Heer te prys, en hom die luide haleluja toeteroep. *Maar is dit nog nie reg nie?* wat dan? (a) wees dan nie *gerus!* want jou siel is in groot gevaar! en als sy eenmaal verlore is dan is sy voor ewig verlore!! (b) Wees ook *gelowig!* want die ding is waar en tensy iemand wederom geboren word, hy kan het Koningryk Gods niet zien. (c) Wees ook nie *wanhopig*. Die duiwel perbeer eers *onverskilligheid* en als dit nie meer help dan *wanhoop*. Maar luister naar hom nie, daar is ver jou ook genade, (Mat. 11: 28—30; Joh. 6:37, 7:37; 1 Tim. 1:15; Op. 22:17.)

CEFAS.

[Patriot, 17 Jan. 1879].

HOOFSTUK III.

DIE VROU WAT TWAALF JARE KRANK WAS.

1.

HAAR TOESTAND.

Mat. 9:20, Mark. 5:25, 26, Luk. 8:43.

Dar is niemand van onse lesers, wat nie bekend is met die geskiedenis van die vrou, wat twaalf jaar krank was, en die door die Here Jesus so wonderbaar genese is. As iemand die geskiedenis nie goed ken nie,—dan kan hy die tekste hier bowe angege, selwers in syn bybel opsoek en nalees. Ons het mar tyd en ruimte om van deuse week te let op haar *toestand*; laler sal ons, as die Heer wil, stilstaan by haar *genesing*.

Haar TOESTAND is 'n *beeld van die toestand van die sondaar*. Sy was krank—gevaarlik krank.—Haar krankheid het gedurig toegeneem en dit het met haar altoos erger en erger geworde. Haar liggaam was heeltemaal uitgeput en hoe sy oek medisyne gebruik, en hoe die dokters oek hulle bes doen, dar was niks wat haar kon help nie. Dan had die siekte al twaalf jaar geduur. Twaalf akelige jare van angs en vrees en pyn en benoudheid had sy al denrgebring. Wat sy nog sou moet deurstaan, was ver haar onbekend, en die toekoms was skrikkelik. duister.

Leser! weet u wat dit is om krank te wees? om pyn en smart te moet uitstaan? om alle middels te gebruik en geen een te vinde wat wil help nie? om te sien hoe die dokter na dat hy alle middels geprobeer het syn hoof skud, omdat hy nie weet watter medisyne verder te ge nie! Was u al jare agtereen krank? Dan kan u iets begryp van die toestand van die vrou. Dit is 'n akelige iets om deur 'n vreselyke krankbed twaalf jare agtereen uitgeput te worde.

Mar seg ver my, *hoe lank is uw siel al krank*, onbekeerde leser van die *Patriot*. Of weet u dit miskien nie? Die vrou het geweet dat sy krank was, daarom het sy al haar geld uitgege ver die dokters, en ver hulle medisyne. Mar die sondaar weet nie dat syn siel krank is, en baing keer *wil* hy dit nie weet nie. En tog *moet* hy dit weet, wil hy gered worde, en nie ver ewig verlore gaan. As Gods woord die waarheid is (en dit is waar) dan lees dar nou verskeie die *Patriot*, wat nog nie bekeerd is nie, en wat nie weet dat dit so met hulle gesteld is. O myn vriend! ondersoek u tog! God is gewillig om deur syn Heilige Gees u met uselwe bekend te maak. Vraag Hem om dit tog te doen!

Dan weer was die *toestand* van die vrou so, dat sy *niks kon anraak nie, sonder dit te verontreinig*. Vollens die wet van Mozes (Lev. 15:25—27) was iemand wat an so 'n kwaal ly, *onrein*

en *almal wat haar anraak was oek onrein*. Nou dit is juis die toestand van die sondaar! Hy is onrein en hy besmet ander mense. Hy versprei 'n verderfelike invloed om hem heen. En dit kan oek nie anders wees nie, want versprei ons nie 'n seën, dan versprei ons 'n vloek. Niemand kan onsydig wees nie of hy dit wil of nie, hy maak ander mense met wie hy in anraking kom of beter, of hy maak hulle slegter. Pas had Eva gesondig of sy haal Adam oer om oek te sondig. As dar iets is wat anstekelik is dan is dit die sonde.—Die vader of die moeder wat die Heere Jesus nie lief het nie, en die wat onbekeerd en onbekommerd in die wereld vortleef, verontreinig hulle kinders den hulle woorde hulle voorbeeld, hulle gedrag, hulle onverskilligheid omtrent die godsdiens. En hulle bring die kwaal waaran hulle siel ly, op hulle kinders oer. Ja lesers die sonde verpes, besoedel, bederf alles, waarme dit in anraking kom. Dis 'n kanker wat vortvreet, totdat dit die siel heeltemal verwoes het. 'n Geestelike melaatsheid wat die lewensappe van die siel bederf, en haar heeltemal walgelyk en afskuwelyk in die ooge van God en van die mense maak, en alles wat daarme in aanraking kom word met syn walgelikheid en afskuwelikheid besmet.

Niemand kan die geselskap van die onbekeerde, van die onverskillige en van die sondaar opsoek sonder verontreinig te worde, en an syne siel skade te lyde. *As ons met die onbekeerde en die goddeloose omgaan en met hulle geselskap kom soek en ons maak hulle nie beter, dan maak hulle ver ons slegter!* als ons hulle nie tot 'n segen is, dan word hulle ver ons tot 'n vloek. Maar is ons selwers onbekeerd, hoe skrikkelik is onse toestand dan nie. Ons bederf ander mense en ons word selwers bedorwe!

Oek was die toestand waarin die vrou verkeerd so *dat sy nie na die tempel durf op gaan nie*, want sy was *onrein*. Solank als sy nie van haar kwaal genees was nie, moes sy terwyl almal opgaat om te anbidde, buite die voorhowe van Jehovah blywe. Almal gaat daar binne, en sy moet dar buite staan. Die woorde van die Psalmdigter was wel die hare “Gelyk een hert schreeuwt naar de waterstromen, also schreeuwt myne siel tot u o, God; Myne siel dorst naar God naar den levenden God, wanneer sal ik ingaan, en voor God, aangezicht verschynen?” (Ps. 42:1, 2). Mar so lank as sy die kwaal had kon sy nie daarby voeg nie, “wat buigt gy u neder, o myne siel, en wat syt gy onrustig in my? ens. ens.” (vers 6, 12). Sy kon nie se’ “Ik verblyde my in degenen die tot my seggen! wy zullen in het huis des Heeren gaan. Onse voeten syn staande in uw poorten, o Jerusalem” (Ps. 122:1, 2); want sy kan nie in die huis van die Here ingaan nie. As die ander mense sing:

Zing een Psalm en geeft Trommels aan de rijen,
Wat in Israel leeft Roept zijn grootheid uit,
Harpen zachte luit. Moet zyn roem verbreien, ens. (Ps 81).

dan moes haar feesvreugde verstom. In haar gesonde dage was dit ver haar moentlik en was sy gewoon om op te gaan en fees te vier met die menigte, mar nou nie meer. Die hele volk kan segge “wy sullen in syne woningen ingaan, wy zullen ons nederbuigen, op den voetbank syner voeten” mar sy moes buite blywe. Sy was *onrein* en *gen onreine kan in die Huis des Heeren ingaan!* Dit is die toestand van die onbekeerde, van die onboetvaardige sondaar. Hy is ’n onreine.—Hy kan nie met Gods volk anbidde nie. Hy kan wel daarby sit, met hulle saam neerkniel, en sing en miskien so roekeloos wees als om self voortegaan in die gebed. Mar hy kan nie in die gees ingaan tot agter die voorhangsel. Want hy is *onrein* en *gen onreine* word dar toegelate. Hy moet eers bekeerd worde, en gewasse in die bloed van die Heere Jesus, dan kan hy dar binne gaan en met die Heer waarlik gemeenskap oefen anders word hy dar nie toegelate.—Ook KAN HIJ NIE AVONDMAAL GEBRUIK NIE. Hy is onrein. Hy het nog nie die bruilofskleed nie. Hy moet eers wedergebore en gewasse worde in die bloed van onse Heere Jesus, anders eet en drink hy sig ’n oordeel. Hy moet dar wegbly. Hy durf nie dar ansitnie. Hy is onrein en *gen onreine* hoort daar. Oek kan hy nie in die hemel kom nie. Die plek van die onregvêrdige sondaar is die hel (“tensy dat hy wederom gebore word, Joh. 3:3”) en nie die hemel nie.

Uiteindelyk was die toestand van die vrouw tot op die oenblik *heeltemal hopeloos!* Dar was niks, dar was niemand wat haar kan redde. Sy had alles gedaan, alles opgeoffer, al haar geld en goed uitgege. Sy was heeltemaal arm geworde mar alles te vergeefs. So lank as sy met haarsel, met haar medemense, met menselyke middels te doen had is haar toestand dieselfde gebly, is haar toestand al hopeloser geworde. O sondaar, so lank as u trag om u self te redde en hulp soek by en hulp verwag van mense, so lank sal uw toestand al hopeloser worde. So was die met die vrou, mar haar toestand is nie altoos hopeloos gebly nie; want die Heere Jesus is by haar verby gegaan en sy het die soom van syn kleed aangeraak en is gesond geworde. So kan u oek gesond worde. Net soos met die vrou kan niemand u redde en helpe als die Heere Jesus alleen. Later sal ons duidelyk maak hoe die vrou gered is, en hoe ieder sondaar gered kan worde.

CEFAS.

[Patriot, 24 Jan. 1879].

DIE VROU WAT TWAALF JARE KRANK WAS.

2.

HAAR GENESING.

Mat. 9:20—22; Mark. 5:27—29; Luk. 8:43, 44.

Ons het in die laaste stuk ons lesers op die toestand van die vrou gewys; ons sal nou let op haar genesing. Sy is nie altoos krank gebly nie, mar sy is gesond geworde. So het die sondaar oek nie nodig om an die krankheid van die sonde te sterwe nie, of in die sonde om te kom nie. Daar is balsem te Gilead, daar is hulp bestel by 'n Held, daar is verlossing en uitkoms by die Heere Jesus. Net soos die vrou, gered is, kan ider sondaar gered worde.—Ons siet háar uitgeput, doodelik swak, vooro'er geboge, amper nie in staat om alleen te gaan nie, alle dage swakker wordende, met holle wange en ingesonke oge, doodbleek, en vol ellende, vortsukkelende na haar graf. So is sy die een o'enblik, die ander o'enblik is sy heeltemal wel, en siet sy daar fris en gesond uit; sodat almal wat haar ken, die hande by mekaar slaan, en byna hulle eie oge nie kan glowe nie. Hoe is *dit* gekom? van waar *die* verandering? Ons antwoord: Christus het haar genees. Wat gen dokter, hoe knap oek, kon doen nie; wat gen medicine, hoe goed oek, kon uitrig nie, dit werd deur die Heere Jesus in één o'enblik gedaan. En hoe is dit gebeur? Die geskiedenis leer ons (Mark. 5:27)

“Zij hoorde van Jezus!” Had sy nie van die Heere Jesus gehoor, dan had sy nie geweet waar na toe te gaan, en dan was sy nooit gesond geworde nie. Hoe goed is dit dus ver die sondaar, om van die Heiland en van syn genade te hoor? Hoe goed om te verneem dat Hy nog nooit iemand ledig weggesonde het? dat almal welkom is, dat hy gen lus het in die dood van die sondaar, mar juist ver hom in die wereld is gekom, om hom salig te maak? Dit is volstrek noodsakelyk ver die onbekeerde, om van Jesus te hoor, want “hoe zullen zij in Hem gelooven, van welken zij niet gehoord hebben?” (Rom. 10:14). Dit is dus verkeerd om die onderlinge byeenkomste na te late “gelyk sommigen de gewoonte hebben.” Ons moet nie van die kerk en van die bidure wegbly nie, want ons hoor daar van die Heiland, van wat Hy ver sondaars gedaan het, van wat Hy ver ons wil doen. Duisende sal die liwe Heer nog in die ewigheid dank sê, ver segeninge in die onderlinge byeenkomste. Daarom bly nie van die kerk of die godsdiens weg (soos baing doet) als julle dit kan help nie. Had die vrou nie van Jesus gehoor, dan was sy nooit gered nie.

Dan weer *hoe goed is dit dat die wat deur die Heer gered is, dat die wat die Here Jesus ken, van Hem spreek.* Ons moet nie, ons mag nie stil bly nie, maar van Hem getuig. Ons moet

van Hem, van syn genade, van syn grote sondaarsliefde vertel, en an die andere seg watter dierbare Heiland ons het. Hoe Hy die skoonste is onder die mense kinders, hoe genade uitgestort is in syn lippe, hoe Hy van God in ewigheid is gesegen (Ps. 45:3). Ons moet verkondig hoe daar bowe Hem niks is wat ons kan begeer, en dat Hy die Sondaar wat onrustig is, 'n vrede kan skenk, en die ongelukkige 'n blydschap wat alle verstand te bowe gaat. Die gelowige moet as 'n lig skyn in die duistere wereld. Hy moet van die Heer vertel, en van Hem getuig. "*Want hoe sullen sy hooren sonder die hun predikt?*" Had ander mense die vrou nie van die Here Jesus vertel, dan had sy seker nooit van Hem gehoor nie. Mar sy het van Hem gehoor. Menigmaal het die mense haar van Jezus vertel. Sy had gehoord van al syn wonderwerke, van al syn groote goedheid en genade. Leser! hoe veel keer het u al van die Heere Jesus gehoor? Denk tog na! hoeveel keer is die Evangelie al tot u gekom, en het u al an u hart die antrekkingskrag van die kruis gevoel? Denk tog na! denk tog na!

Mar als ons seg dat sy veel keer van die Heere Jesus gehoor het, hoe kan ons dan daarop druk, dat sy toen van Hem gehoor had? Eenvoudig omdat sy altoos van Hem gehoor had als van een verlosser, wat vër was. Mar nou word haar vertel dat Jäirus Hem gaan roep het voor syn dogtertjie, en dat Hy op weg was naar Jäirus syn huis. En nou wis sy, dat om by Jäirus te kom Hy net vlak voor haar deur moet verbygaan. Die Heiland sou nou binne enige ogeblikke heelmal naby haar wees en dan was daar 'n kans ver haar om gered te worde. O Sondaar, u het dikwyls van die Heiland gehoor, mar nou verkondig ons u, dat Hy by u is. Terwyl u die *Patriot* in hande het, en dese woorde lees, is die Heer by u. Luister! Kan u nie syn voetstappe hoor nie? Klink syn stem nie in u oor? Hy is van dag naby, digte by u, en kan en wil u redde. U het nog altoos gehoor wat hy en andere gedaan het, hoe andere dere Hem gered is. Maar van dag wil Hy u redde, van dag kom die genade voor u deur, tot aan u hart. Kom nou, wag nou nie langer, maar geef u an die Heiland, en die krankheid van u siel sal genese worde.

[*Patriot*, 7 Febr. 1879].

DIE VROU WAT TWAALF JARE KRANK WAS.

3.

WAT DIE VROU GEDAAN HET!

Mark. 5:30—34; Luk. 8:44—48.

Toen sy hoor dat die Here Jezus op weg was na Jäirus, en dus vlak voor haar deur moes verby gaan, wis sy dat sy nou 'n kans sou hê, om haar voor Hem neer te werp, net soos die melaatse, en om ver Hem te vra om haar gesond te maak.

Mar die beswaar kom by haar op: “as ek met myn swakke en uitgeputte liggaam, deur die skare dring tot by Hem, dan sal ik hyg na myn asem so dat ik geen geluid sal kan maak nie, en dan gaat Hy verby en ek bly ongered!” Dit was ’n gewigtige beswaar. Mar met een kom haar ’n blyde gedagte in die siel. Die Heere Jesus is so vol van genade, hy spreek maar en dit is daar, daar gaat somwyl krag van hom uit, en die skare word genees, ik sal dit mar waag om tot *by* hom te gaan en al syg ik by hom half in onmag neer, sodat ik geen woord kan spreek, ik sal dit waag om die soom van syn kleed aan te raak, gaat daar weer krag van hom uit, dan word ik ook genees.

Sodra die vrouw tot die besluit kom, maak sy ver haar klaar, om nou of nooit ’n poging an te wende om gesond te worde. Dis ’n wanhopige pooging wat sy doet. Dis net of ons haar siet. Net soos sy hoor van Jesus, dat hy naby is, dat daar ver haar ’n kans is om *van dag* gered te word, staat sy van die bed op waarop sy ’n bietji is gaan leg. Sy sit eers op die rand om die duiseling te te laat weggaan, wat ontstaan is deur die o’errend kom van haar liggaam. Maar nie te lang nie, want sy moet gou maak. Kyk, daar staat sy op; sy wil val, maar sy neem an die tafel, die stoel, die muur, en sukkel vort na die voordeur. Daar staat sy vashoudende an die kosyn of deurposte. Sy hyg na haar asem; sy wil ieder oogenblik in makkaar sak, mar die wanhoop geef haar krag. Sy hoor al die gedruis van die voetstappe van die skare en is verplig om moed te hou. Dis nou ver haar ’n kwessie van lewe en dood, sy weet dit en daarom staat sy daar en maak ver haar klaar om iets te waag, wat nog nooit iemand in haar toestand gewaag het nie. Dis moeiljelyk ver die swakke vrouw om tussie die ruwe skare in te dring, sy kon miskien val, en in die gedrang in die nouwe straat ellendig beseerd worde. Dan weer, hoe durf sy ’n *onreine* tussie die mense ingaan, om hulle almal te besoedel? Wat sal die Heere Jesus daarvan sê?

Mar sy had gen tyd om te redeneer nie. Haar gevaar was groot en die uitkoms was naby. Daarom had sy net tyd om te *besluit* en om te *doen*. Haar besluit was om die soom van die kleed van die Heere Jesus anteraak, en en dit was sy van plan om met Gods hulp te *doen*. Die skare kwam naby, nog ’n oogenblik en die Heiland is vlak voor haar deur. Met ’n krag uit die wanhoop gebore, breek sy deur die skare, en dring deur tot by die Heere Jesus. Daar sink sy magteloos neer, sy kan geen woord sê nie; mar sy gryp die soom van syn kleed, en ***** *Sy is heeltemal gesond, volkome genêes!!* “al het oude is voorby gegaan, en het is met haar alles nieuw geworden.” Sy is heeltemaal ’n ander mens. Sy lyk twintig jaar jonger, en is in die volle besit van gesondheid. Die holle wange is daar nie meer, die ingesonke oge is nie meer te sien, sy is sterk en *vris*, en hyg nie meer na haar asem nie. En hoe is dit geskied? Net

deur die soom van Syn kleed anteraak! Die Heere Jesus was so vol van genade, dat die vrou net nodig had om die soom van syn kleed anteraak, om te ondervinde wat geen dokters, hoe knap oek, en geen medisyne hoe deugszaam oek, doen kon nie.

En sondaar! dit moet u oek doen. U toestand is net soos die toestand van die vrou, en u kan nie anders gered worde, dan net so als sy gered is. U moet met Jesus in aanraking kom, anders blyf u siel krank. Daar is gen ander middel. Niks kan u red dan *die krag die van Hem uitgaat*, niemand u saligmake dan die Heere Jesus alleen! U moet dit waag om naar Hem te kom, u moet dit waag om u siel an Hem te vertrou, en om u so ellendig als u is an Hem te geef. Al kan u nie bid nie. Gaat mar op u knieë voor Hem. Hy sal weet wat u nodig het. Hy is vol van genade, en daar sal van Hem krag uitgaan om oek u te genees.—Die vrou gaat uit haar huis naar buite naar die Heiland. Die sondaar moet uit sigselve uit gan tot Jesus.—Nie meer op hemselwe vertrou, mar begin te vertrou op Jesus. Dis wat die gebot is; om te rus op iemand of iets buite ons, op Christus en syn verdienste.

Dan weer al het die vrou die beste medisyne in haar huis. Sy sal die almal laat staan het, om naar die Heere Jesus te gaan. Al was daar by haar die knapste dokter sy sou nie omgege het nie, of hulle aanstoot neem of nie, maar sy sou hulle almal in die huis laat sit het, toen sy van Jesus hoor. En die uitkoms het getoon, dat sy gelyk had. Nadat sy die soom van die Heere Jesus synt kleet het aangeraak, het sy die Dokters en hulle medicyne nie meer nodig nie. O sondaar! hou tog op om te probeer, om u self salig te maak, en moet tog nie op die mens vertrouw nie! Die Heere Jesus is daar en Hy roep u! Hy staat klaar om u anteneem, en u alles te vergeef, en u van al die krankheid van u siel te genees. Als u van dag op u kniën gaat, en al is dit oek met vrees en beving dit waag, om die soom van syn kleed an te raak, sal u heeltmal verander. Al die oude dinge, sal verby gaan en dit sal alles nieuw worde. Die dronkaard sal 'n afkeer kry in die drank, die man of vrou wat in ontug leef sal dan wel ophou, die die Kwaadspreker of Kwaadstoker sal begin, om hem met syn eige sake te bemoei, en in vrede te leef met syn naaste, en die wat onverskillig is sal miskien die ernstigste man in syn gemeente worde. Let vooral daarop, leser! dat toen die vrou besluit het, om naar Jesus te gaan, sy nie stil gestaan het nie, voordat sy by die Heiland was. Sy dring, met die krag wat die wanhoop aan haar skenk, deur die skare heen en laat haar deur niks terug hou tot dat haar hand die soom van Syn Kleed anraak. Pas tog op daar voor, om onder weg opgehou te worde, vele gaat uit Sodom mar kom nooit in Zoar nie. *Gedink an Lots vrou!* Die bevel van die Heer is *Sta niet op dese ganse vlakke!* (Gen. 19:15—17) "Behoud u om uws levens wil; en sie niet achter u om!" Duisende word op weg opgehou. Hulle begin te

loop; maar hulle volhard nie. Hulle ge die moed op, net soos hulle mar 'n weinig geprobeer het, of hulle lat hulle deur die skare en die gedrag verhinder om tot by Jesus en syn genade te kom. So het die vrou nie gemaak en so moet u oek nie maak nie sondaar! Sy het haar deur niks lat terug hou. Kom dring u nou deur alles heen tot by die Heiland. Die blinde Bartimeus het hom deur niemand laat stil maak nie. Mar hoe meer die mense wat verby gaat hem wou laat swyg, hoe harder roep hy "Jesus, gy Sone Davids, ontferm u myner!" Die Kananese vrou het die Heiland gevolg en Hem agterna geroep, en het haar deur niks lat terug slaan. Sy het angehou tot die Heere haar help. Sondaar! hou oek an, die selfde Heere Jesus wat die blinde Bartimeus en die Kananeese vrou gehelp het *leef nog* en Hy sal u oek help, Hy seg *die tot my komt sal ik geensins uitwerpen!* Elias het sewe maal gebid om regen en toen kom dit in oervloed. Had God nie gehoor, hy sou sewentig maal sewe maal tot die Heer geroep het, en sou nie opgehou het tot dat die Heer hom verhoor had nie. Hy was gedetermineerd om 'n antwoord te ontzang. Kom sondaar, kom wees oek vandag gedetermineerd! gaat op u knieë en staat nie op, totdat die Heer u hoor, en 'n geestelyke regen oek in u siel skenk! Hou aan om met die Heer te worstel, lat niemand u stil maak! denk aan die vrou! U moet nou of nooit salig worde. Dis miskien die laaste keer dat Jezus van Nazareth by u voorby gaat. Van wat u nou doen sal hang miskien die eeuwig geluk, of die eeuwig rampsaligheid van u siel af. Had die vrou uitgestel, dan was sy ellendig an die Kwaal gesterwe. Had Bartimeus gewag, dan was hy altoos blind gebly. Daarom, stel tog nie uit, dis *nou* nou NOU u tyd!!! Die meeste mense gaat verlore omdat *hulle uitstel*. Sommige van die geleerde mense op die Areopagus (Hand. 17:32, b.) het uitgestel, en waar is hulle?

[Patriot, 28 Febr. 1879].

DIE VROU WAT TWAALF JARE KRANK WAS.

4.

DRIE SAKE.

Markus 5:29, 30.

Ons staat nog 'n keer stil by die vrou. Daar is drie sake waarop ons van dag moet let, en dit kan ver ons nuttig wees om dit te doen. Hare genesing was *blykbaar,—ogenblikkelyk,—volkome!!* Sy kon dit nie wegsteek nie,—sy het ook nie 'n sekonde nodig gehad om te wag, nadat sy die kleed van die Here Jesus angeraak het,—ook was sy nie mar half gesond geworde, mar heeltemaal van haar kwaal genese.

1) *Haar genesing was dus blykbaar!* Vele mense seg dat 'n mens op aarde nie seker kan wees van syn saligheid. Dis verkeerd. 'n Mens *kan* seker wees, ja ons wil verder gaan en seg hy *moet*. Net soos die sondaar sig an die Here Jesus geef, dan wil Gods Geest met syn geest getuig, dat hy 'n kind van God is. Die manne en vrouwe wat iets ver die naam en saak van die Here op aarde uitgerig het, was almal seker van hulle staat. Dis wat ver hulle krag gegee het om te staan, waar hulle anders sou geval het. Die oërtuiging, dat hulle die Heer ver ewig toebehoor, was die vaste bodem op die rotssteen onder hulle voete, toen hulle met ongeloof en bygeloof en met allerhande dwalings moes worstel. Daarom het hulle, hulle lewe nie liefgehad mar alles opgeoffer; daarom was hulle instaat om te staan en toen hulle alles verrig had, nog staande te bly. Die sekerheid dat ik 'n kind van God is, is die "gordel der waarheid" wat krag gé en my sterk in die stryd (Ef. 6:11,12). Het ik die sekerheid nie, dan is myn krag gebreek, dan kan ik niks uitvoer. Ik moet weet in watter betrekking ik staat, tot God, en tot syn genade, en tot syn Soon, en tot die heerlike en dierbare beloftes van die Bybel; anders is ik in Gods koningryk en in die gemeente net soos die vyfde wiel van die wa, of net soos 'n kleine kindjie wat met 'n veertjie moet gevoer word om in 't lewe te bly, en wat *te swak is om SELFS DIE MELK VAN DIE EVANGELIE IN TE DRINK!* Honderde in ons land wil hulle niks toeëien nie en dan denk hulle dat hulle God daardoor vereer, mar die honderde doet verkeerd, hulle vereer God nie, mar hulle onteer Hom! Al hulle twyfelinge en sugte en klagtes skrik die wereld af om ook christenen te worde, terwyl die blymoedigheid, en die opgeruimdheid, en die diepe erns, en die vaste geloof van die man wat seker is van syn saligheid, die wereld tot jaloersheid verwek en somwyl duisende beweeg om hulle ook aan die Here Jesus te gewee. Met die man of vrou die wat altyd twyfel en altyd duisternis is, kan onse liwe Heer *niks* uitrig nie, maar met hom of met haar wat vol is van geloof en van die Heilige Geest kan Hy 'n grote werk verrig en grote wonderwerke doen.

Mar ons dwaal af. Ons keer tot die vrou terug. Ons het geseg dat haar genesing *blykbaar* was! Sy wist dit. In vers 29 lees ons: "en terstond... gevoelde (de vrouw) aan haar ligchaam dat zy van die kwaal genezen was!" Hoe dit tog kon wees, wis sy nie; mar dat dit so was, daarvan was sy seker. Daar was een ogenblik toen sy siek was, 'n ander ogenblik waarin sy die soom van syn kleed anraak, nog 'n ogenblik en... *sy is gesond!!* Al het nou al die mense van die wereld na haar gekom, en gesê dat sy nie gesond is nie, sy sou haar an hulle almal nie gesteur het nie, want sy wis dat sy gesond was. Sy had 'n ganse boel tekens waaraan sy duidelik sien kon dat sy nie meer krank was nie. Moes iemand haar gevraag hê: Hoe dit kon wees? Sy sou geantwoord hê: "Ik weet nie, al wat ik weet

is dit, ik was siek, en ik het, so siek as ik was, die soom van Syn kleed angeraak en ik is heeltemal gesond geworde.” Sondaar as u die soom van syn kleed anraak sal u ook gesond worde, en u sal dit weet, al kan u nie uitleg hoe u gesond geworde is. Die wedergebore sondaar *weet* dat hy wedergebore is. Moes iemand hom vra hoe of dit kan wees? dan antwoord hy met die Here Jesus: “De wind blaas waarheen hy wil en gy hoort zyn geluid, maar gy weet niet vanwaar hy komt, en waar hy heengaat; alzoo is een iegelyk, die uit den Geest geboren is (Joh. 3:8).” *Egter neem die geheimsinnigheid van die saak niks weg van die waaragtigheid daarvan.* Dat ik nie kan begryp hoe ik wedergebore word, neem nie weg dat ik kan geloof en weet, en God kan dank sê, dat ik wedergebore is.

Mar nie alleen *wis* die vrou dit, *die Here Jesus wis dit ook!* “En terstond Jesus bekennde de kracht die van Hem uitgegaan was enz.” (vers 30). Christus wis dit. Die vrou kon sig bedrieg, mar *Hy nie.* As Hy dit weet, dan is dit genoeg, al twyfel die hele wereld daaran. An die ander kant, al is ik ’n predikant, of ouderling, of diaken, of een van die vernaamste lede van die kerk, en al spreek al die mense my salig, as die Here weet dat ik nog onbekeerd is, dan help my dit niks. Mar weet Hy dat dit met my reg is dan is dit genoeg. Net soos die sondaar sig an die Heer geef, weet die dit, word syn naam in syn boek opgetekend, om nooit weer uitgedelg te worde. O! as Christus mar weet dat ik syn ei’endom is, is ik tevrede, dan kan ik alles verdra en alles ly. Here Jesus! is daar ’n leser van *Die Patriot*, wat nog nie u eigendom is, maak hom nou u eigendom. Is hy, die wat nou dese woorde lees, nog nie bekeerd, nog nie wedergebore, o! laat hom *nou* voor u neerval, en die soom van u kleed anraak en ook gered worde! Leser! kom! *lees nie verder nie, VOORDAT U WEET AN WIE U TOEBEHOORT.*

Dan wis die vrou *haar vriende en bure* ook dat sy genese was! Hulle kon nie help om dit op te merk nie. Hulle was gewend om ’n swakke vrou te sien, voorower gebuig met holle wange en ingesonke oge, nie in staat om te loop sonder te hyg na haar asem. Baing nagte had hulle by haar gewaak en somwyl wanner sy van swakheid in ’n diepe flauwte lag, of in ’n vreeselyke benauwdheid verkeer het hulle ieder slag haar dood verwag. Al die dokters had haar opgege en selfs wou die medisyne haar amper nie meer verligting gé, en hulle-self had haar mar nog ’n paar maande gegé om te lewe. En nou siet hulle die vrou daar vris en gesond by hulle staan en onder hulle rondwandel, as of sy nooit krank gewees is nie. Sy lyk werkelik twintig jaar jonger, en imand die haar nog die dag van te vore gesien had, en die nie wis wat met haar gebeur was, sou haar nie gekend hê nie. Selfs die knapste dokter die haar vroeger besog had, sou gedenk hê dat hy droom. Dis of

ons die bure onder mekaar hoor vraag: "Is dit nie die vrou wat so krank was en hoe is sy dan nou gesond?" Haar antwoord is: "Sy is die vrou self, ik het die soom van die kleed van die Here Jesus angeraak en ik is gesond geworre!" Haar genesing kon nie verborge bly, haar bure wis dit.

So ook as die sondaar sig an die Here Jesus gé, kan almal dit sien, en is die mense almal verwonderd o'er die verandering wat o'er die man gekom het. Nie alleen weet hy dit, en is dit by die Heiland bekend, mar al syn bure en vrinde sien dit en weet dit. As die dronkaard heeltetal sober word, as die man wat in ontug geleef het, of die onkuise vrou met sulke slegte dinge niks meer te doen wil hê, as die werkelose, die vloeker, die lasteraar op die kniën word gevonde, syn huisgodsdien hou, getrou na kerk kom en as 'n voorbeeldige gristen begin te lewe, wie let daar dan nie op, en wie is so blind om dit dan nie te sien nie? Baing keer, al trek die wereld die belydenis van die gristen in twyfel, is hulle tog o'ertuig dat dit met hom reg is; of al spot hulle met hom en hou hom ver gek, het hulle tog eerbied en ontsag ver hom; en as hulle moes kaartspeul of wyndrink of dans, en hy moes daar onverwags inkom, sal hulle as hulle nie meteens uit die kamer uit hartloop nie, hulle heeltemal ongemaklik gevoel en die kerse doodblaas, of die kaarte onder die tafel wegsteek. Die Here skenk ons genade om "ons licht alzo te laten schynen voor de menschen, (voor onze vrienden en bure) dat zy onze goede werken mogen zien en onzen Vader die in de hemelen is verheerlyken" (Mat. 5:16). [Patriot, 7 Maart 1879].

DIE VROU WAT TWAALF JARE KRANK WAS.

5.

(Slot.)

2. 'n Ander saak waarop ons let is, dat die genesing van die vrou *ogenblikkelyk* was. Net soos sy die soom van die kleed van Jesus anraak was sy gesond, *terstond*, seg Markus vers 29). Dit was nie nodig om dit twemaal, of driemaal, of meermaal te doen nie. Eenmaal was genoeg en alles was reg. Daar het krag van Jesus uitgegaan by die anraking, en net soos 'n blits het die krag haar genees. Mense staat verbaas o'er die wonderwerke van Christus, en sommige wil dit nie glo en verwerp die wonderwerke van die Heiland. Mar hulle *vergeet* dat Hy die Seun van God is, die met syn magwoord die ganse heelal geskape het en dat Hy eenkeer deur dieselfde woord al die doode van Abel af sal opwek. Voor Hom is daar niks onmoontlik nie. As ons mar wil opet kan ons nog gedurig sien wat Hy

deur Syn wonderkrag, kan doen. Mar baing keer het ons gen oge om dit te sien en gen harte om dit te verstaan nie.

Sondaar, als jy van dag die soom van syn kleed anraak is jy ogenbliklik gesond. Waag dit om soos die vrou tot by die Heere Jesus deur te dring. Seg met Koningin Ester (Hoofd. 4, vers 16 tot 5 vers 3): Kom ik om soo kom ik om! en raak die soom van syn kleed an, en jy sal ook gesond worde. Die Heer seg: "Die tot my komt zal ik geenzins uitwerpen." (Joh. 6:37). Die melaatse is met eens gered. Die blinde Bartimeüs is sommar meteens siende geworde. Die man met syn seun in Lukas 9:37—42 had nie nodig om lank te wag nie nadat die Here Jesus die saak in hande geneem had nie. Dus arme sondaar! boetvaardige leser! myn bekommerde vrind! dis nie nodig om lank te wag, als Jesus jou saak in hande neem nie. Val nou voor Hom neer, Hy wil nou op dieselfde ogenblik jou red en genees.

3. Ons moet oek nie vergeet nie dat die genesing van die vrou *volkome* was. Die Here Jesus doet gen halve werk. Wat Hy doet, doet Hy goed om nooit weer o'ergedaan te worde ver die ewigheid nie. Als hy 'n siel red, dan is die siel gered, gered ver ewig! Die vrou het nie mar verligting gekry ver 'n ogenblik om naderhand nog kranker te worde nie. Ne, die kwaal was heelmal weg om haar lewe nooit weer in gevaar te bring nie. Dit is oek wat die Heer Jesus doet. Hy sus nie die gewete an slaap ver 'n tyd nie, mar Hy maak die stem van die gewete stil, deur die oe'rtuiging wat Hy in die sondaar deur syn Gees werk dat God hom syn sonde nie meer toereken nie, mar dat Hy dit uitdelg en vergeef en nooit meer sal gedenk nie. Vergeef Heer, die dan vergeef Hy heeltemal; delg Hy die sonde uit, dan is dit alles, daar bly geen enkel sonde agter wat Hy nie uitdelg nie. "Ik delg uwe overtredingen uit als een newel of donkere mistbank, en uwe sonden als een (zware onweer) wolk; keer weder tot my!" Jes. 44:22. Lees oek Jesaja 43:25, en Micha 7:18,19.

Ik was eenkeer by 'n vrou; haar seun had 'n skot gekry en was kort daarna gestorwe, en toen ik haar vraag of hy nie voor syn dood iets geseg het nie, was haar antwoord: "Ja meneer, hy het kort voor syn dood gese dat die Heer nou al amper almal syn sonde vergeef het, en die wat nou nog o'er is mar 'n bietjie is en hy hoop dat die Heer oek die sal vergeef." In syn onkunde het hy die saak verkeerd verstaan of soos ons hoop hom verkeerd uitgedruk. Die Heiland vergeef nie die sonde van die boetvaardige sondaar by *stukkies en brokkies* maar *alles gelyk* of liever *heeltemal*. En leser! u die wat nou met die *Patriot* in die hande sit, en dit lees, **LUISTER!** die Heere Jesus wil u al u sonde *heeltemal* voor *eeuwig* vergeef voordat die son wat daar buite skyn onder is, of voordat u gaat slaap, en

die kers wat daar brand van avond dood blaas. Kom nou! die vrou is gered. Raak u nou ook die soom van syn kleed aan en u sal ook gered worde! (Ps. 132:3—5).

CEFAS.

[Patriot, 14 Maart 1879].

HOOFSTUK IV.

DIE SALIGMAKER!

1.

“De Vader heeft Zijn Zoon gezonden tot eenen Zaligmaker der wereld.” 1 Joh 4: 14.

Die wereld het 'n Saligmaker nodig. Ons kan gen een sonder 'n Saligmaker klaar kom nie. Ons is almal in Adam gevalle, en is almal in gevaar van ver ewig verlore te gaan, omdat ons almal gesondig het. (Rom. 3:10—12, 23). En Gen. 2:17, seg God an Adam “Ten dage als gy daarvan eet zult gy den dood sterven!” dan weer is dit in die wet “doet dit en gij zult leven (Rom. X:3)” en “de ziel die zondigt die zal den dood sterven.” Vervloekt is een iegelyk die niet blyft in al hetgeen geschreven is in het boek der wet om dat te doen.” Niemand kan “dit doen”, niemand kan in “alles” blywe, of sig bedwing om te sondig nie, en daarom is ons almal vervloekt en moet ons almal die ewige dood sterwe. Daar was ver ons gen uitkoms nie, en niks anders als die ewige verdoemenis, en ewige ramp-saligheid, sou ons lot gewees hê. syn.

Maar God die groot en barmhartigheid is, het sig o'er ons ontferm, en het an die wereld 'n Saligmaker gegee. Is dit nie 'n groote genade leser? In plaas van jou en myn te lat omkom in onze sonde; in plaas van ons, so as ons verdiend het, in die ewige verdoemenis te lat wegsink en ellendig te lat vergaan; *het God ver ons 'n Saligmaker gegee!* Ons hoef nou nie verlore te gaan nie. Ons kan nou gered worde. En *luister!* Die Saligmaker wat an ons gegee is, is net so 'n Saligmaker als ons nodig het. Hy is God en mens. God, om die oneindige las van Gods toorn, om die oneindige straf ver die sonde, wat ons verdien het, te kan dra, sonder daaronder te beswyk. Dan oek moes Hy God wees, “Gods Eeniggeboren Zoon”, die, Heiligste wat die hemel had zoodat syn dood so 'n betekenis kan he, dat dit genoegsaam kan wees, om die eeuwig lewe ver al syn volk te verwerwe, ens., ens. Verder moes *Hy Mens wees*, om te kan ly en te kan sterwe, als God kan Hy nie ly nie nog minder sterwe, ens., ens. Ons sal (D.V.) ankomde week 'n stuk skrywe oer die Saligmaker, dat Hy 'n Saligmaker is net soos ons nodig het, van dag is dit mar nodig om in die verbygaan daarop te wys.

Non leser! God wil he, dat ons die Saligmaker moet aanneem, en dat ons Hom nie moet verwerp nie. Neem ons Hom an, dan

is ons salig, neem ons Hom nie an nie, dan is ons verlore. Lees Mark. 16; 16, Joh. 3:18, 36. Daar is gen ander Saligmaker nie. Hy is die enigste. "Daar is gen ander naam onder de menschen gegee, door welken wy moeten zalig worden" (Hand. 4:12). "Er is maar een Middelaar Gods en der menschen, de mensch Christus Jezus!" (1 Tim. 2:5). Neem ons Hom an, dan is ons gered, neem ons Hom nie an nie, dan verwerp ons die enigste middel om gered te worde, en ons kan dan nie behoude worde nie, mar ons moet dan verlore gaan.

Omdat dit so is, het God die bly'e boodskap, Evangelie, "aangaande Zyn Zoon", an syn diensknegte gegee, om overal te verkondig. Hulle moet nie swyg nie. (Jes. 58:1; Tim. 4:1, 2), mar duidelik uitspreek, en die sondaar op syn sonde wys, en vooral op die Saligmaker, die ver syn sonde an die Kruis gestorwe is. In onse dage word die Evangelie o'eral so duidelik en ernstig en kragtig als ooit verkondig, en dit word deur duisende en tien-duisende gehoord, en baing is daar wat dit aanneem.

Maar hoe word die Saligmaker wat door die Evangelie an sondaars word verkondig deur die mense behandel? Daar is sommige, wat maak as of Hy GEN SALIGMAKER IS NIE! Hulle verwerp Hom heeltemal. Hulle ontken syn Godheid. Hulle spreek van Hom as of Hy 'n blote mens was. Die leer angaande syn Godheid noem hulle 'n oudwyfse fabel, en hulle trek vol van medelyde die skouwers op' ver die wat nog in sy Godheid geloof, en ver Hom nog as God anbid. Ongelukkige mense, hulle verbeel hulle dat hulle regte slim is, mar hulle is nog nie deur die Gees van God onderwese, oek ken hulle nie eens die beginsel van die ware wysheid, dis die "vreze Gods" nie. Nou al verwerp hulle oek die Heiland, en al spreek hulle oek wat van Hom, syn woord sal tog syn loop he, syn Evangelie sal tog oeral rond gepreek word, en gen een van die wat Hy, by syn Kruis dood met syn bloed gekog het, sal in die Grote dag an Syn regterhand gemis worde nie. Laat hulle mar raas en spreek en leer net wat hulle wil, hulle sal niks uitrig nie, maar net 'n haastig verderf oer hulle selwe bring. (2 Pet. 2:1—3; 3:16) "Myne Ziel kome niet in hunnen verborgen raad, myne eer worde niet verenigd met hunne vergadering" (Gen. 49:6).

Mar dis nie die Moderne of Liberale alleen, wat die Here Jesus behandel as of Hy gen Saligmaker is nie. Ne daar is baing, wat ver hulle ortodoks, of regsinnig noem en wat nogtans onverskillig in die diens van die wereld, en van die sonde vortleef, as of die Here Jesus daar nie is, as of God nooit syn Seun in die wereld gesonde het, om ver hulle an die kruis te sterwe. Hy spreek tot hulle deur syn Woord, deur syn leeraars, deur die skrikkelike rampe wat ooral plaas vind, door die subiete sterfgevalle van hulle dierbare en van andere mense, en op tien-duisende andere wyse spreek Hy mar syn stem word nie gehoord tusse die rumoer van die wereld, en die "lokstem der verleiding,"

en die betoverende geklank van die sielbederwende wereldse ydelhede nie. Hulle leef as of daar nooit 'n kruis op Golgotha gewees is nie. As of daar nooit 'n Heiland voor hulle gestorwe is, as of die Here Jesus niks o'er hulle te seg het nie, gen reg het om te eis, dat hulle hulle selwe, hulle tyd, hulle talente, hulle besittings, ja alles wat hulle het, en alles wat hulle is, an syn voete sal leg en syn eigendom ver ewig sal worde. Is daar nie onder onse lesers wat so handel nie? Leser! jy het 'n Heiland, en jy leef as of die Heiland daar nie is, en met jou niks te doen het nie. Hy kom en Hy bied jou syn hulp, syn genade, die invloede van syn Gees an, en jou keer Hom die rug toe, as of Hy jou nie kan help, as of Hy jou genade kan skenk, en in jou siel die invloede van syn Gees jou kan uitstort nie. Is dit nie waar nie? wat seg jou gewete? Leser! gaat *alleen* met jou Heiland in die binnekamer en ondersoek jou! En *as dit waar is, is dit dan nie verkeerd*, om jou Heiland wat op Golgotha syn bloed voor jou an die kruis gestort het, te behandel, as of Hy dit nie gedaan het, en as of Hy jou Saligmaker nie is nie?

[Patriot, 14 Maart 1879].

DIE SALIGMAKER!

2.

"De Vader heeft Zijn Zoon gezonden tot eenen Zaligmaker der wereld." 1 Joh 4; 14.

(Vervolg en Slot).

Dan neem ander mense die Zoon van God aan als 'n Saligmaker. ALS EEN ONDER VELE! Hulle is godsdienstig, mar hulle dien die wereld oek. Hulle het bybel- en predikasie boeke in die huis, mar hulle het *resies pêrde* in die stal. Tot God bid hulle, en teen syn gebod an vloek hulle. Hulle laster syn naam, terwyl hulle in die geselskap van vrome mense met lange gesigte syn heilige Naam prys. Die een avoñd speel hulle beljart, of dobbel hulle met die kaartspeulers, en "grog" hulle saam met die dronkaards tot laat in die nag, en die vollende dag sit hulle miskien in die ouderling- of diake bank tusse die opsieners en armversorgers van die gemeente, of kniel hulle, terwyl hulle asem nog na brandewyn stink in die biduur neer om te bidde. Hulle gebruik die godsdienst as 'n noodhulp, of omdat dit betaal om godsdienstig te wees. Terwyl hulle in die volle wereld en in die sonde heeltemal onverskillig vortleef, raak hulle (omdat dit tog nie gaan sal om heeltemal ongodsdienstig te leef) nou en dan die godsdienst met die uiterste tippie van hulle vinger an. Hulle godsdienst is 'n kleeat wat hulle net Sondags in die kerk draag en wat hulle net soos hulle uit die kerk kom, uittrek en opsy set. Somwyl verander hulle net van kleur. Hulle is net nou regte vroom by die vrome, mar as die vrome uit die kamer is,

en hulle is met die wereld of met die goddelose alleen, luister dan na hulle gesprekke.

Die soort van mense is tevrede om na die kerk te kom en daar geëer te worde, en an die nagmaal te sit, en hulle kinders gedoop te kry, en deur die prêkant besoek te worre, mar dan moet hulle kan dans en resies jaag, en meer dan nodig is drink, en somwyl 'n losse lewe ly. Hulle soek by alle dinge geluk en plesier, en by Christus oek. Ja Hy is mar ver hulle 'n *Saligmaker onder vele*. Somwyl is hulle heeltemal ligsinnig, en lees hulle hulle bybel nooit en kniel nooit neer om te bid. Mar as hulle siek is, dan *leg die bybel op 'n stoel by hulle bed*, en *daarby die Gulde skat en Die Lust der Heiligen in Jehovah* of miskien oek die *Donderslag der goddeloozen of Barteus Roepstem tot de Onbekeerden*, en daar lees hulle dan in, en hulle mond is vol van alle mooiye en vrome praatjies. Sterf hulle dan seg al hulle vrinde en sommige onversigtige prêkante oek: O, die persoon is mooi gesterwe, hy het so mooi gepraat, en hy is so sag, sonder hand of voet te trek, uitgegaan. Word hulle gesond dan het ons die selfde storie o'er, en is hulle miskien erger dan vroe'er. Hulle skone belydenis was mar as 'n morre wolk en as 'n vroeg komende dauw, die wegsmelt ver die son der wereld. Ja sommige mense is net godsdienstig as hulle self of as een van hulle dierbare siek is, en veral as dan 'n sterfgeval in die huis is, mar ~~as~~ die gevaar verby is, dan goi hulle alle ware godsdienstigheid o'er boord. *Leser! HET ONS U BEELD HIER BOWE GETEKEN? Onderzoek u! Ondersoek u tog!*

Nog ander mense behandel die Soon van God as die Saligmaker, as die enigste Heiland en Verlosser. Hulle geloof en hulle weet dat "daar geen anderen naam onder de hemelen onder de menschen gegeven is waardoor wij kunnen zalig worden." Hulle soek by Hem alleen hulp en hulle verwag van niks of van niemand anders geluk en saligheid as van die Here Jesus alleen. Hulle sal hulle met die wereld nie afge nie. Met drinkgeselskappe, met kaart of danspartye wil hulle niks te doen hê nie. Die geselskap van vrome mense soek hulle op, en daar waar van God en van syn Woord word gepraat, daar is hulle graag, en dit lyk somwyl as of hulle ider woord indrink, as of hulle heeltemal opgewek word onder die gesprekke. Hulle binnekamer word getrou besog, ver ure agtereen ondersoek hulle die "Schrift," oek het hulle die beste godsdienstige boeke waar hulle gedurig mee omgaan. So o'ertuig is hulle dat die Here Jesus die *enigste Saligmaker* is, dat Hy hulle *alleen* kan help, dat by Hem *alleen* die ware geluk is te vinde, dat hulle Hem *moet* hê anders is hulle ewig verlore, dat al moes die hele wereld trag om hulle van die o'ertuiging af te bring, hulle by hulle o'ertuiging sal bly en net sal antwoord: "Waarheen zullen wij gaan dan tot Hem, Hy alleen heeft de woorden des eeuwigen levens!" (Joh. 6:67, 68). En *tog is hulle NIE GELUKKIG NIE!* tog treur hulle en klaag hulle en is hulle dikwils vol van twyfel!

En waarom is dit? Omdat hulle die Here Jesus aanneem as *die* Saligmaker. En dit is **NIE GENOEG!** Dis nie die saligmakend geloof. Ons kan geloof dat Jesus *die* Saligmaker is, en tog verlore gaan. Die Duiwel geloof dit oek, hy geloof oek dat Jesus *die* Saligmaker is, die *enigste Heiland* en hy kan nie gered worde nie. En waarom nie? Omdat hy nie *darf* glo dat die Here Jesus *syn* Heiland is. Dit is die saligmakend geloof: Dat die sondaar die Here Jesus aanneem nie as *die* Heiland, mar as *syn* Heiland. Ik moet Hem aanneem as “de myne!” as *myn* Heiland, *myn* Verlosser, *myn* Saligmaker, die voor *my* gesterwe is om *my* te redde. Dit is die saligmakend geloof, die geloof waarme die sondaar met al syn ledigheid, en onreinheid, en sondigheid, en nietigheid, die Seun van God in al syn volheid en heiligheid, en grootheid, en majesteit, as syn eiendom ver ewig aanneem.

Leser! dis nie genoeg om Jesus te behandel as die Saligmaker. Né jy moet Hem aanneem as jou Saligmaker, an jou van God gegé om jou Heiland te wees, om jou met syn bloed te was, om jou van al die sonde te verlos, om jou van die ewige dood te red en an jou die ewige lewe te skenk. Neem Hem an as jou Heiland! Geef jou an Hem as syn eiendom o'er! “God heeft zijn Zoon gezonden tot een Zaligmaker ver jou, ja ver jou lezer!”

CEFAS.

[Patriot, 21 Maart 1879].

HOOFSTUK V.

CHRISTUS 'N SALIGMAKER NET SOO'S DIE SONDAAR NODIG HET!

Hoe goed is God. Hy laat ons nie an ons selwe o'er nie. Hy verwerp ons, wat dit duisend keer verdien het, nie van voor syn aangesig mar skenk ons 'n Saligmaker, syn eniggeboren Seun. En die Heiland of Verlosser die Hy ons geef is *een* net so as ons nodig het.

Ons kon ons selwe nie salig maak nie, of deur ons eie goeje werke die hemel en die saligheid van die hemel verdien nie. Moes dit van *ons* afgehang het, of van iets wat ons kan den, dan was ons ver ewig verlore. Daarom watter segen is dit nie om te weet dat ons 'n Saligmaker het, wat alles kan doen, en alles gedaan het, wat nodig is om die sondaar salig te maak. Leser! God het ver jou gesorg. Alles wat nodig is om jou te red is gedaan. Jy kan gered worde! Jy hoef nie verlore te gaan nie! Dit sal jou duidelik worde, as jy let op die Saligmaker, wat die Vader ons gege het.

Die Saligmaker wat ons nodig had moes wees, **WAARAGTIG GOD EN WAARAGTIG REGVAARDIG MENS.** En dit is juis wat Christus:

Jesus is. Hy is WAARAGTIG God! Die ewige Seun van die Vader. Lig uit Lig. Waaragtig God. Een met die Vader en met die Heilige Geest. Hy was nie 'n Engel, of die vernaamste wese ooit deur God geskape nie, mar die tweede persoon in die Godheid. Ja God self! 'n Engel kon nie ons Saligmaker wees nie, want die engele is gen God of mens nie, en die Saligmaker wat ons nodig het, moes *waaragtig* God wees, en 'n *waaragtig regvaardig* mens. Die woord "waaragtig" beteken hier *eg*, nie *nagemaak* nie. Die Saligmaker moes nie iemand wees wat sig uitgeef ver God nie, mar hy moes WAARAGTIG God wees, oek moes hy nie mar na 'n mens lyk, of net 'n skynliggaam hê nie, mar 'n EGTE mens wees. Vlees van ons vlees, en been van ons bene. (Heb. 2:14, 17).

En vraag iemand: waarom dan dit? Dan antwoord ons. Hy moes God wees, omdat God *alleen instaat was, om te doen wat nodig was, om die sondaar te red*. Die sonde is 'n misdaad, en die grootheid daarvan hang af van die persoon, teen wie die misdaad word gepleeg. Kyk! Dieselfde daad, wat miskien ver 'n grap sal deurgaan, as dit an 'n straatjonge geskied, sal as 'n gruwelike misdaad beskoud worde, as dit teeno'er die Koningin gepleeg word. Waarom? Omdat die Koningin so veul meer is as die straatjong. Dan weer 'n woord wat niemand iets van sal dink as 'n kind dit an 'n ander kind seg, sal 'n grote iets worde as hy dit an syn vader of moeder seg. Waarom? omdat hy syn vader en moeder naas God die meeste moet ere, en syn ouders dus soveel meer is as 'n kind. En wat is onse ouders, ja wat is die Koningin vergeleke met God? "Minder dan niets en ydelheid!" Daarom watter skrikkelike misdaad moet die sonde nie wees wat teen Hom gepleeg word nie. Net so veul as die hemel hooger is as die aarde, net so veul groter en gruwelyker is die sonde teen God, as die gruwelikste misdaad wat ons ooit teen die grootste aardse koning of koningin kan pleeg. God is *oneindig* en die sonde teen Hom is 'n *oneindige misdaad* en verdien 'n *oneindige straf*. Die mens weer, ja selfs die vernaamste aartsengel is 'n *eindige wese!* en kan dus gen oneindige straf dra nie. Die oneindige straf, op die oneindige sonde (al was dit mar *EEN* sonde) teen die Oneindige God begaan, sou selfs die aartsengel, ja tien duisend aartsengels verpletter hê. Daarom moes ons, of in onse sonde vergaan, of die Saligmaker wat ons kom verlos, moes die oneindige God selwe wees, om die oneindige straf, nie van *een sonde* nie, mar van *al* die sonde, nie van *een mens* nie, mar van *almal* ver wie Hy die dood gesmaak het, te kan dra, sonder onder die oneindige last daarvan te beswyk. Was onse Saligmaker nie God, dan kon hy nie alles gedraag en gedaan hê nie, dan was Hy seker deur die vuurgloed van die oneindige toorn van God te'en die sonde verteerd, deur die oneindige gewis van die vloek waaronder Hy gebuk moes gaan, verpletterd, (Gal. 3:13) en toen Hy al onse sonde in syn e'e liggaam an die kruis moes dra (1 Pet. 2:24) sou Hy onder die sware las

daarvan beswyk hê. Dog "Syne Godheid het die mensheid wat Hy aangeneem het, so gesterk, dat hy die las van Gods toorn teen die sonde, kon verdra, en ons daarvan verlos." Leser! jou Saligmaker is God. Hy het alles gedaan. Hy het ver al jou sonde geboet. Hy het al jou skuld betaal en kan jou selfs van die gevolge van die sonde verlos. Geloof tog in Hom! Neem Hom tog aan!

Oek moes die Saligmaker God wees, omdat syn dood 'n *oneindige betekenis* moes hê, van *eeuwigdurende gevolge* moes wees. Die dood van 'n mens kan mar die lewe van een mens red, of as hy iets op aarde beteken, dan van 'n ander getal mense. Selfs die gevolge van die dood van 'n aartsengel, kan nie anders dan eindig wees nie. Mar die Here Jesus het *eenmaal* ver *altyd*, "ver *alle*" die dood gesmaak. Hy het eenmaal, ver *altyd*, almal salig gemaak. Ik kan mar in die plaas van één mens die dood sterwe. Die Prins van Wallis, ons anstaande Koning, die Koningin haar oudste seun, syn lewe is weer te kosbaar om ver honderde of duisende van mense opgeoffer te worde. En as hy byv. sou wil sterwe, al was dit in die plaas van vyfhonderd duisend rebelle, sou die hele Engelse nasie daarteen protesteer, omdat syn lewe te kosbaar is om ver hulle en nog meer as hulle opgeoffer te worde. Hulle sal liwers die honderd duisende van mense lat omkom, dan hom toelaat om te sterwe. So kosbaar is die lewe van 'n aardse Prins! Hoe kosbaar moet dan nie die lewe wees nie van Hom, die "het afschynsel is van Gods heerlykheid en het uitgedrukte beeld zyner selfstandigheid?" (Heb. 1:3) en van wie verse 6, 8 en 9 waar is? Watter wonderlyke dinge word daar nie van Hom geseg in Joh. 1:1—4, 18 en in Col. 1:15—18? Was die dood van Hom dus nie genoeg om an almal die ewige lewe te skenk nie? Toen die tyd daar was, en die sondaar of gered moes worde, deur die offerande van die eniggebore Soon van God, of sonder die offerande ver ewig verlore moes gaan, toen het God syn Seun uitgesonde (Gal. 4:4—7). Dan weer toen dit geëis werd, het Hy vrywillig syn lewe afgeleg, en syn lewe gege ver die lewe van die wereld. (Jes. 53:7, Joh. 10:15—18). Leser! Christus is in jou plaas gesterwe, in jou plaas het Hy alles voldaan. Omdat Hy God is het syn dood sulk 'n betekenis, dat almal ver wie Hy gesterwe is volkome vry en gered is. En dus as jy Hom aanneem as die Saligmaker wat ver jou gesterwe is, en wat ver jou voldaan het, is jy ook vry.

Ons het nou gesien waarom onse Saligmaker *waaragtig* God moes wees. Lat ons nou sien waarom Hy een *waaragtig, regvaardig mens* moes wees. Was Hy nie 'n waaragtige, 'n egte mens nie, dan kon hy ons nie gered het nie. Was Hy nie regvaardig, had Hy *een enkele*, al was dit mar 'n *kleine sonde* gedaan, dan had Hy selwers 'n Saligmaker nodig gehad. Daarom watter segen dat onse Saligmaker nie alleen God is nie, mar ook 'n waaragtig, regvaardig mens! Die Godmens!

Hy moes MENS wees om te kan lye en sterwe! God kan nie lye, nog minder sterwe. Alles dus wat Christus ly, het Hy gely in syn menselyke natuur, in syn siel en liggaam. Hoe Hy alles kon verduur, was omdat syne Godheid syne mensheid so gesterk het, dat sy alles kon verdraag sonder te beswyk. 'n Ander rede is. *Die menselyke natuur had gesondig, en die straf moes deur die Saligmaker in die natuur gedra worde.* Daarom kon die engele onse Saligmaker nie wees nie, omdat dit onregvaardig sou wees om die engele te straf ver die sonde wat die mense gedaan het. Die mens had gesondig en hy selfs moes die straf ly. En omdat dit onmogelyk ver hom was om dit te doen, en dus die ganse menselyk geslag ver ewig verlore moes gaan, het die Seun van God, die ewig by die Vader was, en God self is, sig oer ons ontferm, en onse natuur aangeneem, om in *die natuur*, in onse plaas al die straf ver al ons sonde te ly, en ons deur syn soendood ver ewig daarvan te verlos. O watter grote segen! In Christus het ons al die straf ver onse sonde ondergaan en as ons in Hem is, is ons selfs in die oge van God nuwe skepsels (2 Cor. 5:17, 21) en is daar ver ons gen verdoemenis (Rom. 8:1)!

Dan weer moes die Verlosser 'n *regvaardige* mens wees. En dit was Christus. Had Hy hom an 'n sonde skuldig gemaak, hetsy deur gedagte, woorde of dade, dan had Hy self 'n Saligmaker nodig gehad en kon Hy ons nie verlos nie. Hy moes *heeltemal heilig wees*, imand "die geene zonde gedaan heeft, en in wiens mond daar geen bedrog is gevonden!" (1 Pet. 2:22). Daarom werd Hy ontvang en gebore sonder die tussekoms van 'n aardse vader, onbevlek en op 'n bowenatuurlyke wyse (Luk. 1:35). So as Hy, is nog nooit 'n mens op aarde gebore, en sal daar nooit een gebore worde nie. Hy staat alleen! Ons is almal uit die onreine (Job 14:4) *mar Hy nie!* Wat waar was van David, en van alle mense met David, was nie waar van Hem! (Ps. 51:7). Ook had Joh. 3:6, Rom. 5:12, Ef. 2:3 ens. met Hem niks te maak nie. Onse geboorte is 'n mislukking, omdat ons almal in sonde ontvang en gebore worde. Syn geboorte was gen mislukking. Hy word onbevlek, sonder sonde, heilig, in onse plaas gebore, opdat ons, as ons in Hom glo, deur God behandel kan worde, en in syn hemel toegelate, as of ons nooit sonde gedaan het en oek heilig, onbevlek en sonder sonde gebore is.—Oek moes Hy, *as 'n waaragtig, regvaardig mens, ons lewe voor ons, in onse plaas leef!* Ons lewe is 'n mislukking, ons is ongehoorsaam, ons onteer God en ons sondig teen Hom. Syn lewe was nie 'n mislukking nie, mar was 'n lewe volkome heilig, onbevlek en sonder sonde, en as ons in Hom glo, word syn lewe ons "om Symentwil" deur die Vader toegereken *as of ons self in eie persoon die lewe geleef het!*

God eis volstrekte gehoorsaamheid! Eén daad van ongehoorsaamheid van Adam was genoeg om hom, en al syn nakomelinge, in die diepste ellende te dompel. Hy was onophoudelyk gehoorsaam, tot op 'n seker dag, toen hy syn hand uitsteek en

van die verbode boom neem, en daarvan eet, en toen was *alles* verlore en hy en alles wat uit hom gebore sou worde, ver *altyd* bedorwe! Was Christus, die tweede Adam, onse Saligmaker, in een enkel opsig, ver 'n enkel ogeblik ongehoorsaam, dan was Hy en alles met Hom ver ewig verlore. Dan was daar gen slag-offer meer o'er ver die sonde, en was Hy die tweede Adam, met die ganse menselyk geslag, in ewige duisternis weggesink en vergaan. Mar Christus was gehoorsaam, van die begin van syn menswording tot die einde van syn lewe, en dit alles voor ons, en in die plaas van die mens wat Hy gekome was om te verlos. Die wet van God het Hy volkome gehou. Hy kan sê "wie uwer o'ertuig my van sonde?" Dan weer die wil van die mens moet heeltemal onderworpe wees an die wil van God. En dit is nie die geval. Die sondaar wandel na syn goeddunke. Selfs die Christen is partykeer ontevrede en murmureer teen die wil van God. Mar dit was met Hom nie so. "*Ik kom om uwen wil te doen o God*" ens. dit was sy taal (Heb. 10:7,9). Lees oek Joh. 4:34. Dus sie jy leser! dat jou Saligmaker in jou plaas alles gedaan het. Daarom as jy Hom aanneem word alles wat Hy ver jou gedaan het jou toegereken, as of jy dit selwers gedaan het. Jy begryp nou waarom Hy God moes wees, en 'n waaragtig, regvaardig mens. Jy het gesien dat die Here Jesus an dit alles beantwoord. Vergeet daarom nooit dat Hy God is, dat Hy jou, as jy op Hom vertrou, almagtig kan help en bystaan. Vergeet oek nie dat Hy mens is, 'n mens wat in alles versog is geworde so as ons, dog sonder sonde, en dat Hy jou dus verstaat en met jou kan medelyde hê, en dat Hy jou oudste Broeder is. Geef jou tog an Hom! Neem Hom an as jou Heiland! !

CEFAS.

[*Patriot*, 28 Maart 1879].

HOOFSTUK VI.

KOM!—ALLE DINGE IS GEREED!

"Komt, want alle dingen zijn nu gereed." Luk. 14:17.

Ons het van dag 'n uitnoodiging ver julle, na 'n *Maaltyd*. Dis 'n maaltyd wat God sal ge, in die laaste dag ter ere van Syn Seun. En Sondaars word uitgenodig om daar te kom anzit, en van Syn spys te eet, en van die drank te drink, wat Hy daar sal inskenk ver Syn geliefde. Daar is op aarde menigkeer grote maallyde gewees waar duisende angesit het, en waar alles pragtig was, en dit 'n lus ver die oge was om die keurige spyse antesien. Nog 'n paar jaar gelede, toen die Prins van Wallis, fris en gesond terug gekom was, van syn besoek an Hindostan, was daar in die *Guildhal* in London, 'n maaltyd waar vyf duisend van, die voornaamste manne in England angesit het. Dit was 'n maaltyd soos daar mar weinig op aarde

gewees is, en Hy weer ter ere van wie hulle die maaltyd geget het, is die anstaande koning van die grote Britse ryk, en van die 180 miljoen inwoners van Indie. Of hulle nie vrolyk was nie, en of dit nie 'n eer was om daar antesit nie!

Mar die Maaltyd waartoe ons julle uitnodig is heeltemal anders. So hoog als die Hemel bowe die aarde is, so veel groter, verhewener, heerliker sal die maaltyd wees, as die grootste maaltyd wat ooit op aarde gehou is. Daar sal 'n skare ansit *wat nimand kan te lnie*. Uitverkore en gekog uit alle nasie, geslag, volk en taal: met lange witte klere, gewasse en wit gemaak in die bloed van "*Het Lam!*" Hulle kom, dis waar, uit die grote verdrukking, maar hulle het gesegepraal; daarom het hulle palmtakke in die hande, en kroone van goud op hulle hoof: daarom oek is hulle voor die Troon van God, en dien hulle Hom, dag en nag, in Syn tempel. Hulle sal almal daar ansit: en hulle is gelukkige mense, want "Zij zullen niet meer hongeren, en zullen niet meer dorsten, en de zon zal op hen niet vallen, nog enige hitte. Want het Lam dat in 't midden des troons is, zal hen weiden en zal hun een Leidsman syn tot levende fonteinen der wateren; en God zal alle tranen van hunne oogen afwisschen!" (Openb. 7:16,17). O! om oek *daar* te kan ansit, *jy* en *ek* leser! met die gelukkige menigte an die bruilof des Lams! *Sal dit nie heerlik wees nie?* Ons hart beef nou al van andoening as ons an die dag denk en hoe sal dit wees, as die dag daar is, en ons moet plek inneem onder die feesvierende menigte met die Here Jesus, die Gasheer en Bruidegom in heerlikheid, ver ewig in ons midde! Paulus denkende an die dag kan gen woorde kry om ons 'n begrip daarvan te gé nie. Al wat hy ons seg is "dat gen oog ooit gesien het, dat gen oor ooit gehoor het, dat dit nog nooit in die hart van 'n mens opgekom is nie, om te begryp wat God weggeleg het ver die wat Hom lief het."

Leser wil jy nie die uitnodiging na die bruilofsmaal in die hemel anneem nie? Ek he dit angeneem. Ek is deur Gods genade op reis daarheen. Ek hoop eenmaal daar an te sit met die ontelbare skare en die Koning in heerlikheid te anskou en syn disgenoot te wees, wanner Hy met syn discipels en oek met myn in syn koninkryk op nuw sal drink van die vrug des wynstoks! Halleluja!

Kom leser! kom gaat me! Ek bid jou, neem die uitnodiging an, en gaat me: Die uitnodiging is: Komt want alle dinge zijn nu gereed!" Alles is gereed. Dis net jy wat nie gereed is nie. Alles wag op jou, net jy bly weg. Kom seg, waarom is dit? Die tafel is gedek, die spyse is gereed, almal is an tafel, net jou stoel is nog leeg. Myn vrind, waarom kom jy nie? waarom gaat jy nie ansit nie? Waarom laat jy die Koning wag? Die *Koning is die Here Jesus, jou Heiland*, Hy wil jou vrind, jou oudste broeder wees, en

HIJ IS GEREED! Hoeveel jare staat Hy nie al te wag, en uit te sien of jy nog nie kom nie. O, met watter verlange kyk Hy nie van syn hoge hemel of jy al begin, om die uitnodiging an te neem nie! Jou Vader is al daar, jou moeder voel al 'n voorsmaak van die heerlike vreugde daarbowe. Van jou broers en susters wandel al op die weg, sommige van jou vrinde het oek al die uitnodiging aangeneem. En jy? sal jy agterbly? sal jy alleen die Here Jesus lat wag, en wag, en wag "totdat Hy ongeduldig word en weggaat, en daar ver jou gen hoop meer is, en jy nie meer gered kan worde nie, mar ver ewig moet verlore gaan? Leser! sit tog stil, en enk 'n weinig na! dis die Here Jesus met wie jy te doen het; dis Hy wat syn bloed ver jou en ver jou sonde en die kruis gestort het, wat jou roep: dis die almagtige arm van die Seun van God, jou Verlosser wat na jou uitgestrek word om jou te red; dis om by Hom, in die hemel an syn bruilofsmaal in syn heerlike koningryk an te sit dat jy uitgenodig word. Om same in onverderfelikheid te eet, en te drink met Abraham en Isaak en Jakob en Moses, met al die patriarchen en profete, en martelare en priesters, en konings, met al die grote geloofshelde van die bybel. Ons sal hulle almal daar sien, en wat heerliker is, ons sal die Here Jesus van angesig tot angesig anskou. Kyk nou leser! om jou daar te hê wag jou Heiland, en om jou na syn dis te ly, is Hy klaar. Kom tog na die bruilof. *Is y miskien bang?* die Heiland seg: "Die tot mij komt zal Ik geenszins uitwerpen!" (Joh. 6:37). Lees ook Math. 11:28—30, Op. 3:20, 22:17. Denk jy dat jy miskien te sleg is? Lees dan Spr. 9:1—9 en luister oek wat die Heer seg: "At waren uwe zonden als scharlaken, zij zullen wit worden als sneeuw, al waren zij rood als karmozijn, zij zullen worden als witte wol!" (Jes. 1:18—20). Weiger tog nie langer nie en bly tog nie langer van vêr staan nie. Die Heiland wag en is gereed. Hy was al lang gereed. Kom tog tot die bruilof!

Dan weer is die Heilige Geest gereed! Gods geest is neergedaal om die wereld te oortuig van sonde, van geregtigheid, van oordeel. En dit wil Hy an jou oek doen. Jy moet eers jou sonde ken, eers die behoefte gevoel om gered te worde, eers die noodsakelikheid insien van die uitnodiging an te neem, voordat jy sal kom. En die Heilige Gees moet jou sonde an jou openbaar, die behoefte in jou wek, en jou die noodsakelikheid lat insien. Ons kan dit nie doen nie. Ons kon 'n hele jaar en langer angaan om jou te vermaan en te waarskuw en uit te nodig en niks uitrig nie. As Gods Gees nie jou gewete wakker skud, en jou hart open, om die woord an te neem nie, is al wat ons doet te vergeefs. Mar ons het goeje moed, omdat ons weet dat die Heilige Gees daar is, en ons dus mar net nodig het om getrou te getuig, en al die andere dinge word deur Hom gedaan. En dit net o'reenkomstig die raadsbesluite van Gods vrymagtige genade! Terwyl jy nou die *Patriot* lees, ja nou op dieselfde o'enblik, wil die Heilige Gees jou hart neig om die

uitnodiging an te neem en na die bruilof te kom. Ons is nie bekommerd nie, ons sal doen wat ons kan met die godsdienstige stukke, en ons weet die Heilige Gees sal doen al wat die Heer behaag, die swakke woord wat ons al weke in Gods naam an onse lesers verkondig, sal syn loop hê, en verheerlik worde (2 Thess. 3:1) "Het *zal* voorspoedig zyn in 't geen waartoe de Heer het gezonden heeft, en zal niet *ledig* tot Hem wederkeeren!" (Jes. 55:10, 11). Ons bid mar tot die Gees: "Ontwaak gy Noordewind," en kom gy Zuidewind doorwaai myn hof, dat zyne speceryen uitvloeijen!" Watter segen sondaar, dat die Heilige Gees wat jou moet "wederbaren" *gereed is!* Laat Gods Gees toe om besit te neem van jou hart, en alles daar binne reg te maak. *O kom tog tot die bruilof!*

Mar nog meer *die engele is gereed!* Hulle stel wonderbaar veel belang in die sondaar. Hulle siet met belangstelling neer op al onse lesers, om te sien of daar een onder julle is wat die uitnodiging sal aanneem, en na die bruilofs fees sal kom. Ons weet dat hulle juig o'er die bekering van 'n sondaar. Sal hulle van dag o'er jou bekering juig? of sal hulle teleurgestel moet worde? Sal jy weiger om die uitnodiging an te neem, en na die maaltyd te kom? hoewel die Here Jesus gereed is om jou an te neem, die Heilige Gees om jou tot alles in staat te stel, en die engele om te juig o'er jou bekering? Nê! moet nie so dwaas wees nie! Moet nie, terwyl almal daar belang in stel, selwers gen belang in jou bekering stel nie! Ons nodig jou weer, "Komt want alle dinge zyn nu gereed! komt tot de bruiloft!" Stel nou nie uit nie, verbly die hart van die Here Jesus, weerstaat die Heilige Gees nie, en laat daar oek o'er jou bekering blydschap in die hemel wees. *Kom tog! o kom tog tot die bruilof!!!*

Denk dan oek daaran, *dat jou dierbare in die hemel gereed is!* Gereed om te juig, as jy die uitnodiging aanneem. Jou vrome moeder, wat jou die eerste van die Here Jesus vertol het en wat jou so vermaan het en ver jou so veel gebid het. Sy ver wie jy miskien so veel verdriet angedaan het. Die liwe, dierbare tedere moeder is al daar, *daar* by die Here Jesus. En o, sy sal so bly wees, as jy, jou bekeer, as jou siel oek gered word. Jou vader, die gryse man die jou altoos sulke goeie raad gegê het, hy is oek vooruit gegaan. Kan jy, jou nog syn sterfdag herinner? Wat was syn laaste woorde? onthou jy dit nog? Nou hy is oek gered om sig te verbly o'er jou bekering, en om jou eendag te verwelkom in die Jerusalem wat bowe is. Dan is daar andere dierbare wat daar bowe is. Veral jou kindertjies wat heengegaan is. Stel hulle nie belang in jou nie? ja hulle is oek gereed. Wil jy nie meer die kleintjies sien nie? en weer by hulle wees om nooit weer te skei nie! Ag wie sou dit nie begeer nie? Kom dan, dan moet jy die uitnodiging aanneem en na die bruilof kom. Anders siet jy die kleintjie *nooit* weer

nie, as slegs voor Gods regterstoel, en dan net ver 'n ogenblik om ver ewig van malkander geskei te worde. Hulle na die hemel en jy na die hel. Hoe aklig sal dit wees, jou kleine Danie of Jannie, jou kleine Mimie of Truitjie in die hemel en jy in die hel! Jy kan vandag gered worde, sondaar. *Kom, kom tot die bruilof!* Alle dinge is gereed, daar is niks om jou te belet nie, die weg is gebaand, die toegang is vry, die genadedeur is oop, die bloed van die Here Jesus kan jou van al jou sondê reinig. Alles is gereed. Nou is die vraag: *Is jy gereed?* Die Here Jesus, die Heilige Gees, die Engele, jou afgestorwe dierbare is gereed, mar hoe gaat dit met *jou?* *is jy gereed?* Hoe ongelukkig! Baing keer is die sondaar nie gereed nie. Die mense voor die sondvloed was nie gereed nie, en toen die deur van die ark toegesluit was en die plasreens neerkom, toe was dit te laat om in te gaan. Duisende en tienduisende is nou nog nie gereed nie, en die genadedeur word toegemaak en hulle gaat ver ewig verlore. O, Leser! *word tog gereed* en kom tot die bruilof, God stel jou daartoe instaat.

CEFAS.

[Patriot, 4 April 1879].

HOOFSTUK VII.

LUISTER!

1. [TOT BEKEERDE].

Mark. 4:9.

Ons het van dag 'n woord ver die *bekeerde*. Op 'n ander keer sal ons spreek met die *soekende*, en dan weer 'n woord hê ver die *onverskillige*. Ons sal probeer om so duidelik, so opreg, so reguit mo'entlyk te wees, met onse lesers rondborstig te handel, en geen *doekkies* om sake te draai nie. Kom lesers! u moet ernstig nalees wat ons skryf, en nauwkeurig op alles let, en mog die liewe Heer onse stuk ver julle tot 'n groote se'en maak.

(a) WEES VERSIGTIG.

Nou dan, het ons eers te doen met die *bekeerde*, met die *wat al wedergebore* is. Watter se'en is dit nie om te kan weet dat ik die Heere toebehoor, dat ik nie meer verlore is! en dat ik door die Heiland aangeneem is en deur Hem nie verwerp is nie. Als dit reg is met die siel en met haar God, dan is alles reg ver tyd en ver eeuwigheid. Maar wat ons u toeroep is. **WEES VERSIGTIG!!** Daar is *tien duisende van oge op u!* Die wereld let op alles wat u doet, op alles wat u spreek, op iedere houding wat u aanneem. Als hulle iets kan kry dan juig hulle, en hulle is in die wolke als hulle iets van 'n Christen kan sê. Als daar 'n klein spatseltje van die slyk, waarin hulle ver hulle gedurig wentel, aan u witte kleed kom, sal hulle dit sien,

en vol van uitgelate blydschap 'n sterke kragtige vergrootglas breng om die vlekke te bekyk, en daarvan 'n groote iets te maak! Sonde wat hulle alle dage doen, en waarin hulle gewend is hulle van ganse harte te verlustig, daaraan durf u nie met die tippie van u vinger raak nie, of hulle laat die wereld daarvan dreun, en u gruwelyke misdaad word ooral rond gebasuin.

Net so als die kraai klaar sit, by die sterwende perd of bees, om net soos hy dood is syn ooge uit te pik, of die morsige aasvo'el om in syn ingewande intekruip, net so sit die wereld klaar, om soos die Christen struikel, syn karakter stukkend te pik en ver hem syn goeie naam te beneem. Laat die wereld tog nie 'n kans kry nie, om syn vuile, morsige werk ook aan ons te verrig nie! Laat ons *versigtig wees!* Laat ons oppas wat ons doet. Leser! Laat die Heiland u ly. Laat syn krag en syn genade en syn Geest u bewaar. O daar is vele Christene wat regte onversigtig is. Baing van hulle is wat maar ver hulle uitge ver Christene, en wat dit nie is. O die verdoemenis van die soort van mense sal vreeselyk wees. Die Heere Jezus het 'n skrikkelike *wee* oer sulke witgepleisterde grawe (Fariseërs) uitgespreek. Die man sal met "eeuwige ketenen der duisternis" in die diepste hel vasgeklonke worde, wat voorge 'n Christen te wees, en wat dit nie is, en so die vyande van die Heere Jezus rede ge om Syn Heilige Naam te laster. Dit kom daar nie op aan nie of hy 'n predikant of ouderling of diaken is, en al is hy ook 'n goeweneur of 'n koning; dit sal syn lot wees, so hy onder die dekmantel van die godsdien, syn eige verdoemenis en die verdoemenis van ander mense uitwerk.

Maar ook die *egte* Christen, die ware kind van God, is veelmaal regte onversigtig, en laat die wereld van hem spreek, en syn godsdienstigheid in twyfel trek. Leser! dit moet tog nie so wees nie. Dit moet anders worde. Ons moet *versigtig* wees, en oppas om nog door onse woorde, nog door onse dade die wereld rede te ge om die naam van die Here JeZus te laster, Ja die Christen moet self alle skyn des kwaads vermy. En hoe is dit partykeer gestel? Hoe onversigtig is nie selfs predikante somwyle nie; om nou nie eens te spreek van kerkeraadslede en andere vrome in 'n gemeente? Hoor hulle gesprekke, luister naar hulle grappies, somwyl self na 'n regte ernstige preek! Ag hoeveel Christene, en predikante ook, het net nou die Voorbereiding Veas gevier, en is soo aanstons op die vendusie, kaatje van die baan. *Wees versigtig* lesers! die wereld let daar op, en door onversigtigheid van die Christen kom die Christendom in minagting, en word die kruis van Christus smaadheid aangedaan. Daar is ooral op onse dorpe mense die niks denk van ons kerkhou, van onse voorbereidings en avondmaal dienste nie! die wat meen dat dit maar 'n stuk van onse besigheid als fatsoenlyke mense is, dat dit 'n mode is wat ons opvolg, iets wat hulle by ons moet aanmoedig, omdat hulle daardoor instaat

gesteld word, om op sekere tyje met ons te kan handel. En waarom is dit? Omdat ons nie versigtig genoeg is, om nie selfs die skyn aanteneem nie, dat ons aan die wereld toebehoor, en omdat ons amper niks doen nie om hulle onder die indruk te bring, van die waaragtigheid, van die gewig, en die heiligheid, van die sake die ons by sulke gele'enhede besig hou. O laat ons oppas ver die listige, valse, onderduimse "oude slang," en nie in die klaauwe val van den duiwel, die rondgaat als 'n "brieschende leeuw zoekende wien hy zou mogen verslinden."

(b) WEES NEDERIG.

Dan is daar nog iets, wat ons aan die kind van God seg, en dis *dit*: WEES NEDERIG! ! Dit is 'n groote saak. Van dit hang daar veel af. Baing wat regte nuttig kon gewees he, is omdat hulle die nederigheid nie beoefen het nie, *nutteloos* geworde. "*God wederstaat den hoovaardigen, maar den nederige geeft Hy genade!*" Dit is so wettig waar, als iets maar waar kan wees. Daarom laat ons nederig wees. Die hoogmoet is iets wat soos 'n kanker aan die lewe van die Christelyke kerk vreet. Net soos iemand bekeerd is, dan porbeer die Satan om hem hoogmoedig te maak, en kry hy ver hem hoogmoedig, dan kan die Christen nie tot 'n seen wees, dan is hy heeltemaal nutteloos. Hoe leelik is dit als 'n predikant hoogmoedig is. Ik weet van 'n predikant wat ver die *arme mense net met twee vengirs groet!* Als hulle ver hom dag se, kry hulle nooit die heele hand. Aan die ander kant, is dit tog soo mooei als die leeraar *nederig* is, net soos die nederige en sagmoedige Heere Jesus. Als hy onder arm en ryk vortgaat "goed doende," nie om gedien te worde, maar om te dien, gewillig om die minste te wees en sonder om naar die eer van mense te soek, of daarop uit te wees om van hulle geprys te worde, syn werk "sonder aansien des persoons" verrig.

Ons sal niks meer van die Heer ontvang, als ons nie nederig is, met wat ons al ontvang het, en als ons nie diep gevoel dat ons die segenenge ontwaardig is, en gen een van Syne weldade verdien het nie. Ook sal die Heer ons nie tot grooter dinge gebruik, of (so als Hy werkelyk doen kan) groote dinge door ons doen, als ons ver ons die eer toeken, ver die dinge waartoe die Heer ons al gebruik het, en vergeet om Hem die eer te ge. Ne, leser! hoe meer die Heere ver ons se'en, hoe nederiger ons moet worde en met hoe dieper ootmoedigheid ons moet uitroep: "Niet ons o Heer! Niet ons;, maar uw naam Zy de eer ens" (Ps. 115). Dan sal Hy syn segeninge oor ons heeltemaal wonderbaar maak, en ons sal self in die grootste teenspoed 'n blydschap, en vrede en geluk in die siel ondervinde, soo wonderlik, als met gen pen beskryf kan worde! Ook moet ons als ons sien dat die Heere ons genadiglik tot 'n se'en gebruik, *heeltemaal klein in ons eije ooge worde*, en terwyl ons ver ons diep verootmoedig, moet ons ons verbaas dat Hy iemand soo onwaardig

as ons is, gebruike kan. As ons soo handel, en Hem soo die eer ge, sal ons sien dat die Heer ons tot grooter, en nog grooter, en altoos grooter dinge gebruiken sal. Het God b.v. al die *Patriot* geseen, en tot 'n se'en gebruik, laat dan die Redaxsie, en die ondersteuners daarvan, hulle voor God verootmoedig, en ver Hem *al* die eer ge. En dan sal ons sien dat die Liewe Heer, ons en die *Patriot*, gebruike kan tot dinge waarvan ons, ons nou gen denkbeeld kan vorm nie! ! ! Laat dit die "leuse" wees van ieder gelowige leser van die *Patriot*, laat van die 1 Juni als leus, met groote letters, op die *Patriot* gedruk worde: "DOOR DE GENADE GODS BEN IK DAT IK BEN!" en laat ons by die leuse bly, dan hoef ons nie bang te wees nie voor die toekomst. Dis net wanneer ons nederig is, en ons selwe vergeet, ja ons als niks teenoor onse "Grootmagtige" Heiland gevoel, dat syn genade in ons kan doorwerk en Syne segeninge door ons als door 'n kanaal op andere mense kan oorstroom.

O hoe baing Christene is daar nie wat nie nederig is nie! Leser! *ondersoek* u! Hoe is dit met u gestel? Ag u kan die Heere nie verheerlyk nie, met al die hoogmoed. Hoe gou neem u nie aanstoot nie? hoe gou voel u ver u nie beledig nie? Hoe min het u lus om die minste te wees? En als u geroep word om die kruis te verdra, en die skande te verag, of "om syns naams wil" smaadheid te ly, ag hoe rebelleer die trotse hart dan nie daarteen! Om buite die legerplaats tot Christus te gaan, en syn smaadheid te dra, (veral als die wereld dit afkeur en daarme spot, en in plaas daarvan ons hulle eereplaase aanbied) is baing keer onmogelyk ver die hoogmoed van ons hart. O laat dit anders met ons worde. Net maar als ons klein is in ons ei'e ooge kan die naam van die Heere Jezus door ons groot gemaak worde.

Net als ons nederig 'is kan ons iets uitrig ver die Heere, en kan syn genade door die Heilige Geest in ons heeltemaal doorwerk, en ons gevorm worde om tot eer van Hem te lewe.

(c) WEES BESLIS.

Dan weer het ons 'n ander woord tot die geloowige. En die woord is dit: WEES BESLIS. Laat *almal aan u kan sien, aan wie u toebehoor*. Die mense moet nie kan twyfel aan watter kant u is, of wat hulle van u moet denk. Al is hulle ontevrede en word hulle woedend kwaad op u en maak hulle u sleg, moet hulle tog duidelyk kan weet wat hulle aan u het. Daar is so baing lidmate, en awondmaal gangers, ja self kerkeraadslede, en predikante, wat nog *vis* nog *vlees* is. Onbeslis is hulle en in 'n saak soo als die godsdiens, waarin 'n mens party *moet* kies, is hulle onpartydig! Of liewer hulle meen dat hulle onpartydig is. Maar hulle kan dit nie wees. Daar kan geen onpartydigheid wees in die godsdiens. Die sake wat ons geloof, en wat ons in die bybel geopenbaar is, moet of *waaragtig wees*, en DAN MOET ONS DAARMEE STAAN OF VAL! of hulle moet *nie* waar

wees nie, en dan moet ons *klaar* he met die bybel, *klaar met* die kerk, *klaar* he met die godsdiens *en ons in die volle arme van die wereld werp!*

Maar dank sy God, die sake is waar, is waaragtig: Laat ons daarom, al brom die wereld, en al wys die Satan ver ons syn tande, *beslis* ver die sake uitkom, en al moet ons dit maar bitter swaar he, ons *beslis* ver die Heere Jesus verklaar. Is dit die moeite werd om Hem lief te he, dan is dit die moeite werd om Hem van ganser harte lief te he, is dit die moeite werd om 'n Christen te wees, dan is dit die moeite werd om dit heeltemaal, en onverdeeld te wees. Die tyd waarin ons leef eis dat ons *beslis* sal wees. Om nou nie daarvan te spreek, dat wat die Heere Jezus ver ons gedaan het, van ons vorder dat ons ver ons, *beslis* ver Hem sal verklaar. Kyk Hy was getrouw tot die dood toe ver ons, waarom sal ons nie getrouw tot die dood wees ver Hem? Hy het ver niks gestuit nie toe Hy onse saak moes behartig, is dit dus nie onse plig, om ook nie te stuit nie, terwyl ons geroepe word om syn saak te behartig? Hy het onse smaadheid gedra op die mees besliste wyze, en sal ons weiger om *beslis* syn smaadheid op ons te meen?

Ons het geseg dat die tyd waarin ons leef eis dat ons *beslis* sal wees. En dit is soo. Almal is *beslis*. Die wereldling kom met syn sake *beslister* dan ooit voor die dag. Die ongeloowige steek syn hoof vrypostiger, roekelooser *beslister* dan ooit omhoog, hy spreek *beslis* en lyk of hy beslote het om by syn saak te bly en syn ongelooft te verdedig, laat kom wat wil. In Amerika het die Regering die ander dag verbode, dat vuile, vieslyke, onsedelyke pamflette en tydskrifte, (wat door goddeloose manne *present* word gestuur aan Boarding skole, om die sede van jonge meisies en jonge mans te bederwe) met die boekpos sal kan gaan. En die Regering het reg gedaan, want die publikaties is soo smerig, soo vol van onkuisheid, dat *gen* fatsoenlyke mens dit kan lees. 'n *Man goed bekend in Amerika het met syn EIGE NAAMTEEKENS teen die besluit van die Regering geprotesteer*. Kyk hoe *beslis* die teenparty word. Sal die kind van God dan nie *beslis* wees nie? En hulle sal nog *beslister*, worde wanneer die afval eers reg kom, en die Mens der Sonde geopenbaard sal worde. Als God hulle eers reg 'n krag der dwaling geef om die leugen te geloowe, sal hulle *beslistheid* verskrikkelyk worde. *Maar dan weet ons dat ons ook BESLIS SAL WEES!!* Dan sal ons sien, hoe *beslis*, en hoe dapper, 'n swakke Adamskind, van syn Heer en Meester sal kan getuig. Maar ons behoer nou al *beslis* te wees, om nou al door die Heer te kan gebruik worde, en alsoo voorbereid te worde, om als die sware tyd (wat ider dag kan aanbreek) daar is voor die Heer te kan *staan*, in syn naam alles te kan verrig, en *staande* te bly. Leser! ook hier is die woord van toepassing. "Die in het kleine getrouw is, die is ook in het groote getrouw" en "Ik zal

hem over veel zetten!" *Beslis nou, beslis ver altyd, beslis ook* wanneer dit die tyd en die heerskappy is van "Het Beest" en wanneer die Satan sal trag om selfs die "uitverkorenen" te verlei! Die saak van die Heer verdien dat ons daarvoor sal uitkom, en die Heere beloof die krag die wat ons noodig sal he om daarvoor te staan als ons maar wil dan stroom, die vrymoedigheid, die beslistheid, die krag om te staan, daar waar ons anders sou terug tre, of sou val, uit die volheid van die Almagtige Heere Jezus in ons oer.

O niemand weet, of hy moet dit ondervinde het, watter blydschap, die Christen, wat beslis en getrouw is, in syn siel gevoel, self in die aakligste en ontzettendste moeilikhede. Dis of hy onder die rumoer van syn vyande, en die onweders wat oor hem losbreek, diep seer diep in syn siel, die stem van die Heere Jezus hoor, "Wel gy goede en getrouwe dienstknecht, over weinig zyt gy getrouw geweest over veel zal ik u zetten *ga nu in de VREUGDE uws Heeren!!* Die wereld beklaag menigmaal die Christen, die wat om syn getrouwheid, dit maar bitter swaar het, en hulle noem hem partykeer 'n dwaas, maar hulle weet nie watter hemel hy in syn siel omdraag, en watter "onuitsprekelyke hemelsche heerlyke blydschap, syn deel is nie.

Die Heer laat ons, als ons beslis ver Hem uit kom, nie alleen aan die *eer* om "het lyden van Den Man der smarten" te erf, om net soo als Hy onse Heer en Meester' verdrukt te worde, maar ons word ook Syne *gemoedstemming* deelagtig. Soo dat ons met Hem kan se (Ps. 16) "De snoeren syn my in lieflyke plaatsen gevallen, een heerlyke erfenis is my geworden." En dit te midden van onze Gethsemanis. Die Heere Jezus had altyd 'n hemel in die siel, en dit skenk Hy aan syn getrouwe dienare ook. Laat ons dus beslis wees, soo beslis als die Heere ons door syne genade maar kan maak, en hoewel "het lyden" dan nie sal wegbly, sal Hy die heerlykheid die by al syn lyden in syn siel was, ook in onse siel skenk. Vraag iemand wat die uitwerking van lyden in die siel van die besliste Christen is? dan kan hy die antwoord vinde in 2 Cor. 4:16—18. Die heerlykheid waarvan Paulus spreek is reeds, die deel van die Christen op aarde' hoewel die wonderbaar sal toeneme en voltooid worde in die eeuwigheid. O wees tog *beslis* leser al kos dit wat. Mog die Heer self ons beslis maak.

(d) WEES HEILIG.

Die laatste wat ons te seg het is WEES HEILIG! Ons weet amper nie hoe ons oor die saak uit tedruk. Ons word gedwonge om met die Psalmdigter uit teroepe "De saak is hoog; ik kan er niet by!" Want staan daar nie in die bybel? seg die Heer van hemel en aarde dit nie self? Wees heilig want Ik ben heilig" Onse gedagte duisel, als ons oor die skrikkelike gewigtige saak nadenk. *Heilig!* en wie kan dit wees? en tog *dit* en niks minder dan *dit* word van ons gevorder! "want zonder heiligmaking zal

niemand God zien" "Jehovah is te rein van oogen dat Hy 't kwaad zou kunnen aanschouwen." In die Nieuwe Jerusalem sal niks binnekom dat "verontreinigt." Dus is daar sonder HEILIGHEID GEN HEMEL!!! Dis gemakkelyk om te seggen "als die Christen sterf word hy meteens om Christus wil geheiligd en geskik gemaak ver die hemel" dis wel waar maar wat ook waar is, is dit:—Dat die Christen voor Gods aangezig op aarde heilig moet wandel, heilig moet lewe! Wat nou gedaan?

Ons antwoord! die Christen moet nie vergeet nie dat die Heere Jesus nie alleen syn straf gedraag het, syn skuld betaal, en in syn plaas syn dood gesterwe het—maar dat Hy ook *syn lewe geleef het*; Christus het in myn plaas en ver my, myn lewe geleef. Daarom, net soo als die sondaar die Heere Jesus aanneem als syn Zaligmaker en salig word, soo moet die Christen die Heere Jezus aanneem als syn Heiligmaking om heilig te worde. Wat Christus aan die kruis gedaan het, word ver die sondaar wat ver Hem als Zaligmaker aanneem toegereken en dan word die sondaar salig. Net so met die heiligmaking. Die heilige lewe wat die Heer voor syn volk op aarde geleef het, word voor die Christen wat ver Hem als syn Heiligmaker aanneem toegereken, en dan word die Christen heilig. Dan weer die sondaar, wat die Heere Jezus als syn Saligmaker aanneem, is nog nie salig, hy sal dit eers in die hemel wees, maar hy is so goed als salig, omdat syn saligheid heeltemaal seker is. Daarom spreek hy van sig selwe, en spreek die bybel van hem, als van iemand wat al werkelyk salig is. Soo ook met die Christen wat ver die Heere Jezus als syn Heiligmaking aanneem. Hy is nog nie heilig, dit sal hy eers in die hemel wees, maar syn heiligheid is soo seker, en in Christus is hy reeds soo in die ooge van God, dat die geloowige in die Nieuwe Testament ooral "heiligen" genoemd word.

Die heilige lewe wat die Heiland ver ons op aarde geleef het moet ons door die geloof ons toeigen, en dan word ons door God beskou, en behandel, als of ons selwers die lewe geleef het. Maar terwyl ons dit doet, moet ons ook afgeskeide van die sonde, en van die sondaars wandel. Ons moet duidelyk toon dat ons gen gemeenskap met hulle het aan die "werken der ongeregtigheid," dat ons met hulle nie instem, en dat ons, hoewel verplig om in die wereld te wees, en met hulle om te gaan, daarom nie een van hulle is nie. Ook wat die sonde aangaat, moet dit duidelyk gesien worde, dat ons met haar niks te doen wil hê, dat ons haar haat, en dat elke sonde wat nog in ons is, of elke vlek wat ons nog aankleef, teen onse sin daar is. Ja dat ons gedetermineerd is om, al kos dit ook *wat*, daarvan verlos te worde. Of als ons door die een of ander sonde oorrampel word, of die een of ander iets in ons opmerk, wat maar effentjes naar sonde lyk, dan moet dit deur de alwetende gesien worde dat ons daarmede ontevrede is, dat ons ons diep verootmoedig en gen rus het totdat ook dit door die Heer is vergewe.

Heilig beteeken eg, of liewer *onvervals*. Goud is eg, *onvervals*, of als u wil hê, *heilig*, als dit afgesonderd, of afgeskeide is van (niet vermengd is met) dinge wat nie goud is nie, en dus *suiwer* goud. En in so ver als dit nie die geval is nie, is die goud nie suiwer of eg. Is daar, al was dit ook hoe min lood of silwer, of iets anders met die goud vermengd, dan is dit nie egte goud maar *goud met nog iets anders daarby*, en dus goud wat vervals is, en nie eg of heilig! Dit is wat onse gedagte, woorde, dade, onse gebede, onse omgang met God en met onse medemens ens. ens. moet wees, eg, *onvervals*, heilig. Dit wil segge nie vermeng met iets dat God kan mishag. Letterlyk moet dit wees: met niks vermengd, maar heeltemaal suiwer. Ons moet om heilig, om *onvervals* te wees, afgeskeide wees en afgeskeide bly van alles wat van benede en nie van bowe is nie. Wat uit die vlees gebore is, is vlees, is onheilig, is nie eg nie, maar vervals; dit is, met die sonde vermeng, somwyl heeltemaal van die sonde doordronge! Maar wat uit die Geest gebore is, is gees, is suiwer, is eg, is *onvervals*, is heilig; dit is afgeskeide van die sonde, somwyl heeltemaal “van het licht van Gods heiligheid omschenen!”

Laat ons dus met die hulp van God heilig wees. Laat die grondtoon in ons hart, waarmee ons alles doet en alles spreek, en alles ly, eg, *onvervals*, suiwer, heilig wees. Dit is wat God wil hê, met niks minder is Hy tevrede, met niks minder kan Hy ooit tevrede wees. Om hiertoe te kom is moeyelyk. Maar ons kan al meer en meer daartoe kom, wanneer ons die Heere Jesus Christus toelaat, om al meer en meer door “het geloof” in onse harte te woon. Ons moet die vuurdoop, die doop van die Heilige Geest ontvang! Christus self kon, naar syne mensheid, nie worde wat hy moes wees, voordat Hy by die Jordaan, na syn doop met water; gedoop werd met die Heilige Geest en met vuur. Eers toe dit met Hem geschied was, het Hy met syn werksaamhede begin. Die apostels was wel bekeerd. Hulle had alles verlaat en had ver Christus gevolg, en tog, hoewel hulle drie jaar lank met Hem intiem had omgegaan, was hulle maar regte onheilig. Daar was by hulle afguns, daar was die neiging om met malkaar te twis, en dikwyls *had hulle woorde*. Ons kan gemakkelyk begryp, watter moeite die Heer menigmaal met hulle gehad het, hoe Hy hulle moes verdra, en hoeveel geduld Hy moes beoefen. Dan wou gen een onder hulle die minste wees, maar die een voor die ander die meeste worde. Ook het hulle staat gemaak op hulle eie krag. Hulle het daarvan te veel gedenk, en gemeen dat dit vollens *hulle eie besluit* en *hulle eie verkiesing* was, dat hulle alles had verlaat, en Hem was gevolg. Hulle wis niks van die onsigbare hand van die Vader, waardoor hulle tot Christus getrokke was geworde. Hulle dog dat dit door hulle eie krag was, en dat hulle om die rede beter was dan alle ander mense.

Daarom moes hulle in die skrikkelike nag, toe die Heere Jezus gevange geneem is, hulle eige onmag leer ken en duidelyk verstaan, dat dit die Vader was wat ver hulle vashou, en dat als Hy hulle maar ver 'n oogenblik moes loslaat, die Satan sommaar klaar sou wees om hulle te sif als die tarwe. Toe hulle nog nie die les geleer had, en die Heiland nog by hulle was, was hulle regte verwaand en parmantig. Hulle wou sommaar vuur van die hemel laat kom om die stad van die Samaritane te verteer, omdat die Samaritane wat daarin woon ver hulle gen loesies wou ge nie, oek het hulle 'n man wat preek en nie met hulle die Heere Jezus volg, geseg dat hy daarmee moet ophou, sonder bang te wees ver die mense. Waarom was dit? Die Heer had ver hulle mag gegee om wonderwerke te doen, en tot hulle verbasing, was hulle self instaat om duiwels uit te werp, Nou dag hulle dat dit *hulle krag* was, en het heeltemal vergeet dat hulle dit van die Heere Jezus ontvang had. Vandaar dat hulle *in plaas van nederig te worde, gedurig hoogmoediger werd!* Daarom siet ons dat die Heiland, vooral in die laatste weke en maande van syn lewe, hulle gedurig moes bestraf, omdat hulle onder mekaar twis wie die meeste was. Die een wou bowe die ander wees. Maar toen die Heiland gevange genome was, waar was hulle dapperheid toe? Toe kruip hulle ooral weg, en selfs na syn opstanding, kom hulle same met geslote deure, uit vrees ver die Jode. Waarom laat hulle nou nie vuur van die hemel kom om Jerusalem en die Jode daarin te verteer nie? Waarom is hulle nou nie parmantig nie? Waar is hulle dapperheid nou? Hoe kom is dit dat Petrus, die wat so overmoedig was, nou syn Meester "met vloeken en eeden" verloochen voor 'n swakke diensmeissie? Waarom is dit soo? Omdat Christus die bron van hulle krag nie meer by hulle is. Daarom is hulle krag vergaan, en is hulle net soos Simson toe syn haarlokke afgesny was.

Maar toe hulle na die hemelvaart, op die Pinksterdag gedoop was met die Heilige Geest en met vuur, toe Christus door die Trooster die Heilige Geest in hulle harte was kom woon, toe was dit heeltemaal anders, toe was al die ou'e dinge weggegaan, en was dit alles nieuw geworde. Ons kan die Handelingen der Apostelen lees en die Zendbriewe en ons sal sien dat die Apostelen op die Pinksterdag heeltemaal genees is geworde van al die onheilge dinge wat hulle vroeger aangekleef het. So moet ons ook die vuurdoop ontvang, en hoe meer die Geest van God in ons hart, die overhand het hoe heiliger ons sal worde. Laat ons om die Gees bid en nie rus nie totdat ons ook aangedaan is, met krag uit die hoogte. Ons kan met vrymoedigheid om die vervulling van die belofte des Vaders bid. Want die belofte is ook ver ons. (Lees Hand. i; 4, 5, 8 en Hand. ii: 38, 39.) en die Gees sal ook aan ons gegee worde as ons daarom bid. Net so min als ons bekeerd of wedergebore kan worde sonder die werkings van die Heilige Gees, net soo min kan ons

in heiligheid toeneem, en 'n heilige lewe op aarde ly, sonder door die invloede van die Geest daartoe in staat gesteld te worde. En net soos die liggaam van die mens hoe meer die lewe daarin kragtig doorbreek, al meer in staat is om door dik en dun te gaan, en alles te doen, en alles te onderneem en te dra, net soo word die siel, hoe meer die Heilige Geest (wat haar lewe is) kragtig in haar werk, al meer en meer in staat om alles te ondergaan, alles te onderneem en ten uitvoer te bring, en alles te bowe te kom en te overwin. O mog die Heere ons in staat stel, om Christus als onse heiligmaking heeltemaal aan te neem, en die Geest der heiligmaking volkome deelagtig te worde, tot eer van syn Naam. CEFAS.

2. DE SOEKENDE SIELE.

Ons laaste stuk was ver die wat al *bekeerd* of *wedergebore* is. Ons gaat nou spreek tot die bekommerde, of ontwaakte sondaars onder onse lesers. En wat ons u sê is dit:

(a) WEES DANKBAAR!

Is u waarlik nit die doodslaap van die sonde ontwaak, en is u bekommerd oor die toestand waarin u siel verkeer, dan moet u dankbaar wees, ver die sehen, want dis 'n groote genade ver 'n sondaar, om aan sigself ontdek te worde. Die gewaarwording wat u nou in u binneste gevoel, is nie door u self daar binne gewerk, ook is die nie ontstaan nie omdat 'n leeraar, of 'n skrywer van 'n boek, of omdat iemand anders dit soo gewil het. Maar dis Gods vrymagtige genade, wat door die alvermohende werkingen van die H. Geest, "*sonder aansien van persoon*," u onsterfelike gees onder haar bewerking geneem het. Die Heer is ander mense voorbygegaan, en aan u siel werk Hy. Ander mense bly onverskillig, en u begin ernstig te worde. Miskien is daar rondom u wat met die godsdiens spot, en u begin al meer en meer van die godsdiens werk te maak, daar eerbied voor te gevoel, en naar syne eeuwigdurende seheninge te verlang. Hoe kom is dit so? Waarom is dit nie anders? Kom seg? het u dit *verdien*? Als God u aan u selwe had oorgelaat, als die Almagtige u naar u verdienste had behandeld, en u ver eeuwig van voor syn aangesig verwerp had, sou u instaat gewees hê, om tot Hem te seg, "Wat doet Gy?" of "Waarom handelt Gy also?"

U weet dat u niks verdien het nie, en dat alles wat met u geskied is, slegs uit louter genade is geskied. Wat aan u siel gedaan is, het God gedaan. U is boetvaardig, u hart is gebroke, en u gees verslahe. U voel u sonde, en u is heeltemaal onrustig daar binne. U roep met alle erns tot God om genade, en sal nie stilswyhe nie, totdat u gered is uit die angs, en verlos is uit die vrees! Nou daar is van u bekende, van u vrinde, van u bloedverwante, met wie dit nie soo gestel is. Miskien is selfs u

vader, en moeder nog heeltemaal gerus, terwyl u onrustig is oor u siel. Dit kan ook wees dat u leeraar *onverskillig* is, terwyl die Heere u ernstig gemaak het. En waarom is dit soo? Waarom is u ernstig en andere onverskillig? Hoe kom is u onrustig, boetvaardig, treurende oor u sonde, roepende om genade, terwyl ander mense dit nie is? *Eenvoudig omdat God in syn vrymagtige genade dit so gewil het!* Daarom leser! wees dankbaar. Geef die Allerhoogste die eer. Prys en loof Hem ver die genade. U is al boetvaardig. Iets wat baing ander mense nie is nie. Daarom wat ons u sè is, wees dankbaar!!

(b) MOET NIE STIL STAAN NIT!

Dan is daar iets anders wat ons u wil sè, en dis dit: *moet nie stilstaan nie!* HAAS U! ! U het die hand an die ploeg geslaan, daarom kyk tog nie om nie! Staat nie stil nie op die ganse vlakke! (Gen. 19; 17, 22, 26). Dink an die vrou van Lot. Sy is uit Sodom gegaan, en nooit in Zoar gekom nie! Moet tog nie u oohe wat nou naar Zion gerig is, weer naar die wereld keer nie. Die plek waar u nou staat, is vol van die doodsbene van siele, en is *bevelek* met die bloed van miljoene, wat door die Vors der Duisternis, "onder weg" is omgebrag. Hulle was net so boetvaardig als u, hulle het ook geroep om genade, hulle het ook die las van hulle sonde, die grootheid van hulle ellende gevoel, maar hulle is onderweg opgehou, en is nets die vrou van Lot ellendig omgekom. Daarom pas op! pas op! U moet nie stil staan nie, maar ver u haas, om u roeping en verkiesing vas te maak. U is nie veilig, voordat u aan die doorboorde voete van die Heere Jesus, rus ver u siel gevinde het. U moet uit die gevaarlike vlakke tusse Sodom en tusse Zoar uitkom. Die vuur en die swawel van die Gerig van God, sal spoedig die ganse vlakke van die wereld, met al haar skoonheid en heerlikheid bedek, en dan sal u, als u nog daar onder is, met alles wat op die vlakke is, verskriklik omkom en vergaan.

Ook is u net soos iemand wat ver die bloedwreker vlug. U is gedurig in gevaar. Die bloedwreker kan u ieder oohenblik inhaal, en dan? wat dan?..... Dan is daar ver u gen pardon. Die bloedwreker sal ver u gen barmhartigheid betoon, gen genade bewys nie. Hy sal net kort werk met u maak, en u, u lewe beneem. Is u egter in die vrystad dan kan hy u niks doen nie. Dan is u ook *soo lank als u daarin bly*, vry en veilig. Daar is dus ver hem, wat ver die bloedwreker vlug, gen veiligheid op die ganse weg. Van die plek waar hy vandaan gevlug het, tot in die vrystad is hy gedurig in groote gevaar. Soo ook met u sondaar, u is met al u boetvaardigheid nie veilig nie, maar ieder oohenblik in gevaar. Daarom staat nie stil nie, maar haas u, en moet nie rus nie voordat u rus by die Heiland van u siel gekry het! Als u nie oppas nie, dan kan al die boetvaardigheid en gevoel van sonde ens. heeltemaal weggaan, om *nooit weer* terug te kom nie, en kan u dan al is u nou ook hoe

ernstig, als 'n onverskillige, verharde sondaar, die eeuwige verdoemenis ingaan.

Verder seg ons:

(c) LAAT VER U DOOR NIEMAND STILMAAK.

Toe die blinde Bartimaeus hoor dat Jesus van Nazareth voorbygaat en begin te roep: "Jesus, Gy Zone Davids ontferm u myner!" wou die mense hem stilmaak. Hy moes nie so roep, nie so'n geraas maak nie, hy moes stil bly! Maar wou hy? of hy gek was. Ne! Ons lees: (Luk. 18:39) "*Hy riep so veel te meer!* Zone Davids ontferm u myner!" Hy het hem door die mense nie laat stilmaak nie. Dit was syn eenigste kans om siende te worde. Hy had lank gehoord van die Heere Jesus, en van wat Hy aan ander mense gedoen het. Ook was dit al lank syn begeerte gewees, om die Heiland te ontmoet, en om met syn blindheid naar Hem te gaan, om door Hem gehelp en genees te worde. Daarom toe Hy hoor dat die Almagtige Jesus van Nazareth, by hem sou verby gaan was hy gedetermineerd om tot Hem te roep, en weer te roep en aanhoudend te roep, totdat Hy hem sou hoor, en hem ook sou siende maak. Daarom weiher hy om te swyg, toe die mense wat rondom was, hem wou stilmaak.

U weet dat hy nie te vergeefs geroep het. Die Heiland het hem gehoor, het stilgestaan, het hem geroep en hem siende gemaak, en toe tot hem geseg: "uw geloof heeft u behouden!" Had Bartimaeus ver hem door die mense laat stilmaak, dan was allis verlore dan was hy nooit siende geworde. So ook leser! u moet u ook nie laat stilmaak nie. Die wereld sal probeer, om u daarvan aftebring, om u te laat ophou, om tot die Heere om genade te roep. Maar volg die voorbeeld van Bartimaeus. Swyg nie stil nie! Hou aan om te roep, totdat die Heere u antwoord en u red! Die mense sal seg dat dit nie goed is nie, om soo ernstig naar die saligheid van u siel te verlang. Hulle sal miskien se dat u gek is, of dat u dweep en die sake oordryf. Maar u het niks te doen, met wat hulle *denk* en seg, solank als u **WEET** dat u 'n sondaar is, en die Heere Jesus u redde kan en wil! U sal moet rekenskap ge van u *eige* siel, en als u dit sal moet doen, dan sal die mense wat ver u nou toeroep "vrede! vrede! geen gevaar!" die prooi wees van 'n haastig verderf, en u nie kan help nie. Daarom laat u door hulle nie stilmaak nie.

Die kans wat u nou het om salig te worde sal u miskien nooit weer kry. Die Heilige Geest wat nou met u twis en u oortuig het van u sonde, kan miskien u verlaat, om nooit weer terug te keer, en dan is u ver eeuwig verlore. Terwyl dit nou die welaangename tyd is, en die dag van saligheid, mogt u tog nie u hart verhard nie, maar ver u laat geseg. Roep, roep, roep om genade, totdat die Heere Jesus wat nou by u siel voorby gaat, stilstaat en ver u ook siende maak. U gevaar is soo groot,

an die ander kant is dit soo salig om die Heer te besit, dat dit wel die moeite werd is, om aantehou om te roep, om aan die een kant aan die gevaar te ontkom, en aan die ander kant die groote saligheid van die Heere Jesus in besit te kry.

Maar dis nie genoeg om te roep om genade, en om te soek naar die saligheid, u moet ook vinde. Baing mense bly net by soeke. Hulle is te vrede om altoos te soeke, en dink dat hulle gelukkig is, als hulle soekende sterwe. Maar hulle bedrieg ver hulle, en hulle stel ver hulle met 'n valse hoop te vrede. Als imand soekende is, dan het hy nog nie gevind nie. En als hy soekende sterf dan het hy nog niks. Wanneer myn kind die kroep, of benaauwde siekte het, dan sal ik hom nie gesond kry nie door naar 'n dokter, of naar 'n medesyne te soek wat hem kan gesond maak. Ik moet die medesyne vind! Als daar 'n wissel van myn, in die bank verval is, is dit nie genoeg dat ik naar geld om dit te betaal *soek*, ik moet die geld vinde om dit te los. Toe die soldate, met Piet Uys, door die Sulus in die berg vasgekeer was, het dit hulle niks gehelp dat hulle naar 'n plek om uittekom gesoek het, *Juis om hulle gen pad uit die berg kon vinde, is soo baing van hulle omgekom!* Dus siet u lesers dat *soeke* nog nie *vinde* is nie En dat wil ons veilig wees, van die eeuwige verdoemenis, en eenmaal in die hemel kom, ons die saligheid, en vergewing van sonde moet vinde. O leser, u wat nou al soolank die Heere Jesus soek, u moet nou begin om te vinde. Dis hoog tyd om dit te doen. Dis hoog tyd om op te hou om te se. "Ik soek!" u moet nou begin te se "Ik het gevonde!"

Als u waarlyk begeerig is om die Heere te he, en waarlik ver u 'n sondaar voor God gevoel, dan sal ons probeer om u die saak duidelik te maak. Kyk u moet soo redeneer! Ver wie het God Syn Zoon gege? Ver sondaars! Nou wat is ik? 'n Sondaar. Is ik nou 'n sondaar, en het God syn Soon ver sondaars gege, wat volg dan daarop? *Dat Hy gege is ver my.!!!* En wie syn Heiland is Hy dan? DAN IS HY MYNE! Leser. Christus is die Saligmaker van sondaars en is u 'n sondaar, dan is Hy u saligmaker. Of u Hem nou aanneem, of nie Hy is u saligmaker. Neem u Hem aan, geloof u dit, dan is u behoude. Neem u Hem nie aan, dan is Hy dit ver u te vergeefs en is u verloore. Ge u dus aan Hem en word ook iemand die heeltemal beslis, n aan Syn kant plaas, en u aan geen bang-makery steur, om ver Hem, en ver syn saak uit te kom, en te staan!

[3. VER ONVERSKILLIGE].

Ons het nou 'n woord ver die wat nog ONVERSKILLIG is. Ag hoe gelukkig sou dit wees, was al onse lesers al *gered*, en op weg naar die hemel. Ons sou dan u kan opbeur, en aan-

moedig en vertroos, als ook ver u opmerksaam maak op al onse voorregte als Christene, en u aanspoor om u algeheel aan die Heere te wy, soodat u uit Syn volheid kon ontvang, net soo veel als u in u onsterfelike gees kon opneem! Maar nou is dit heeltemaal anders. U is nog nie gered, u is nog heeltemaal verlore, u stel nog uit, en is dus nog op weg naar die ewige verderf. Misskien leef u in die sonde. Misskien is u 'n hoereerder, misskien 'n dief of 'n dronkaard. Die vrou wat nou met die *Patriot* in die hande sit, ly misskien sonder dat haar vrinde dit weet *stilletjies* 'n regte slegte lewe. Nou vrou! wat ons u seg is, dat God alles weet, al is u sonde voor alle mense verborge! Daar is misskien 'n man onder onse lesers wat ver hem maar skandelik gedraag. Sondaar, met u het ons in die stuk te doen. *Weet u dat u sonde u sal uit vinde?* Die dag sal kom, wanneer die Heere God afrekening sal hou, en wat dan? wat dan?

[(a) Wat nog jong is].

Daar is onder u wat nog jong is. U het mar pas begin om op die "tooneel des levens" te verskyn. U het nog maar min ondervinding, u weet nie wat die wereld is nie. Hoe gevaarlik die lewe is, watter versoekings daar op u weg is. Daar is al tienduise geval, en heeltemaal verkeerd gegaan en versleg? Daarom is dit noodsaakelik, om nie langer onverskillig te bly, maar om ver u aan die Heere Jesus te ge. Net als u in Hem is, net als u ver u aan Hem gege het is u veilig. *Anders nie* Dis gevaarlik om op die oseaan des levens, te seil naar die ewigheid, sonder die Heere Jesus als stuurman aan boord te neem. U ken die weg nie, u ken nie die verborge klippe en sandbanke, waarop u siel ver die ewigheid, kan skipbreuk ly en vergaan. Ook kan u, u siel op die oseaan, nie beveilig nie tehen die woeste storme en vreeselike orkane, wat daar op uit is om u skip in die diepte van die verdoemenis te laat wegsink. Hoe kan u dit waag om in die duisternis van die sonde, wat die aarde bedek, u reis naar die skrikkelike ewigheid vort te set, sonder u met al u sonde en ellende aan die Heere Jesus toetevertrouw, om door syn woord, ver u te wees, 'n lamp ver u voet, en 'n lig op u pad. Jonge man! u waag om die woestyn des levens binne te gaan, *sonder 'n Gids*, sonder een om u die weg te wys en te verhinder dat u verkeerd sal gaan, en heeltemaal verlore sal raak in die huilende wildernis, waar die ontsettenste gevare word gevonde. U moet nie soo maak nie. Loop nie meer onverskillig vort. Moet nie langer soo onbedagsaam wees nie. Lees Spreuk. 1: van vs. 8, veral die 10, 15, 23 en volgende verse. Dan ook Spreuk. 2 3, 8 en Pred. 12:1, 13, 14.

Maar nie alleen wil ons u waarskuw ver die gevare van die tyd, ons wil u ook wys op die gevare van die ewigheid. U moet nie vergeet nie dat u verantwoordelik is. Al is u jong, dit help nie. Daar is baing jonge mense in die hel. En als u onbekeerd sterf dan is u lot die ewige verdoemenis. U moet

dus oor dese sake ernstig begin na te denk, en nie langer onverskillig lewe. Die erns van die sake moet u diep ter harte gaan, en verhinder dat u onverskillig sonder natedink sal vorthol naar die eeuwigheid en die eeuwige verderf.

Misskien sit ouder mense ver u 'n slegte voorbeeld. Misskien is u meester, of self u ouders onverskillig, heeltemaal wereldegesind en sondig, misskien wel goddeloos. Hulle wat u moet voorgaan met goeie sake, gaat u misskien met slegte dinge voor. Die ouderling wat by die aanneming toe u lidmaad geworde is, met die predikant saam gesit het, grog misskien fluks op, of als jy hem kwaad maak vloek hy soos 'n ketter. Of die diaken wat alle sondage by die armbeurs staat, is nie heeltemaal soos hy moet wees nie. Maar dit allis is ver u gen verskoning nie. Hulle wat ver u 'n slegte voorbeeld sit, wie hulle ook mog wees, kan u nie help nie wanneer u moet rekenskap ge van wat u gedaan het. U sal u eige pak moet draag, en nie in die oordeelsdag kan se, "dis die skuld van die man of van die vrou, of dis die skuld van myn ouders, dat ik verkeerd gegaan het!" Die antwoord sal wees. "Dis u eige skuld. U het niks te doen gehad nie met ander mense." O myn jonge vrind moet tog nie naar ander mense kyk nie! *U is verlore*, en *u moet gered worde!* En die Heere Jesus wil u red. Geef u aan Hem en u is behouwe, geef u nie aan Hem en u is verlore. Kom nou! moet nou nie langer onverskillig wees, en uitstel nie! Kom geef ver u aan die Heiland. Kom nou als die verlore soon terug naar u vader. Hy is gereed om u aanteneem en sal u nie verwerp nie. Die Heere wil u soo jong als u is he, want dan kan u die beste kragte van u liggaam en van u siel, die beste van u tyd aan Hem wy. Geef ver u aan Hem by die begin van u lewe, in die dahe van u jongelingskap, dan sal Hy ver u aanneem, en by u blyf al die dahe van u lewe, en u self in u gryse ouderdom nie verlaat nie.

O daar is soo baing jonge mense met skitterende talente, met groote "geestes" gawe, met 'n groote aanleg, om iets van belang te worde ver die toekoms, en in die "eeuwen der eeuwigheden" die aanstaande is. Jonge mense van wie die Allerhoogste veel kan maak, en die Hy tot groote dinge kan gebruik, als hulle ver hulle maar aan Hem wil ge, en hulle rug naar die wereld, en die sonde, en die ydelhede van die wereld wil keer! En ongelukkig keer die jonge mense die Heer die rug toe, en wy hulle, hulle beste talente en al die kragte van hulle liggaam en hulle gees aan die sonde en aan die diens van die wereld. Die hart waarin die Eeuwige kan woon, en wat Hy met syne heerlykheid kan vervul word die woonplaas van die duiwel, en vol van vuile onreine, afskuwelike boose luste. O myn jonge vrind *is dit reg!* seg ver my *Is dit reg!* O mog God u genadig wees! ! !

[(b) Wat al oud is].

Maar daar is ook onder die onbekeerde en onverskillige wat mie meer jongelinge en jongedochters is nie. Ne u is al ouwer, u is al getrouwd, en is al vaders en moeders van kinders. Mense wat meer geroepe is om 'n voorbeeld te sit als die jonge mense, en op wie daar 'n groter verantwoordelikheid rus. U het kinders met onsterflike siele, wat aan u sorg is toevertrouwd, en u sal door u voorbeeld, ver die kinders tot 'n sehen, of tot 'n vloek moet wees. Dit kan nie anders nie. U sal, naas God, die middel moet wees om hulle siel te behouwe, of anders om hulle in die ewige verderf te laat stort. En is dit dus nie skrikkelik nie, om onbekeerd en onverskillig voort te leef nie, wanneer u verantwoordelikheid so groot is? Om die oorsaak te wees, van die verderf van u kinders, om door u slegte voorbeeld, die skuld te wees, van hulle eeuwige verdoemenis; is nie iets nie, waaroor u lig kan dink nie. Dis die moeite werd, om die stuk van van dag te lees en te behartig en u self af te vraag, of u reg doet teen o'er u kinders door onbekeerd te lewe en te sterwe, en of dit nie roekeleos is nie om al die gevare, oor u selwe en oor u kinders, te laat kom terwyl u daar niks by wen nie, maar eeuwige skande en oneer sal beerwe?

Kom laat ons malkaar goed verstaan! Laat ons om die saak gen doekies draai nie, maar laat ons allis naauwkeurig bekyk. Ons moet reg uit met malkaar handel. Ik wil nie he nie dat iemand my sal beskuldig, dat ik in die godsdienstige stukke van die Patriot nie als 'n trouwe wagter, myn lesers uitdrukkelik gewaarskuw het nie, dat ik geswyg het, daar waar ik myn stem moes verhef als 'n basuin en sonder mense vrees moes spreek. Verwag dus van myn, dat ik die sake by hulle regte name sal noem, en waarhede, wat ver sommige misskien onaangenaam is onder u andag sal bring?

Als u als ouwers onverskillig omtrent die Godsdiens is, dan sal u kinders ook onverskillig wees, en misskien erger dan u. Als u 'n roekeloose lewe ly, als u die sonde en die wereld dien, als u net leef om u boose luste te versadig, om u vlees en die begeerlikheid daarvan te versorg en te voed, hoe kan u dan verwag dat u kinders anders sal handel. Weet u nie dat kinders gewoonlik wonderbaar veel van hulle ouwers dink? dat hulle meen dat daar nie nog sulke mense als hulle ouwers op aarde woon? dat hulle gewend is om te seh "myn papa sel soo" of "myn mama maak so."? Wat papa seh of wat mamma doet, is by hulle altoos reg, veral wanneer dit ooreenkom met die neigings van hulle eihe bedorwe natuur. Daarom moet u ver u bekeer, en wedergebore worde, en nie langer onverskillig en roekeloos voortleef, want anders gaat u kinders in u voetstap, op u weg, agter u aan naar die verderf! *En soo waaragtig als God leef, sal die bloed van hulle siele van u hand geeis worde, en sal u eihe verdoemenis skriklik verergerd*

worde, omdat u die oorsaak is van die verdoemenis van u kinders!! Hoe sal u voor die Regterstoel van God, u kinders in die ohe kan aankyk, als u gewete u seg, dat hulle gelyk het als hulle u beskuldig, dat u die oorsaak is van hulle verderf, en dat hulle nie in die verdoemenis sou wees *had hulle u nie gehad ver hulle ouwers?* U weet dat daar mense gewees is, wat hulle geboorte dag vervloek het. Soo sal daar in die eeuwigheid kinders wees, wat hulle ouwers, uit wie hulle gebore is, sal vervloek, met die vreeslikste, wanhoopigste, woedenste vervloeking!

O hoe verskrikelik sal dit nie wees nie, als daar onder die lesers van die Patriot 'n vader of moeder is wat 'n onsedelik lewe ly, wat ver hulle skuldig maak aan sonde wat ons hier nie kan noem nie! O, ik het jongedogters gesien wat ver hulle moes skaam ver hulle vader, en ver syn slegte gedrag, en grote seuns, wat aan die gedrag van hulle moeder, nie kan dink sonder te bloos. Is daaronder onse lesers vaders en moeders, wat sulk 'n slegte lewe ly? laat ver u dan geseg, en moet tog nie soo voortgaan nie. Hou op met die lewensaard! bekeer ver u tot God! Want als u dit nie doet, kan u nie verwag dat u kinders fatsoenlik sal bly, en u goddelose voorbeeld nie sal volg nie! Dan is daar baing mense wat nie omge nie om alle soorte van vreeselike praatjies, in die tehenwoordigheid van hulle kinders te he. Ik is baing keer verwonderd gewees, dat daar nie meer van onse jonge mense versleg nie. Ik dink God bewaar hulle, ten spyte, van die smeerige voorbeeld, wat die ouwers met die vuile monde ver hulle set. Als daar onder onse lesers is wat ver hulle daaraan skuldig maak, dan moet u daarmee op hou, en ander mense, wat dit wa, om in u huis, veral voor u kinders vuile praatjies te he, moet u dadelik met alle beslistheid stop. In sommige deele van ons laud is dit meer die gebruik, dan in andere. Maar waar dit ook die gebruik is moet die mense daarmede stop. Dink aan die woorde van die apostel (Efez. 4:29). Geene vuile redè ga uit uwen moed, enz.!" Lees ook Col. 3:8 en 4:6. O mog die Heer u die erns van die saak laat gevoel; u waragtig tot Hem bekeer, en u in alle opsigte heeltemal verander!

Dan is daar ouwers wat aan die drank is. Wat moet 'n kind dink van 'n dronke vader? Hoe aaklig is dit nie om 'n dronke moeder te he? Die skone, liewe, mooiye dogter word mislyk wanneer sy haar eihe vader moet soen. En sy kan dit nie help nie, want syn asem stink soo naar drank, dat haar maag (of sy dit wil, of nie) begin te draai net soos hy digte by haar kom. O dronkaards waarom maak u so? U sal veel gelukkiger lewe als u die drank wou laat staan. Waarom verwoes u, u geluk en die geluk van u huisgesin? en verderf u, u siel en u ligchaam? Laat die drink geselskappe bly, en moet nie ver u met die mense ophou wat gek is ver 'n soopie, Bly weg van die vendusies, waar die afslagher in die biljette belooft dat kos,

en *drank* volop sal wees! Luister naar u vrou. Sy geef ver u goeje raad, en moet nie die hart breek van haar die u beloof het om lief te he en te troos en te beskerm! U siel is meer werd als die drank, daarom hou op met drink en neem u toevlug tot die Heer, die u Saligmaker is, die instaat is om u te verlos. U is een van die onverskillige, van die onbekeerde, van die onwedergebore sondaars tot wie ons van dag skryf, en die siel van wie ons wil red. Kom nou myn Broeder of myn Suster, verlaat jou slegtighede en bekeer jou tot die Heer. Watter voordeel is daar in diens van die sonde? Daarom hou daarmee op!

Ook is daar mense wat nie omgee nie, om 'n valse eed te doen. Ja hulle doen dit net soo gemaklik als hulle iets op aarde kon doen. En wat erher is, sommige mense is soo goddeloos, dat hulle andere ver wie hulle 'n beter voorbeeld moet set, oorhaal om meeneed te pleeg, ja selfs is daar ouhers wat ver hulle kinders laat vals sweer!! Ons weet nie of daar onder die baing lesers van die Patriot, of onder die wat dit in hande sal kry, mense is wat soo handel. Misskien is daar egter wat al baing keer gevaar geloop het, om door ander oorgehaal te word, om meeneed te pleeg. Maar hoe dit ook is, daar mag misskien die een of ander onder onse lesers wees, wat ver hulle aan die gruwelyke sonde skuldig maak. Daarom wil ons 'n waarskuwing laat uitgaan, en die persoon duidelyk syn sonde toon. Dis 'n skrikkelike sonde om in die magistratuurshof, of voor die Juts vals te sweer. Hoe goddeloos om onder die aanroeping van die naam van God te beloof om die waarheid en niets als die waarheid te spreek, en dan leugens en niets anders dan leugens te verklaar. Nog meer om ander oor te haal om dit te doen, en *ontsettend* om 'n kind, die wat 'n vader beloof het, om in die vrees van die Drieenige God op te voed, daartoe te *noodsaak* om syn twee vingers, plegtig voor God op te steek, en dan 'n valse verklaring af te leg. Ah man is jy aan die sonde skuldig, sidder dan, en bekeer jou, anders sal jou verdoemnis swaarder wees dan die van baing ander sondaars!

Ons sou nog ander sonde kan opnoem, en in die gees onse vinger op meer dan een van ons lesers kan leg, met die woorde van Nathan. "Gy syt die man!" (2 Samuel, 12:7). Mar ons doen dit nie, want onse stuk is nie soo seer om u op u sonde te wys, als om u van die gevaarvolle van u onbekeerde toestand te oortuig. Al maak u ver u aan gen enkele growe sonde skuldig, al leef u heeltemaal onbesproke, al is alle mense kinders met al u doen en late heeltemaal te vrede, als u nog nie wedergebore is, help u dit alles niks. Voordat u die Koninkryk Gods kan sien, moet u eers wedergebore worde! (Joh. 3:3—8). Daar is gen ander weg naar die hemel dan door die wedergeboorte. Onse natuur is soo bedorwe, dat ons almaal in sonde ontvang en gebore word, en niks anders dan 'n algeheele vernieuwing van onse natuur ons kan red. Die vernieuwing weer kan alleen

door die almagtige Geest van God verrig. worde. Moet dus nie ver julle bedrieg nie.

Maar daar is misskien ouhe mense onder onse lesers. Ouhe manne en vrouwe wat nog onbekeerd is. Mense wat grys geworde is onder die evangelie, en die wat ten spyte van al die ernstige preeke, wat hulle gehoor het, van dag nog onbekeerd is. O myn gryse vader, sal u nie, terwyl u een voet al in die graf is, begin om na te dink oor die saligheid van u siel? U het nog tyd om u te bekeer, die genade deur staat nog ope, u kan nou nog gered worde, spoedig is dit te laat. Stel tog nie langer uit, wag nie 'n oenblik langer om u aan die Heer te ge. Dis misskien nou u laatste kans, en maak u hiervan gen gebruik, dan is u verlore.

Ons verseker u of u jong is of oud, dat daar 'n hel is, 'n ewige verdoemenis, 'n skrikkelike plaas der pyniging, voor hulle wat die saligheid uit die hand van die Heere Jesus nie aanneem nie. Laat dus ver u geseg, en kom nie in die verdoemnis.

CEFAS.

[Die sewe hoofstukke onder die titel *Luister!* het op die volgende datums in die *Patriot* verskyn.

- I. 9 Mei 1879.
- II. 23 Mei 1879.
- III. 30 Mei 1879.
- IV. 13 Junie 1879.
- V. 20 Junie 1879.
- VI. 27 Junie 1879.
- VII. 8 Augustus 1879].

HOOFSTUK VIII.

DE TEEKENEN DER TYDEN EN DIE ZULU OORLOG, ENZ.

Ons het beloof om in onse Godsdienstige stukke, onse lesers nou en dan oek op die teekenen des tyds te wys. En ik gloof dat dit nou hoog tyd is om daar 'n begin mee te maak. Ons word al meer en meer oortuig, dat die Zulu oorlog, oor 'n tyd sal blyk een van die gewigtigste oorlohe te wees, wat ooit op aarde gevoerd is. Seker is dit, dat die gevolge wat al daaruit gebore is, en nog gebore sal worde, soo 'n invloed op die geschiedenis van die wereld sal he, als ons ver ons nou gen denkbeeld van kan vorm nie. En misskien word die toekoms, van onse liewe Heer, daardoor meer verhaas, dan ons nou op die ohenblik kan dink!

Die oorlog is sonder die toestemming, ons kan byna se tehen die sin en wil, van die Ryksregering begin. Daar was

maar een ambtenaar, wat soo iets kon wahe, sonder gestraf te worde, en dit was die Hooge Commissaris van Zuid Afrika, Sir Bartle Frere! Toe die poppies klaar was om te dans, toe was *die man* daar, wat die draad *moes* trek! Toe die trein geleg was, was die persoon, wat *alleen instaat was* om die lont aan brand te steek, op die juiste plek. En die poppies dans soo, dat die wereld die een skok, na die ander voel, en door die vreeslike ontploffings, wat daar gedurig plaats vind, word die hoop en verwagting, van keiserrinne, en prinse, en miljoene ander mense kinders, heeltemaal vernietigd.

Niemand het vergeet, of kan ooit vergeet, die vreeselike bloedbad by Isandula, en die 1500, wat daar in 'n paar uur ellendig vermoord is. Ons weet watter konsternatie dit in England veroorsaak het. Hoe hulle daar gevoel het, dat dit nie gaat om soo ver verwyderd te wees van Zuid Afrika, hoe hulle daarom besluit het om England en alsoo die ganse beskaafde wereld met die ganse Zuid Afrika door die Telegraaf te verbind. Hoe die Regering die saak met een in hande geneem het, en hulle sommaar dadelik 'n begin gemaak het om die kabel of draat te laat leg. Nou, was die Zulu oorlog, en die groote bloedbad daar nie, dan had dit nog jare geduur, en was dit miskien maar by praate gebly, om Zuid Afrika met Europa door die Telegraaf te verbind. Na die slag by Isandula egter was alles sommaar met eens klaar.

Die maatskappy, wat onderneem het, om die onderseese telegraaf kabel te leg, het geakkordeer, *om dit klaar te he voor die end van November!* Dus sal, als alles goed gaat, voor die end van November, die ganse Zuid Afrika, per Telegraaf, met byna ieder stad of dorp, van die ganse beskaafde wereld, in Communicatie gesteld wees. Dus die heele beskaafde wereld, door die Telegraaf aan malkander verbonde. Gebeur daar nou iets, in die een uithoek van die wereld, dan is dit net nou bekend, "aan alle geslagten, talen, volken, natien en tongen." En is dit iets wat van algemeen belang is, dan word die skok, wat ons met ontsetting vervul, met eens net soo 'n blits, oor die heele wereld gevoeld. Dan eers, sal die woorde van onse Heer, ten volle vervuld kan worde. Dat "het hart van de menschen kinderen beswyken zal van vrees en verwachting, der dingen die het aardryk overkomen zullen!" Ons moet die verbinding, van die ganse beskaafde wereld, door die Telegraaf, wat van jaar, zoo die Heer wil, syn voltooiing sal kry, nie gering ag nie. In tegendeel, moet ons dit beskou as 'n regte gewigtige "teeken des tyd" *En dit is een van die gevolge van die Zulu oorlog!* Ons mag dit mis he, maar ons kan dit nie help nie, om te vermoede, dat net soos die Telegraaf klaar is, die gewigtige dinge sal *begin* te gebeur, en dat dan die dinge, waarvan Christus gespreek het, sal *begin* om te geskiede. Die voltooiing van die telegraaf is (miskien) "die *begin* van die einde"! Die Heer gaat die laaste dinge doen, in die tehenwoordigheid

van *al* die volkeren, en dit kan nie geskiedde, sonder dat *al* die volkeren door die telegraaf, aan malkander verbonde is. Ook gaat die Heere, 'n werk werken, en dit regte spoedig, wat die oore van alle mense kinders "*sal doen tintelen*," En dit kan nie gebeur nie dan door die telegraaf. Alsoo beskouwd, word die Zulu oorlog, wat soo ligvaardig begin is, 'n regte gewigtige gebeurtenis, en ons sal eer ons veel ouwer is, die gewig daarvan duidelyker insien.

Dan is daar iets anders waarop ons moet let, en wat in verband staat met die Sulu oorlog; en dis *die dood van PRINS NAPOLEON* (die *laaste hoop* van die Bonapartistise party in Frankryk). Hy was maar kort in Afrika. Die 26 Maart is hy in die Kaapstad aangekom, die 1 Juny is hy in Sulu land van almal wat by hem was verlaten ellendig door die Sulus vermoord. Dus was hy maar *nege weke en vier dage* in Zuid Afrika!! en veel minder in Zulu land. Hy is gestorwe op Pingsterdag, die *dag* toe die ganse Christendom, op die knieë was, om die uitstorting van die Heilige Gees, en om die verhaasting van die dag, wanneer die Heere op die wolke van die hemel zal kom, en die Vrederyk gestig sal worde! Misskien is dit nou maar *toevallig*, dat die laaste van die Napoleons soo nootlottig aan syn einde moes kom. *Juis op Pingsterdag*, juis tehen die einde van die tien dae des gebeds van Hemelvaart af. MAAR MISSKIEN IS DIT NIE TOEVALLIG NIE!! Ons weet dat die *dag* en die *uur* en die *plaas*, waar 'n ieder mens moet gebore worde, en *sterwe*, bepaald is. En veral is die sterfdag bepaald van iemand van sooveel beteekenis ver die wereld als die Keiserlike Prins. Ons sal binne kort sien, van watter beteekenis ver die wereld geskiedenis, die gebeurtenis is, en misskien duidelik verstaan dat dit *nie* toevallig was, dat die Prins juis moes sterwe, tehen die einde van die tien Pingster biddahe, van 1879, die gehou is oor die heele wereld, en wel onder omstandighede en met 'n erns soo als nooit van te vore.

Dis opmerkelyk, dat die selfde gebeurtenis, (die moord te Isandula) wat die oorsaak is, om die ganse beskaafde wereld, door die telegraaf aan malkander te verbinde, juis die oorsaak was, om die Prins naar Afrika te bring om syn dood te vinde. *Op die selfde ohenblik, toen die Ryksregering in onderhandeling was met die Maatskappy, om die ganse wereld, aan malkaar door die telegraaf draad te snoer, was die Prins in onderhandeling met die Ryksregering, om als vrywilliger naar Afrika te kom, om soo als hy seker nooit verwag het nie, 'n end aan die hoop van die Bonapartiste te maak.*

Dan juis in dieselfde tyd, (en dis 'n ander saak waarop ons die aandag wil vestig) juis in dieselfde tyd, het dit *onverwags* aan die wereld openbaar geword dat *die krag van Rusland HEELTEMAAL GEBROKE IS!!* En neem die sake daar soo toe, soos alles ons rede ge om te verwag, dan is Rusland binnen kort buite geveg, en sal die Regering daar die hande soo vol he, met

hulle eihe sake, dat hulle ver hulle ver jare lank nie sal kan inlaat, met die politiek van Europa!—Miskien spat die Duitse keiseryk ook binnen kort uit malkaar. Die grootste deel daarvan, was nets Rusland, gen deel van die ouhe Romeinse Keiserryk gewees. Net soo als die Russe, die groote oorsaak was, om die krag van die eerste Franse Keiserryk te breek, soo is die Duitsers die middel gewees om die tweede Franse keiserryk te verpleter. Die Duitse Keiserryk word (onder God,) net door die *genie* van Prins Bismark, aan malkaar gehou. Sterf hy, dan weet ons nie wat kan gebeur nie. Hy self is van opinie, dat daar gen man is, om hem optevolg! En nog die ander dag, het hy geseg, dat *die groote staande leger nog VYFTIG JAAR op die been moet gehou worde, om die Duitse Keiserryk te consolideer!* Daar is gen lewens, gen groeikrag in die Keiserryk. Ne! dis met moeite byeengebrag. Tusse bloed en yster en oorlogsvlamme is dit gebore, en nou moet die Duitsers alle moeite neem, alles opoffer, vreeslike belasting betaal, hulle vrouwe en dogters als slawe laat werk, self soldaatjie speul om dit aan malkaar te hou! Tot wanner? Totdat God seg. “**IK HET DIE DUITSE KEISER-
RYK NIE MEER NOODIG NIE!**” En dit kan nog van jaar gebeur. En dan? dan spat die Duitse keiserryk uiteen.

Hulle het al lank die algemeene, *die laaste oorlog* verwag. Iederkeer als daar 'n oorlog in Europa uitbreek, het almal gevrees, dat die oorlog algemeen kan worde. Ons weet nog watter voorsorg die Nasies, met die laaste twee oorlohe geneem het, en hoe by die laaste oorlog, die stryd amper algemeen is geworde. Maar 'n onsigbare hand het dit tehe gehou, omdat die tyd nog nie vol, omdat alles nog nie voorbereid was nie! Nou is daar altoos baing uitlehers, van die profesie van die Bybel, wat gemeen het dat die “Kolosus (?) van Het Noorden” (Rusland), die Ryk sou wees, wat eenmaal oor al die volkren sou heers, met die antichrist aan die hoofd. Dan is daar weer ander wat gemeen het, dat Frankryk die heerschappy oor alle naties sou kry, met 'n Bonaparte, als antichrist aan die hoofd. Weer andere is van gevoele, dat in die algemeene oorlog wat aanstaande is, en wat eenig dag kan uitbreek, twee dinge sal gebeur. *Eers* sal die Romeinse Keiserryk hersteld worde, en tien Koninkryke, (die tien “teenen” van die Beeld van Nebucadnezar. (Dan 2) en die tien hoorns van Daniel 7, en van Openbaring 13 en 17). *Tweede*: sal die Jode in hulle land terug gaan en daar 'n koninkryk worde (die kleine hooring van die Bees) “*verscheiden van,*” **HEELTEMAL ANDERS** als, die ander hoorings, of koninkryke (Dan. 7:24) en wel met die antichrist of anti (valse) Messias, aan die Hoofd. Die kleine hooring, of Joodse koning, sal tussen die ander tien kom, en drie daarvan neerwerp (Dan. 7:8,24,25) en als die *agste koning* staan tussen die sewe wat oorbly. (Openb. 17:11). Vergelyk Openb. 17:12,13,17.

Rusland het die nek van Turkye, in die laaste oorlog gebreek, maar het ver sigselwe skrikkelik benadeeld. Soo lank die

oorlog geduur het, was die *Regeering met die Keiser van huis*, en die wat in Rusland gebly het, om die sake reg te hou, het soo veel met die buitenlandse sake te doen gehad, dat hulle nooit gesien het wat in hulle eihe land gebeur. Soo had die *Nihiliste* die kans, om die ganse Russise Keiserryk te ondermyn, en syn lewenskrag te bederwe! Rusland het nou syn hande vol, en staat spoedig opsy, en sal niks meer te segge he, totdat aan die end, van die heerskappy van die *Antimessias*, hy met syn jeugd, vernieuwd als die van 'n arend, met die ander volken van "Het Noorden" op Jerusalem sal aanstorm, om daar vreeslik vernietig te worde. Rusland sal dus niks te doen he, met die ryk waaroor die antimessias koning sal wees. En dit wordt sommaar nou meteen onverwags aan almal, wat daarop wil let, duidelik, en juis terwyl die aandag van die heele wereld, naar die gewigtige Sulu oorlog word getrokke. Die Sulu oorlog, het ons geseg, is die middel, om die ganse wereld in verbintenis te stel door die telegraaf, en om die *eenigste* man wat in Frankryk 'n Keiserryk kon stig, naar Afrika te lok, om daar te sterwe. En terwyl dit gebeur, gaat die son van Rusland ver 'n tyd agter die wolke, om dan daarna 'n ohenblik te skyn, en dan in eeuwige nag en duisternis, voor altoos onder te gaan.

Omdat England die algemeene oorlog, wat elke dag in Europa kan uitbreek, *seker verwag*, en hulle in soo 'n geval die weg, by die Kaap om, naar 't Oosten ope wil hou daarom wil die Ryksregering, 'n Confederatie van al die kolonies en state in Zuid Afrika onder die Britse vlag. Daarom ook, het hulle Mr. Froude, 'n tyd gelede, uitgestuur, om ons land door tereis, om ooral die pols te voel. Toe hulle sag, dat die vlieher, nie wou opgaan nie, het hulle ver Sir Bartle Frere hiernatoe, als Gouverneur gestuur, om Confederatie *deur te dryf!* Syn Excellensie het eers 'n bietje rondgekyk, om te sien watter persooone, hy rondom hem had, en toe die eerste die beste kans gebruik, om die *lastige Molteno Ministerie*, wat soo tehen Confederasie was aftesit, en 'n Ministerie naar syn eihe smaak aantestel. Manne wat almal naar syn pypies dans, en wat almal Amen se, als Groot Baas spreek. Maar nou was die groote moeilikheid. Die Kaap Kolonie, wou nie hoor nie, van 'n Confederasie met Natal. Waarom nie? Omdat *ten eerste* die magtige Sulu nasie op die grense van Natal woon, en is daar Confederatie, en kom daar 'n oorlog, ons dan almal uit die Kaap Kolonie, in Sululand sal moet gaan om te veg, en nog boveop moet help om die koste te draag. Dan *ten tweede*: Kan die inkomste van Natal, die uitgawe nie dek nie, omdat die Kolonie te klein is: Ook is daar 'n groote skuld.

Om die rede gaat Sir Bartle Frere naar Natal, en nadat hy *dag* dat hy alles in die beste orde had, om te segepraal, begin hy die oorlog met die Sulus. Soo happig is hy om met die saak te begin, dat hy nie eens wag op permissie van die Ryksregering. Hy wil, laat dit kos wat dit wil, Confederatie he. Die

mag van die Sulus, staat Confederatie in die pad, daarom moet die mag gebroke worde. Natal is te klein, daarom moet, nes die Transvaal, 'n stuk van Sululand gejump (*Engels: geannexeer*) worde, en die opbrings op recognitie ens., daarvan gaan om die skuld, of ten minste die rente van die skuld van Natal te betaal!!!! Die oorlog selwers sou maar 'n piekniek wees. Langs die vier wehe wat naar *Ketswaai* syn kraal gaan, moes die soldate trek. Dit was nie noodig nie om die ou Boer manier te volg, van lahers te trek, of van lahers te verskans nie. Die Sulus het mos respek ver die Engelsman! Ook was dit nie nou domme (?) lafhartige (?) Boere nie, met hobbejaanboutte, maar Engelse met *agterlaaiers*, en VUURPYLE en DINAMIET ens., wat nou ver die Sulus gaat peeper; Ketswaai sou dit nou maar smoor he! Hulle sou hem afsit, syn volk ontwapen, die Sulus ver altyd magteloos maak en die ongeluk weet wat nog meer!..... Nou ons weet wat gebeur is en ons voel regte treurig daaroor, en wie is daar wat nie soo voel nie?

Maar laat ons verder gaan, die oorlog wat die Confederasie moes bewerk, waardoor Zuid Afrika instaat kon gesteld worde, om ver England die weg om die Kaap naar "Het Oosten" opetehou, wanneer in die aanstaande algemeene oorlog, die kanaal van Sues, misskien *door die siuke van een skip*, nutteloos is geworde. Die selfde oorlog het Confederasie *skynbaar* onmogelik gemaak; maar het, sonder dat een dit kon verwag, *door een treurspel*, die slagting by Isandula, die Britse Regering (aan die Hoofd waarvan 'n Jood staan) genoodsaak om die laaste onderseese telegraaf kabel te laat leg, waardoor die ganse wereld door die telegraaf vereenigd word. En door 'n ander, amper vreeseliker treurspel, die dood van Prins Napoleon, die son van die Franse Keiseryk in eeuwigte nag laat ondergaan. Dus het Sir Bartle Frere in plaats van uit vrees voor 'n algemeene oorlog Confederasie te bewerk, slegs die oorlog voorbereid. Ja die algemeene oorlog misskien verhaas te midden van welke bage weeën "die antichrist of antimessias openbaar sal worde. En juis terwyl die dinge in Sululand gebeur, begin die son van Rusland onverwags te verbleek, en gaat dit nie heeltemaal extra met, *Das Deutsche Keiserryk!*

Let nou op iets anders. Sir Bartle Frere, die Hooge Commissaris, onse Gouverneur, het die oorlog begin, sonder permissie van die Ryksregering. En die heele Engeland is verontwaardig daaroor. En waarom straf hulle hem nie? waarom sit hulle hem nie af nie. *Waarom nie?* Eenvoudig omdat iemand ver hem die hand op die hoof hou!!! En wie is die iemand? 'n Jood! soo eg, soo opreg, soo met hart en siel 'n jood, als 'n jood maar ooit kan wees, hoewel hy sig 'n Christen noem. Hy is nimand anders als die hoofminister van England, Lord Beaconsfield die invloedrykste man in die wereld. Hy 'n Jood hou die hand op die hoof van hem, die die oorsaak is van die

allergewigtigste Sulu oorlog, en van al syn gevolge, en hy sal syn hand op syn hoof hou, soo lank als hy 'n meerderheid, in die Britse Parlement het.

Die aanstaande algemeene koning of keiser (die antichrist) kan dus nie uit Frankryk kom nie, want die hoop van die Franse Keiserryk, is door die dood van Prins Napoleon, in rook en damp vergaan. Ook kan hy nie uit Rusland kom nie, *want dit word nou winter daar*, en spoedig sal die Russise Beer 'n holle boom moet opsoek, om soo lank as die kouhe storme van die winter duur, met syn poote in syn muil, syn winterslaap te slaap! Uit die Pausdom kan die antichrist ook nie kom nie, want nou die jnge Napoleon dood is, het die Paus minder kans dan ooit, om syn wereldlyke mag 'terug te kry. Die ander Mohenhede in Europa, is *yster verming met modderig leem!* Hulle regeerders en staatsmanne sit met die hande in die hare, sonder te weet hoe die sake reg te kry, en in plaas van beter word die toestand van sake al erher.

Nou is daar een volk wat ooral is verspreid, wat alle tale spreek, wat door al hulle verdrukking vastheid van karakter het gekry, soodat hulle ooral uitmunt, en waar hulle, hulle ondermengs gees in werking sit, alle ander naties oortref. Die volk is die Jode. Hulle is nou nie meer "ter aanfluiting" nie, hulle is nie langer 'n spreekwoord nie ens. Die volkeren weet nou om ver hulle te-ag, en te eerbiedig, en na die oohe te kyk. Die Hoof minister van England is 'n Jood. Van die invloedrykste manne in die wereld is Joode. Die man by wie Rusland, en ander mohenhede, met die hoed in die hand moet gaan staan, als hulle miljoene van ponde noodig het om te leen, is 'n Jood. Mr. Rotskild. Die ouhe Rotskild, (en dis opmerkelyk) het juis syn fortuin gemaak met geld aan hem toevertrouwd, door 'n vorst, wat van syn land moes vlug, gedurende die oorlohe van die eerste keiser van Frankryk, die ouhe Bonaparte. En hoewel daar twee magtige Franse Keiserryke gewees is en gevalle, en alle hoop ver 'n derde nou ver altyd is vergaan, staat die huis van die Rotskilds (die Joode) vaster dan ooit, en beheers hulle die geldsake van die ganse Europa. Ja selfs het hulle een eerste verband op die heele Palestina en Syrië Keiserryke is op gekom, en geval, die groote staatkundige omwentelings het plaats gevind, onder die naties van die wereld; maar hulle, en die ander Jode met hulle, het stadigaan opgekom, en kom nou met geweld ooral in aansien. Ons siet nou al 'n horing **HEELTEMAAL ANDERS**, als die ander hoorings (Dan. 7:24) tusse die koninkryke van Europa opkom, en die vertehenwoordigers van die "*bisonder*" horing of volk, begin al baing te segge te he in die Regering van Europa, soo als Lord Beaconsfield, en die Rotskilds en ander invloedryke Jode. Die ander nasies is *afgeleef*, siet maar voor hulle (soo hulle reg wil kyk) 'n sware donkere toekoms! Maar die toekoms van die Jood, is vol van lig,

en van heerlijkheid en van lewe. God het in die laaste dahe, weer rehen op "syne erfenis" gege. Hy het syn wynstok en vyheboom besog. Hy het die winter beveel om voorby te gaan, en nou begin die tak van die vyheboom teer te word, en te bot, en knoppies te ge. Israel begin als volk weer op te leef, en syn jeug te vernieuw als 'n arend. Spoedig is hy in syn land terug, VERWAGTENDE SYN MESSIAS, en dan?.....

Is dit nou langer noodig om te vra, uit watter volk of natie die Antichrist, alias anti of valse Messias sal kom, of *alleen kan kom*? Die *algemeene koning*, of *keiser*, die *Mens der Sonde*, "welke" die Heere Jesus die WARE MESSIAS en KONING VAN DIE JOODE, *verdoen of verteer* zal, door den Geest zyns monds, en te niet maken door de *verschyning Zyner toekomst* (II Thes. 2:8 vergel. Jes. 11:4).?!!

Cefas.

[Patriot, 4 Julie 1879].

HOOFSTUK IX.

WAT DIE SONDE IS?

Ons gaat nou trag om ons lesers duidelik te maak wat die *sonde* is. Mar vooraf wil ons ver julle seh, dat julle ver julle nie moet steur nie, aan die mense wat gen godsdienstige stukke in die *Patriot* wil he. Is hulle wedergebore mense, dan moet hulle verstaan, dat dit onse roeping is, om die woord *tydig* en *ontydig* te predik! In ander lande kom daar 'n godsdienstige stuk in baing van die week,—en in sommige van die dagblaaije voor; en die stukke stig regte veul nut. Dan is dit oek goed, om ver die mense wat so ver van die kerk af woon, in *een* blad, voedsel ver die verstand (wereldse nuws ens.), sowel als voedsel ver die onsterflike siel (godsdienstige stukke) te ge. Paulus is bly al word die *Woord*, oek door wie verkondig (Filip. 1:18), of op welke wyse oek, en kan een van Gods kinders dan kwaad wees, as die Evangeliewoord oek door die *Patriot* word gepreek? Mar as die mense wat sulke stukke in die *Patriot* nie wil he, nog nie wederomgebore is nie, dan het hulle niks met ons te doen, en is hulle nie in staat om oor godsdienstige sake te oordeel, voor *dat hulle ver hulle eers bekeer*. Ons moet ons dus nie aan hulle steur nie, maar onse koers gaan, als of hulle daar nie is nie, en als of hulle gen aanmerkings maak. Hulle het nog gen oohe om te sien, of *verligte* verstande (Ef. 1:17, 18) om te oordeel, wat goed en wat nie goed is nie in godsdienstige sake, en daarom kan hulle voordat hulle wedergebore is, nie met ons meëpraat nie! Ons dank Br. Fisher en Swanepoel, en ander vriende reg hartelik, ver hulle briewe, oek dank ons God dat onse eenvoudige stukke, door Hem word gebruik om nut te stig.. Dit ge ons moed om vort te gaan.

Ons gaat nou van dag handel oor

DIE SONDE.

Dis heeltemal noodzakelik ver 'n ieder mens om *duidelik te verstaan* wat die sonde is, en om naauwkeurig te weet, hoe ontsettend skrikkelik dit is om *sonde te he*, om 'n *sondaar te wees*! Dit is die eerste les wat 'n sondaar moet leer, voordat hy salig worde kan. *Hy moet weet, dat hy 'n sondaar is, en dat die sonde nie 'n ligte saak maar 'n groot iets is, alsook dat hy, omdat hy sigselwe nie kan verlos van die sonde, ellendig is, Ja dat syn ellende groot is.* Miljoene in die wereld het die les nog nooit geleer, en dis te vreese dat daar tien duisende in onse *Nederduitse Gereformeerde en Gereformeerde Kerke* is, wat ver hulle self by ondervinding nog nie ken nie, als sondig en ellendig en verdoemelik voor God. O leser! hoe gaat dit met jou! Ken jy al ver jou als 'n groote sondaar, wat ellendig en verlore is? Jy moet ver jou nie bedrieg nie. Daar is tienduiseende in ons land wat ver hulle vly met 'n valse hoop. Hulle vertrouw op hulle kerk gaan, op hulle fatsoenlikheid, op al die avondmale wat hulle gevier het, op die klompe skape en hoope geld ens., ens., wat hulle aan die kerk gegee het. Maar hulle vergeet wat Koning David in Psalm 51 vers 18, 19, tot God seg: "Gy hebt geen lust tot offerande, anders zou ik ze geven; in brandofferen hebt gy geen behagen. De offeranden Gods zyn een gebroken geest—(gebroke oor die sonde)—een gebroken en verslagen hart zult Gy, O God! niet verachten." Leser! was jou gees al gebroke, was jou hart al *verslahe oor jou sonde*. Is jou antwoord *nee*? dan raai ons jou an met aandag, en met 'n biddende hart te lees, wat ons van dag in die *Patriot* skryf!

En ons wil sommar ver jou van die begin af daarop opmerkzaam maak, dat jy nou ver jou by jou selwers moet bepaal, en by jon eihe sonde. Jy het nix met ander mense, en met hulle sonde te doen. As jy eers reg is, dan kan jy ver jou beywer, om met Gods sehen ook ander mense reg te maak. Soolang als dit nie soo is nie, sou ons jou raai om met jou selwers, en met jou selwers alleen, te doen te he. Als ieder sondaar dit wou doen, dan kan met die hulp van God, die ganse wereld voor van awend bekeerd wees.

Laat ons nou sien wat die sonde is. Die sonde is 'n **DOODELIK VERGIF**, vergif van die "oude slang," wat in die siel in gedring is. En net soo als die gif van 'n slang, die ligchaam van 'n mens doodmaak, net soo word die siel, door die vergif van die sonde, 'n prooi gemaak van die eeuwige dood. Wanneer 'n slang 'n mens byt, dan gaat syn gif, in die bloed van die mene' en bederf dit. Die gif van die slang, ontbind die bloed, en laat dit iets anders worde dan bloed, en omdat die liggaam van 'n mens, nie gesond kan bly nie, als die bloed nie suiwer is nie, en doodgaat als dit heeltemal onsuiver word, daarom sterf iemand wanneer 'n giftige slang hom byt. Nix kan hom red nie, geen dokter kan

hom gesond maak nie, of daar moet 'n tehegig gevonde worde, om die vergif uit te dryf. Word daar nie soo iets gevonde, dan is hy 'n "kind des doods," en kan niemand syn lewe red nie. En die vergif van die sonde is veul erher, als die gif van 'n slang, Die laaste dood die liggaam alleen maar die sonde verwoes *ver* *ewwig*, beide die liggaam en die siel.

Nou dit is wat in jou siel ingedring is, onbekeerde, onboetvaardige sondaar! *Die vergif van die sonde* en dit is besig om die lewenssappe daarvan te verwoes, en alles ver ewwig daarin te bederwe. Als dit soo vortgaat, en als daar nix gevonde word om dit uit jou siel uit te drywe gaat jy ver ewwig verlore. Dis mar 'n kwessie van tyd, en als jy nie uit die toestand verlos word, sal jy so seker die ewwige dood sterwe, en in die ewwige verdoemenis kom, als dat ik nou met die pen in die hand hier zit, en jy oor 'n week of soo, wat ons nou skrywe, in die *Patriot* sal lees. Nou wat die aakligste is, is dit: jy kan jou self nie red nie, en ik al wil ik, kan dit ook nie doen nie, ook is gen mens, ne selfs nie 'n engel in die hemel, daartoe instaat! Jy is 'n sondaar en jy moet sterwe. Jy is van die ouhe slang gebyt en moet ellendig omkom. Daar is ver jou gen uitkoms, jy is 'n kind des doods. Als jy ooit gered moet worde, dan kan God alleen dit doen. So diep is jy gevalle, en soo ontsettend aaklig is die sonde, en is dit om 'n sondaar te wees, dat slegs die almag, en die groote genade, van die God van hemel en aarde, ver jou kan verlos. Sondaar, het jy nog nooit gebeef by die gesig van jou sonde, of gesidder by die gedachte aan die hel en die ewwige verdoemenis? Beef dan van dag, sidder dan van dag! !

"Ja maar" seg jy "*Cefas* maak die sake al te erg!" Erg? Ik maak dit nog nie erg genoeg. Ik sal nooit in staat wees om dit erg genoeg voor te stel. Geen pen kan beskrywe, geen menselyke taal kan ten volle uitdruk, geen menselyke beelde kan heeltemal duidelik maak, wat die sonde is, en wat dit is om 'n sondaar te wees! "Ja maar" seg 'n ander "ik is nie so 'n groote sondaar, daar is baing wat nie so sleg is nie, jy skeer ons almal oor een kamp, en dis nie reg nie, want daar is 'n onderscheid" Pas op leser! moet ons nie verkeerd verstaan nie, die saak is baing gewigtiger dan jy denk. Ons het nie gepraat nie van *groote* of van *kleine* sondaars. Ons het gepraat van *die sonde* en **WAT DIT BETEKEN OM SONDE TE HE, EN VAN 'N SONDAAR** (al is hy hoe respektabel ook), en **WAT DIT BETEKEN OM 'N SONDAAR TE WEES!** Ons weet dat sommige mense meer sonde en gruwelyker sonde gedaan het als ander mense, en dat daar 'n onderscheid is in die *grootheid* en in die *getal* van sonde waaraan die een of ander mens ver hom skuldig gemaak het. Maar dit neem nie weg nie dat almal gesondig het, en dat hulle soo waaragtig als God 1 ef, soo hulle ver hulle nie bekeer, sonder onderscheid sal verlore gaan. Hoeveel gif van 'n slang is nodig om die gesondste, en sterkste man binne 'n paar ure te laat sterwe? *Een druppel*, en misskien *minder* als 'n druppel! dit het in die woestyn met die

vurige slange, daar nie op aan gekom nie, hoeveel slange 'n man gebyt had, of hoeveel keer hy gebyt was. Die mens wat maar van èen slang gebyt was, was net soo goed 'n kind des doods als die wat van vyftig gebyt was. Die getal slange, of die getal byte, het niks aan die saak verander. Soo lang als daar gen middel was, om die gif uit hulle aare uit te dryf nie, was die toestand van die man wat een byt had en die toestand van die man wat baing byte had, net dieselfde. Die een was eweseer 'n kind des doods als die ander. Nou sondaar dit kom nie daarop aan nie, of jy een sonde, of baing sonde gedaan het, en of jon sonde gruwelik is, of minder gruwelik. Jy is 'n sondaar, en jy het gesondig, en daarin leg jou gevaar, Die siel wat sondig, seg God, sal die dood sterwe. Net EEN sonde en die sondaar is verloore. Net EEN byt van die ouhe slang, en die siel word verwoes. En waar is daar iemand wat kan seg dat hy maar een sonde gedaan het. Ne! 'n ieder moet met David se in Psalm 40 vers 13, dat syn sonde meer is als die hare van syn hoof. Kleine en groote sonde, opsettlike en minder opsettlike sonde, sonde wat hy al lang vergeet het, en ander waarvan niemand iets weet dan hy en syn God alleen. Gruwelike sonde wat hy nie aan syn beste vriend sou vertel nie, en die hy voor gen geld ver 'n ander sou wil laat hoor. Al die sonde is, als soo vele druppels doodelik vergif in syn'siel en is besig van syn lewenssappe van syn onsterflike gees te besoedel en te verderf.

O sondaar hoe verskriklik is jou toestand? hoe aaklig is dit om 'n sondaar te wees? Een sonde verderf, verwoes, verdoem die siel, en hoe sal dit gaan met al jou sonde? Waar sal jy beland in die oordeelsdag? Wat sal van jou worde? Ons kan jou die antwoord ge. Als jy ver jou nie bekeer nie, en die sonde lat bly en jou aan die Here Jesus ge, en wedergebore word, sal jy met al die verdoemde in die dag uitroep: "Bergen valt op ons, en heuvelen bedekt ons van het aangezicht van Hem, die op de troon sit, en van de toorn des Lams, want de groote dag zyns toorns is gekomen, en wie kan bestaan?" (Openb. 6:15—17). Julle spot missskien van dag met bidure, maar als julle jul nie bekeer sal julle an die vreeselyk biduur moet deelneem, met de koningen der aarde, en de grooten, en de ryken, en de oversten over duisend, en de magtigen, en alle dienstknechten, en alle vryen. Maar die gebed sal nie verhoord worde, en julle sal almal ellendig vergaan. Daarom bekeer jou, bekeer jou O sondaar! en moet nie in jou sonde bly nie.. *Dink aan die eeuwigte VERDOEMENIS.*

Ons sal in die ander stukke voortgaan om onse lesers duidelyk te maak wat die sonde is, on dan sal ons sien, dat die sonde is, 'n *geestelyke melaatsheid* of *lazarussiekte!* 'n *kanker van die siel!* 'n *vuur uit die hel wut in die siel brand!* O leser gaat tog met jou selwers getrou om en bedrieg tog ver jou.

CEFAS.

[Patriot, 12 Des. 1879].

EVANGELI IN DI VOLKSTAAL.

1.

"En nu, broeders! indien ik tot u kwam, en sprak vreemde talen, wat nuttigheid zou ik u doen?" 1 Cor. 14:6.

"Een legelik hoorde hen in zijne eigene taal spreken." Hand. 2:6.

WAT ONS REG GEEF OP ONS GETUIGENIS, 'N SEGEN TE VERWAG?

"Al wat mij de Vader geeft zal tot mij komen!" Joh. 6:37(a).

Ons begin met onse godsdienstige stukke, met grote vrymoedigheid. Ons verwag *seker*, dat di volk van God weer opgebou sal worde in di allerheiligste geloof, en dat daar weer sondaars tot bekeering sal kom net so as vyf jare gelede. Vraag imand ons, of ons di gelowige kan opbou, en of ons di sondaars kan bekeer? Dan antwoord ons dadelik né, en nog 'n keer né! Ons kan so iets ni doen ni. Ons mag vir ons boeglam skrywe, en al di papier, en penne, en ink in ons land opgebruik, en ons sal niks uitrig ni. Al sou ons so veel boeke skrywe, dat hulle op malkander gestawel, tot an di hemel reik, ons sal daardeur, gen sondaar kan bekeer ni, of di hart van een gelowige er toe bring, om voller te worde, van di genade van onse Here Jesus Christus! Sonder di segen van God, en di vrymagtige algenoegsame genade, wat Hy in Christus tot verlossing van di sondaar openbaar, bly al onse woorde, net woorde en niks anders as woorde, en al di boeke wat di mens ooit mag skrywe, net boeke en niks anders as boeke! Mar as di segen van God daarop rus, dan kan di geringste woord 'n indruk vir di ewigheid te weeg bring, en di onansienlikste boeki, di middel in di hand van God wees, om duisende van siele te bekeer, en duisende andere in di geloof te bevestig.

Ons sal dus voortgaan met onse getuigenis, en di bekeering van di sondaar, en di opbouwing van Gods volk verwag; ni omdat ons, as uit ons selwers, iets kan uitrig ni, maar omdat di selfde Here Jesus, wat ons di bevel gege het, om di Evangeli te predik "*aan alle creaturen*," ook geseg het: "al wat mij de Vader geeft zal tot mij komen!" Di woord van Jesus, is di bron van onse krag, is di grond, waarop ons met alle vrymoedigheid onse verwagting bou. Almal wat di Vader an Christus gege het, sal kom, daar sal gen klou agter bly ni. Daar sal in di jongste dag, gen een van di uitverkorene gemis worde. Hulle sal almal daar wees—almal, tot di laaste een toe! Di Evangeli word verkondig om hulle *in te bring*, en as hulle di blyde boodskap hoor, dan kom hulle, en daar bly nimand agter ni; want di Heilige Gees, *laat ver* hulle, di een na di ander kom, totdat eenmaal almal binne, en di Vaderhuis vol is!

As di sondaar self ver hom moet bekeer, dan sou daar nimand reg kom ni, dan sou ons in moedeloosheid di pen neerlê, en

nooit meer dit waag 'n letter te skrywe ni, en nooit meer di moed hê 'n preek te preek ni. Maar ons weet dat God dit doet, deur Syn "Woord en Geest." Hy seg: "Mijn Woord dat uit mijnen mond uitgaat, zal niet ledig tot Mij wederkeeren; maar het zal doen hetgeen mij behaagt, en het zal spoedig zijn in hetgeen, waartoe Ik het zende!" En dit is vir ons gunoeg. Ons weet, dat, wat vir "Hem behaagt," niks anders is, as bekeering van sondaars, en bi opbouwing van Syn volk, en dat dit daarvoor is, dat God Syn Woord laat verkondig, en dit "uitsendt." Ons weet dus dat daar sondaars *sal* hoor, en dat daar oral onbekeerde, ja selfs goddelose is, wat vir hulle deur Gods genade *sal* bekeer!

Di woorde: "Al wat my de Vader geeft zal tot my komen!" was ver Christus 'n bron van krag en van troos, en het vir Hom moed gege, met Syn moeilik werk vort te gaan, en daarmee te volharde tot an di einde. Hy wis dat Syn vyande niks kon doen ni, dat hulle di ewige raadsbesluite van Syn Vader ni kon keer ni, dat hulle dit vir gen een sondaar, wat deur di Vader an Hom gege was, onmogelik kon maak, om uit di doodslaap van di sonde optestaan, en deur di geloof in Syn Naam, in besit van di ewige lewe te kom. Hoewel di Jode vir Hom tegestaan, ver Hom in Syn werk belemmer, vir Hom alle struikelblokke in di weg leg, en doen wat hulle kan om di skare oer te haal om in Hom ni te gloo ni, is Hy heeltemal gerus. Vol van verwagting gaat Hy met Syn werk vort. As imand wat seker is van syn saak, steur Hy vir Hom ni an wat Syn vyande dink, of seg of doet. Al wat Hij vir hulle seg is: "julle kan doen wat julle wil, en yer my tegestaan so veel as julle lus het. Dit staan vir julle vry, my te belaster, en selfs te sê dat ik deur Beëlsebul, di duiwels uitwerp, mar julle kan nix uitrig ni; want "al wat my de Vader geeft *zal* tot my komen; "al doen julle en seg julle ook wat!" Hy wis, net so min as hulle kon verhinder, dat di son bowe di berge *sal* opgaan, en met syn lig di aarde *sal* verlig, hulle net so min kan verhinder, dat Hy as di "Zon der Geregtigheid," in di hart van sondaars *sal* opgaan, en al di duisternis daarbinne verdrywe.

Di waarheid, wat in di woord van di Here Jesus begrepe is, het oek ver di apostels moed gege, om van di Heiland te getuig. Hulle wis dat hulle arbeid ni te vergeefs sou wees, en dat hulle di Evangeli ni vrugteloos sou verkondig. Di Here had geseg: "En zoo wanneer ik van de aarde zal verhoogd zyn, zal ik hen allen tot my trekken!" Christus het, seg Johannes, hier gespreek van Syn kruisdood, en di apostels het oral waar hulle di Evangeli verkondig en di banier van di kruis omhoog hef, *dadelik* verwag, dat di uitverkorene van alle kante sou toestroom, om by di kruis neer te kniel, en met di bloed des kruises, gewasse te worde van al hulle sonde. En hulle is ni teleurgestel ni. Hele skare van sondaars is gered geworde, en belangrike gemeentes is oral ontstaan, in di belangrikste middelpunte van di Heidense beskawing, en dit ten spyte van di mag

van di Heidendom, en di skandelijke tegenstand en vyandskap, van hope van goddelose Jode! Ja di apostels *wis* dat di Evangelie ni gepreek kon worde sonder 'n segen, en daarom was hulle ni verwonderd ni, toen duisende en tienduisende, di woord aanneem, en by di getal gevoeg werd wat salig sal worde! Di Kortbegrip seg: dat di Heer Syn gemeente, Syn onsigbare Kerk vergader, daar waar di woord reg gepreek word. So was dit in di dage van di apostels. Hulle het net nodig gehad om di Evangelie reg te preek, en dan was daar voor di aand meesal 'n gemeente! So is dit nou nog. Di ou Evangelie is nog diselfde, di woord van God is nog vrugbaar. Hy wil net in di geloof gepreek wees, dan draag hy vrug. Hy wil net gehoord worde, om siele te redde en sondaars uit di duisternis oer te bring tot "Gods wonderbaar licht."

Maar di woord van di Heiland: "Al wat my de Vader geeft zal tot my komen!" is nou nog 'n bron van krag, ver 'n ieder wat geroepe word om di Evangelie te verkondig. Of di man di woord spreek, dan of hy dit skrywe; hy weet dat di Here Jesus hem reg ge om te verwag, dat *di liefde van God ni teleurgestel kan worde ni!* God het Syn volk lief, met 'n ewige liefde, en voor di "tyden der eeuwen" het hy hulle an Christus gege. In Christus het Hy ver hulle alle geestelike segeninge toebereid. In Syn huis, waarin daar vele wonings is, het Hy ver hulle 'n plaas bestemd, van voor di grondlegging van di wereld. En dis ondenkbaar dat di ewige planne van Syn wonderbare liefde, ni almal verwesenlik sal worde. Dat di liefde haar hart op 'n sondaar sal set, om hom te redde, en dan ni in staat sal wees om dit te doen ni, of dat sy haar arm sal uitbrei, en roep: "wendt u naar my toe, en word behouden, alle gy einden der aarde!" en dat daar dan nimand sal kom ni! Di antrekkingskrag van di kruis, is di antrekkingskrag van "Gods liefde." Verkondig di liefde en sy trekt sondaars aan. Vertel wat di liefde gedaan het, en ver wi sy dit alles gedaan het, en di harte word verteder, en sondaars begin te roep om genade. Dus het ons net eenvoudig di Evangelie, van di grote "liefde Gods in Christus," te verkondig, en di liefde sal Sorge, dat di wat di Vader lief het, dit sal aanneem en gelowe.

Ook is dit onmogelik dat *di liefde van di Here Jesus te vergeefs kan wees*. Hy het gelede ver syn volk en het syn lewe opgeoffer, om an sondaars di ewige lewe te skenk. Di Vader het tot Hem geseg, dat as syn siel sig tot 'n skuld-offer gesteld sal hê, Hy saad sou sien. En di vervulling van dit is an di kruis begonne; want natuurlik het Hy 'n anvang gemaak om Syn siel tot 'n skuld-offer te stel, of daar waar almal spot en laster en twyfel, kom di moordenaar tot bekeering! Daar word ook geseg: "Door zyne kennis, zal myn knecht, de Rechtvaardige, velen regtvaardig maken, want *Hy zal hunne ongeregtigheden dragen!*" En di woord moet vervuld worde, gen jota of tittel daarvan kan ooit op di aarde val ni. Daar sal in di hemel wees

'n skaar wat nimand kan tel ni, deur di bloed van Christus gekog, uit alle geslag en taal en nasi. En hulle is nog ni almal binne ni, baing van hulle, wentel vir hulle nog in di slyk van di sonde en leef nog onverskillig vort in dese goddelose wereld. Hulle word ook gevoude onder di wat onse stukke sal lees. En ons sal met alle vrymodigheid, hulle wys op di blood wat op Golgotha gestort is, ver al hulle sonde, en ver hulle Here Jesus verkondig wat Syn lewe an di kruis gege het, om hulle lewe te redde. Want ons verwag dat hulle di een na di ander sal kom, en hulle an di Heiland sal oergee, om ver hulle in Syn bloed te was van alle ongeregtigheid.

Ja sondaars ons *weet* dat di Evangelie des Kruizes "ni te vergeefs word verkondig julle *sal* ver julle bekeer. Ons *sal* ni te vergeefs getuig ni. Al is julle nou onverskillig, God sal ver julle ernstig maak. Julle sal julle sonde gevoel, julle sal julle verlore toestand inzien, julle sal begin om te roep om genade, julle sal genade ontvang! Di woord is seker "Al wat di Vader an di Heere Jesus geef, *sal* tot Hem kom." Sal jy ni kom sondaar? sal jy ni di eerste wees ni? jy is miskien 'n groote sondaar, mar daar is groote vergiffenis by di Heer jy het miskien lank uitgestel, mar dis nog ni te laat ni. Dit kan spoedig te laat wees, maar nou is dit nog ni te laat ni! Kom nou maar naar Jesus, ge jou nou aan Hem oor, wag tog ni langer ni. Mog God jou help en jou genadig wees, om syns naams wil.

CEFAS.

[Patriot, 3 Oktober 1884].

EVANGELI IN DI VOLKSTAAL.

2.

"En nu, broeders! indien ik tot u kwam, en sprak *vreemde talen*, wat nuttigheid zou i u doen?" 1 Cor. 14:6.

"Een iegelijk hoorde hen in zijne eigene taal spreken." Hand. 2:6.

KOM, WANT CHRISTUS WERP NI UIT NI!

"Die tot mij komt, zal ik geenszins uitwerpen!" Joh. 6:37.

Ons het di laaste keer gesien, wat dit was, dat di Here Jesus instaat gestel het, met syn moeitevol werk vorttegaan, tot an di einde. En waarom dit was dat di Apostels, en veral di apostel Paulus, met so veel vrymoedigheid di banier van di kruis oeral kon plant, en dan verwag, dat ganse skare van sondaars, uit alle klasse van di maatskappy sal toestroom; om by di kruis neer te kniel, en deur di bloed van di Here Jesus, gewasse te worde van al hulle sonde. Ons het oek geseg, wat dit is dat ons moed ge, di Evangelie van Jesus *rondborstig* te verkondig, en te verwag dat daar segen op sal volge, en dat deur onse getuigenis son-

daars sal bekeerd worde. Onse lesers sal vir hulle herinner, dat ons as di bron van krag genoem het, di woord van di Heiland: "Al wat mij de Vader geeft, zal tot mij komen!"

Di Heiland het di woord uitgespreek toen di Jode Hem tegestaan, in Hem ni wil gelowe ni, en hulle bes doet di skare te verhinder, om Hem as hulle lankverwagte Messias anteneem. Dit is as of Hy wil sê: "julle mag doen wat julle wil en gerus van di oggend tot di aand sukkel, om vir my in myn werk te belemmer, my alle struikelblokke in di weg te lê, en di skare teen my op te rui. Dog ek is ni bang ni, ek is heeltemal gerus, en oer niks bekommerd. "Want al wat my de Vader geeft, zal tot my komen!" Daarom sal ek met myn werk vortgaan, en al di welbehage van myn Vader volbring, al sou al di Jode in Jerusalem my tegestaan, en di ganze wereld trag om dit te verhinder!"

Maar behalwe di Jode wat tegestaan, was daar teenwoordig 'n grote skare van mense; 'n onafsienbare menigte, wat in di oge van Jesus di Alwetende, net as 'n grote menigte skape was wat gen herder het ni. Hulle dwaal in di huilende wildernis, van di wereld rond, omring van onsigbare vyande, en hulle het nimand om te sorge vir hulle siel. Daarom, terwyl Hy tot syn teenstanders seg, dat hulle met al hulle vyandskap, teen Hem en syn werk, niks kan uitrig ni, en dat di Vader sal sorge, dat hulle ni kan verhinder dat sondaars in Hem sal gelowe, spreek hy oek 'n woord tot di skare. Hy seg tot hulle: "Die tot My komt, zal Ik geenszins uitwerpen!" Al wat di Vader Hem geef, weet Hy, sal tot Hem kom; gen mens, hoe invloedryk of hoe magtig ook, kan dit verhinder, en di wat tot Hem kom. sal Hy geenssins uitwerp, i. e. *sekerlik* aanneem! Daar was onder di skare vele bekommerde mense, en di wat gevoel het dat hulle Jesus nodig had, so is daar vandag oek vele bekommerde in ons land, en sal daar meer as een soekende siel wees, onder di lesers van wat ons nou skrywe.

Kom, leser! Ons wil hê dat jy vandag, met al jou sonde tot Jesus moet kom. Di Here Jesus seg: "Die tot My komt sal ik geenszins uitwerpen!" Dit moet vir jou *moed* ge, em ni vèr te bly staan ni, maar vir jou sonder uitstel an Syn doorboorde voete te werp. Kyk as daar 'n arme man is wat gen kos het vir syn vrou en kinders, sodat di kindertjies huil om brood en daar gen brood is om vir hulle te ge ni, en seg, daar is 'n ryke man wat digteby hom woon, wat syn vrind is, en dat di ryke man an hom 'n brief of 'n boodskap stuur, en vir hom laat weet, dat as hy kom, hy 'n hamel en 'n halfmud meel kan kry. Wat sal di arme man doen? Wel, hy sal syn huis binnegaan, en syn eerste woord sal wees: "Vrou, ons het kos vir ons en ons kindertjies!" En almal in di huis sal vir hulle verbly met 'n grote blydschap. En waarom di blydschap? Het hulle al di hamel en di meel? Né, maar hulle het hulle weldoener *syn woord*, en dit is vir hulle net so goed as of hulle al di hamel en di meel in di huis het! So oek, sondaar, moes jy, as jy di woord van di Here Jesus hoor,

in blydschap uitroep: vrou, nou kan ons en al di kinders *gered* worde! want di Here Jesus seg, di wat tot Hem kom, sal Hy “geenszins” uitwerp. Kom laat ons nou almal, met al onse sonde naar Hem gaan, Hy sal ons ni uitwerp ni, maar gewisselik *aanneem!*” O: sondaar! Waarom maak jy ni so, en ge jou maar nou net soos jy is an jou Heiland oer ni?

Kyk! Om ni uitgeworpe te worde ni, moet jy naar Jesus kom! Ni tot jou goeie werke of tot ’n medemens. Nimand kan jou red, as Jesus alleen. Hy het op Golgotha Syn dierbaar bloed gestort, vir al jou sonde. En Syn naam is di enig naam, wat onder di hemel, an di mensekinders gegee is, waardeur hulle salig moet worde. Daar is gen ander weg naar di hemel as deur Hem, en wil jy daar kom, dan moet jy deur Hem daar gebrag worde. O sondaar, kom naar Jesus! Kom naar Jesus! As *Hy* jou ni salig maak dan word jy nooit salig, en as jy deur Hem ni gered word ni, sal jy ewig verlore moet gaan. Let op! Jesus, en Jesus alleen kan en moet jou redde! Is ’n man met syn vrou en kinders, byna dood van dors, in ’n woeste plek, omdat di Boesmans gif in al di waters gegooi het, dan is daar vir di man gen ander verwagting as di dood. Maar as hy nou ergens tussen di gras, ’n plek met goeie water kry, waar gen gif in is ni, dan moet hy en vrou en kinders almal naar di plek toe kom om daar te drink, want daar alleen is lewe. So oek is daar oral, buiten di Here Jesus, di dood, mar by Hem alleen is lewe. Lewe vir almal wat geloof, dus lewe oek vir jou. Mog di Heilige Gees jou instaat stel om te gelowe.

Maar dis nodig vir di sondaar, *om te kom net soos hy is!* Hy moet vir hom ni eers gaan verbeter ni. Dog met al syn sonde, en met al syn ellende moet hy kom. Di verlore soon kom met syn vodde, en sonder skoene an syn voete; en toen syn Vader vir hom in di toestand siet, word syn hart dadelik vol van medelyde, en loop hy vir hom te gemoet om hom te verwelkom. So sal jou hemelse Vader oek doen, as jy net soos jy is, naar di Here Jesus kom. Maar dan moet *jy ni uitstel ni*. Want di genadetyd gaat verby, en spoedig word di genadedeur geslote. Dis ni genoeg om jou voorteneem om eendag te kom ni. Jy moet vandag kom! Jou goeie voornemens beteken niks, as jy dit ni ten uitvoer bring ni. Goeie voornemens het nog nooit ’n sondaar gered, en kan jou siel ni salig maak ni. ’n Voornaamse leeraar het eenkeer geseg, dat di hel gevloer is met goeie voornemens. Dit beteken dat di ganse vloer van di hel, bedek is met verlore en verdoemde sondaars, wat di allerbeste voornemens gehad het, om ver hulle eenmaal te bekeer, maar wat dit ni gedaan het ni. Dit is skriklik, maar tog waar. Di meeste sondaars wat onder di Evangeli verlore gaat, gaat verlore, ni omdat hulle ni wil gered wees ni, maar *omdat hulle uitstel*, in plaas van *sonder uitstel* naar di Here Jesus te gaan! Sondaar, sal jy oek uitstel? Né! Staat op, verlaat di draf wat di swyne eet, en kom naar di Here Jesus! Kom net so as jy is sonder ’n oogenblik uit te stel of te

wag! Di Heiland seg: "Die tot My komt sal ik geenszins uitwerpen!" En vraag jy ons: "Waarom Hy ni uitwerp ni?" Dan antwoord ons: "Hy werp ni uit ni, omdat Hy *ni wil ni!* omdat Hy *ni kan ni!* omdat Hy *ni mag ni!*"

Ons het geseg: "Hy werp ni uit ni, omdat Hy 'ni wil ni!'" Dit is Syn lus om sondaars te redde. Hy skep gen behage in hulle dood, maar wil, dat hulle ver hulle an Hem sal ge, en gered worde en lewe. O, sondaar, geef jou tog an Hem. Jy mag met al jou sonde vrymoedig tot Jesus kom. Hy sal jou ni uitwerp ni, want Hy wil dit ni. Dus kan jy daar seker van wees, dat Hy jou as jy kom, welkom sal heet, en dat oek jy, vergiffenis in syn bloed, sal verkry vir al jou sonde. Hoor jy, bekommerde sondaar? Hy wil ni uitwerp nie. Dis Syn lus, daar is vir Hem niks dat angenamer is, as om sondaars anteneem, en hulle te redde van di hel, en van di ewige verdoemenis. Kom tot Hem! Kom terwyl jy dit lees! Buig jou hoof in stilte vooro'er, en geef jou nou an Hem! "Hy sal jou ni uitwerp ni, omdat Hy dit ni wil ni!"

Maar dan is dit oek waar dat "Hy ni uitwerp, omdat Hy ni kan ni." As di sondaar tot Hem kom met al syn sonde, en tot Hem roep om genade, dan *kan* di medelydende Here Jesus *ni* né sê ni, dan kan Hy hom ni uitwerp ni, dan kan Hy *ni* weiger om hom anteneem, en hom vergiffenis van sonde te skenk uit vrye genade. Siet jy, sondaar, dit is onmolik vir Hem om né te sê. Hulle vertel van Mnr. Gladstone, di Hoofminister van Engeland, dat as 'n arme mens by hom 'n aalmoes vraag, hy *ni* kan né sê ni. Hulle seg dat Hy verplig is as hy uitgaat, om maar min geld in syn beurs te hê, want as hy 'n geval ontmoet van ware behoefte, hy ni kan help om al wat hy by hom het te ge om daarin te voorsien! Dit is gebeur dat hy by 'n spoorwegstasi kom en dat syn beurs so leeg is, dat hy geld moet leen om 'n ticket te koop om weer tuis te kom. En dit eenvoudig, omdat hy, as hy ware behoefte siet, ni kan weiger om te help ni. So oek di Here Jesus, Hy kan ni né sê ni, as di sondaar met 'n hart gebroke oer syn sonde, an Syn voete neersink, en vir Hem vrage om hom te help en te verlos.

Oek beweer ons, dat di Here Jesns di sondaar ni uitwerp, omdat Hy *dit ni mag ni!* Hy mag Syn woord ni breek ni! Hy het geseg, as jy kom, dan werp Hy jou ni uit en Hy moet woord hou, want Syn eer hang daarvan af, en Hy kan Syn goeie naam ni benadeel ni. Hoe sal di hemel ni treurni as Jesus Syn woord eers ge en dit dan breek! Hoe sal di hel juig, en di duiwels ni vir hulle verbly ni, as di Heiland 'n sondaar deur Hom uitgenodig, teleurstel, omdat Hy ni instaat is om Syn woord te hou! Moet tog ni so van Jesus denk ni. Wat Hy seg, doet Hy, en wat Hy beloof, daarop kan di sondaar reken! Hy maak as 't ware 'n akkoord, met di bekommerde boetvaardige sondaar. En di akkoord is, dat di sondaar tot Hem moet kom, en dan werp Hy ni uit ni! Nou, wat moet di sondaar doen? Hy moet kom! En

wat moet Christus doen? Hom ni uitwerp ni, i.e. hom *anneem!* Kom di sondaar nou ni. Wat dan? Dan kan di Heer hom ni *anneem* ni. Maar, *kom hy!* Wat dan? Dan mag Hy hom ni *uitwerp* ni, dan moet Hy hom *anneem*. Want anders bedrieg by hom (met eerbied geseg) en is Syn eer daarme gemoeid, en word Syn goeie naam benadeeld in hemel en op aarde. Hy moet dus doen wat Hy seg, en Hy moet bevestig wat Hy gesproke het. Kom dus tot Hem, sondaar. Hy het beloof om jou an te neem, en Hy mag jou ni uitwerp ni. God help jou om te kom, en jou nou op di ogenblik an Hem weg te ge met al jou sonde!

CEFAS.

[Patriot, 17 Oktober 1884].

EVANGELI IN DI VOLKSTAAL.

3.

“En nu, broeders! indien ik tot u kwam, en sprak *vreemde* talen, wat nuttigheid zou ik u doen?” 1 Cor. 14:6.
“Een iegelijk hoorde hen in zijne eigene taal spreken.” Hand. 2:6.

JESUS KLAAG DAT SONDAARS NAAR HEM NI WIL KOM NI; HOE DWAAS DIT IS OM SO TE HANDEL!

Gy wilt tot my niet komen opdat gy het leven moogt hebben! Joh. 5:40.

Ons laaste woord was: “Kom, want Jesus werp ni uit ni!” Nou sal ons sien dat di Heiland klaag dat sondaars *weiger* om tot Hem te kom! Ons wil met di hulp van God aantoon, hoe *dwaas* en hoe *roekeloos* dit is om so te handel, en wat *di rede is dat sondaars dit doet!* Vandag sal ons aantoon hoe *dwaas* dit is.

Toen di Heiland op aarde was, moes Hy klage: “Gy wilt tot my niet komen, opdat gy het leven moogt hebben!” Ganse skare van Jode volg Hem, dis waar; dog dit is maar vernamelik, om Syn wonderwerke te sien of met di broode en visse gespysig te worde, en naar syn pragtige gelykenisse te luister. Maar hulle ge hulle ni aan Hem oer om deur Hem salig gemaak te worde ni. Ne, di meeste verwerp Hem, en roep naderhand voor Pilatus uit: “weg met Hem! kruis Hem! kruis Hem!” Net so, moet di Heiland nou nog klage. Daar is ’n ganse menigte mense, ni alleen in di wereld ni mar in di Christelike Kerk en in al onse gemeentes, wat tot ni Hem wil kom ni. Hy nodig hulle, mar hulle neem di uitnodiging ni an ni; Hy roep hulle, mar hulle keer vir Hem ’n dowe oor toe; Hy laat hulle syn skrikkelike oordele aankondig, mar hulle steur hulle daar ni an ni!

En hoe gaat dit met ons? leser! hoe gaat dit met jou? Oer hoe veul onder ons moet di Here Jesus ni klage, dat hulle ni naar Hem wil kom, om van Hem di ewige lewe te ontvang ni.

O, laat dit tog ni meer so wees ni, maar laat 'n ider naar Hem luister, en sig an Hem ge, om deur Hem gered te worde van di ewige verderf. Di Jode het geweiger naar Hem te kom en vir hulle an Hem te ge, laat ons ni hulle voorbeeld volg ni. Di Jode het deur dit te doen, oer hulle gebrag, ongehoorde kommer en ellende en wee. Gen volk is daar, wat meer verdruk geworde is, en wat meer teenspoede gehad het, en meer moes uitstaan as hulle, ten gevolge van hulle sonde. En, leser! Hoe sal dit met jou gaan? Wat sal daar van jou worde, as jy ni naar di Here Jesus kom, as jy jou ni an Hem ge ni? Kom, laat jou gesê! Deur te weiger om naar di Here Jesus te kom, pleeg jy di grootste *dwaasheid!*

Want jy verwerp wat jy di meeste nodig het, en wat Christus gewillig is om jou uit vrye genade te skenk, naamlik di *Ewige Lewe!* En daardeur maak jy vir jou selwers:—

1) *Diep Ongelukkig!* Jy mag van geluk droom. Jy mag jou inbeel dat jy gelukkig is. Dog jy is dit ni. Op aarde is daar gen ware, gen duursame geluk te vinde, dan alleen in di Here Jesus. Met di Here Jesus daal di ware geluk van di hemel neer, en as di sondaar van di Heiland weg bly en tot Hem ni wil kom ni, dan kan hy nooit waarlik gelukkig wesi nie. Om nou met al jou tenspoede en moielikhede, sonder d Herê Jesus in di wereld te lewe;—om onversoend met God terwyl jy nog in al jou sonde is, —sonder di Here Jesus di skrikkelike ewigheid te gemoet te gaan. Is dit ni ongelukkig ni? Kyk! as di sondaar vir hom an Jesus ge, dan kom hy in besit van di ewige lewe, mar as hy dit ni doen ni, dan sal “hy di lewe ni sien ni, mar di toorn van God sal vir ewig, en vir ewig op hom bly!” En kan so imand gelukkig wees? Kom seg, kan 'n moordenaar, wat onder di doods-vonnis leg, gelukkig wees? Was Nineveh gelukkig toen di stem van Jona in di stad weerklink, en di inwoners met skrik moes verneem, dat di God van hemel en aarde laat ankondig, dat Nineveh, di grote stad, oer veertig dage sou vergaan? Was Lot gelukkig toen dit vir hom angeseg werd, dat God Sodom di vollende oggend sou verderwe? So kan di ongeredde sondaar, ni gelukkig wees ni. Omdat hy weiger om tot Jesus te kom, verkeer hy onder di toorn van God, onder di las van di vloek, en onder di vonnis van di dood! O sondaar, weet jy dat jy ongelukkig is? Baing weet dit ni. Hulle leef onbekommerd vort. Hulle is tevrede met di geluk wat di wereld, en di sonde hulle geef. Hulle weet ni dat daar 'n hoger geluk is dan di wat hier op aarde word gevonde word ni. Leser, is jy een van di met wi dit so gaat? Dan moet di Here Jesus oek oer jou klage, dat jy ni tot Hem wil kom ni, opdat Hy jou gelukkig kan maak. Ag hoe dwaas is dit van jou, om jou ewige ongeluk te kies, en di Here Jesus te verwerp, met di ewige lewe, en di hemelse geluk wat Hy jou an presenteer.

2) Met di ewige lewe, geef di Here Jesus oek *vrede* aan di siel. "De goddeloozen (di mense wat van God losgeraak is, wat met Hem nog ni versoend is ni) zegt myn God; hebben geen *vrede*!" As jy nog onbekeerd is, dan kan jy gen *vrede* hê ni, of as jou hart ni onrustig is ni, en jy *vrede* met jou onwedergebore toestand het, dan is di *vrede*, 'n *valse* *vrede*! Dan is dit 'n *vrede* wat ni steek sal hou ni, maar wat by di eerste benoudheid van di dood sal verdwyn, en plaas sal maak vir ewige onrus, en gewetenskap, in di plek waar daar wening is en knersing der tanden! Sondaar daar is 'n *twis* tussen jou en God! Jy het Syn Heilige Wet oertre, jy het teen Hem gesondig, jy het Hem ni lief ni, jou hart is afkeerig van Hem, en deur jou sonde ens. is jy in di wapens teen Hem. Ja net soos 'n rebel, het jy menigkeer probeer om syn bande te verbreek en syn touwe van jou af te werp. Dus is daar gen *vrede* tussen jou en God, en daar kan gen *vrede* kom ni, dan deur di bloed der versoening, wat vir jou sonde gestort is aan di kruis van Golgotha. En in di bloed moet jy gelowe. Dus as jy ni tot Christus kom ni, dan verwerp jy di bloed der versoening, dan volhard jy in jou opstand, en bly in di *twis* bestaan en kry jy gen *vrede* ni mar moet ver ewig verlore gaan. O hoe lank sal Christus nog oer jou moet klage: "Jy wil tot my ni kom, om van my di lewe te ontvang ni"? Kom, sondaar! Kom vandag tot Jesus, en ge jou net soos jy is an Hem. Dan word jy met God versoend deur di bloed van Golgotha, en word Christus, en wat Hy vir jou as sondaar gedaan het, jou *vrede*!

3) Oek is dit waar dat "as di sondaar ni tot Christus wil kom ni, hy ni rus vir syn siel kan hê ni!" Gen rus in di tyd, gen rus in di ewigheid. Hoe akelig! Hoe meer di natuurlike lewe, besit het van di liggaam van 'n mens, hoe gesonder so 'n liggaam is, en hoe meer dit geseg kan worde se rus. Is 'n liggaam volkome gesond, dan geniet dit volkome rus.— Di man met 'n volkome gesonde liggaam, kan loop, werk, eet, slaap, dink, ens. sonder dat iets vir hom hinder. Daar is volkome rus onder alles. So oek, hoe meer di ewige lewe, wat in Jesus is, besit neem van di siel, hoe meer sy deur di grote medicynmeester van al hare krankhede word genees, en hoe groter haar rus word. Di sondaar wat nog ni tot Jesus gegaan is ni, en nog ni van Hem di lewe ontvang het, het gen rus ni. En so lank as dit met hom ni reg word, kan hy gen rus hê ni, en sal hy daar ewig sonder moet bly. Sondaar, Jesus seg: "Komt herwaarts, allen di vermoed en belast zyt. Ik sal u ruste geven!" Kom seg, is jy ni 'n vermoede ni? Of is jy nog *gerus* in di wereld? *gerus* in di sonde? *gerus* terwyl jy nog ni versoend is met God ni, *gerus* terwyl jy op di verkeerde weg is en daarop vortwandel naar di verderf? O, sidder dan, want jou wakkerworde in di ewigheid, sal verskriklik wees! God sy jou genadig!

4) Ons moet oek ni vergeet ni, dat as imand weiger om tot Christus te kom en van Hem di lewe te ontvang, syn "sonde

almal blyf, en daar *gen* vergiffenis vir hom is ni!" Net mar by Jesus is vergiffenis, en net mar in Syn bloed kan di sondaar gewas worde van al syn sonde. By Jesus alleen is di fontein wat geopend is teen di sonde en di onreinheid van di siel. Buiten Hem, is di sonde en di dood. Wil jy ni naar Hem kom ni, dan moet jy in jou sonde bly en in di dood! Mar gaat jy naar Hem, dan ontvang jy di lewe, en daarmee vergiffenis van sonde, en ewige genesing van di geestelike Lasarus siekte van jou siel. O Vader, geef deur die Heilige Gees, an di man of vrou wat nou dese woorde lees, genade om tot Jesus te kom met al syn sonde, en aan syn voete vergiffenis te ontvang, en verlos te worde van di ewige dood!

5) Eindelik "as imand ni tot Jesus wil kom ni, dan is di *hemel* vir hom geslote!" Sonder Christus te wees, beteeken, *gen* hoop en *gen* verwagting te hê, om eenmaal in di hemel te kom ni. Daar is 'n hemel en daar is oek 'n hel! Nimand het dit duideliker geleer, dat daar 'n hel is, en di verskrikking daarvan ons duideliker angekondig, as diselfde Here Jesus, wat nou nog moet klage: "Gy wilt tot My niet komen opdat gy het leven moogt hebben!" Di redenering wat di hel sluit, vernietig ook di hemel. So waaragtig as daar 'n hemel is, is daar oek 'n hel, en so waaragtig as daar 'n hel is, is daar oek 'n hemel! Ja sondaar, di Here Jesus het di bevel gegee, om di Evangelie te predik an alle creature, en dan het Hy dit daarby gevoeg: di niet geloofd zal hebben, zal verdoemd worden!" Dus, as jy tot Jesus kom, dan is dit wêl met jou, en kom jy in besit van di ewige lewe; mar as jy in jou sonde bly, of op jou eige geregtigheid vertrou, dan sal jy di lewe ni sien ni, mar jou deel sal wees onder di verdoemde in di buitenste duisternis!

Mense is bang in di dage waarin ons leef om di skrikkelike waarhede van di Bybel uittespreek. Maar ons is ni bang ni. Ons wens dat ons 'n stem had as van di donder, om di skrik 'des Heeren' wat in onse tyd so lig vergeet word, di ganse wereld rond an alle mense-kindere te verkondig. God is wel liefde, mar as imand di ewige lewe, wat di liefde hom anbied, verwerp;—as di sondaar, met di sonde wat syn siel vir ewig sal verwoes, beusel;—as hy weiger om hom op di roepstem van God, van di weg wat syn siel naar di verderf voer, tot di Here te bekeer; dan kan selfs Gods liefde vir sondaars, hom ni red ni; dan is syn ewige deel, di poel wat daar brand, van vuur en van sulfer—en dit is—di tweede dood!

Myn vrind! hoe is dit met jou? Waarom, waarom wag jy? Waarom gaat jy nou ni somar meteens naar Jesus om gered te worde ni? O, wag tog ni langer ni!

CEFAS.

[Patriot, 31 Oktober 1884].

EVANGELI IN DI VOLKSTAAL
No. I

Godsdienstige Stukke

deur

OOM WILLEM

PAARL,
D. F. DU TOIT & CO.

1884.

Inhoud.

	Bladsy
1. Di Skarlake Snoer (Tou)	79
2. Issaskar, di sterk gebeende esel	90
3. Liew en Lam	105
4. Jesus is di Gristus, di soon van God	111
5. Root of wit	121

DI SKARLAKE SNOER (TOU).

—Raai Maria, ek het al di hele dag lus gevoel om van aand na di gestig te gaan om di nuwe prediker te hoor. Di mense sê hy preek sodanig mooi; di gebou is somar stampend vol, en ek is tog oek nuwskirig om ver hom te hoor.

—Jy kan gaan as jy wil, ek sal jou ni hinder ni.

—Ja, mar ek wil graag hê jy moet saam gaan.

—Og wat, ek het ni lus om te gaan ni. Ek gaat ni somar almal hoor wat preek. 'n Mens moet versigtig wees in ons tyd, jy kan maklik verly worde.

—Ek is daar gen stuk bang voor; mar ek wil weet of jy saam gaat of ni; al di mense sê dat hy so ernstig preek en dat hy so'n bysonder manier het om 'n ding duidelik te maak.

—Ek het ver jou gesê jy kan doen wat jy wil, mar ek het ni lus ni; en behalwe dat ek gen lus het ni, is ek oek half bang ver 'n vreemde prediker. Jy kan mar gaan, en as jy gehoor het en jy wil weer 'n keer gaan, kan dit gebeur dat ek met jou saam gaat. Mar misskien gaat ek daarom.

Anna en Maria was twe jonge meisies, so effen onder en bowe twemaal tien, mar so volop in di wereld; en as daar tusse di twe enig verskil was, dan was dit dat Anna nog 'n erger wereldling was as haar suster.

Anna en Maria had nog 'n ouwere suster, braaf siekelik, mar met 'n reg moederlike geaardheid, en hulle sou nooit ergens gaan sonder eers hulle suster haar opini te vra. So stap Anna uit haar slaapkamer na di sitkamer, waar haar suster gewoonlik sit, om met haar te praat.

—Sanni, ek het mos lus om van aand di nuwe prediker te gaan hoor; ek hoor hy is 'n goeie man, mar ek weet dit ni; wat denk jy daarvan? Of raai jy dit ver myn af?

—Anna ek het daar nix op teen ni; en, om jou di waarheid te sê, as ek dit kon doen, dan sou ek saam gaan. Tante Kootjie was van effen hier en seg, dat di prediker 'n waardige man is en dat di gelowige mense veul van hom hou. Ek sal regte bly wees, Anna, as jy wil gaan, mar set dan van aand jou ore oop; ni rondkyk ni of jy ni di of di siet ni; net luister wat di man seg, sodat jy ver myn alles kan vertel. Mar wat seg Maria, gaat sy ni saam ni? Dit kan haar oek goed doen.

Maria kom net in en hoor di leste woorde van Sanni. Ne, sussi, ek glo ni ek sal gaan ni; ek het nog 'n stukki naaiwerk ver van aand, en as dit klaar is dan moet ek nog 'n paar briewe skrywe. So geloof ek ni dat ek van aand sal gaan ni.

—Nou wel, maak soos jy denk. Hoe laat sal di godsdienst begin?

—Mar Sussi, seg Anna, hulle seg om half sewe.

Dit was skaars ses uur, toen begin di eerste mense al te kom, en Anna en Maria met Oom Piet was daar 'n bietjie voor half sewe; mar toen was dit al so vol, dat hulle so skaars kon plaas kry; mar hulle kry plaas en nog al vooran oek, sodat hulle elke woord van begin tot end goed kon hoor.

Na 'n korte voorgebed laat di prediker sing Gesang 43, vs. 1 en 2. Toen hy dit lees leg hy so'n bisondere druk op di woorde:—

Niets, o Jezus, dan uw bloed,
Geeft voldoening aan 't gemoed.

Dit was ver Anna of di woorde so dwars deur haar hart gaan. Sy weet goed dat pracht en skoonheid ver haar te danig antrekkelik is. Sy kan mar ni sien ni dat dit alles ydelheid is. Sy denk, dis alles ydelheid ver ouwe en sieke mense, mar ver haar, wat nog so jonk is, is pracht, pracht, en skoonheid skoonheid, mar gen ydelheid. En tog, dit het sy oek al ondervonde, dat al di wereldse plesiere en vermakelikhede gen voldoening geef. Di mense sing di woorde:

Niets, o Jezus, dan uw bloed,
Geeft voldoening aan 't gemoed,

met soveul nadruk en erns, dat sy kan voel dat daar waarheid is in di woorde. Sy sing self ni saam ni, haar gedagte is te besig met *bloed* en *gemoed*, dat di versies uit is eer sy daar an denk. In di gebed het di prediker bisonder te doen met di jonge mense, wat nog ni di waarde van di bloed van di Heiland het leer ken ni, mar wat nog mar altyd di ydelheid najaag; hy bid so ernstig en vurig dat di onbekeerde sondaar mag di *waarde* en *waarheid* van di bloed van Gristus leer ken, en tog ni strak onbekeerd in di eeuwigheid mag ingaan om voor ewig verlore te gaan.

Na di gebed word gelees Jozua : 2. Na di tweede gesang geef hy di teks op uit diselfde hoofstuk, 21 vers, waar staan: "En zy bond het scharlaken snoer aan het venster." Anna en Maria kyk makkaar an, net of hulle wil sê: wat 'n snaakse teks! Wat kan daarvan reg kom? Di prediker vertel di aand, dat Jozua met di la'er rondom Jericho lig, dat di lot van Jericho beslis was, dat namelik di stad sou verdorwe en al di mense gedood worde, mar dat Rachab, di hoer, wat in haar huis agter di skarlake snoer geborge was, sou vry kom. En so is dit geskied. Di skarlake snoer was di teken van haar redding en van al di mense wat saam met haar agter di snoer geskuil het. Di prediker leg toen uit dat 'n ander Jozua, Jesus di Gristus, eenmaal as Regter sal kom om syn vyande te verderwe, mar dat Hy nog 'n kans geef an di sondaars om di gevaar te ontkom, ne's Josua 'n kans gege het an Rachab om behoude te worde: Sy deur di skarlake snoer; ons deur di rooye streep van ons Here Jesus syn bloed, en hy seg toen: Sondaars, Sondaars, haastig met al julle sonde na Jesus! Bekeer julle van julle

boose wege, daar is oek ver julle gevaar om verlore te gaan, mar oek 'n kans om behoude te worde. Ontloop di gevaar, loop di kans raak. Agter Jesus bloed is julle veilig. Buite Jesus bloed in doodsgevaar. Sondaars, sondaars, is di rooye streep van Jesus syn kosbaar bloed wel in julle hart? Sonder Jesus hopenloos verlore, met Jesus ewig behouwe.

Anna het di aand di skoot gekry so dwars deur di kol van haar hart.

Di kerk is uit, iedereen is na huis, ieder na syn bed; mar ni iedereen rus. Anna is gewond, ernstig gewond, diep gewond; en dit was 'n wond wat ni kan genees worde sonder di bloed van di liwe Heiland. Mar di arme dochter is onkundig aangaande di wedergeboorte, bekeering of geloof. Sy voel mar net ongelukkig; haar hart is seer. Sy het haar sonde gevonde. En sy vind van oo'enblik tot oo'enblik meer; en hoe meer sonde sy vinde, hoe swaarder dat voor haar word. So ruk-ruk breek di benoude sweet haar uit. Sy seg: Og, wat het ek begin om na di prediking te gaan? Dat het my danig ongelukkig gemaak. Og, wat begin ek nou? Ek was eers altyd so vrolik en so gerus, en nou voel ek so naar. Hoe kom ek nou daar weer uit? Hoe kom ek nou daar weer af? O, dit lyk of myn hart geskeurd is; ek is bang, ek is bang, og, as ek so moet sterwe, ek gaat verlore! ek gaat verlore! Hoe het ek myn lewe deurgebrag? Net met ydelheid. Wat maak ek nou met myn mooie klere, wat maak ek nou met myn goud? Dis alles nix wêrd ni. Og, as ek so moet sterwe in myn sonde, dan gaat ek ver ewig verlore. Josua het gen mens in heel Jericho gespaard as net di wat agter di skarlake snoer was. En ek is ni agter di bloed van Jesus; ek het nooit om di bloed gedag; ek het nooit myn gevaar gesien; ek het nooit na Jesus verlang ni. Jesus, Jesus! Soon van God! is daar nog kans ver myn? Help myn, help myn; ek gaat verlore! ek gaat verlore!

AN DI AGTUUR TAFEL.

Di agtuur kos was op tafel.

—Waar blyf Anna dan so lank van morre, Ma? vraag Maria.

—Ek weet ni, myn kind. Saartjie, roep ver noi. Anna.

—Noi, noi Anna is nog in di vrykamer. Sy seg, di mense kan mar angaan, sy sal nou mar kom,

Sanni seg: Maria, jy en Anna was gister aand in di godsdiens gewees; hoe het julle dit beval?

—Di man preek regte ernstig. Mar as 'n mens syn sin wil doen, dan moet ons almal vroom wees. Hy het ons almal deurgeloop. Hy het net nimand oergeslaan, Ou mense, ons jonge mense, kinders; hy het ons almal onder di voorslag gehad. Mar

ek gaat nooit weer so vooran sit. Hy kyk 'n mens dwars deur. Di man het ver myn amper bang gemaak.

—En denk jy dan ni, seg Mama, dat dit reg is? Julle het dit wel nodig om di endji van di voorslag te voel; julle is dikwils al te ydel.

—Og ma, ons is mar eenmaal jong; mag ons dan ni so nou en dan 'n bietjie plesier hê? Watter kwaad steek daar dan in? Ma was mos oek eens jong gewees. Het ma dan oek ni met di jong mense so'n bietjie grappies gemaak en spulletjies gespeul?

—Myn kind ek weet ek was oek eenmaal jong gewees en ek het oek di wereld gedien; mar wat ek gedaan het, het julle daarom nog ni nodig om te doen. In myn jong da'e het ek nooit di Evangelie so ernstig hoor verkondig ni as nou, en julle mag mar dankbaar wees, dat daar van daag ernstige manne opstaan om di sondaars te vermaan en sig te bekeer. Mar wat seg Anna van di preek van gister aand?

—Myn liwe Ma, Anna sê toen di kerk uit was, dat sy baye spyt het dat sy daar gewees is; di preek het haar al te naar gemaak.

Sanni vraag: En wat was di teks nog al?

Wag, dit was uit Josua 2 glo ek. Ja, wag, daar het ek dit: "En zy bond het scharlaken snoer aan het venster."

—Dis 'n wonderlike teks; en kan 'n mensch daar dan 'n preek van maak? Hoe het hy dat uitgeleg?

—Mar, sussie nou vra jy ver myn al te diep uit. Jy weet, ek kan ni so extra onthou ni. Ek glo oek ni dat ek al te goed geluister het ni. Jy weet mos, hoe dat dit partykeer met 'n mens gaan: jou lyf sit in di kerk, mar di hart is daar buitekant. Ek het tabbertjies genaaid, briewe geskrywe, picnics gehou by di waterval, steweltjies gekoop, myn hoedjie opgemaak. Ek het in di uur en een half meer werk gemaak in myn gedagte as 'n mens in 'n hele dag regtig kan doen.

Ma seg: Dan het jy dit mar sleg gemaak, Maria!

—Ek het dit tog ni kan help, ma; ek wil luister, mar dis net ver niet, ek doet myn best, mar ek is mar styf deur buitekant di kerk.

—En dan het Anna beter geluister as jy? seg Sanni.

—Ek glo dit self; mar ek het daar ni so naar uitgekom as sy. Ek het gen spyt dat ik daar was en sy wel. Di preek het ver myn nix gemaak ni, mar sy was regte naar toen ons huis-toe gaan.

—En wat seg sy van morre?

—Ne, ma, ek het haar van morre nog ni gesien ni.

—Het sy dan ni by jou in di kamer geslaap ni?

—Ne, ma, sy het in di vrye kamer gaan slaap.

—Hoe kom so?

—Sy het ver myn geseg, sy wil alleen wees.
 —En het jy haar dan somar laat gaan?
 —Ja, ma, hoe moet 'n mens dan anders maak. Sy seg ver myn gister aand, sy wil alleen wees. Ek het toen met haar saam na di vry kamer gegaan, en gevraag of ik dan mar ni liwers by haar sal blywe ni; mar sy vraag my toen met di woord van asseblief om ver haar tog mar alleen te laat, en so het ek haar mar laat staan en gaan slaap. Ma moet maar self 'n bietjie gaan kyk wat sy maak.

IN DI VRY KAMER.

—Goeie morre, myn kind, hoe gaat dit dan van morre?
 —Morre ma, og ma! dit gaat met myn mar sleg.
 —Hoe dan, myn kind?
 —Ma, ma weet mos dat ek en Maria gister aand in di godsdiens was van di nuwe prediker, en syn preek het ver myn so naar gemaak.
 —Hoe dan “naar,” myn kind?
 —Og ma ek weet ni, mar ek voel nes of ek kan verlore gaan. Ek het ni di bloed van di Heiland in myn hart ni; ek het ni di Skarlake Snoer an di venster gebonde soos Rachab gemaak het. Myn ma, wat begin ek nou. Ek is tog so ongelukkig, myn hart is so seer.
 —Het jy dan kwaad gedoen, myn kind, dat jy so naar is?
 —Ne mama bisonders ni, mar ag ek is so sondig, so sondig, so sondig; en God is so heilig, so heilig, so heilig. Ma, help my tog, help my tog!
 —(Sanni, wat staan luister, maak di deur oop). Myn liwe sussi, help tog, og help tog.
 —Mar wat is dit dan, myn suster, wat mankeer?
 —Og sussi, ek weet ni wat mankeer, mar myn hart is so seer, dis net of dit rou is en ek is so bang.
 —Bang! bang? waarvoor bang? 'n Mens wat bang is, sal mos ni alleen in 'n kamer loop slaap.
 —Ne, sussi, ek is ni bang om alleen te wees ni! mar ek is bang dat ek sal verlore gaan. Ek is bang voor di helse vuur, ek is bang voor di ewige verdoemenis. Sussi, ek het ni di bloedstreep van Jesus in myn hart.
 —Og, kom kom, Anna, dit sal wel beter worde. Jy moet mar 'n stukki kom eet, dan sal dit wel sak. Jy het jou 'n gat in jou kop laat praat en nou sit daar 'n spul muiseneste in. Kom, drink mar 'n kommetji koffi en eet 'n stukki, en dan moet mama met jou mar na tante Bettie gaan, di is mos altyd opgeruimd; sy sal ver jou net nou 'n slag lekker laat lag en dan is alles o'er.
 —Sussi, jy maak ver myn nog meer seer. Ek het ni 'n gat in myn kop, mar ek het 'n skeur in myn hart, en myn oo'e is oopgemaak. Ek kan myn sonde sien en myn gevaar, en ek het

gen Heiland ver myn siel. Wat maak ek nou, wat maak ek nou! Ek is so ongelukkig. Help my tog! help my tog.

—Mar myn liwe Anna, ek kan jou ni help ni. Sanni kyk haar ma an en seg: Ma, sal ons ni di dokter laat kom? Anna haar senewe is heeltemaal onderste bo. Ek denk sy het medisyne nodig.

—Ne, sussi, laat di dokter mar bly. Van myn kwaal kan gen dokter myn afhulp ni. O, di versi van gister aand:—

Niets, o Jezus, dan uw bloed,

Geeft voldoening aan 't gemoed.

—Ma, ek sê ons moet di dokter laat kom. Di kind sal heeltemaal deurmakaar raak.

—Ne, Sanni, ek is daar ni so groot bang voor ni. Ek het al meer van sulke gevalle gehoor. Hulle roep dit is stryd. En as dit tot saligheid van myn kind kan dien, dan sal ek bly wees. Julle het julle papa nooit geken ni, mar hy was oek eens so naar, en di dokter het gekom, mar di het gesê, dat dokters medisyne daar nix an kan doen ni. Hy was 'n godvresende man, en hy seg toen, ons moet mar 'n man laat kom wat kennis het an geestelike dinge. Hy self het oek gepraat van di Saligmaker en ander gelowige mense het toen oek gekom, en toen hy gesien het dat di Here syn siel lief het en dat Jesus ver hom gestorwe is, toen het dit tot syn vertroosting gedien.

—Ja ma, nou praat ma reg. Ek het ni dokter nodig ni, mar imand wat met my kan praat tot vertroosting. Kan ma ni di man laat kom ni wat gister aand gepreek het? Ek denk dat di man di beste raad sal kan ge.

—Suster Anna: dat sal ni gebeur ni met myn toestemming. Di man het jou nou al ongelukkig gemaak, en as hy jou nog meer bang praat, dan sal jy nog mar meer ongelukkig worde. Sy kyk haar ma an en seg: Ma sal tog, hoop ek, wyser wees as om di man hier te laat kom; hy sal tog gen goed hier kan doen ni as haar net nog mar meer ongelukkig te maak 'as sy is.

'N GEESTELIKE KWAKSALWER.

Tak, tik, tak, op di voordeur.

Maria maak oop.

—Morre, myn niggi, hoe vaar julle hier almaal nog?

—Kom binne, oom Flippi. Morre! Dit gaat met ons nog redelik; net suster Anna is 'n bietji naar.

—So, hoe dan?

—Myn liwe oom, ons was mos gister aand na di preek van di nuwe prediker, en di preek het ver Anna so danig naar gemaak.

—Hoe praat sy dan, wat seg sy dan?

—Sy seg, sy is so sondig en so elendig, haar hart is geskeur, sy sien di helse vuur; sy sal verlore gaan.

—Mar sal ek haar dan ni effentjies kan sien ni?

—Ja, ek denk so, oom Flippi. Oom Flippi kan mar saam gaan. Sy is met ma en Sanni in di vry kamer.

(Oom Flippi en Maria kom in.)

—Wat is hier te doen, ou suster? Maria vertel ver myn, Anna is so naar. Morre almal, morre, hoe vaar julle nog. En hoe is jy, Anna?

—Morre, oom Flippi. Dit gaat met myn mar sleg, oom, ek is so naar, myn hart is so seer. Ek is so bang ek sal verlore gaan. Ek is so sondig, oom, ek het nooit myn sonde gesien, mar van gister aand af het ek myn sonde gevonde en nou weet ek ni wat ek moet maak ni.

—Mar, myn liwe kind, ek denk jy maak jou net ver niet ongerus. Jy was nooit so'n groot sondaar, dat jy daaroer so naar moet wees. Jy het jou altyd fatsoenlik gedra, jy is mos ni 'n buitensporige mens ni.

—Myn liwe oom, ek het di bloed van di Heiland ni in myn hart. Ek sit ni geborge agter di skarlake snoer. Myn siel is in gevaar.

—Mar Anna, hoe kan jy so sê? Jou siel is ni in so'n groot gevaar ni as jy denk. Weet jy dan ni dat jy as 'n kind al di heilige doop ontvang het. Weet jy dan ni dat jy as 'n lidmaat van Gristus Syn kerk opgeskrywe is in di lidmate-boek?

—Mar, oom, myn naam staat ni in di boek des levens. Ek is ni van myn sonde gereinig ni. God Syn toorn rus op myn.

—Myn liwe suster, ek weet ni wat ek met di kind moet praat. Sy luister na niks ni. Mar Anna, kan jy dit dan vergeet, dat jy nog voor verlede week nagmaal gevier het?

—Myn liwe oom, dis alles nixs wêrd ver 'n mens wat onder di doodvonniss lê. Weet oom hoe voel ek? Nes 'n mens, 'n moordenaar, wat moet opgehang worde. Ek het gesondig teen di Heilige God, en ek het di Heiland nooit aangeneem, En nou ek so naar voel, nou durf ek ni na Hom toe gaan ni. Weet oom dan gen raad ni? Het oom dan nog nooit so naar gevoel om oom syn sonde?

—Ek het al perbeer om ver jou te troos, mar jy wil mos ni ver jou laat troos ni. Jy verwerp alles wat ek sê. Ek kan nou met jou ni verder angaan ni.

—Mar kan oom dan ni ver my sê waar di man loseer wat gister aand in di gestig gespreek het?

—Ja, ek denk so. Mar wag, ek het hom, toen ek gekom het, by neef Gawi sien ingaan. Misskien is hy nog daar. Mar wil jy dan ver hom laat kom? Ek is ni daarvoor ni. Dis hy wat jou so naar gemaak het en as hy hier kom, sal hy ver jou nog naarder maak.

—(Sanni sê): Ek seg oek so, oom Flippi! Ma moet ni toe-laat ni dat di man hier kom. Hy is gen haar te goed en maak ons almal onderste bo.

—(Anna): Ma moet tog asseblief ni ver my hinder. Sussi, jy moet jou ni verset ni. Ek denk dat hy al man is wat ver my kan raad ge, Het hy ver my dan so naar gemaak, dan sal hy oek wel raad weet om di naarheid van myn weg te kry. Oom Flippi, kan oom dan tog ni ver my di plesier doen en hom loop haal?

—Anna, ek wil al doen wat ek kan, mar na di man gaat ek ni toe ni. Van dat hy hier is loop party mense nes gekke rond. Jy is ni di enige ni wat so te keere gaat. Strak steek hy ver myn oek an, en dan word ek net so miserawel as jy. Ek wil syn reuk ni hê ni.

—Mar dis mos ver myn 'n soort van vertroosting, oom, dat daar meer mense is wat so voel as ek, en wat so angstig is o'er hulle sonde.

—Ja, myn kind. Pieter, van broer Andries, loop al dri da'e nes 'n gek rond. Hy klaag oek nes jy. Mar ek het daarom van morre gehoor dat hy stil worde. Hulle sê: hy is bekeerd, mar ek weet ni.

—Mar ma, nou is dit mos net of daar so'n ligstraaltji deur myn hart gaan. Sal ek missskien nou oek bekeerd worde?

—(Ma). Ek weet tog ni, Anna. Sal ek dan mar 'n briefi loop skrywe, myn kind?

—Asseblief tog, ma.

(Di kleine meid neem di briefi en bring dit weg en bring 'n antwoord terug; hy sal o'er 'n half uur daar wees.)

(Anna.) Ma! laat ons nou mar almal na di voorkamer gaan, dan kan ons di leeraar daar ontmoet.

—Ne, myn kind, seg ma; ne, Anna, seg Sanni, ek gaat ni in ni. Maria was gister aand saam met jou in di kerk. Sy kan nou oek mar met jou saam in di voorkamer gaan.

—Maria! Maria!

—Ja ma, was dit?

—Myn kind, gaat jy tog mar saam met Anna in di voorkamer, di leeraar sal nou mar hier wees; ons het ver hom lat roep om met Anna te praat, en Sanni het ni lus om in te gaan ni, en ek het nou ni tyd ni.

Heel goed, ma, ek gé ni om ni.

—(Anna en Maria gaat saam in di voorkamer). Skaars is hulle twe in di voorkamer of Maria seg: myn goeie, daar is hulle al!

Tak! tak! tak!

Di kleine meid was by der hand om di deur oop te maak.

—Is noi Anna tuis, meidji?

—Ja, baas! di base kan mar in di kamer gaan.

Hulle stap in. Geïntroduseer, goeien dag! en hoe vaar? en gaat sit, ens.

—Di leeraar. En so het di jonge dogter ver myn dan laat roep? Ek hoop jy sal ni kwalik neem ni dat ek nog 'n paar

vrinde saam gebring het. Ek dog, dis tog bekende mense, en hulle het oek kennis an geestelike toestande, en ek dink dís om geestelike dinge dat julle om myn gestuur het.

—Ja, meneer, u het gelyk, seg Anna, dis ek wat u laat kom het, en ek is bly—so daar nog plek in myn hart voor blydskap is—dat u gekom het; ek is onbeskryfelyk naar; dit smaak ver myn of ek kan verlore gaan.

—En het jy van nag nog al wel gerus?

—Gerus, meneer, daar het gen slaap in myn oo'e gekom di hele nag ni. Di onrustigheid van myn hart is te groot.

—En mag ek vra: hoe is jy dan so onrustig geworde?

—Meneer, ek was gister aand met myn suster, wat hier sit, onder u gehoor, mar dit was voor myn net so of dat myn hart oop gesny worde en of dat myn oo'e oop gaan en myn verstand oek. Ek verstaan toen wat sonde is, en wat gevaar is, ek sien di hemel geslote en di hel oop; myn conscientie beskuldig my, di wet verdoem my en op di Evangelie het ek ni gelet ni, en Jesus, di Saligmaker, het ek as 'n onbekende voorby gegaan. En nou smaak dit ver myn of dat daar gen genade is ver myn arme siel. Wat moet ek tog doen, meneer? Help myn as u kan!

—En het jy dan gen brood des levens om te eet, en gen genade wateren om te drink, en is daar gen klere des heils om an te trek; en is daar dan gen rusplek meer op di hart en in di woorde van Jesus, en is daar dan ni vergewing ver al jou sonde en 'n hemel om na toe te gaan ni?

—Meneer, ek het u gister aand van di dinge hoor spreek, mar ek besit van dat alles nix ni. Ek is 'n arme, ellendige, ellendige, ellendige sondares, net goed voor di hel, en daar is ek bang voor. Og, ek is so ongelukkig!

—En jou ongeluk maak my bly en deuse vrinde net so Di Heere het ons een lagchen gemaak.

—Hoe is dit moegelik, meneer, dat u kan lag, en ik is so elendig.

Dis juis jou ellende, myn dogter, di ver myn vrolik maak. Ek kan sien wat jy ni kan sien ni.

—En wat sie meneer dan?

—Ek siet di nuw gebore kind van God. Ek hoor di stem van di nuw gebore kind van God, en ek siet al hoe di woord "Salig" sweef bo jou hoof.

—Og, meneer, u moet ni so spreek ni, dit maak my nog naarder. Seg tog liwers dat ek verdoemd sal worde, dan sal ek u eerder gelowe, mar dat ek nou onder di genade is, dat glo ek ni.

—Ek weet, myn dogter, dat jy dit ni glo ni, mar ek moet di sake beter weet as jy. Oek weet ek dit beter. En ek weet, dat di Allerhoogste God, di Almagtige God 'n wonder an jou

gedaan het. Jy is uit di dood opgewek, jy leef; nou moet jy nog glo en dan kom alles reg.

—Ek is dood, dood, dood, meneer!

—Ja, dat kan ons hoor, as 'n mens self sê en dan nog al met soveel nadruk, dat hy dood is, dan weet ons seker dat hy leef. Di dogtertji van Jairus op haar doodbed, di jongeling van Naïn op di baar en Lasarus in syn graf kon ni sê: ons is dood, nadat hulle regtig dood was. Mar as 'n mens kan sê: ek is dood, dan leef hy. Ne, myn liwe dogter, ons kan ver jou van harte geluk wense met jou wedergeboorte; jou bekering sal ni agter bly ni, en jou geloof in di Heiland sal volg.

—Og, meneer, u woorde vertroos my ni. Dit lyk ver myn of u my ni ken ni. Ek is 'n sondares, ek is 'n bedorwe vat; ek is brandhout ver di hel.

—Reg so, myn dogter, en jy is arm, elendig, jammerlik en blind en nakend; en daar is nog meer; jy voel di bande des doods, di angste van di hel, en benoudheid en droefenis, en jy staan in 'n ruisende kuil en in di modderige slyk; dit is donker en duister; mar toen jy regtig blind was kon jy di donkerte en di duisternis ni sien ni, en nou sien jy dit. Ek het van effen geseg, dat daar al 'n “salig” bo jou hoofd sweef. En weet jy nou waarom ek dit kan sê? Omdat daar geskrywe staan: Zalig zyn de armen van geest, want hunner is het Koningryk der hemelen. Dis wat ek nou kan sien: jy is arm van geest. As 'n mens gen brood het om te eet, gen water om te drink, gen klere om an te trek, gen plek om te rus, gen huis om in te woon, en nog skuld bo-op, wat hy ni kan betaal ni, dan is hy arm. Nou, so is dit met jou op 'n geestelike manier. Jy het nix van dat alles, soos jy nou mar geseg het, en juis omdat jy regtig arm is, daarom is jy salig.

—Mar, og meneer, is daar dan 'n hoop?

—'n Hoop? ja seker. Weet jy dan ni wat di Heere geseg het: een gebroken en verslagen geest zult Gy, o God, niet verachten.

—Ja, meneer, ek het di tekst al gehoor.

—Nou wel, wat jy nou doen moet is, jy moet di Saligmaker aanneem wat ons van God geskonke is. Jy moet nou di Soon kus, opdat Hy ni toorn ni. Jy moet nou gelowe in Syn dierbaar bloed, waarin Hy jou sonde te niet gemaak het, en jouself an Hom o'erge net so as jy is, met al jou sonde en ellendigheid, met jou liggaam, siel en gees, voor tyd en voor ewigheid, en jy kan verseker wees dat di Heiland jou ni sal uitwerp ni,

—Is di Heere dan ni toornig op myn?

—Ne, myn dogter, di Here het jou van ewigheid lief gehad, daarom trek hy jou met goedertierenheid. Jy kan dit nou nog ni verstaan ni, mar later sal jy verstaan, dat di ongeluk, wat jou gister aand onder di prediking o'erkom het, di grootste geluk is wat jou ooit kon te beurt val. Ek het van myn lewe

net so gevoel, mar dit is so, di nou sug, sal eenmaal juig; di ween, sal lag, di kerm sal sing.

—Og, maar myn hart is so seer.

Ja, myn dogter, mar dis oek gen wonder. Di twesnydend skerp swaard van di Woord van God is daar deur gegaan door di krag van di heilige gees, en het jou oopgevelek, daarom staan jou sonde voor jou oo'e en nou sien jy jou sonde in di lig van di heiligheid van God en in di lig van di regvaardigheid van God, en nou voel jy skuldig en nou kan jy sê:—

Uit diepten van ellende,
Roep ik met mond en hart,
Tot U, die heil kunt zenden,
O, Heer! aanschouw myn smart.

Mar di dierbaar bloed van Christus sal di wonde genees. So gou as jy dit nou kan anneem, dat God jou jou sonde ni toereken om Jesus wil, dan sal jy di genesende krag van di Heiland Syn bloed ondervinde en dan sal jou klaagtone in lof-psalms verander en dan begin jy te sing:—

Prys den Heer met blyde galmen;
Gy, myn ziel! hebt ryke stof;
'k Zal zoo lang ik leef myn psalmen
Vrolyk wyden aan Zyn lof.
'k Zal, zoo lang ik 't licht geniet,
Hem verhoogen in myn lied.

Mar seg ver my, myn dogter, is jou mamma ni tuis ni?

Ja, meneer, sy is binne. Maria, vraag jy ver ma of sy ni effentjies kan inkom ni. Roep sus Sanni oek.

'n Rukki daarna kom almal in en di leeraar seg, na di gewone groetings, met di oog op di moeder:—U is een gelukkige moeder om 'n dogter te hê in wi God 'n grote genade geskonke het. U dogter het van gister aand af en di hele nag deur diep ongelukkig gevoel, en dit naar gevoel is oek nou nog ni weg ni. U het ni nodig ni om haar te bejammer, mar is u en di ander kinders nog nooit in so'n toestand gewees ni, dan het ons rede om 'n jammerliefde met u te hê. U dogter Anna is di wedergeboorte deelagtig en sy sal deur Gods genade ewig lewe. Ek twyfel daar ni an of sy sal Jesus kus en dit sal haar tot saligheid dien. Moeder, moeder, Jesus moet oek in u hart di hartevrind worde om in u huis di huisvrind te wees. U en di ander kinders kan ni sonder Jesus lewe, u kan ni sonder Jesus sterwe. Ons is almal ewe skuldig voor di Heilige God. God het Syn Soon gegewe; di Hem heef, heef di lewe, di Hom ni heef, heef di lewe ni.

Na 'n hartelik gebed en dankzegging en dank ver di besoek gaat di geselskap uit makkaar.

[Patriot, 25 Julie en 1 Aug. 1884].

ISSASKAR, DI STERK GEBEENDE ESEL.

—Dag tante, Kris-i!

—Dag Jan-i.

—Tant Kris-i, Oom Pieter laat weet ver tante Kris-i dat dit van aand om sewe ure sal kerk wees by oom Pieter an hnis. Tante Kris-i moet asseblief ver di bure lat weet.

—Goed, myn kind, dank-i. Sê komplement ver oom Pieter en tant Mita; ek sal kom.

Tante Kris-i was 'n weduvrou, wat di Here vrees en wat lief was ver di woord van God. Di woord van God had haar al dikwils vertroos in hare moeielikhede, en sy het uitgevonde, dat di liwe Here altyd Syn woord waar maak, en nooit beskaam maak, di wat op Hom vertrou ni. Sy het 'n heel trop seuns; party getroud; party ongetroud; en één enige dogter, Anni, 'n meisi van omtrent 14 jare. Ma en Anni is besig and' naai; hulle het 'n stuk-i werk in hande, wat di ander dag moet klaar wees, en hulle het net hard werk om dit klaar te kry.

—Sal ma dan regtig van aand na di godsdiens gaan?

—Ja, myn kind, en jy moet oek mar saam gaan.

—En ma, hoe kom di werk dan klaar? Ma weet mos Tante Hanni het laat weet, ma moet di tabbertji morre vóór ag ure bring; sy het dit te danig nodig.

—Ja, myn kind! ik weet; mar dit sal wel klaar kom. Ons staat morre oggend mar 'n uurtji vroe'er op en met ons liwe Here syn se'en sal dit wel gaan. Ek wil di godsdiens ni graag versuim ni, en ek wil oek ni graag, dat julle moet daaruit bly ni. Ons het di woord van God baing noodig, myn kind. Met myn is dit gelukkig so, dat ek myn Jesus besit; ek het Hom ver myn Saligmaker angenome, so's ek jou dikwils geseg het, mar, in jou en jou broers kan ek nog ni di genade ontdek ni. Ek ken di man, wat by oom Pieter van aand sal preek; hy was al dikwils ver myn siel tot nut gewees, en ek hoop, julle sal van aand oek 'n sc'en kry. Isak-i, roep jy ver Krisjaan!

—Net nou, ma!

—Né myn kind! ni net nou ni, mar dadelik! kom, kom, staat op en loop.

—Ma; ek weet ni waar is Krisjaan ni.

—Mar myn kind! jy weet hy spit in di tuin.

—Krisjaan! Krisjaan! ma roep ver jou!

—Wat sê jy, ek kan ni hoor ni, Sak-i.

—M...a roep ver jou!

—Ja, ek kom!

—Het ma ver my geroep, ma!

—Ja, Krisjaan! Oom Pieter het net nou 'n boodskap gestuur dat dit van aand sal godsdiens wees. Ons moet almal gaan.

—En waar nog al, ma!

—By oom Pieter an huis.

—Mar ma, dan sal ek mos di stuk-i grond ni kan klaar spit ni. Dis nou al laat al, en dis nog mar 'n uur son. Hoe laat sal di godsdiens wees?

—Om sewe uur. Jy moet mar so'n bietji anstoot, myn kind!

—Ek sal perbeer, ma! Mar dan moet ma tog mar myn goed klaar lê.

—Ja, myn kind! daar sal niks an mankeer ni

—Isak, loop gou gou o'erkant na Tante Leentji en gé di brief-i.

—Gé, mar ma! Mar gé dan eers 'n stuk-i brood, ma! mens kry mos honger!

—Loop eers, jy kan net nou kry.

Tante Leentji maak di brief-i oop en lees: Liwe Niggi, Neef Pieter het ver myn laat weet, dat daar sal prediking by hom an huis wees van aand om sewe uur en hy het myn laat versoek, om an di bure di wete te gé. Laat asseblief met Isak-i weet of jy kan gaan, dan sal ek ver jou kom afhaal.

—Isak, sê ver jou ma, tante Leni is regte bly! Tante Leni, sal klaar maak; ma kan mar ankom. Wag myn kind! ek het wat ver jou: 'n lekker stuk-i rosyntjiesbrood.

—Dank-i, tante; dank-i! Dag tante!

En wi was nou tante Leni? So'n eerste klas donk-i eselin. Mar sy weet dit ni. Mar hoe dan 'n eselin? Wel, ek sal perbeer om dit uit te lê. Ek het vanmelewe 'n printji gesien, waar pak donki-esels op staan. Hulle het 'n paksaal op di rug met vier hake, twe an ieder kant. An di hake haak di baas van di esels 'n mandje vas, wat van latjies gevleg is, baing lig; an ider kant één en di mandjies is vol breekgoed tusse strooi gepak, en so reis di man rond om syn breekgoed te verkoop. Dis amper op so'n selfde manier as ons pakpêrde en pakosse. Nou so omtrent was tante Leni. Sy wil hemel toe gaan; mar nou weet sy ni reg: hoe ni? Sy het 'n gedagte, dat elke goei'e werk, wat sy doen, sal help om haar sonde by God te verminder. Nou moet sy mar soveul goei'e werke doen as sy kan, dan sal dit haar sonde minder maak, en kom daar op di end iets kort, dan sal di liwe Here dit ni so danig kwalik neem ni, mar haar 'n plekki in de hemel gé, misskien so by di deur syn kant, mar sy het tog 'n hoop om salig te worde. Haar man het haar oek ni kan reg help ni, want di hou meer van kaarte en van sopies as van di Bybel. Hy praat nooit o'er godsdiens met haar ni, want dan kry hy dit opdra'end; en sy praat nooit met hom ni: want hy seg, syn vrou moet vrou bly en ni predekant worde ni. Di gelowige in haar bnurte weet ni beter ni of dit is alles reg met haar, want hulle vraag haar nooit diep uit ni, en di leeraar is gerus.

Dis nou amper kerktyd. Tante Kris i met dri van haar kinders, Anni, Krisjaan en Isak-i stap eers na Tante Leni.

—Hoe is dit, buurvrou, is jy klaar om kerktot te gaan? seg tante Kris-i.

—Ek is klaar, Tante Kris-i, kom mar asseblief effe in, gaat sit, ek sal net myn tjali en myn hoed loop haal.

—Gaaf jou man dan ni saam ni, seg nig Leni?

—Og, di ou-sondaar het gen lus om di woord van God te gaan hoor ni. Ek weet ni hoe dit een dag met di ouwe man moet gaan ni. Ons wat ons bes doen om tog 'n plek-i in di hemel te kry, sal daar mar moeilik kom, en hoe dat dit met hom moet gaan, dat weet ek ni.

Nig Leni is klaar en so stap sy met tante Kris-i en di dri kinders na Neef Pieter syn huis. Mar Tante Kris-i voel so aardig o'er di woord, wat haar buurvrou nou mar geseg het. Di woorde: "Ons wat ons bes doen om tog 'n plek-i in di hemel te kry," klink ver haar daarom so snaaks, so verkeerd in haar ore. Sy seg: mar nig Leni! het ek goed ver jou verstaan, dat jy van effen geseg het: "Ons wat ons bes doen om tog 'n plek-i in di hemel te kry." Wil jy glo ek het half geskrik, toen jy dit seg.

—Hoe so dan, Tante Kris-i? Het ek dan ni reg geseg ni? Moet 'n mens dan ni syn bes doen om 'n plek-i in di hemel te kry ni? 'n Mens kan tog ni somar so in di hemel kom ni. Daar moet tog wat gedaan worde. 'n Mens doen aldag sonde, veul of min, en as jy dan tog oek ni jou bes doen, om iets goeds te doen ni, dan staan jy daar nou mar met 'n trop sonde en jy het niks om jou te vertroos ni, en om jou 'n hoop te gê ver di ewigheid ni. Dis al 12 jaar dat ek begin het om goei'e werke te doen. En nou reken ek so, as myn sonde vermeerder, dan vermeerder oek myn goei'e werke tog en ek glo ni, dat dit met myn sleg sal afloop as ek sterwe ni.

—Mar! myn liwe nig Leni, staat daar dan ni in di Bybel geskrywe ni: "Niet uit de werken opdat niemand roeme."

Ek weet ni of daar so 'n teks in di Bybel is ni. Om jou di waarheid te sê, di Bybel is 'n al te swaar boek om te verstaan. Oek het ek mar min tyd om te lees.

—Ek hoop ni, Nig Leni, jy sal ver my verkwalik neem ni, mar ek moet sê, dat jou fondament, waar jy op staan, ni al te goed is ni.

—Tant Kris-i, jy wil tog ni strak ver my onrustig maak ni; eergister was oom Karel by myn en ons het oek so 'n gods-dienstig gesprek gehad; mar ons kon ni braaf stem ni. Hy lol te veul van geloof, geloof; mar ek weet goed, as 'n mens ni goed doen ni dat hy dan nooit sal salig worde ni. Ek weet 'n mens moet gelowe. Nou, ek geloof oek; en myn geloof is, dat as 'n mens ni goei'e werke doen ni, dat God dan met hom nooit kan tevrede wees ni. Tante Kris-i! sê jy nou ver myn eerlik of jy al iets in myn gesien het dat jy kan afkeur. Met kêkeldery hou ek my ni op ni; as ek hier of daar 'n mens kan help in siekte of in armoed sal ek nooit agteruit staan ni; as, daar iets moet gegê worde vir di kerk of di skool sluit ek myn hand tog

nooit toe ni. Ek wil daar nou ni op roem ni, mar di groot Bybel op di preekstoel het ek present gegewe van myn botter, eiër en hoendergeld en twe van di kerkgordyne kom oek uit myn sak uit.

—Tante Krissi was somar stom toen sy dit hoor. Sy weet regtig ni wat sy moet sê ni. So iets had sy van Nig Leni ni verwag ni. Sy bid toen somar in haar hart: Here! wat moet ek tog sê: Di arme vrou is met blindheid geslaan: Sy sê toen: Myn liwe Nig Leni, mog di liwe Here jou oo'e nog van aand ope maak, want jy is blind voor jou sonde en blind voor di genade, wat in Gristus is.

En so stap hulle Neef Pieter syn huis in. Dit was 'n grote eetkamer en al goed half vol met mense gevuld. En daar kom nog altyd meer by. Di leeraar was al op syn plek. Tante Kris-i en Nig Leni kry plek in di vierde ry, en al wat kind is word heel vooran geset. Neef Pieter wat 'n eerste klas kindervrind is, sorg vir di joug mense en di kleine, en oom Karel wat al vroeg daar was, het op hom geneem om voor di groot mense te sorre, Tante Kris-i was al 'n eintji in di 50 en Nig Leni so'n 36 jare oud. Tante Kris-i so effen skraal, en Nig Leni fris van lyf, 'n bitji breed van gesig, helder bloue oo,e en lig rooie wange, mar nou 'n bitji rooier want di woorde van Tante Kris-i het haar so meer of min geërger. Al twe sit vol gedagtes. Tante Kris-i wat 'n bevestigde gristen was vol bekommernis o'er Nig Leni, en Nig Leni vol gedagtes, hoe sy haar saak te'en Tante Kris-i moet verdedig, want ingewe kan sy ni en sal sy ni, as di Here haar ni o'ertuig ni. Tante Kris-i het so met 'n halwe veragting van haar beste werke gesproke, net of goei'e werke niks wêrd is ni. Tante Kris-i moet mar oppas, want sy sal met haar geloof sonder haar goei'e werke straks nog in di hel kom, terwyl sy met haar geloof *aan* goei'e werke en *in* goei'e werke di hemel sal ingaan. Is dit ni 'n verdienstelike ding ni om 'n godsdiens by te woon ni, en sy sal nooit 'n godsdiens versuim, as sy dit kan bywoon ni. In haar gedenkboeki staan al haar goei'e dade opgeteken en menige goei'e daad is daar in haar boek-i waar gen sonde teeno'er staan ni. Als ek van aand—so denk sy—tuis kom het ek weer iets om op te teeken: 'n godsdiens by Neef Pieter bygewoon op 'n weeksaand. En teeno'er di pos sal oek gen sonde staan ni. Op di bladsy van gister staan in haar boek-i op di één kant "Sonde" en op di ander "Goei'e werke!"

20 Aug.

1. Ergerlik geworde op di kindermid.
2. Ver myn man geseg: "dit raak jou ni."
3. 'n Bitji te veul geraas om di kok 'n bord gebreek het.
4. 'n Plan gemaak om dri da'e lang gen woord met myn man te praat ni, om dat hy myn ni 15 silings wil ge om 'n voel struis veer te koop ni.

20 Aug.

1. An di kindermid haar moeder 'n halwe brood gegé.
2. Ver siek Saartji 'n kommetji sop gestuur.
3. Ver di kok 'n halfslyt flenni rok gegé.
4. Uit myn bottergeld vir myn man 'n half dosyn boortjies gekoop.
5. 'n halwe rib en 'n stuk-i spek gestuur ver Tante Kris-i 'n weduvrou.
6. Nig Hanni besoek en 'n siling gegé.

Op di manier het di arme Niggi al 12 jare angegaan mar nog nooit gesien dat sy 'n verkeerde pad loop ni. Tante Kris-i was di tweede, wat haar staat betwyfel. Sy is so druk besig met dink dat sy nooit opgemerk het, dat di leeraar opgestaan het, om 'n versi op te gé ni.

Hy gé op Ges. 54. Hy lees di hele gesang, en laat sing di derde en di vyfde versi.

Di woorde: Als zondaar moet gj gunst ontvangen,
Uw eigen deugd verdient dit niet,
haak so effentjies vas in haar hart, mar dit spring weer los
Sy het daarom so'n stootji gekry.

In syn gebed seg hy onder ander: Here, as daar misskien van aand imand hier is, wat nog in syn sonde vas is, in syn drank of an syn kaarte of an syn resies, maak hom los (Nig Leni seg somar in haar hart: dis net goed vir myn man: was hy nou mar hier), en as hier miskien imand is, wat op syn geloof roem en di gehoorsaamheid en di goeie werke vergeet, lat di tog sien, dat di siel met 'n ingebeelde hemel na di hel gaat, bring hom tog reg (Nig Leni seg in haar hart: dis vir tante Kris-i, dis goed so), en as hier imrnd sit wat syn sonde met syn goeie werke wil doodmaak (sy skrik geweldig, sy seg: dis ek), ag, lat tog syn vals fondament onder syn voete wegsink, ens.

"Liwe vrinde, laat ons nou lees: Genesis 49. Di hoofstuk uit di eerste Boek van di Bybel handel o'er di se'en wat ou Vader Jakob o'er syn 12 seuns uitgespreek het kort voor syn dood." Nog 'n Psalmvers en nou di teks: Gen. 49:14 en 15, Issaschar is een sterk gebeende ezel nederliggende tusschen twee pakken. Toen hy de rust zag, dat hy goed was en het land, dat het lustig was, zoo boog hy zynen schouder om te dragen en was dienende onder tribruti.

Net of di leeraar nig Leni so haar fyn ken so gé di liwe Here di man di aand te spreek. Hy seg, dat daar 'n soort gristene is, wat 'n mens gerus kan eselgristene noem. Net so stom as esels: hulle verstaat glad niks van di plan van saligheid ni, hulle kan dit ni vat, dat Gristus ons sonde gedra het in syn ligaam ni, dat hy di sonde *te niet* gemaak het ni, dat hy sonde vir ons gemaak is, dat God onse sonde op Hom het doen aanloop; te stom om te verstaan, dat di, wat uit di werke geregvêrdig wil worde van di genade verval is, en Gristus ver so één ydel geworde is. Mar hulle is oek net so skopperig as esels: as jy wil di werkstui'e afhaal skop en kap hulle; as jy wil di genadetui'e opsit skop en kap hulle oek; snou en grou jou af of draai om en loop; of seg dat jy van hulle moet afloop; hulle is so ei'ensinnig as esels, hulle laat hulle ni tereg bring ni; hulle is gen haar te goed om te sê, missskien di vrou vir di man: dit raak jou ni! Di esels lê tusse twe pakke: op di linkerhand lê di pak van sonde, op di regterhand di pak van goeie werke. Hulle kan ni verstaan ni, dat di *dood* in di goeie werke sit, en

dat di sonde in di bloed van di Lam van God doodgemaak is. Hulle is daarom nog slim op hulle ei'e manier oek; na di sonde maak hulle di goeie werke en dan sorre hulle nog, dat di goeie werke 'n bitji meer is as di sonde. Hulle lê tusse di 2 pakke in, en het rus en di rus is goed en di land is lustig; dan weer buig hulle om te dra nes 'n pakesel en hulle dien onder belasting; hulle *moet* hier gé en hulle *moet* daar gé; dis altyd mar *moet moet*; moet gé, moet doen, moet gaan, dis niks as moet. Daar is selfs mense, wat daar 'n lys-i op na hou; dan staan op di één bladsy di rekening wat God te'en hulle het en op di ander bladsy staan di te'enrekening. As daar miskien so'n esel of eselingristen hier is, dan moet di tog verstaan, dat hy glad gen griste is ni. Gen goeie werke, al misskie nog so veul en nog so goed, kan 'n mens 'n gristen maak ni; al wat 'n man 'n gristen maak is, dat hy Gristus besit, dat hy in Hom ingeënt is, of dat Hy in Hom geloof. 'n Mens moet wys worde tot saligheid en ni dwaas bly tot verdoemenis ni. Mar laat ons nou 'n o'enblik-i van di goeie werke praat. Hoe lyk di in so'n eselgriste syn oo'e? Mooi nê? En wat sê di Bybel? Glad 'n ander ding. In Jesaja 64:6 staan: "doch wy allen zyn als een onreine, en al onze geregtigheden zyn als een wegwerpelyk kleed." En verder seg di Skrif: niet uit de werken, opdat niemand roeme. En weer: Zoo velen als er uit de werken zyn, die zyn onder den vloek. Siele, julle fondament van goeie werke moet onder julle uitgestote worde. Moet nou ni as 'n esel skop en kap en julle versit ni. Daar is nog 'n ander plan: julle kan gewillig van julle fondament afstap; verwerp julle goeie werke as 'n grond van saligheid. God het 'n beter fondament gegé en di fondament is Gristus. En wat seg Gristus? Hy seg: kom tot my. Gristus ontvang de sondaars en eet met hulle. Hy stoot nimand weg; Hy kan volkomelik salig maak al wi deur Hom tot God gaat. Jesus is di vrind van sondaars Miljoene het Hy al salig gemaak. Hy kan en sal nog meer salig maak. Daar is nog plek in di hart van Jesus. Het julle 'n plek ver Hom? Wi van julle is van aand gewillig om syn valse grond te verlaat en di Seun van God an te neem. Dit gaat na di ewigheid toe; moet dit ni vergeet ni. Neem julle kans waar; ens., ens., ens.

Di kerk is uit en tante Kris-i en nig Leni stap met di kinders huistoe.

—Tante Kris-i sê: Wel, nig Leni! wat sê jy van di preek?

—Wel, ek kan jou net één ding sê: Ek het myn godsdiens verloor. Ek het net niks o'ergehou ni Ek is vol in di kerk gegaan en ek kom daar ledig uit. Ek is glad onderste bo en deurmakaar. Ek weet nou ni meer hoe ek dit het ni. Ek sien daarom dat oom Karel en Jou rede en di van di leeraar o'reenstem. Ek wil daarom ni so's 'n esel wees ni; ek wil ni skop

en kap en ver myn verset ni. Ek wil salig worde en het ek dit op 'n verkeerde manier angelê dan moet ek dit nou mar beter anlê, dis al!

—Nou wel, nig Leni, as jy wil salig worde op God syn manier, dan glo ek dat jy sal reg kom, en as ek jou altemitters van diens kan wees, laat dan mar weet, dan kan ek 'n bietji o'erkom of anders kan jy mar na myn toe kom. Wat ek van di weg van saligheid weet, sal ek graag medeel. Ons moet makkaar help.

—Tante Kris-i, jy moet ver myn bid!

—Dit hoop ek te doen; rustige nag!

—Rustige nag, tante Kris-i! Nag kinders!

—Nag, tante Leni!

Rustige nag! Mar as di hoop van jou saligheid in 'n paar ure van jou weggenome word, of as jy van di fondament van jou ingebeelde saligheid moet afstap, kan jy dan jou nag rustig deurbring? Tante Leni het ni al te goeie nag gehad ni. Sy het ni laat na bed gegaan ni, mar slaap is min. Di leeraar het ni alleen gesê, dat di dood in di goeie werke sit ni, mar hy het di grote vraag gedaan: waar is jou sonde? Tot op di o'enblik had sy nog nooit gesien ni dat Gristus di sonde te niet gedaan het deur syn ei'e offerande op di Kruis van Golgotha. Sy weet natuurlik wel, dat di Here Jesus gëstorwe is voor onse sonde, mar sy het 'n al te duister begrip gehad van di versoeningsdood van di Heiland, en as 'n mens haar plan van saligheid goed nagaan, dan is daar glad gen versoening in ni. As di arme niggi haar sonde en di Heilige God gekend had, dan sou sy sonder di bloed van Gristus nooit kon klaar kom ni, mar in haar ei'enwillige godsdiens is gen plek ver di Gristus ni. Haar kleed waar sy méen om eenmaal voor God te verskyn is ni di kleed van Gristus syn geregtigheid ni, di rok sonder naad van bo af geheel gewewe: haar kleed is 'n spreij, 'n lappieskombêrs, en al di lappies van goeie werke is an makkaar genaai met di gou'e draad van haar gebede. In di nag begin sy te sien, haar oo'e gaan oop, di sewe-dik skille begin af te val en haar fraaie lappieskombêrs begin te verkleur; dit begin oud te worde, di mot is daar in en dit lyk vir haar of op ider lappi geskrywe staan: blinkende sonde en skitterende kwaad; naderhand lyk dit ver haar of sy vier grote letters begin te sien, 2 oo-tjies en 2 dee-tjies; één *d* vóór en één *d* agter en di 2 oo-tjies in di middel, en nou is dit ver haar helder en klaar, di dood is in haar lappieskombêrs en wat sal sy daar nou mé maak? Sy denk daaro'er, mar sy het nog gen lus om haar goeie werke weg te gooi ni. 'n Bitji later kom di woorde: ons geregtighede is as 'n wegwerpelike kleed so duidelik voor haar gees, dat sy ni ho'er of la'er kan ni of sy moet dit weggooi. Wat sal sy doen? Di ding waar di dood in sit, help ni; dit doet gen nut ni; en haar werk

van 12 jaar weggooi, dis al te swaar. Dit het haar di nag 'n hewige stryd gekos. Di waarheid en di leu'en het net 'n harde worsteling gehad; mar di waarheid het oek in haar di o'erwinning gekrege. Sy kom tot di besluit om van haar valse fondament af te stap. Sy seg: Here, ek sien, ek kan met myn goeie werke niks begin ni; di dood sit daar in; ik gooi hulle weg as 'n grond van saligheid, help myn dat ek kan salig worde op U manier na di Skrif. Omtrent om 2 uur in di nag slaap sy in en word met dagbreek wakker. Nou het sy klaar met haar geregtigheid, di lappies-kombêrs het sy afgegooi en weggegooi, want as di Here dit tog ni wil aanneem ni wat sal sy dit dan hou? En nou di geregtigheid, di spinnekop-gristendom weg is, nou kom di ongeregtigheid voor di dag. Haar huiswerk het sy so gou as mar mo'entlik was gere'eld, dat sy, al is dit mar 'n half uur, kan kry om alleen te wees. Daar sit sy nou in haar slaapkamer alleen met toedeur om o'er haar sonde na te denk. Sy begin haar sonde te sien, sy begin o'er haar sonde te denk en dit lyk vir haâr of sonde, wat sy altyd mar ver klein angesien het, begin groot worde. Sy maak di laai van haar kas oop, waar haar Gedenkboeki in lê, vat dit in haar hand en maak dit oop. Daar val haar oog op di regter bladsy waar haar goeie werke op angeteken staan en sy draai haar hoof weg, mar sy kan ni na haar sondelysi kyk ni of haar oog val mar styf deur op haar goeie werke. Di ding hinder haar, mar sy denk: skeur ek nou di blaadji uit, waar op di een kant di goeie werke staat, dan skeur ek meteen oek di lysi van myn sonde stukkend. Sy sit met di boeki in di hand, kyk op een kant, kyk op di ander kant, verskeur sy di een dan verskeur sy di ander en sy roep uit: Here, wat maak ek daarmee? En nou word dit ver haar of imand ver haar sê: is jou lysi wel korrek? Het jy ni straks 'n heel party sonde gedaen wat jy nooit opgeteken het ni? Is dit dan alles? By meer lig kom oek meer gesig. En dit duur ni lang ni of sy sien dat di hele boeki 'n leu'en is. Dit is wel waar wat daar in staan, mar alles staan daar tog ni in ni. Menigte van sondige gedagtes, menigte van verkeerde woorde en menigte van verkeerde dade, wat sy angesien het as niksbetekenende kleinighede, word nou in haar oo'e groot en vreselik. "Jy het met 'n heilig God te doen," dreun in haar oore. En sy skrik. Sy voel haar hart verlaat haar, haar lende word los, haar knieë knik, haar hele ligaam beef, haar hart breek oop. Sy val op haar knieë, sy sink in di diepte, en in di angs o'er haar siel roep sy uit: o God, wees my sondares genadig! Genade, o God! genade ver 'n ei'egeregtige sondares! Help myn, Here, help myn!

Nig Leni het 'n dogter, wat omtrent 16 jaar oud is, 'n knap, handig meisi. Haar ma het haar order gegee om di ag uur tafel klaar te maak en haar te roep as di kos op tafel is. Soo's di klok ag uur slaat gaat sy na di slaapkamer, waar nig Leni is

en sê: Ma, di kos is op tafel; het ma gehoor? Ja, Katotji, ek kom! Sy wil ni graag uitkom ni, mar sy weet, dit kan ni anders ni; sy was haar gesig haastig af en gaat an di tafel sit. Di koffi smaak ni, di kos wil ni sak ni, di mond wil ni praat ni, en nig Leni, wat anders so lewendig en opgeruimd is, het ni 'n woord om te sê ni.

—Katotji: Is ma dan siek, ma?

—Ne, myn kind, ek is ni siek ni, mar tog oek ni so wel ni.

—Wat mankeer dan, ma! het ma dan misskien ni goed geslaap ni?

—Mar regte min, Katotji! Mar jy sal daarom ver myn ni verstaan ni, al sal ek jou sê wat myn mankeer. Ek sal nou mar di kos vir van middag uitgé en dan moet jy alles mar reg hou. Ma wil strakkies 'n bitji na tante Kris-i gaan; ek sal om elf uur weer tuis wees.

—Sal Pa oek middag weer tuis wees, ma?

—Ne, myn kind. Jou Pa is van morre heel vroeg al uitgery; hy sal ni kom voor van aand ni; hy is na oom Kootji gery.

BY TANTE KRIS-I.

Hoe gaat dit van morre, nig Leni?

Og, wat sal ek sê, Tante Kris-i, dit gaat maar elendig. Ek is 'n heel end miseraweler as gister aand; dit lyk ver myn of dit altyd denkerder en duisterder word. Myn hoop van Saligheid is skoon weg. Ek voel nes 'n mens wat uitgetrek is, nes Adam en Eva, toen Adam vir di Here sê ek is nakend en daarom steek ek myn weg. Myn deugde begin sonde te worde, en hoe moet dan myn sonde lyk?

—Liwe Leni as jou deugde sonde word, dan sal jou sonde seker verskrikkelik daaruit sien. As jy net één sonde kan sien so's di in di oo'e van di Heilige God is, dan moet 'n mens van angs en skrik in mekaar krimp. Weet jy wel, dat ons te'en di Heilige God gesondig het, en dat Hy di skuldige geensins sal onskuldig hou ni, en dat hy regvêrdig is en di sonde ni kan deur di vingers sien ni? Leni, ons het di helse verdoemenis verdien, di vuurvlamme van di hel, en as God ons daar in werp, dan het ons net ons verdiende loon.

—Tante Kris-i, jy maak my nog meer benoud. Dit smaak vir myn of ek nou al in di vuurvlamme lê, en of ek sal verlore gaan.

—Nou ja, as jy sou verlore gaan, sou jy dan denk, dat God onregvêrdig met jou handel? Het jy dit dan ni verdien ni?

—Ek weet tog ni; mar sal ek dan verlore gaan? Ek kan daar ni an denk ni. Dis mos al te verskrikkelik!

—Dit is oek verskrikkelik om verlore te gaan. Di Bybel seg: dis 'n buitenste duisternis, wening van di oo'e, knersing van di tande, 'n worm wat ni sterwe ni en 'n vuur wat ni uitbrand ni. Oek seg di skrif: onse God is een verterende vuur,

en dan weer: dis vreselik om te val in di hande van di lewende God.

Toen tante Kris-i so spreek word nig Leni nog veul naarder. Sy bewe o'er haar heel lig-aam en sy wil flou worde. Tante Kris-i haal 'n bietji water en laat haar 'n sluk-i drink en fris haar effentjies op met 'n bietji odekolongi.

—Gaaf dit nou 'n bietji beter, nig Leni?

—Og, Tante Kris-i ek is so benoud, so benoud, ek weet ni wat te begin ni, as dit so moet anhou, dan gaat ek dood.

—Nè Leni, jy sal ni dood gaan ni. Di liwe Here sal daarvoor sorre. Hy is nou besig om jou te behou, ek het 'n hoop, dat jy sal in di hemel kom.

—Og, Tante Kris-i jy weet ni wat ek uitstaat ni. Ek is doodsbenoud, ek is angstig!

—O ja, nig Leni, ek weet wat jy uitstaat. Wat jy nou deurgaaf het ek oek deurgegaan. Ek ken di toestand. Di toestand is heeltemaal Bybels. Wag ek sal ver jou voorlees. Hier is dit in Psalm 116: Bande van di dood had my omvange, angste van di hel had my getroffe, ek vond benoudheid en droefenis.

—Staat dit in di Bybel?

—Seker, as jy wil dan kan jy dit selwers lees.

—En wat is dit dan?

—Dis nou wat di Bybel di wedergeboorte noem. Weet jy ni wat di Heiland vir Nikodemus geseg het: as imand ni wederom gebore word, dan kan hy di koninkryk van God ni sien ni? En weer: as imand ni gebore worde uit water en gees, dan kan hy daar ni ingaan ni. En dan weer: julle moet wederom gebore worde.

—Ja, ek weet daar van; mar ek het gedenk, dat ek al wedergebore was, omdat ek myn best gedaan het om salig te worde.

—Né, nig Leni, jy is *nou* in di wedergeboorte, jy is nou uit God gebore, jy sal oek nou mar di Saligmaker Jesus Gristus leer ken as jou Saligmaker, en as jy in Hom geloof en in Syn bloed geloof, dan sal jy vrede kry en 'n heel ander Leni wees.

—Mar Tante Krisi, ok het mos altyd geloof an ons Here Jesus, ek was tog mos nooit 'n ongelowige mens gewees ni.

—Ne, ek weet, jy was 'n gristen so's alle mense gristene is; gristene sonder Gristus, sonder wedergeboorte of sonder geboorte uit God, sonder ware bekering en sonder geloof in di Gristus, en daar kan jy ni me uitkom vir di ewigheid ni. Jy was 'n ei'egeregtige sondares, 'n spinnekop gristen; 'n spinnekop maak mos syn net en syn huis-i uit hom self uit; nou so was jy, jy was jou ei'e saligmaker. Vollens jou plan van saligheid had jy met di Saligmaker niks te doen ni. Hy pas ni in jou plan ni, mar nou sal jy Hom nodig kry. Weet jy wel, myn liwe nig! dat jy al 12 jare lang di liwe Heiland onreg angedaan het deur jou ei'e saligheid te wil bewerk. Jy het di Beminnelike Saligmaker beledig en God beledig deur ni te glo wat Hy van Hom geseg het ni. Hy het van Hom gesê: dis myn Soon, myn

Geliefde, Ik het in Hom myn welbehege. Hoor na Hom! En dit het jy ni gedaan ni. Jy het Hom verbygegaan; di Enige Naam, di algenoegsame Naam het jy miskend. Jou godsdienst, myn liwe niggi, was 'n vyandskap te'en God en te'en Gristus, en al di tyd het jy gedenk, jy was 'n vriendin van Jesus. O, 'n mens kan hom so groteliks bedrieg nes jy gedaan het.

—Mar tante Kris-i, jy skeur myn hart nog verder oop, dit is al so seer, en nou sê jy, dat ek 12 jaar lang di Heiland onreg angedaan het en Hom en God beledig het, mar dis mos verskrikkelik!

—Ja, so is dit oek. Mar het jy dan oek ni di *woord van God* misken en gering gereken? Toen ons gister aand na di prediking gaan het jy geseg: jy lees mar min in di Bybel, di boek is al te swaar om te verstaan. En di Bybel is dan di Openbaring van God, di getuigenis van God. Di Bybel vertel ons di weg van saligheid en di dierbare Boek kan jy dan so mar gering reken! Weet jy wel, myn liwe Leni, daar is mar net *een* boek in di wêreld, en dis God Syn Boek, dis di Bybel. Het jy ni strak in jou huis 'n boek-i ni, wat jy meer van maak as van di Bybel ni? Het jy nooit antekening gehou van jou weldade, wat jy gedaan het ni? Nig Hanni maak mos oek so, en is ni strak jou weldade meer as jou sonde ni? Toen tante Kris-i so praat word nig Leni te danig skaam. Sy voel dis waar. Sy kan ni stry ni en sy seg: Tante Kris-i, ek voel nes 'n veroordeelde misdadiger.

—Dis goed, nig Leni, jy kan nooit te skuldig voel ni. Leer mar jou sonde ken, dan sal di genade so veul te soeter smaak. Mar ek wil jou nog graag 'n vraag doen omtrent di Here syn kinders. Het jy hulle wel regtig lief gehad? Het hulle 'n plek in jou hart, in jou huis gehad, het jy hulle geselskap opgesoek? Het jy jou één gevoel met "di heilige en di beminde van God"? Mar ek hoef dit oek amper ni te vra ni, jou konsensi sal so mar sê: Né. Hulle was ni myn beste vrinde ni, jy het jou meer met di sogenoemde fatsoenlike mense as met di kinders van di Here opgehou.

—Dis waar, tante Kris-i ek voel skuldig!

—En jou skuld is groter as jy denk. En jou sonde is veul meer as jy jou verbeel. Kyk, lat ek jou nog op 'n ding opmerk-saam maak. Jy het gister aand vir my vertel, dat Oom Karel met jou in 'n gesprek was en toen het jy gesê: Oom Karel *lol* altyd van geloof, geloof. Nig Leni, dit het ver myn baing seer gemaak en ek glo, dis nodig dat jy verstaat dat jy 'n vyand van di *geloof* was, waar Apostel Petrus van sê: *dierbaar geloof*. Toen Tante Kris-i so praat werd nig Leni so mar bleek van skrik. Sy voel di waarheid daarvan en ewe angstig roep sy uit: O God wees my genadig; ek is skuldig, ek is skuldig!

—En het jy nou nog enige hoop om na di hemel te gaan? Het jy nou nog iets om op te roem?

—Myn liwe Tante Kris-i, wat sal ek nog sê. Ek het ver myn heeltemal oop gevlek en nog tienmaal meer ongelukkig gemaak as ek was toen ek gekom het.

—Dis niks nig Leni, dit doen gen kwaad ni. Ek weet wel as 'n mens an syn sonde en an homself ontdek word, dat hy dan naar en ellendig voel, mar dit kom reg. Eers in di diepte en dan in di hoogte, eers lyde en dan heerlikheid.

—Tante Kris-i ek moet nou oek mar myn skande an jou openbaar. Ek begin nou te sien, dat ek jou en oom Karel en ander gelowige mense verkeerd beoordeel en veroordeel het. Ek het gedag dat dit by julle mar net *geloof* was, sonder goeie werke, mar ek begin nou al te sien, dat gehoorsaamheid an di Here alle goeie werke insluit, en as ek ver myn ni vergis ni, dan was myn godsdiens 'n eïewillige godsdiens, waar di Here gen welbehage in kan hê ni, en di van julle was di regte.

—Ek is bly, Nig Leni, dat jy dit erken. Mar nou moet jy daarna handel; jy moet elke sonde, waar di Heilige Gees jou an ontdek, voor di Here bely; jy kan di sonde mar gerus by name noem. Di Here sien hulle almal; dit staan almal opgeteken in di Here Syn “Gedenkboek”; want Hy hou oek so'n Boek, en jou Belydenis moet stem met wat in di Here Syn Boek staan.

—Ek sal dit seker doen, Tante Kris-i; mar denk jy dat ek sal reg kom?

—Ek het 'n goeie hoop ver jou. Mar nou moet ek jou iets van di Here Jesus vertel. Weet jy wi Hy is? Hy is di seun van God, God syn eniggeborene. En so lief het God di wereld gehad, dat Hy di eniggeborene Seun gegé het, dat ider wat in Hom glo, ni verderwe ni, mar di ewige lewe verkry. Di Liwe Heiland het jou en myn sonde tot *niet* gemaak, toen Hy op di Kruis gestorwe is, en as jy in Hom geloof, ontvang jy oek di vergiffenis ver jou sonde, en so genees di dierbaar bloed van Gristus jou bloedende hart.

—Ek denk Tante Kris-i, dis nou omtrent tyd ver myn om huis toe te gaan; is dit ni al amper elf uur ni?

—Di klok sal net-nou elf uur slaan.

—Dan moet ek nou mar gaan. Mar ek sou so bly wees as jy ver myn nog eers 'n korte gebed wil doen.

—Ek wil dit graag doen, mar misskien sal dit 'n bietji vreemd wees as jy sal hoor dat ek di Here sal dank vir di grote genade welke Hy nou al ree's an jou betoon het. Kom laat ons dan mar neerkniel; en hulle kniel neer, en Tante Kris-i dank di Here so uit haar hart uit vir di genade, alreeds an Nig Leni betoon, en bid dat di Liwe Hemelse Vader om Gristus wil haar verder sal lig gé, en Gristus in haar sal openbaar, dat sy kan di Seun van God kus, en in Syn dierbaar bloed kan glo, tot saligheid.

En so gaat hulle toen uit makkaar.

In di agtermiddag 'het Nig Leni 'n mooi tydji gekry om alleen te wees om oer haar sonde na te dink. Mar sy het gen stuk vrede ni. Haar sonde vermeerder mar altyd. Di Heilige Gees lei haar agteruit en agteruit, tot op di tyd wat sy haar verstand begin kry het, en dit word nog mar al donkerder in haar siel. Di Heilige Gees herinner haar an di teks: "Vervloek is 'n igelik wat ni blyf in alles wat geskrewe staat in di Boek van di Wet, om dit te doen;" en sy sug: mar dan is ek mos al vervloek, want ek het oek ni altyd alles gedaan wat in di Boek van di Wet geskrewe staan ni. Di teks maak haar bang, en sy blaai in di Bybel, wat op tafel lê, en daar val haar oog op 'n ander teks, in Rom. 5: Want soos deur di misdaad van di een di skuld oer almal gekom is, tot verdoemenis; en hier stop sy, en sy seg: mar dan is ek mos al in Adam an di verdoemenis onderworpe. Watter 'n verskrikkelike toestand is dit! Sy sink al dieper in di ruisende kuil, en in di modderige slyk. En in di kuil en in di slyk het sy omtrent 'n 14 da'e deur-gebring. In di tyd het sy leer verstaan di woord uit Psalm 116:—

Ik lag gekneld in banden van den doop,
Daar d' angst der hel mij allen troost deedt missen;
Ik was benaauwd, omringd door droefenissen;
Maar riep den Heer dies aan in al mijn nood.
Och Heer, och werd mijn ziel door U gered.....

Gedurende di 14 da'e hoor sy so nou en dan di woorde: "Di bloed van Gristus" in haar oor fluister. En so moet sy an di bloed dan ook gedurig dink. Later weer is dit net of sy duidelik hoor: "Di bloed van Gristus reinig ons van alle sonde."

In di tyd kom Oom Karel op 'n morre by Tante Kriss-i, en so vertel Tante Kris-i wat daar met Nig Leni gebeur is. Oom Karel seg: "En ek het juis gekom om ver haar 'n bietji te gaan sien. Ek is al van gister gedurig met di vrou besig, en dit smaak ver myn of di Here wil dat ek ver haar moet gaan besoek. Het jy ni lus, Nig Krissi, om saam te gaan ni?"

—Mar seker, Neef Karel! Ek sal net gou 'n ander tabbertji antrek; Neef Karel kan asseblief mar so'n o'enblikki wag. Ek is net nou klaar.

Terwyl Tante Krissi klaar maak kom daar 'n boodskap van Nig Leni: Tante Krissi moet tog asseblief 'n bitji oerkom. Ma wil ver Tante Krissi iets vertel. Tante Krissi stuur 'n boodskap terug dat sy net-nou sal kom, en Oom Karel sal saam kom.

Hulle dri is nou by makaar. Nig Leni is braaf skraal geworde en bleek, mar sy siet daar daarom so lief uit. 'n Mens kan so di vrede op haar gesig lees. Oom Karel begin:

—Nig Leni, ek is verblyd om van Nig Kris-i te verneem dat di Liwe Here Syn genade an jou verheerlik het. Sy het van effen so net van jou toestand vertel. En hoe gaat dit dan nou?

—Dank-i Oom Karel! Dit gaat nou iets beter. Dis nou

omtrent dri da'e, dat ek so besig is met di bloed van Gristus. Di grote en Heilige God het ver my getoon, dat di liwe Jesus —net soos di Heilige naam uitspreek skiet haar gemoed so vol, dat sy ni kan praat ni; sy stort tran , mar trane van vreugde en blydschap en Tante Kris-i, wat di soort trane ken, deel in haar saligheid, en oom Karel wat sonde smart en geloofsvreugde ken veeg oek 'n traan van salige vreugde uit syn oo'e.—Nig Leni gaat an en seg: dat di liwe Jesus oek myn sonde op di kruis van Golgotha in Syn ei'e liggaam gedra'e het. Ek het dit gesien in di woord. Ek het dit van julle gehoor en oek di leeraar wat by oom Pieter gepreek het, het dit in di skrif angetoon. Ek geloof nou in di Soon, ek geloof nou in di Gristus, ek geloof in di bloed van di Lam Ek het Jesus nou lief en di trouwe Hemelse Vader, wat myn ni in myn blindheid laat vort gaan het ni. Ek het julle nou lief, hartelik lief Oom Karel en Tante Kris-i, en dit smaak ver myn of ek al di kinders van God nou lief het. Ek is net of ek in 'n ander wereld is. Dis net of son, maan, sterre, hemel, aarde, bome, plante, alles nuw geworde is.

Oom Karel sê: Ek wens jou van harte geluk, nig Leni met jou wedergeboorte, met jou bekering en met jou geloof in di bloed van di liwe Saligmaker. Jy staat nou in di handpalme van di Heiland gegraveer. Nou een ding, nig Leni. Van van daag 'n dag het jy nou met di wêreld en di wêreldse begeerlikhede en di ydelhede niks meer te doen ni. Nou moet jy mar trou di liwe woord van God nalees en uitvinde jou voorregte as 'n kind van God en di voorregte is ni net mar 'n paar ni; ne baing; en dan meet jy an di Heilige Gees gedurig gele'entheid gê om ver jou te kan leer. Jy is nou 'n discipelin van Gristus, dit meen 'n skoolkind en daarom moet jy leer, aldag leer. Jy hoef ni bang te wees ni, dat jy al te gou an di end van di leerdery sal kom ni. Daar is baing te leer. En dan is daar 'n tweede ding, wat jy moet doen. Jy moet nou gehoorsam worde an di woord, want dit moet jy goed weet, dat geloof en gehoorsamheid so éér is, dat di een ni sonder di ander kan bestaan ni. Di twe loop altyd saam. En het jy van melewe veul goei'e werke gedaan, om di Hemel te verdien, jy kan nou mar met di goei'e werke angaan omdat jy al in di Hemel geset is in Gristus. Ek sal ver jou lat sien in Efese 2:6. En het ons me opgewek, en het ons me in di Hemel geset in Gristus Jesus. Ek hoop oek so nou en dan myn nuwe suster in Gristus te kom sien om te weet hoe dit gaat.

—Ek dank jou hartelik ver jou gelukwens; oom Karel: ek hoop jou raad te volle en ek sal regte bly wees as oom Karel en Tante Kris-i myn dikwils kom besoek. Ek voel nog so swak, en ek voel myn oek so klein en so onwaardig mar ek dank God, dat Hy myn oo'e geopend het en myn siel genadig gewees is.

—Nig Leni, seg tante Kris-i, ek moet jou oek so uit myn hart uit geluk wens met di genade, wat di liwe Here an jou

gege het. Jy kan nou oek sê wat Maria, di moeder van ons dierbare Heiland, geseg het in Lukas 1:49, want grote dinge het an myn gedaan Hy, di magtig is, en heilig is Syn naam. Jy was dood en nou leef jy, jy was blind en nou siet jy, doof en nou hoor jy, melaats en nou is jy gereinig, en in plaats van di armoedige lappikombêrs het jy nou di heerlikheid van Gristus syn geregtigheid an, di rok sonder naad van bowe af geheel gewewe, en terwyl sy dit seg staat sy op en vat nig Leni in di arms en soen haar so hartelik as 'n moeder 'n kind mar kan soen, en terwyl di trane vloei, seg nig Leni: En ek dank myn waardige tante Kris-i ver jou trouwe hulp in myn ellende; ek dank jou dat jy myn wonde ni op di ligste genees het ni. God het jou genade gege om getrou te wees. Ek het eers gedog jy werk te hard met myn, deur myn al dieper neer te druk, en myn ellende nog groter te maak, maar ek is bly: 'n sondaar kan ni te diep verneder worde ni. God is so heilig. Ek het dan oek as 'n wurm in di stof kan kruip tot dat dit di Allerhoogste behaag het om Syn Soon in myn te openbaar en Hom te omarm en Hom te kus, en toen voel ik hoe di lippe van di Heiland drup van vloeiende mirre.

—Tante Kris i seg nog: Nig Leni, ek het te danig jammer ver jou gehad; mar ek het ni anders durwe spreek ni, want ek weet, dat sagte dokters stinkende wonde maak. Ons moet getrou wees an di Woord van God. En ek weet dit doet gen kwaad ni. Dit lyk wel onbarmhartig, mar dis daarom ni so ni.

—Nê, Tante Kris-i, di liwe Here sy dank. Jy het trou met myn gehandel. Hy sal jou daarvoor se'en.

—En nou het ek nog 'n woordji, nig Leni: seg oom Karel. Jy voel nou so reg getroos; ek kan dit sien en ek is daar so in myn hart bly om. Denk nou an di woorde van di Heiland: Salig is wat treur, want hulle sal vertroos worre. Jy geniet nou al reeds iets van di saligheid wat ons eenmaaaal volkome by di Here sal geniet. Mar toen jy so in di volle ellende lê, toen het daar al 'n salig bo jou hoof gesweef. Van jy daar as 'n arme van gees in di stof kruip, was jy al salig na di woord van di Heiland. Ek weet wel, jy het ni so gevoel ni, mar tog was dit so. En nou nog iets. Di grote, di Heilige God di Allerhoogste, di Vader van ons Here Jesus Gristus is nou in Gristus oek jou Vader, jy is syn kind. Hier staan dri kinders van God, dri uitverkorene van God, dri heilige en beminde, dri erfgename van God, dri medeërfgename van Gristus, dri medeburgers van di heilige en dri huisgenote van God.

—Oom Karel, as jy so spreek, dan spring myn hart so mar van vreugde op in myn lig-aam. Og hoe lief moet ons dan di Here hê wat ons so begunadig het. Ek hoop nou dat di liwe Here myn genade sal skenk om na Hom te hoor en Hom trou te dien, ni as 'n diensmaag om loon mar as 'n dogter.

—En weet jy wat di skrif seg van een wat hoor en dien? kyk hier in Job 36:11. Indien hulle hoor en Hom dien, dan sal

hulle hulle da'e eindig in di goede, en hulle jare in lieflikhede. Gelukkige kinders van God!

—Kom, seg oom Karel, lat ons nou di genadige God saam dank vir di grote genade, wat Hy an di huismoeder bewys het. En oom Karel dank di Hemelse Vader in di naam van di Here Jesus vir syn ewige liefde en vergeet oek ni om ernstig te bid vir nig Leni haar mán en vir di kinders en veral vir Katotji, wat so ongemerk in di geselskap gekom het.

Oom Karel en tante Kris-i het ni versuim om te vertel watter grote dinge God an nig Leni gedaan het ni.

[Patriot, 5 en 12 Sept. 1884].

LIEW EN LAM.

—Is jy bang vir 'n lam?

—Né, waarom sal ek vir 'n lam bang wees? So'n diertji kan mos vir myn gen kwaad doen ni.

—Is jy bang ver 'n liew?

—Natuurlik! dis 'n verskeurende dier; 'n mens kan met hom ni speul ni.

—Mar weet jy wel, as jy di Lam ni lief het ni, dat di Liew jou dan sal verskeur?

—Ek kan dit ni verstaan ni; wat meen jy?

—Ek meen, dat Jesus Gristus di Lam van God is, en as jy di Lam ni lief het ni, dat dan di Liew uit di stam van Juda jou sal verskeur.

—Dis 'n soort godsdiens, wat ek ni verstaan ni. Ek het dit so, dat 'n mens regvêrdig moet handel, nimand te kort doen ni, en 'n ider di syne moet gé; en doet imand dit, dan kom hy in di hemel.

—Dit geloof ek oek; mar nou is daar 'n moeilikheid.

—So, laat ek hoor!

—Dat daar nimand regvêrdig is, dat idereen te kort doen, en dat nimand an 'n ider geef wat hom toekom ni.

—Dit sou wel ongelukkig wees!

—Dis daarom so. Het jy nooit met attensi Romeine 3 gelees ni, waar geskrywe staan: Daar is nimand regvêrdig, oek ni een ni? En so is jy oek ni regvêrdig ni.

—Ek roem daarop, dat ek as 'n regvêrdig man deur di wêreld gaat; kan jy vir myn van één onregvêrdige daad beskuldig?

—Mar myn liwe kêrel, dis ni di vraag, wat ek of 'n ander van jou dink ni, mar wat di Heilige Skrif van jou seg, en di seg: jy is oek onregvêrdig!

—Dis meer as ek weet; ek wens wel, dat jy dit vir myn kan duidelik maak.

—Misskien is dit ni so moeilik ni.

- Nou toe, gaat an!
- Ek moet dan ver jou 'n paar vra'e vra.
- Gaat jou gang.
- Het jy gen onbetaalde rekenings ni?
- Seker ni. Daar is gen man, wat 'n oulap van myn kan eis ni. Presenteer één syn rekening, dan betaal ek dit dadelik. Ek stel myn eer daarin, om persies daarme te wees.
- En so het jy dan gen onbetaalde rekenings ni?
- Ni één ni.
- En tog één.
- Ne, seker ni; ek laat gen rekeninge oopstaan ni. Ek het 'n brawe vader gehad, en di het ons geleer om persies te wees met geldsake.
- En tog is daar één, en nog al 'n grote rekening oek.
- Waar? By wi?
- Jy het 'n sonde-rekening by God.
- Ja, as jy so wil praat, dan is daar nimand sonder skuld ni.
- Ne, nimand, as di wat in di Here Jesus geloof.
- Mar ek glo oek in Hom.
- Dis net wat jou ontbreek.
- Hoe kan jy so'n ding sê?
- Omdat dit waar is. Glo jy, dat jou skuld by God deur di Here Jesus betaal is?
- Ek glo, dat Hy oek myn skuld kan voldoen.
- Mar as jy glo, dat di Here Jesus jou skuld *kan* voldoen, dan erken jy mos daarme dat jy 'n oopstaande rekening het. As di Here Jesus di skuld *kan* voldoen, dan is dit ni voldaan ni, dan staat dit ope. Mar laat ek nou vra: Staat daar ni geskrywe ni: As Hy syn siel tot 'n skuldoffer gesteld sal hê, dan sal Hy saad sien? Nou wel, dit het Hy gedaan, toen Hy op di kruis van Golgotha gestorwe is. Denk oek an di woorde uit Hebr. 9:26: Mar nou is Hy eenmaal in di voleinding van di eeue geopenbaard, om di sonde tot niet te maak, deur syn eie offerande. En an di ander woorde: Hy self het onse sonde in syn liggaam gedra op di hout. Merk jou nou; daar staat: Hy *het* gedra. Jesus sal ni meer dra ni, Jesus dra ni meer ni; Hy *het* gedra. Dis klaar. Di sonde is *tot niet* gemaak. Di skuld is betaald, oek di van jou.
- Mar dan het ek mos gen oopstaande rekening meer ni?
- Reg so. Mar let nou op wat jy nou sê: Dan het ek mos gen oopstaande rekening meer; dit is geloof. Voor ons begin praat het, het jy wel de'entlik 'n oopstaande rekening gehad; want toen het jy nog ni geloof dat jou sonde tot niet gemaak was ni. Jy het mar alleen geloof, dat di Here Jesus jou skuld *kan* voldoen; en so het jy di versoeningswerk van di Heiland misken, en ni geloof ni dat di Heiland uit di doode is opgestaan. Al di tyd het jy gedag, jy geloof, en dit was tog ni waar ni. Jy mag geloof gehad hê, dit wil ek ni betwis ni, mar geloof "in syn bloed", geloof "in di offerande van Gristus", geloof "in

di versoeningswerk en di versoeningsdood van di Saligmaker,” dit het jy ni gehad ni. Jy het ni geloof dat di Lam van God di sonde van di wêreld weggeneem het ni, en jou eie sonde daarby. Jy het geloof dat Jesus oek jou skuld *kan* voldoen. Merk jy ni di grote onderskeid tusse di twe sake: *kan* voldoen, en *het* voldaan. *Kan* voldoen, dan moet dit nog gebeur; dan is dit ni klaar ni; dan ontken jy di volbragte werk van Gristus. Hy het geseg: Het is volbrag! En jy het geseg: Dit moet nog volbrag worde. Jy het di Here in syn gesig teengesprek. Di Skrif het jy gebreek, di waarheid ontken, en as 'n ei'e-geregtige sondaar op di aarde gewandel, en as 'n dwaas gehandel. Di Heiland is di Lam van God, wat di sonde van di wêreld weggeneem het, mar, daar het jy tot vandaag toe nog gen deel an gehad ni. Jy het God nog nooit kan dank ver di vergiffenis van jou sonde ni; het jy? Seg vir myn eerlik: het jy?

—Wel, ek moet di waarheid sê: ek het dit ni gedaan ni.

—En weet jy nou, waarom jy dit ni gedaan het ni?

—Ek denk, ek weet dit nou; omdat ek nog ni in di bloed van Gristus geloof het ni. Ek voel skuldig. Ek is mos dan 'n ongelowige, ondankbare sondaar.

—Ek is bly dat jy dit begin te sien. Mar, hoor nou nog di woorde uit 2 Cor. 5:19, God was in Gristus di wêreld met Homself versoenende, hulle hulle sonde ni toerekenende ni. God reken ons onse sonde ni toe ni. Van ons kant is daar nou erkenning van onse skuld nodig en belydenis daarvan en dan moet 'n mens di vergewing aanneem om di bloed van di versoening, wat beter dinge spreek as Abel.

—Verstaan ek dan ver jou reg as ek seg, dat dan eintlik 'n mens ni verlore gaat om syn sonde ni, want God reken ons dit ni toe ni?

—Jy verstaat dit nou reg; mar vergeet ni, dat di meeste mense di vry pardon van God ni aanneem ni. Oek ontbreek dit ni an spotters ni, vir wi dit belaggelik is om so goedkoop behou te worde. Ek het imand hoor sê, toen ek met hom o'er di offer van Gristus praat: “God is gen bloedgod ni.” Baije mense, wat gristene heet, geloof God Syn getuigenis ni. Menigte verwerp di Lam van God, dat di sonde van di wêreld weggeneem het. Daarom sal Jesus as 'n Liew o'er hulle brul.

—Het jy dit dan so, dat daar ver nimand kans is om behou te worde, buite di Lam van God, buite di Gristus?

—Mar seker het ek dit so. Di Skrif het dit ver myn al te duidelik geleer. Hoor mar weer Hand. 4:12, Di Saligheid is in gen ander ni; want daar is oek onder di hemel gen ander naam, wat onder di mense gegewe is ni, deur wi ons moet salig worde. Nes daar mar één son an di hemel skyn vir al di veertien honderd miljoen mense, wat op di aarde is, net so is daar oek mar één Gristus; één Verlosser, één saligmaker vir almal. Jesus het gesê: Ek is di weg, en di waarheid en di lewe; nimand kom tot di Vader as deur Myn. As imand dus syn ewigheid in

heerlikheid wil deurbring, dan moet hy di Lam van God erken, wat di sonde van di wêreld weggeneem het; doen hy dit ni, dan is syn verdoemenis seker. Buite di bloed van di Lam van God is gen saligheid ni.

—En dan reken jy, dat ek met myn goeie gedrag ni vër sal kom ni. Ek het altyd gemeen, dat dit van ons goeie of slegte gedrag afhang, of imand sal salig worde of verlore gaan; mar jy seg, dat 'n mens mar net deur geloof in di bloed van di Lam van God salig word; en dat deug, so's ek vir jou verstaan, gen reddende krag het ni.

—Deug het gen reddende krag ni; mar as 'n mens eers geloof het, dan moet hy by syn geloof deug voeg; en by di deug kennis; en by di kennis matigheid; en by di matigheid godsaligheid; en by di godsaligheid broederlike liefde; en by di broederlike liefde, liefde je'ens almal. 2 Petr. 1:5—7. Myn liwe vrind, as ons onself kan help, dan het ons gen verlosser nodig ni; mar juis, dewyl God weet, dat daar van ons kant gen stuk hoop is ni, daarom het Hy Syn eniggebore Soon gegé; en di Soon, di eniggebore, di Ewige, mar oek di Algenoegsame Saligmaker het gedaen, wat ons had moet doen, en het gely wat ons had moet ly. En nou staan di sake so: neem imand di Gristus an, of geef imand hom an Gristus o'er, of geloof imand in Hem, of eet imand Gristus Syn vlees en drink Syn bloed, dan het hy di ewige lewe, of dan is hy behou, of dan sal hy ni verderwe ni, of, dan is daar ver hom gen verdoemenis ni, of, dan is hy uit di dood o'ergegaan in di lewe, ens.

—Jy spreek daarom, na myn gevoele, o'er di dinge al te gemakkelik. Net mar gelowe en so ewig behou worde, dat klink 'n bietji vreemd in myn ore.

—En tog is dit di weg van saligheid, en dat is God Syn weg. Daar is gen ander ni. Saligheid deur verdienste is onmo'entlik. As imand di wet van God kan hou, sonder ooit met 'n gedagte, 'n woord of 'n daad te sondig, dan sou 'n mens sê is daar kans, mar ons het almal gesondig en ons is oek al deur Adam syn val verdoemelik. Persoonlike gehoorsaamheid is magteloos tot redding. “Ni uit di werke ni, opdat nimand roem ni,”

—Mar is dit dan ni hard ni, om te dink, dat ons moet ly, om di sonde van 'n ander?

—Di hardigheid sal weggaan as jy op Rom. 5:18 let. Weet jy wat daar staat? Daar staat: So dan, soos deur een misdad (Adam syne) di skuld gekom het o'er alle mense tot verdoemenis, net so kom oek deur een regvêrdigheid (dis di van Gristus) di genade o'er alle mense tot regvêrdigmaking van di lewe. En so di 19de vers: Soos deur di ongehoorsaamheid van di een mens (Adam) baije tot sondaars gestel geworde is, net so sal oek deur di gehoorsaamheid van een (Gristus) baije tot re-vêrdige gestel worde. God doet ons gen onreg ni. Is ons in

Adam geval en dus in hom verdoemeniswaardig en het ons ons deur persoonlike ongehoorsaamheid, sonde, misdade en o'ertredinge vervloek gemaak, dan word ons deur God van dit alles niks toegereken ni. Jesus het di hele rekening tot di leste oulap toe betaal deur Syn bloed, en dit laat Hy ons nou deur di Evangeli bekend maak. Dit maak Hy vandaag deur myn an jou bekend. Ek is oek 'n gelowige, oek één van di Here Syn dinaars en so bring ek ver jou God Syn boodskap van versoening en kom nou met di gebed: "Laat jou met God versoen."

—Ek kan dit weer ni vat ni. As di versoening tot stand gebrag is in Gristus, hoe kom sê jy dan, dat ek ver myn met God moet laat versoen?

—Ek verstaan jou moeilikheid. As ons mense onder makkaar versoen, het ons gewoonlik an al twee kante skuld en dan geskied di versoening o'er en weer en gelyktydig. So is ons geval teen-o'er God ni. Hy is heilig: Hy is regvêrdig. God is beledig. Ons het beledig. Gristus is de middelaar, of so's ons oek sê: middelateur. God en mens het ni kan saam o'er en weer afmaak ni. Wat God kon doen dit het Hy gedaan. Jesus het onse skuld o'ergeneem sonder ons iets daarvan geweet het, of daar iets in gedaan het; dit het heeltemaal buite ons om gegaan. God het onse sonde op di Here Jesus gelê; en Hy is ver di sonde gestorwe en so het God di wêreld met Hemself versoen in Gristus. Toen di versoening geskied het nimand daarvan geweet ni, nimand het dit verstaan ni; Jesus syn moeder oek ni, di beminde Johannes oek ni, en ni één van di twaalf geliefde Apostels ni. Eers na di uitstorting van di Heilige Gees het di grote waarheid van di versoening en vergiffenis van ons sonde, van di verlossing deur di bloed van Gristus duidelik geworde. Daar eers het di Apostels en di disipels di tiepe en di profesie van di Ou Testament verstaan; toen verstaan hulle di woorde van di Meester: dit is myn bloed van di Nuwe Testament; toen verstaan hulle di woorde uit Johannes syn Evangeli: di wat myn vlees eet en myn bloed drink di het di ewige lewe. Toen hoor ons Petrus di saligheid verkondig deur di geloof in di gestorwe en opgestane Heiland. Oek het ons nou nog uit syn pen di woorde: *dierbaar bloed van Gristus*. Di sondaar, wat di versoening ni verstaan ni, hou vol in syn opstand te'en God. Hy verkrag syn konsensi, o'ertre di gebod en di wet en ken di Evangeli ni. Nou kom ons as dinaars van Gristus en verkondig di Evangeli, di blye tyding: "Laat jou met God versoen." Nou verstaan jy dit, hoop ek. Laat jou met God versoen, beteken: Erken jou doodskuld voor God; erken di Offerlam van God, erken di bloed van di Ho'epriester van di Nuwe Testament neem di hand van versoening an, geloof dat di sonde *tot niet* gemaak is, en dat dit dus 'n daad van God Syn regvêrdigheid is, as Hy ons onse sonde ni toereken ni.

—Ek begin di Evangeli te verstaan. Dit lyk ver myn of daar 'n lig opgaan; mar dit lyk ver myn oek of ek nooit met

God versoen is ni. As ek jou goed verstaan, dan het God vir myn met Hemself versoen deur dat Hy myn skuld op Jesus gelê het, en daarom moes Jesus in myn plek sterwe; dit het Hy gedaan. Hy is vir myn gestorwe en nou maak God dit vir myn bekend deur di Evangeli. So ver goed nou; ek is bly o'er di inligting en hoop vir myn daarna te gedra; mar veronderstel nou, dat ek di Evangeli ni aanneem ni, dat ek dit misken, of daar gen ag op slaan ni, of dit verwerp, wat dan?

—Dan is *dit* jou sonde. En voor di sonde sal jy swaar moet ly. Miskenning van di Evan eli, verwerping van Gristus, *dis* di sonde van ons bedéling. Di ni geloof ni, di is veroordeel, omdat hy ni geloof ni. Jesus sal met vlammeende vuur wraak doen o'er digéne wat God ni ken ni, en o'er digéne, wat an di Evangeli van ons Here Jesus Gristus ni gehoorsaam is ni. Di verwerpers van di Lam kom met di Liew in anraking. Di Liew uit di Stam van Juda sal brul te'en syn haters, te'en syn miskenners, te'en syn vyande. Gewis sal God di kop van Syn vyande verslaan, di harige kopbeen van di wat in syn skulde wandel. God sal opstaan, Syn vyande sal verstrooi worde, en Syn haters sal voor Syn angesig vlug. Hy sal hulle verdrywe so's rook verdrewe worde, soos was voor di vuur smelt sal di goddelose vergaan voor God Syn angesig. Gen nood ver di vrind van God! Gen hoop ver Syn vyand! 'Saligheid vir di één, verdoemenis vir di ander. Vernedering tot in di diepste van di hel vir hom wat hom te'en Gristus en Syn Evangeli en dus te'en God verhef; mar di, wat di genadehand van God aanneem, het niks té vrees ni, mar kom tot di hoogste verhoging.

—Nou kan ek effen beter verstaan, as di Bybel praat van di toorn van di Lam. Syn toorn is o'er di ongeloof van syn verwerpers. So is dan ongeloof di groot son e. En di, wat geloof het di ewige lewe. Nou wel, ek het al lang genoeg di Gristus miskend. Nou ni meer 'n o'enblik langer ni. Ek neem Hom nou an tot myn saligheid.

—Ek is bly en baije sal met myn bly wees, as dit mog blyk, dat jou geloof eg is. Jy sal, hoop ek, kan verstaan, dat di geloof in di wandel moet kan gesien worde. 'n Nuw, heilig, matig, regvêrdig en godsalig lewe volg op 'n opreg geloof in di Saligmaker, di Soon van God. Geloof geef hoop, hoop geef liefde; liefde bring gehoorsaamheid; gehoorsaamheid bring genot; genot dankbaarheid en dankbaarheid lof.

—Ek kan daarvan nou oek iets verstaan. Van ek di tenietdoening van myn sonde sien, het ek 'n gegronde hoop op myn saligheid; en omdat myn saligheid seker is, kan ek lief hê. Gehoorsaam wees lyk nou vir myn baije natuurlik. Mag di Here nou vir myn genade skink om Hem te verheerlik, en mag di Here vir myn gé om nou mar di blye tydinge van saligheid an ander mense te verkondig.

—Dis wat ek oek wens. Di Here sal dit gé. Mar jy sal vir jou verwonder o'er di algemene onkundigheid onder di mense

in betrekking tot di versoening. Jy sal baije te'enstand ontmoet en di waarheid uitvinde van di gesegde: "di waarheid loop 'n moeilike pad." Gelukkig word di waarheid ni moeg ni. Di liwe Here sy gedank vir Syn grote lankmoedigheid met ons.

—Myn liwe vrind, ek dank jou uit di grond van myn hart ver jou inligting en onderwysing.

—En ek sal di dank besorre waar dit tuis hoor. Dit moet na bo toe; dit kan ni hier bly ni; dit moet deur Gristus na di Vader.

—Dis 'n ander les, danki.

[Patriot, 10 Okt. 1884].

JESUS IS DI GRISTUS,

DI SOON VAN GOD.

Jesus naam is oeral bekend, waar di Bybel geles of uit di Bybel en na di Bybel gespreek worde. Dag an dag word di Naam bekend gemaak. Ons lees in Ps. 72 syn naam zal tot in ewigheid wees; so lang as di son daar is, sal syn Naam van kind tot kind voortgeplant worde, en hulle sal in Hem gese'end worde: al di Heidens sal ver Hom welgeluksalig roem. Ons sal wel doen as ons di Naam voortplant. Elke kind van God gevoel daar behoefte an, en hoe meer 'n mens Jesus ken, met so veul te meer liefde sal hy di Naam voortplant. Ons het alle rede om God te dank, dat ons Syn Naam en di van di Here Jesus ken. Di kennis van di Vader en van di Soon is di ewige lewe. Ons het mar net te min kennis van di liwe Heiland. Menigeen weet van Hem niks meer ni as wat in di Evangelies geskrywe staat. Dit is goed om alles te weet en alles te glo, wat van Hem geskrywe staat in betrekking tot Syn omwandering op aarde tot an Syn Hemelvaart; mar Moses, di Profete ep di Psalms het oek van Jesus gespreek, en di oplettende leser vind di Soon van God in di Ou Testament, waar baije ander Hem ni opmerk ni. Di naam Jesus kom di eerste in Mattheus voor, waar ons di Engel ver Josef hoor sê: Jy sal syn naam Jesus noem, want Hy sal syn volk salig maak van hulle sonde. Mar in Genesis, net so goed as in Mattheus, kan 'n mens di Gristus kry. As ons bv. lees: En di Here God maak toen ver Adam en syn vrou rokke van velle en trek di vir hulle an, dan wys di rokke op di geregtigheidskleed van di Heiland, waarin di Adamskind alleen vóór God kan bestaan. Weg met di voorskootjies van vy'eblore, wat Adam en Eva gemaak het, en merk op di rokke en velle wat di Here gemaak en ver hulle angetrek het.

Lat ons op 'n paar dinge let.

1. Adam en Eva maak voorskootjies van vy'eblore en bedek ulle d aarmé.

2. God het di ei'e werk afgekeur.

3. Hy self maak rokke van velle Alleen God syn ei'e werk was goed vir Adam en Eva.

4. Van velle. Adam en Eva moes in 'n ander syn vel gesteeke worde. Dit meen: di geregtigheid van Gristus, van di geslagte Lam alleen, is wat di sondaar nodig het, moet hê en wat onmisbaar is.

5. God self het vir Adam en Eva angeklé. Daar staan ni, dat *God* di rokke gemaak, en dat *hulle* dit angetrek het ni; né. God het dit ver hulle angetrek. Di sondaar vermag niks. Daarom: di wat roem, roem in di Heer. Hier is dus 'n anwysing van di Gristus. Reeds in di 15de vers word di Gristus angewys; daar staan: Ek sal vyandskap set tusse jou en tusse deuse vrouw en tusse jou saad en haar saad; di saad van di vrou is Jesus di Gristus; hy sou di kop van di slang vermorsel en di slang sou di hakskene, haksenuws van Gristus vermorsel.

Di Ark van Noach is alweer 'n afbeelsel van Gristus. Soos ons nou deur Gristus behoue worde, so is Noach en syn huisgesin in di Ark behoue geworde. Di Ark was di skuilplek van God vir di tyd en vir di persone, en toen alle mense in di watervloed verdrink het, was Noach en syn huismense volkome veilig.

Later weer was Soar di skuilplek van God vir Loth en syn dogters, toen di stéde Sodom en Gómorra, Adámá en Seboïm deur vuur van di hemel verteer word.

Isak was 'n beeld van Gristus. Abraham het syn seun, syn enige, wat hy lief gehad het, Isak, o'er gegé vir 'n brandoffer en Isak was gewillig om o'ergegé en geoffer te worde. Di offerande sou plaas hê op of naby di plek, waar, 2,000 jaar later Gristus geoffer is vir onse sonde.

Josef is 'n ander beeld van Jesus. 'n Mens wat met di Gristus bekend is en met syn werk van behoudenis, met syn lyde en heerlikheid, moet in Josef 'n beeld van di Here Jesus sien. Josef 'n lyder nes Jesus; Josef 'n heerser, nes Jesus; Josef di behouër van di land net as Jesus 'n behouër van di siele; Josef verag en gehaat deur syn broers nes Jesus; Josef verkog nes Jesus; Josef valskelek beskuldig nes Jesus; Josef in di hande van di heidens oergegé nes Jesus; Josef dri jare nes 'n doje in di gevangenis; Jesus dri da'e in syn graf, Josef eers in lyde daarna in heerlikheid, alles nes Jesus. Juda stel Jesus oek klaar en duidelik voor. Vir Juda seg Vader Jakob sterwende: Juda, jy is di man, jou broers sal vir jou lowe. Jou vader syn seuns sal hulle vir jou neerbuig. En let nou op! Jesus is uit Juda voortgekom. Hebr. 7:14 seg: Want dit is openbaar, dat Jesus uit Juda uitgespruit is. Jesus noem syn gelowige: broeders. Eers het Hy hulle "diensknegte" geroep, as onder di Wet synde; later, so kort voor syn versoeningsdood, noem Hy hulle "Vrinden" met di woorde: 'n dienskneg weet ni, wat syn Here doet ni; mar Ek het julle vrinde genoem: want al wat Ek van

myn vader gehoord het, dat het Ek julle bekend gemaak. Mar na dat i Verlossingswerk volbrag was, en Jesus opgestaan was uit di doode, seg Hy vir Maria: Gaat heen en seg vir myn broers, ens. Ons, gelowige, lowe Jesus, as ons Heer en as ons Broeder; ens., as seuns van Jesus Syn Vader buig ons voor Jesus, di Soon van di Vader, neer. Ons is seuns van God deur di geloof in Gristus, di Eeniggeborene van di Vader. In di seën, wat vader Jakob o'er Juda uitspreek kom "wyn en melk, vulle en esel, saam met di wingertstok voor, almal wysende op di Heiland, op di een of ander manier. Di Bybel is oe'ral vol van Jesus syn vernedering, verhoging en volheid. Juda is di Borg by syn vader vir Benjamin; Josua is di Borg by di vader vir syn volk. Dan—di naam betéken oordeel—is di adderslang, wat di perd syn haksénuus byt, dat syn ruiter agtero'er val. Wi is di ruiter, wat val, anders as Jesus, wat deur di verraiery van Judas geval het? Mar di val van di ruiter is di saligheid van di wêreld: daarvoor roep Jakob dadelik uit: Op uwe saligheid wag ik, O Here! En dat di saligheid "Gristus" betéken is duidelik: want toen, twe duisend jaar later, di Gristus in di arms van di ou, vrome regvêrdige Simeon leg, roep hy in verrukking uit: Nou laat gy Heer, uw dienskneg gaan in vrede na uw woord, want myn o'e het uw saligheid gesien. Di oereenstemming val in di oog.

Nou kom Moses en hy seg: 'n Profeet, nes ek, uit julle midde, uit julle broeders sal di Here julle God julle verwek, na Hem sal julle luister! Wi anders is di Profeet, as Jesus, di Gristus? "Na Hem sal julle hoor of luister;" dit het hulle nog ni gedaan ni. Di vervulling van di profesi leg nog in di toekoms en sal net so seker vervul worde, as hy uitgespreek en opgeteken is. Moses is di verlosser van di kinders van Israël uit di slawerny van Egypte; Jesus is di Verlosser van di wêreld

Di Paaslammers in Egypte is duidelike beelde van di Lam van God, so's Johannes, di Dóper, vir Jesus genoem het. Di lammers hulle bloed was di veiligheids teken vir Israël in Egypte; so is di bloed vâ'n Gristus di grond van ons saligheid en di teken van ons ewige redding.

Aäron en al di vollende Ho'epriesters in syn ordening was afbeeldings van di Ho'epriester Gristus, na di ordening van Melchisédek.

Di koper slang in di woestyn is 'n afbeelding van di gekruiste Gristus. Wi van di Israëlite gebyt was en op di slang kyk, leef; ider siel, met di sondegif in hom, sal lewe, as hy op Jesus sien Joh. 6:40. En dis di wil van Hem, wat vir myn gesonde het, dat is eientlik, wat di Soon anskou en in Hem glo, di ewige lewe mag hê. Di, wat di slang anskou, leef; di wat Jesus anskou en in Hem glo, leef oek.

Di tabernakel en syn gereedskap in di woestyn is vol van Gristus. Vollens Hebr. 10:19 en 20 is di voorhangsel, wat di

heilige afskei van di Heilige der heilige, 'n afbeelding van Jesus syn vlees. Hoor mar: "Dewyl ons dan, broeders, vrymoedigheid het, om in te gaan in di heiligdom deur di bloed van Jesus, op 'n verse en lewende weg, wat Hy ver ons geopend het deur di voorhangsel, dat is deur syn vlees."

Wat ver myn, bowe alle dinge, in di tabernakel tref is 'n kruis, gevorm deur

1. Di ark van
di verbond.

...

...

6. Goue

2. Goue

5. Tafel ver

...

...

...

...

...

kandelaar.

reukaltaar.

di Toonbrode.

...

...

3. Koper
wasvat.

...

...

4. Koper
Brandaltaar.

Di koper brandaltaar het in di voorhof gestaan, di goue reukaltaar, di tafel vir di toonbróde op regterhand en di goue kandelaar op linkerhand van di goue reukaltaar; di drie stukke het in di heilige gestaan. Di Verbondsark het in di Heilige der heilige gestaan.

In di voorhof is bloed en water; denk hier an Joh. 19:34; oek an I Joh. 5:6. Eers kom 'n mens by di brandaltaar, waar di offerdiere geslag en waar di offerbloed vergote word; di strome van bloed van bulle en kalwers is almal afbeeldings van Gristus syn bloed, waarmé Hy onse sonde versoend het. Sonder bloedstorting geskied gen vergewing ni; mar oek gen bloedstorting meer na di versoening ni. Van Gristus di sonde tot niet gemaak het, deur syn ei'e offerande, is daar vergewing, is dus gen offerande meer ni. Hebr. 10:18,

Van di bloed gaat dit na di water. Di water is tot reiniging nes di bloed. Nadat 'n mens deur di bloed gereinig is, reinig hy homself in di gehoorsaamheid an di waarheid deur di Gees tot ongeveinsde broederlike liefde, 1 Petri 1:22; gereinig deur di bloed, het di siel hoop op di ewige lewe, 1 Joh. 3:3. 'n Igelik, wat di Hoop op Hem het, reinig homself, so's Hy rein is. In ander woorde: nadat di siel deur di geloof in Gristus Syn bloed behoue is, gaat sy haar lewe inrig na di woord; sy laat haar deur di woord leer, raai, vermaan, bestraf; di lewe word in o'reenstemming gebring met di sedeleer van di Evangeli en word dus rein, heilig, Godebehagelik tot heerlikheid van God.

Nou kom di gereinigde siel in di heiligdom, dit meen, in di heilige, en daar vind sy di goue reukaltaar, met di tafel en toonbrode en di goue kandelaar. Wat maak di siel daar? Daar anbid sy, daar loof en dank en prys sy di naam van di Heere. Di gelowige is 'n nuwe Testamentise priester, en daarom het hy di genadereg om in di heiligdom in te gaan en te anbid. Di kandelaar met syn sewe lampe is lig, en di troonbrode is di voedsel. Di goue altaar is Gristus, di brood is Gristus, di lig is Gristus. Hy is di lig der wereld. Di brood kan o k wel di Woord van God en di kandelaar met syn sewe lampe di Heilige Gees betéken. In di heilige is di gelowige siel so reg tuis; want vir so grote verlossing en so grote saligheid val dit vir haar maklik om te dank, en di dank word deur Gristus, haar goue reukaltaar, tot di Vader gebring.

In ty'e van nood, moeite en bekommernis verlaat sy dit heiligdom en gaat in di heilige der heilige, waar di Verbonds-ark is, met di versoendeksel of genadetroon daarop, en daar stort sy haar hart uit vollens Hebr. 4:16. Laat ons dan met vrymoedigheid toegaan tot di troon van genade, opdat ons barmhartigheid mag verkry en genade vinde om geholpe te worde op di bekwaamde tyd. Tussen di heilige en di heilige der heilige hang di voorhangsel en beteken, so's geseg is, Jesus syn vlees; toen di vlees skeur op di kruis, toen skeur oek di voorhangsel van di tempel van bo tot benede, en so is di toegang oop.

Di skarlake snoer wat Rachab, di hoer, an haar venster gebonde het, was oek 'n afdeeling van di bloed van Gristus. Rachab, en ider wat met haar in haar huis agter di snoer was, was veilig, toen al wat in Jericho was deur die swaard van Israël op order van di Heere gedood werd.

Josua, wat di kindere van Israël in Kanaän ingebring het, is 'n beeld van Jesus, wat ons in di rus inbring.

Dawid is 'n beeld van Gristus in di onderwerping van syn vyande.

Dawid was een krygsman Denk an Ps. 45, waar van Gristus geseg word:

"Maak vas 'n swaard an di heup, o Held!" ens. Denk an Ps 68:—

"God sal opstaan, Syn vyande sal verstrooid worde; Syn haters sal voor Syn angesig vlug. U sal hulle verdrywe so's rook verdrywe word; so's was by di vuur smelt, sal di goddelose vergaan voor God Syn angesig."

Vóór di Koning der Koninge kan rustig sit op di troon van syn vader Dawid, moet di vyande onder kom Di wat ni wil verkwik worde met di vloeiënde mirre, wat van syn lippe vloei, sal val deur syn twesnydend swaard, wat uit syn mond uitgaat. Alles moet voor Jesus buig, deur liefde of geweld, ten lewe of ten dood. Nimand kom vry van Jesus ni, di wat ni deur Hem behoue word ni, gaat deur Hem verlore; di wat di Salig-

maker ni wil hê ni, kry di Regter; di wat ni onder Syn gese'ende hand kom ni, di kom onder Syn vertrappende voet. Daar is nou eenmaal gen kans om Jesus te ontvlug ni. 'n Mens kan sig nou teen Hem verset. Syn saligheid verag; Syn soendood laster; op Hem skel en vloek! mar di vrind en vyand kom persoonlik met Hem in aanraking. Jesus sal gesien worde van digene, wat Hem tot saligheid verwag. Hebr. 9:26. Dis vir di vrinde. En in Openb. 1:7 lees ons: Hy kom met di wolke, en alle oog sal Hem sien, oek di wat vir Hem deurgesteek het, en alle geslagte van di aarde sal o'er Hem rou bedrywe. Ja, Amen! Di wat met di liefde spot, kom met di toorn in aanraking. Di wat di heerlikheid van di hemel ni begeer ni, moet di verskriklikheid van di verdoemenis ondergaan. Dis vir di vyande.

Salomo is 'n ander beeld van Gristus. Salomo was 'n man van vrede. Jesus sal di woord kom bevestig: "Vrede op aarde." Na ses duisend jare van oorlog, woeling en elende, sal daar duisend jare van vrede wees. Mar daar kan gen vrede wees, so lank as di vyandige magte ni vernietig is ni; en di vernietiging kom tot stand by di verskyning van Gristus as Koning der Koninge en Heer der Hére. In Jesus Syn da'e sal di regvêrdige floreer en di veelheid van vrede tot di maan ni meer sal wees ni. Hy sal heers van sé tot sé en van di rivier tot di end van di aarde. Syn vyande sal di stof lek, nes van di slang geseg worde.

Di Psalms stel Gristus voor in Syn vernedering en in Syn heerlikheid, b.v. Ps. 22: Hulle het Myn hande en voete deurgeboor. In myn dors het hulle vir myn asyn gegé om te drink. U leg vir myn in di stof des doods, en veul dergelike uitdrukkings.

Ps. 2. Ek tog het myn Koning gesalf o'er Sion, di berg van myn heiligheid, ens., ens.

In Spreuke tref ons Jesus dikwils onverwag an. So byv. in Spreuke 8:1, Roep di wysheid ni? En verhef di verstandigheid ni haar stem ni? ens., ens. Spreuke 2:33, Di na myn hoor, sal seker wees, en hy sal vir di kwaad ni vrees ni; of di vrees vir di kwaad sal hom ni ongerus maak ni.

Di Hooglied is 'n deurlopende gesprek van di Bruidegom met syn Bruid. As di Bruid b.v. seg: ek is swart, dan seg di Bruidegom: Swart mar liefelik. En as dan di Bruid weer seg: Swart as di tente van Kedar, dan seg di Bruidegom: Liefelik as di gordyne van Salomo. Is dit ni heerlik ni?

Jesaja het Jesus weer as "di kind vir ons gebore, en di Soon an ons gegé;" en hy seg: di heerskappy is op Syn skouer, en hulle noem Syn naam: Wonderlik, Raad, Sterke God, Vader der Ewigheid, Vredevoers.

In hoofstuk 53 téken hy Hem as di man van smarte, as di Middelaar tussen God en mens. God het ons aller ongeregtigheid op Hem doen anloop. Om di overtreding van myn volk

is di plaag op Hem gewees. As Syn siel sig tot 'n skuldoffer gesteld sal hê, sal Hy saad sien.

Wat 'n liefelik beeld van Jesus is Jonas. Jonas syn dood is di behoud van di skepelinge. Roei na die land! het ni kan baat ni. Hulle het geroei wat hulle kan, mar di sé word hoe langer hoe onstuimiger. En toen Jonas o'erboord gegoi was, staat di sé stil van haar verbolgenheid. In Jesus Syn opstanding is Jonas 'n beeld van Hem.

Zacharias teken Jesus met di wonde in Syn hande. Wat is di wonde in U hande. Antwoord: Dis di wonde waarmé ek geslaan is in di huis van myn liefhebbers. Zach. 13:6. In Hoofstuk 12:10 seg Jesus: Hulle sal myn anskou, wat hulle deurgestoke het. In Hoofstuk 14 seg di profeet: En syn voete sal te dien dage staan op di Olyfberg, die vóór Jerusalem staan. En vervollens: En di Here sal tot Koning wees o'er di ganse aarde.

O, die arme wêreld reken te veul buite Jesus. Hulle steur hulle an Jesus minder as an enig groot man van di wêreld. Hulle weet van Jesus niks, vóór syn geskiedenis op aarde begin het; en weet ni van Syn geskiedenis wat nog moet volg ni. Ons geskiedenis begin met ons geboorte, en eindig met ons dood. Ni so met Jesus ni. Hy was begrawe in Josef van Arimathéa syn ei'e graf, en so was hy by di ryke in syn dood gewees. Josef was e'n ryk man; dog vollens di profesi en Jesus' ei'e getuigenis, verrys hy op di derde dag. Na syn opstanding is hy gesien, anskoud, gekend, gehoord, getas; hulle het met Hem geëet en gedrink. Hy het met Syn dissipels vergadering gehou, soos b.v. di monstervergadering op di berg in Galiléa, waar meer as 500 broeders te'enwoordig was. Daarna is Jesus ni weggeraak, sodat nimand weet wat van Hem geworde is ni. In 't geheel ni! Mar 40 da'e na Syn opstanding, neem Hy syn discipels saam na di Olyfberg, waar syn voete eenmaal weer sal staan, geef syn Apostels bevele, en skei segenende van hulle. Hy vaar op, sodat hulle dit kon sien, en toen neem 'n wolk Hem weg van hulle oge. Ider man, wat di wêreld verlaat, het syn tyd gehad. Nebukadnésar, 'n Koning der Koninge, is gestorwe, en kom nooit weer ni. Syn geskiedenis op aarde is afgeloop; net so Darius, di Koning van di Perse en Mede; net so Alexander di Grote, van Griekeland; net so Keiser Augustus van Rome, van wi Lukas seg, dat hy order gegé het om di hele wêreld te beskrywe. Di Romeinse Ryk mag weer hersteld worde, mar Augustus het klaar. Ni so met Jesus ni. Waar di Here Jesus syn voete di laaste op aarde gestaan het, moet hulle weer staan; di ope troon van vader Dawid moet deur di Heiland, as Koning beset worde. Di Engel het an Maria geseg: Dese (Jesus) sal groot wees, en di Soon van di Allerhoogste genoemd worde, en God di Heer sal vir Hem di troon van syn vader Dawid gé. Jesus is wesentlik en werkelik di Koning van di Jode, soos dit oek bo syn kruis in dri tale

gestaan het, in Hebreuws, in Grieks en in Latyn. Jesus kom weer. Hy het geseg: In di huis van myn Vader is baing wonings; as dit ni so sou wees ni, sou ek dit vir julle geseg hê; ek gaat heen om vir julle plek te maak, en as ek weg sal gegaan wees en plek sal gemaak hê, dan kom ek weer en sal julle almal tot myn neem, dat julle oek daar mag wees, waar ek is. Tot drimaal toe word di woorde: "Ek kom weer", in di Hoofstuk herhaal. Paulus, wat van di wederkoms meer 'as enig ander geskrywe het, seg in 1 Thess. 4:16, ens.: Want di Here self sal met 'n geroep, met di stem van di Aartsengel, en met di basuin van God neerdaal van di hemel, en di, wat in Gristus gestorwe is, sal eers opstaan; daarna sal ons, wat lewend o'erbly, saam met hulle opgeneem worde di Here te gemoet in di lug. En so sal ons altyd met di Here wees.

Het imand vir di Here Jesus na syn Hemelvaart gesien; en daar iets van geseg? O ja! Di eerste martelaar, onse geliefde broeder Stefánus, het Hem gesien, toen hy voor di sterke bulle van Basan staan, en geseg: Kyk, ek siet di Hemele geopen, en di Soon des mense staande an di regterhand van God. Terwyl hy di goeie belydenis afleg, voor di Raad van di Jode, is hy verwaardig geworde met 'n gesig op di verheerlikte Jesus. Nimand moet verwonderd wees dat Stefánus di Here *staande* gesien het ni. Was dit 'n wonder, dat di Heiland van syn troon opgestaan het om deur di hemelvensters te kyk na di moedig gedrag van syn geliefde discipel in een van di moeilikste o'enblikke van syn lewe? Daar staan Stefánus, di kroonman onder di nuwe discipels, en leg getuigenis af voor di Regvêrdige, van wi syn regters verrajers en moordenaars gewees is.

Mar Stefánus is ni di enige gewees, wat Jesus gesien het na syn Hemelvaart ni. Paulus, di moedige en o'ermoedige vervolger van di Gemeente, di jongeling, wat op di dag van Stefánus syn ontslope, di klére bewaar het van hulle, wat di martelaar sténig; Paulus, voorheen di yweraar sonder verstand, het Jesus gesien op di weg na Damaskus. Jesus' stem dreun in syn ore: Saul, Saul, wat vervolg jy vir myn? En toen Paulus Jesus in heerlijkheid siet, en ni wis met wi hy te doen het ni, antwoord hy bevrees en bewende: Wi is U, Here! En di weder-antwoord was: Ek is Jesus, di Nasaréner, wat jy vervolg. Dit is vir jou swaar om di hakskéne te'en di spoor te slaan. Hand. 9, en in Hand. 22:17 en 18 lees ons: En toen ek in Jerusalem terug gekom het, en in di Tempel bid, toen het dit myn o'erkom dat ek Hem gesien het, en Hy sê vir my: Maak haas, maak haas, dat jy uit Jerusalem uitkom, want hulle sal jou getuigenis van myn ni aanneem ni.

Oek Johannes, di discipel deur Jesus bemind, het Hom gesien toen hy op di eiland Patmos was om di woord van God en om di getuigenis van Jezus. Hoor, hoe Johannes self daarvan spreek in di eerste hoofstuk van di Openbaring vs. 10—18.

En ek was in di Gees op di dag des Here; en ek hoor agter myn 'n groot stem, nes van 'n basuin, wat seg: Ek is di Alfa en di Omega, di eerste en di laaste; en, wat jy sien, skryf dit in 'n boek en stuur dit an di Sewe Gemeentes, wat in Asie is, naamlik: na Efése en na Smirna, en na Pergamus en na Tyatire en na Sardis en na Filadelfia en na Laodicéa. En ek draai my toen om, om te sien di stem, wat met myn gesprek het; en toen ek ver myn omgedraai het, sien ek sewe gou'e kandelaars, en in di middel van di sewe gou'e kandelaars één, gelyk an di Soon des mense, bekleed met 'n lange kleed tot di voete en omgord an di bors met 'n goue gordel (lyfband); en Syn hoof en haar was wit soos witte wol, soos sneuw, en Syn o'e nes 'n vuurvlam en Syn voete nes blinkende koper, en glans nes in 'n o'ond en Syn stem as di stem van baing waters. En Hy het sewe sterre in Syn hand, en uit syn mond gaat 'n twesnydend swaard en Syn angesig was soos di Son skyn in syn krag. En toen ek Hom sien, val ek as dood an Syn voete, en Hy lég syn regterhand op myn, en seg vir myn: Vrees ni, ek is di eerste en di laaste! wat leef en ek is dood gewees, en siet, ek is lewend tot in alle ewigheid. Amen. En Ek het di sleutels van di hel en van di dood.

In Openbaring 5:6 getuig Johannes dat hy vir Jesus gesien het onder di welbekende beeld van 'n Lam. Hoor mar. En ek kyk, en ek siet, in di middel van di troon en van di vier diere, en in di middel van di ouderlinge 'n Lam, staan, nes geslag, hebbende sewe horens en sewe o'e, dit is di sewe Geeste van God, wat uitgestuur is in alle lande.

In Openbaring 2 en 3 het ons ni minder as sewe briewe ni deur Jesus opgeë en deur Johannes geskrywe en gestuur, ider an syn ei'e adres.

In Openbaring 19 van vers 11 kryg ons Jesus weer tot an di end van vers 16. En ek siet di hemel oop, en siet 'n wit pêrd, en di, wat daarop sit was genoemd Getrou en Waaragtig en Hy oordeel en voer oorlog in geregtigheid. En syn o'e was nes 'n vuurvlam en op Syn hoof was baing koninklike hoede; en Hy had 'n naam geskrywe, wat nimand wis, as Hy self. En Hy was bekleed met 'n kleed, dat met bloed geverfd was, en Syn naam word genoemd: di Woord van God. En di heirle'ers in di hemel volg Hem op wit pêrde, gekleed met wit en skoon, fyn linne. En uit Syn mond gaat 'n skerp swaard om di heidens daarmé te slaan. En hy sal vir hulle oppas met 'n yster roei, en hy trap di trapbali van di toorn—en gramskapwyn van di Almagtige God. En hy het op syn kleed en op syn dy di naam geskrywe: Koning der Koninge en Heer der Here.

In Hoofstuk 20 en 21 is dit weer altyd Jesus. En in di laaste Hoofstuk hoor ons Jesus tot drimaal getuig: Ek kom haastelik!

Wat 'n verskrikkelike dag sal dit vir di arme wêreld wees, as Jesus verskyn om na 2 Thess. 1 met vlamme vuur wraak te doen; en o'er wi nog al? O'er al di vloekers en leu'enaars?

O'er moordenaars, diwe en o'erspélers? O'er di deurbrekers en di wat bloedskuld an bloedskuld laat raak? Né, mar o'er digene, wat God ni ken ni, en o'er digene, wat di Evangeli van ons Here Jesus Christus ni gehoorsaam gewees is ni. Wat? Is dit 'n doodsonde om God ni te ken ni? Breng di gemis van di kennis van God di vlammente vuur o'er di sondaar? Stellig en seker! Ongehoorsaamheid an di Evangeli is di grote misdaad van ons bedéling. As ons onder di wet was, dan sou ons deur di wet geoordeel worde. Mar ons is onder di Evangeli, en daarom word ons deur di Evangeli geoordeel. Vollens Matth. 25 moet al di volke vóór Jesus verskyn en Hy sal hulle van mekaar skei, soos di herder di skape van di bokke skei.

Vollens Psalm 2 sal Jesus di Heidens oppas met 'n yster staf en sal hulle stukkend slaan so's stuk breekgoed.

Jesus sit nou as Ho'epriester en Hoofd van Syn Gemeente in di troon van Syn Vader, di in di hemele is.

By di end van ons bedéling sal Jesus kom om di aarde te slaan met di roede (tong) van syn mond, en om di goddelose dood te maak met di asem van syn lippe. Jesájá 11.

In di tweede Psalm kom di ernstige waarskuwing voor: Kus di Soon, opdat Hy ni toornig worde ni, en jy op di weg vergaan, as syn toorn mar 'n weinig sou ontbrand ('n bietji vlam vat).

Uit dit korte o'ersig, wat nog baije kan uitgebrei worde, blyk dit so helder as di lig, wi Jesus van Nasareth is, en hoe meer 'n mens di Bybel ondersoek, hoe duideliker dit altyd word, dat Jesus in waarheid is, di Soon des gese'ende Gods, God geopenbaard in di vlees.

Al wat geskápe is, is di werk van Jesus syn vingers. Heb. 1. God het deur Hem di wêreld gemaak. Joh. 1. Sonder Hem is gen ding gemaak ni, dat gemaak is. Col. 1:16, want deur Hem is alle dinge geskape wat in di hemel en wat op di aarde is, wat sienlik en onsienlik is, of dit heerschappy is of overhede of magte: alle dinge is deur Hem en tot Hem geskápe; vers 17: En Hy is vóór alle dinge en alle dinge bestaat tesame deur Hem; vers 18. En Hy is di Hoof van di liggaam, van di gemeente, Hy wat di begin is, di Eersgeborene uit di doode, opdat Hy in alles di eerste sou wees. Daarom is Jesus vollens Collossense 3 alles in allen, daarom is Hy vollens syn ei'e getuigenis in Openbaring di Alfa en di Oméga, di begin en di end, di eerste en di laaste.

Daarom lesers, as daar onder julle is, wat Jesus nog ni besit ni, en dus di Vader ni ken ni; neem dan di Soon an, kus Hem; onderwerp julle an Hem; glo Syn Evangelie; di Evangelie is di Evangelie van Syn heerlikheid; neem Hem aan, So's Hy deur di Vader gegé is; gé jou an Hem o'er so's jy is. Doet dit dadelik. *Hede* is 'n woord van di Here. *Morre* is 'n woord van jou vyand. *Hede*, seg di woord, as jy myn stem hoor, verhard jou hart ni.

Siele, julle sal welkom wees by Jesus. Julle sal vrindelik deur Hem ontvang worde. Ons het goei'e tydings vir slegte mense. Kom mar! Ons het slegte tydings vir di, wat reken, dat hulle sonder Jesus kan klaar kom.

Kom eer dit te laat is! Jesus ontvang sondaars en eet met hulle.

[Patriot, 31 Okt. en 7 Nov. 1884].

ROOT OF WIT.

Jesaja 1:18. Al was julle sonde as skarlake, hulle sal wit worre as sneuw; al was hulle root as karmesyn, hulle sal worre nes witte wol. Root betéken dus sonde. So lang as 'n sondaar ni gewas is ni in di bloed van di Lam van God, wandel hy, om so te sê, in syn root kleed van sonde. Dawid, de Koning, seg in Psalm 51:7, Sie, ek is in ongeregtigheid gebore en in sonde het myn moeder ver myn ontvang. David het net so lang in syn root kleed van sonde rondgestap, tot hy di vergewing daarvan ontvang het.

Di Bybel seg in 1 Rom 3:23, hulle het almal gesondig en mis di heerlikheid van God. Di beste mens het di root kleed an, of het dit angehad. Nimand uitgesonderd. Hoeveel millioene is daar op di aarde gewees! Al die veertien honderd millioene mense, wat nou op di aarde is, en di vele millioene, wat nog sal kom, het di root kleed gedra, dra dit nog, of sal dit nog dra.

In sommige huisgesinne is almal, vader, moeder en kinders, root angetrek, ek meen, is almal nog in hulle sonde; in ander huisgesinne is een of twee in wit gekleed en al di ander loop nog in hulle root sondepak; in ander huisgesinne is almal rein en wit angetrek, is almal gewasse van hulle sonde in di kosbaar bloed van Gristus. 'n Mens, wat van dag in wit wandel, kan bly en dankbaar wees, want an hom is grote genade bewys.

Ek denk so menigmaal as ek 'n kind met 'n rooi tabbertjie siet: Ja, myn kind, jy weet dit nou ni, mar jy draag di teken van jou sondigheid an jou klein lyf; as jy eenmaal mag in di hemel kom, sal jy 'n ander tabbertji an hê, 'n kleed van blinkende, rein, fyn linne; dan sal jy gelukkiger wees as nou. Jesus syn rood bloed maak di rooie sonde wit as sneuw, wit as wol.

Dis daarom opmerkelyk, dat ons so danig met de rooi kleur deurmekaar is. Let tog 'n bietji op, dan sal jy sien, hoe dat di rooi kleur hom oeral vertoon. Rooi flenni word te danig veul gebruik; ons het di rooi kleur selfs in ons wit handdoeke; rooi sakdoeke ver mans is glad ni ongewoon ni, tot rooi kleur op di kop en an di voete, rooi onder- en bo'eklere, rooi tafelkleedjies en root geskilderde huise.

Sondaar, sondaar, al het jy oek ni 'n rooie draad an jou lyf ni, jy loop mar daarom in jou rooi sondeklee. Oeral, waar jy

gaat of staat, toon jy, dat jy 'n sondaar is. Jou gedagtes, jou woorde en jou daade bring dit uit.

Jou gedagtes.—Wat is daar ni in ni? God is daar ni in ni. Syn heerlikheid, Syn koninkryk, Syn Soon, Syn woord, Syn werk, Syn hemel, Syn huis niks, wat God of goddelik is, is in jou gedagtes. En kom dit al in di gedagte, dan is daar attensi vir dese dinge. Met di Vader, di Soon en di Heilige Gees het jy mar min te doen; om di koninkryk van God bekommer jy jou mar min, jy oerdenk di wet des Here ni dag en nag, so's Psalm 1 seg. As di Bybel gelees worde is jou gedagtes dikwils op 'n ander plek. As daar gebid worde, waar is jou gedagtes dan? In di stal by di perd, wat jy pas gekoop het, by di huis, wat jy besig is om te hou, by di bruit waar jy ander week mee gaat trou, by di stuk grond, wat jy besig is om te dol, by di smit, wat jou wa reg maak, op di land by jou gesaaide, in di wingert, wat jy moet top, by di vrind, wat jy wil gaan besoek, by jou vyand, wat jy wil sleg gaan sê. As jy in di kerk sit onder di preek gaat dit dan beter? Beter! as dit strak nog mar ni erger gaan ni. Het jy ni dikwils daar gesit om te sien en om gesien te worde? Het gy ni vóór di een heen, en agter di ander om gekyk, so dat jy nooit eens gehoor het, watter Psalm of Gesang di prepikant opgé om te sing, en so dat jy di Psalm in di Gesangboek en di Gesang in di Psalmboek soek.

Jou woorde.—Hoe is hulle? Jy sou ni graag wil, dat al jou woorde moet opgeteken staan en in 'n groot vergadering moet voorgelees worde, jy sou te skaam wees om daarby te sit. Denk 'n bietje na, hoe jy deurgaans jou tong gebruik. As daar 'n ding ni na jou sin gaat ni, hoe maak di tong dan? Leg hy dan doodstil in jou mond? Dis war, ja! Dan gebruik jy honderde van woorde en skel en raas en gaat te keere nes daar sewe duiwels in jou is. Dan spuug jy vuur of jy is nukkerig en verkeer en trek dwars en beledig net wi voor jou kom, dan ontsien jy nimand, selfs gen vader of moeder, en jy is in jou gesig net so root as di sondeklee, wat jy an het. Jou arme suster, wat beter is as jy, di snou en grou jy af, nes of sy 'n vuilgoed is, en di suster is 'n blank wit leli; sy is rein om di woord, wat di liwe Heiland tot haar gespreek het. En as jy so onstuimig is hoe maak sy dan? Sy beledig jou ni weer terug ni. Kyk ver haar an, dan sal jy sien; daar is 'n dik traan in haar oog. Loop 'n bietji na haar kamerdeur en luister, wat sy maak. Ver wi bid sy daar met trane; ver wi sug sy so diep; ver wi bestorm sy de genadetroon? Het jy gehoor wat sy seg: og Heer, myn arme broer; hy is tog so verkeerd, neem hom tog ni weg in syn sonde; asseblief red tog syn siel; laat hom tog ni in syn sonde sterwe ni. Sondaar, in jou bloedroot klee, kan jy dat hou? Kan jy dat verdra om jou arme vrome suster so te moor met jou sonde? Sal jy ni ophou om God te vertoorn deur jou sonde, en jou arme suster te martel deur jou ongeregtighede. Loop na jou kamer toe, waar jy van morre alles deurmekaar

agter gelaat het. Hoe lyk dit daar? Is daar 'n ding van syn plek? Is daar 'n ding vuil? Het sy ni alles skoon en heel en reggemaak, en di suster maak jy seer met jou tong en steek met jou skerpe woorde dwars deur haar hart. En dan bid sy nog vir jou. Né, man! op jou knie in jou kamer, en roep tot God om jou te wederbaar om jou te bekeer om jou gelowig te maak. Weet jy ni, dat jou gelowige moeder nog op haar sterfbed vir jou gebid het. Jou moeder is in di hemel; jou suster gaat daar na toe. En jy? En jy? Waar wil jy jou ewigheid deurbring?

En jou dade.—Jy weet wat ou vader Jakob geseg het van syn twé seuns, Simeon en Lewi. Genesis 49:5, 6 en 7? “Simeon en Lewi is broers; hulle handelinge is werktui'e van geweld. Myn siel kom ni in hulle verborge raad, myn eer word ni verénigd met hulle vergadering! want in hulle toorn het hulle di manne doodgeslaan, en in hulle moedswil het hulle di osse weggeruk. Vervloek is hulle toorn, want di is heftig, en hulle verbolgenheid, want di is hard. Ek sal hulle verdeel onder Jakob, en sal hulle verstrooi onder Israël.” Man, gaat dit met jou veul beter? Loop 'n bietji na di buitekamer; wi leg daar; en wat betéken di bloed, wat di klong daar uitgespug het? Jy weet. As jy vir hom ni so onverstandig en onbarmhartig geslaan had, sou hy daar ni lê ni. Gaat na di stal, en kyk di pèrd an, wat skeel is an di linker oog, en vraag jouself af, hoe dit so kom, en wi dit gedaan het. En waarom moes verlede maand di ooi, dik met lam, di k el afgesny worre. Wi was, ni te lang gelede ni, voor di Magistraat, om onreg, vir 'n buurman angedaan? En wi het gevloek op di buurman, toen hy di saak gewin het, en jy het moet betaal? Wi het geraas te'en di Magistraat, om hy jou ni gou genoeg na jou sin gehelp het? En wi was di ander aand op di dansparty, en ni heeltemaal nugter tuis gekom ni? Was dit ni jy, jong kêrel! wat God ni vrees, en gen mens ontsien, wat jou ei'e sin en wil doen, en so menigeen laat ween, en so min vreugde veroorsaak? En moet ek jou wys op di ligsinnige manier, waarmé jy met di jong meisies omgaat, by hulle eers di liefde opwek, en later daarmé spot; en op di manier ergernis en verdriet veroorsaak. Jy moet tog begin nadink. So kan jy ni angaan ni. Jou rekening by di Here is al meer as veuls te groot, en jy moet weet, dat di Here di skuldige geensins sal onskuldig hou ni. Jy moet weet, dat God jou om al di dinge sal doen kom in di gerig. Ek weet, jy het nog 'n soort van vertroosting; jy reken so, dat daar nog ander is, omtrent so goddeloos as jy self; ander wat net so is as jy, en party nog erger is. Mar dit help jou niks ni. Hulle sonde maak jou syne ni dood ni. Di skuld van 'n ander vernietig jou skuld ni. As ek £100 skuld het, en jy het oek £100 skuld, dan maak jou skuld myn skuld ni dood ni, dan moet ons altwé betaal.

Sondaar, bloedrooie sondaar, doodskuldige sondaar; sondaar, wat beter weet, wat te'en lig en beter wete kwaad doen; sondaar, wat di Evangeli, di wet en jou konsensi verkrag, weet jy wel, jy het ni met 'n mens, mar met God te doen. Jy weet, 'n aardse regter kan 'n mens ter dood veroordeel, en ter dood bring oek. Di meeste sondes, wat 'n mens doen, is te'en di naaste. Vir veule van di sondes kan 'n mens deur di aardske regter gestraf worde; van ander sondes neem hy gen notisi, di moet onder mekaar reg gemaak worde. Mar God neem van alle sonde notisi, van woorde so goed as van daade, van gedagtes so goed as van woorde. En daar kom nog wat by. God siet 'n sonde so's di is, ni groter, oek ni kleiner ni, en di kleinste sonde maak 'n mens doodskuldig. Was Adam syn sonde in di Paradys ni 'n kleinigheid ni? Hy eet, en God had geseg: ni eet ni van di verbode boom. En was di kleine sonde klein in di oge van God? Ni klein ni, mar groot; groot genoeg om hom doodskuldig voor God te maak. Jy het genoeg op jou rekening, ni alleen van Adam syn kant ni, mar oek deur jou ei'e gedrag. Mar al had jy jou oek goed en regte fatsoenlik gedrá; al was jy di fatsoenlikste sondaar van almal, dan was jy mar daarom 'n doodskuldig mens; hoeveel te meer, nou honderde mense, wat jou ken, te'en jou kan getuigenis gé, en jou ei'e konsensi jou moet veroordeel. Jy wandel van jou jeugd af in jou bloedroot kleed van jou sonde; di hel is jou voorland, di hemel is nog te'en jou gesluit; di toorn van God bly nog op jou, en sterwe jy in jou sonde, dan lê jy in di helse vuur, net so seker as di ryke man in di gelykenis. Lukas 16:19—31.

Mar sondaar, wat di naam het van 'n harde sondaar, ek moet jou 'n rukki laat staan, dat jy oer jou ongelukkige toestand kan nadink; en nou het ek weer te doen met 'n ander klas sondaars, wat uiterlik al te veul beter is; ja man, ek het met jou te doen, wat jou nog nooit onfatsoenlik of onbetamelik gedrage het ni; met di soort, wat kan sê: ek tart di heele buurt uit om te'en my één enkel beskuldiging in te bring. Brawe man, wees tog so goed om ag te gé op:—

Burgerlik goed,
Maatskappelik goed,
Kerkelik goed,
Godelik goed.

Burgerlik goed.—Jy is 'n goeie buurman. As 'n mens in 'n verle'endheid is, sal jy met kleinighede help. Jy sal ni makkelik 'n man 'n ding weiger ni, wat jy hom kan gewe, of wat jy vir hom kan doen; jy is vrindelik, beskeie, beleef, behulpsaam; 'n sieke in jou buurte gaat jy besoek, di hongerige gé jy 'n stuk brood, di dorstige gé jy te drink, di reisiger gé jy losies, di vreemdeling gé jy 'n herberg; op jou burgerlik gedrag is amperniks an te merk ni. Daar is mar net één ding, waar di mense

somtyds o'er praat, en dat is, as jy 'n ding koop, wil jy dit onder di waarde hê; en verkoop jy 'n ding, dan laat jy jou goed betaal. Mar waar jy gaat of staat, daar het jy jou root kleed an, en dat is root, en dat *blyf* root, en di kleur verander deur jou burgerlike goedheid ni. Jy is in Egypte, en nog nooit deur "di Rooie Sé" deurgegaan, om ander kant wit uit te kom, as 'n verlose uit di slawerny.

Maatskaplik goed.—Jy is 'n man vir di maatskappy. As daar maatskaplike vraagstukke te behandel is, dan is jy daarby; jy staan gen goeie maatre'el te'en; jy bevorder dit veeleer; jy offer selfs daarvoor jou tyd en jou kragte op; di welvaart van land en volk gaat jou ter harte en jy verset jou, met di beste van ons land, te'en enige maatre'el, wat jy reken, dat sal sleg werk. Kan 'n man dit afkeur? Seker ni; jy verdien eerder lof daarvoor. Mar di rooie kleur van jou kleed word daardeur ni verander ni. Jy blyf wat jy is, 'n sondaar, en jy kom gen stap nader na di hemel ni. Wat jou ontbreek is di wedergeboorte; en al was jy di beste man en di nuttigste lid in di maatskappy, dan help dit vir jou saligheid tog niks ni. Jy moet onder di kruis van Gristus kom. Jy en Gristus moet één worde. Jy in Hem en Hy in jou; met niks minder kom jy uit.

Kerkelik goed.—Gen predikant of Kerkeraad het iets op jou te sê ni; hulle respekteer jou; hulle is ni skaam om met jou gesien te worre ni; né, meer nog, hulle is gek na jou. Jy laat toe, dat daar bidure in jou huis gehou worde. By kollektes en basaars kan 'n mens altyd op jou reken, en jou bydrage is oek ni gering ni; jy moedig selfs bure en vrinde an om te gé; jy betaal gere'eld jou bank in di kerk en jou plaas word nooit ledig gevonde, as net wanneer jy wettelik verhinder worre. Jy bevorder op alle molike maniere di uiterlike welvaart van di kerk; as daar altemits twiste of onenighede kom, is jy ni di man ni wat di vuur sal groter maak ni. Jy sal eerder jou bes doen om di brand te blus. Mar al di dinge kan 'n man doen, wat ni uit God gebore, wat ni bekeerd, wat nog ni gelowig is in di bloed van di Gristus ni. Jy is ni van jou sonde gewasse en daarom loop jy nog mar altyd in jou rood kleed van sonde, al sit jy missskien oek op Sondag in di kerk. Di heilige in jou gemeente ken ni vir jou as hulle broeder in Gristus ni. As hulle onder makkaar praat as lede van di ligaam van Gristus, stem hulle o'reen, dat jy buite is en ni binne ni. Hulle prys jou as 'n goeie burger, as 'n maatskaplik man, en as 'n trou helper vir di uitwendige dinge van di kerk; mar hulle is o'ertuig, as jy so sterwe, sal hulle vir jou in di hemel mis. Of di broeders met jou trou handel, om wel onder makkaar o'er jou toestand te spreek, en ni *met* jou te praat ni, is 'n ander ding. Mar missskien het oek al di een of di ander met jou gepraat, mar ni duidelik genoeg geseg, dat jy in doodsgevaar verkeer, en al te mit het jy dat oek ni verstaan ni. Mar lat myn dan toe, dat

ek duidelik vir jou seg: *Jy is ni uit God gebore* en daarom ken jy net jou kerk, mar ni di koninkryk van God. Jy is in gevaar, jy loop op di brede weg, wat na di verderf gaat; en al dans jy ni op di weg ni, al hoerreer jy ni op di weg ni, al speel jy ni kaart op di weg ni, al drink of suip jy ni op di weg ni, al stap jy nog so ledig en deftig op di weg, mar op di weg is jy tot op di dag, dat God jou wederbaar en jy bekeerd en gelowig word. Jou sonde is as skarlake en root as karmesyn, jy kan ni gerêken worre onder di getal van Gods volk ni.

Goddelik goed. Nou kom ons by di groot punt, 'n mens moet goddelik goed wees. En dat is 'n man nooit voor hy uit God gebore worre. Ja goddelose sondaar, ja brawe sondaar, julle het al twe diselfde ding nodig. Daar is so ver as 'n blinde kan oordeel, 'n groot onderskeid tusse julle twe; mar as julle al twe sterwe sos julle van daag op aarde leef, sal julle al twe in di hel reg kom. En waarom dan? Omdat julle altwe buite Jesus is, omdat julle al twe onwedergebore, onbekeerd en ongelowig is. Omdat gen van twe van julle sonde gewasse is in di bloed van Gristus.

Julle het al twe van di bloed van Gristus gehoor en gelees in di kerk en di bidstond, in di bybellesing; julle weet van di fontein, wat geopend is vir di huis van David en vir di inwoners van Jerusalem, mar julle was nog nooit in di fontein in ni. En waarom ni? Om dat julle nog nooit gesien het, hoe vuil julle is. En hoe kom het julle dat nog nooit gesien ni? Omdat julle nog blind is. Julle is net as alle ander mense blind gebore en blind opgegroeï. En ni alleen blind ni, mar doof en stom daarby, en julle verstand en hart is oek toe; dis alles toe, en julle weet dit ni. Julle het 'n verstand en 'n hart, 'n oog 'n oor en 'n mond vir di tydelike en voorbygaande dinge; mar julle is morsdood vir di geestelike dinge. Herinner julle ni wat vanmelewe Stephanus, di eerste martelaar geseg het vir di Joodske raad: julle onbesnede van hart en ore, julle wederstaat altyd di heilige Gees, nes julle vaders, so julle oek. Dis di geval met julle; julle is onbesnede van hart en ore. Julle is nog ni di besnydenis van Gristus deelagtig ni. Ons klompi, wat gelowig is, het almal di besnydenis ondergaan; di voorhuid van ons hart is weggesny, di ligaam der sonde des vleesches is uitgetrek, en met di oopsny van ons hart is oek di verstand, di oog, di oor, di mond oopgegaan, en so kan ons nou wel, verstaan, sien, hoor, en praat. Ons het ons sonde gesien; en wat het ons toe gedaan? Ons het tot di Lam van God ons toevlug geneem. Di hemelske vader het vir ons an Jesus gegé en so het ons tot Hem gekom, en Hy het ons gewasse in syn bloed. Diselfde ding moet met julle gebeur. Julle moet met Jesus in 'n vriendelike aanraking kom. De Bybel noem dat: *kus*; kus di Soon, opdat Hy ni toornig worre ni; dit word oek genoemd: *aanraak*; soveul as Hem aangeraak het, het gesond geworre; oek; *an Syn voete val*; oek wel: *aanbid*; oek wel: *ophou Hem sien* of *gelowe* en meer

sulke uitdrukings. Dit moet ni so wees ni, Jesus *hier* en julle *daar*; mar Jesus hier en julle hier; of Jesus daar en julle daar bymakaar, in makaar, Jesus in julle en julle in Jesus, met mekaar verénig, an mekaar verbonden, in mekaar ingegroei, nes 'n entje in 'n boom; één sos bruid en bruigom, sos man en vrou. 'n Sondaar is nooit op syn plek voor hy ni in Jesus syn wonde rus; of sal ek dit anders sê, voor hy ni in di bloed van di Lam van God geloof het ni. 'n Mens moet di Gristus hê; di wat di Soon het di het di lewe: di wat di Soon ni het ni, het di lewe ni, 1 Joh. 5:12. Sien julle sondaars, dis wat julle mankeer; en ek vrees, julle sien dit ni. Julle is root van julle sonde en julle merk dit ni. En tog kan dit so ni bly ni: of julle meet vir lief neem, om jou ewigheid in di helse vuur deur te bring. Wil julle dit? Is julle gewillig om verlore te gaan? Of is daar in julle hart 'n begeerte om salig te worde? Op aarde kan julle ni bly ni; dat kan julle aldag sien. Geen mens bly als tyd hier. Waar is ons voorgeslagte? En hoeveel van on: tydgenote is al di ewigheid ingegaan! Gedurig hoor jy mar, di is af, en di ander is af; en di-een leg op sterwe, en di ander-een is doodsiek; En: di dokter het di man of di vrou opgegé. En net nou mar slaan oek ons leste uurtji. En dikwils kom dit heeltemaal onverwag, en so onverwag, dat daar gen tyd meer is om bereid te worde voor di ewigheid.

As 'n sondaar met syn gebroke hart en syn verslage gees tot God vlug, wys God hom op Jesus en hy gaat na Jesus en hy sien in Hem di Soon van God en di Lam van God, di voor ons sonde gestorwe is en hy neem Hem an en geef homself an Hem o'er, en glo in Hem tot saligheid.

Nou is di sondaar ni meer root mar wit, dat is te sê, syn sonde, wat nes skarlake was, is geworde as sneeuw en wat so root was as karmesyn is geworre sos witte wol.

Laat ons nou so effen in de Hooglied van Salomon kyk, wat ons daar lees: Ek is myn liefste syne, en myn liefste is myne, di onder di lelies wei. Wi is di lelies? 'n Leli is mos 'n wit blommetji of 'n wit blom en stel di gelowige voor, wat rein gewasse is in di bloed van Gristus. Daar is ni één rooi griste, daar is oek ni één wit sondaar ni. Di sondaar is root, di griste is wit; wit as sneeuw, as wol, as 'n leli. Kijk in jou eie huis en daar sal jy jou moeder sien, wat in Gristus geloof en as 'n gristin leef; sy is di wit leli; en jou suster, wat, nes sy, in Jesus is, is oek nes sy 'n liwe wit lelitji. En dus twe lelies in 'n huisgesin van ses mense. Vier wandel in root en twe in wit. As dit van daag di end van alle dinge moet wees, dan gaat twe na bowe in di liwe hemel en vier in di rooie vuur van di hel.

Kyk 'n bietje by jou buurman, hoe gaat dit daar? Daar is di *man* 'n kind van God en so oek di twede dogter en di derde seun, dri uit ag is bekeerd. Dri wandel in wit en vyf in root. As dit so blyf en daar gen verandering kom ni dan gaan dri na bo en vyf is na onder. Dri lelies staan tusse vyf dorens.

Hoe gaat dit by di ander buurman? Dis wereldse mense; 'n huisgesin van tien, di man, di vrou, ses kinders, 'n ou oom en 'n jonge niggi; mar almal werelds; hulle weet van gen geloof in di Heiland ni. Praat met di ou oom van di hemel, dan vraag hy, of dit by julle oek gereend het. Praat van Jesus van Syn liefde vir sondare, dan sal hy sê: ja, myn kind dis alles waar, wat jy sê; en dan voeg hy daar by: Het julle skape oek al uit-gelam? Jy kan sien, di stomme man het gen gehoor vir di waarheid ni. Di waarheid van God is ni in syn hart en syn hart is ni in di waarheid ni. Jesus is vir hom 'n vreemdeling; di hemel 'n plek, waar hy mar min an denk; di hel 'n plek waar hy gen vrees voor het ni; praat met hom oer al di dinge, en dan sit hy of hy weseloos is. Di vader word kwaad as jy hom op Jesus wys, di moeder sê ver jou, jy moet mar vir jousef sorg, ider mens moet syn eie pakke te mark breng; di kinders is woelig en hulle het net één gedagte en dit is: plesier. Twe van di kinders is daarom al lidmaat nes di vader, di moeder en di ou-oom, mar di hele huisgesin wandel in skarlake en karmesyn; hulle stap almal so reg hel toe. Ni één verheerlik God, ni één is in Jesus, ni één bemin di Woord van God, ni één het God syn kinders lief. Wat sal di end wees? Di liwe Heer alleen weet. Kom daar gen verandering ni, dan is di leste één verlore: want almal is buiten Jesus en moet dus verlore gaan, as daar geen verandering kom ni. Mar di Almagtige God kan verandering gé. Hy kan 'n huisgesin gou gou omkeer; Hy kan di dode lewendig maak, Mar ek wil mar sê: blyf dit so dan gaat di hele huisgesin na di hel net so goed as Korach, Dathan en Abiram met hulle huisgesinne na di hel gegaan is. En so kan jy nou jou heel gemeente of jou heel distrik of di heel koloni of heel Suid-Afrika en di heel beskaafde wêreld deurgaen en dan sal jy o'eral di rooi en di wit kleur kry. O'eral di sondaars en di heilige, o'eral di reine en di onreine, di doje en di lewende, di vyande en di vrinde, di verduisterde en verligte. En hulle, wat in witte klere wandel is gewoonlik mar min, mar di in di rood kleed van hulle sonde op di breje weg wandel is menigte, is legio.

In Openb. 3:4 seg di Heiland, 63 jare na Hy opgeware is in di hemel: dog julle het enige weinige mense oek te Sardis, wat hulle klere ni bevlek het ni, en hulle sal met Myn wandel in wit klere omdat hulle dit waardig is. En dan weer in Hoopstuk 3:18. Ek raai julle om van myn te koop goud, wat beproef uit di vuur uitkom, dat julle mag ryk worde, en wit klere, dat julle mag bekleed worde en di skande van julle naakheid ni openbaar worde ni, en salf julle o'e met o'esalf, dat julle mag s'en.

Di gelowige, wat uit di grote verdrukkiug kom het almal hulle lange klere wit genaak in di bloed van di Lam, Openb. 7:14.

Di o'erwinnaars kog 'n wit keursteen met 'n naam daarop geskrywe, wat nimand ken, dan di hom ontvang.

Ons siet di o'erwinnaars in Openb. 19:14 in wit gekleed en op wit pèrde: En di heirle'ers in di hemel volg Hem op wit pèrde, gekleed met wit en fyn rein linne.

En nou kom ons an 'n alderernstigste waarheid. Sondaar, jy moet wel daarop let; jy moet weet, dat daar gen onsekerheid is omtrent di ewige dinge ni. Dis ni sos 'n mens somtyds uit di mond van di vuurroode sondaar hoor: Ja, wi weet dat so persies; nimand kan so sê ni; wi was al in di hemel gewees en het ver di mense op aarde kom vertel; wi was in di hel en het gesien, dat alles so is as di Bybel hulle seg. Daar is ver di ongelowige taal gen plek; di Bybel seg di dinge soos hulle is, en hulle is ni anders as di Bybel hulle seg ni. God het eers door syn profete gespreek, later het di Soon van God uit di hemel gekom om ons di dinge te leer, en ten laaste het Johannes in di geopende hemel ingesien en op orde van di Heiland oer di hemelse dinge geskrywe.

En wat is dan nog al di hoog ernstige waarheid? Deze, dat di Heiland in Jes. 63 en Openb. 19 in root gekleed is. Laat ons eers Jes. 63:1 en 2 nalees. Wi is dese, di van Edom kom, met besprenkelde klere van Bosra? dese, di versierd is in syn gewaad, di voorttrek in syn grote krag? So vraag di profeet; en Jesus antwoord: Dis Ek, wat in geregtigheid spreek, wat magtig is om te verlos. Nou vraag di profeet weer: Waarom is u root an u gewaad en u klere as van een, wat in di trapbali trap? En Jesus antwoord: Ek het in di trapbali alleen getrap en daar was nimand van di volke saam met myn, en Ek het hulle getrap in myn toorn en het hulle vertrap in myn grimmigheid; en hulle krag—in di Engelse Bybel staan in plaas van krag *bloed*—is gespreng op myn klere en al myn gewaad het Ek besoedel.

En so oek Openb. 19:11—16. Di leser word versog om dit na te lees. Jy sal daar sien hoe di Heiland in root is afgeteken. En wat beteken dan di rooi kleur op Jesus? Is dit 'n teken dat Hy onse sonde draag? Né. Hy draag di sonde ni: dit het Hy gedaan; dit is 'n gedane saak. Let mar op 1 Petr. 2:24, Di self onse sonde in syn ligaam gedra het op di hout. "Het gedra" meen: dit is klaar; sos di Heiland oek an di kruis uitgeroep het: "Dit is volbrag." En wat eenmaal volbrag is, kan ni meer volbreng worde ni: dis eens en voor altoos klaar. Dis net as met 'n slagskaap; jy slag dit; nou kan jy dit mos ni weer slag ni. Hoe dikwils kan jy dan één skaap slag? Net mar eenmaal. Nou, sos dit met di Lam van God. Dit root kleed het hy an gehad toen Hy na Golgotha gegaan het, toen God Hem sonde gemaak het voor ons; mar toen Hy di sonde deur syn offerande *tot niet* gemaak had, kon Hy ni meer in dit root kleed loop ni. Syn opstanding uit di doode is 'n bewys, dat God met di offer van syn Soon tevrede was. Mar nou kom dit so: net so lief en

vrindelik as Jesus ver syn vrinde is, so toornig is Hy teen syn vyande. Hy tref en vertrap hulle in syn toorn en grimmigheid. Syn vrinde neem Hy op in syn heerlikheid, Syn vyande werp Hy in di buitenste duisternis; en als Hy kom om di lewende te oordeel, dan sal di bloed loop tot an di tome van di pêrde duisend en ses honderd stadië ver.

Weet jy, leser! hoe 'n distansi dit is? Dis tusse 26 en 27 uur te pêrd ver. Nou, so ver moet di bloed van di ongelowige loop en dan omtrent 3 voet dik en hoe breed staat ni bekend ni.

Daar sal 'n al te swaar oordeel gaan o'er di Heiland syn te'enstanders. Daarom, sondaar! si toe hoe jy jou te'eno'er di Heiland gedraag. Val jy op Jesus dan verpletter jy; val Jesus op jou dan word jy vermorsel. Wandel jy in jou skulde dan word jou harspan, jou kop verslaan Ps. 68:22. Neem jy Jesus ni an ni, so dat Hy ver jou di Vader kan leer ken, dan sal Hy met vlamvend vuur wraak o'er jou bring; syn hand sal op jou nek kom in toorn, in plaas, dat jy op syn bors sal rus.

Ek moet nou weer eindig. Di vraag is: Root of wit? Sondaar jy moet ni denk ni, dat jy veilig is, jy is in gevaar. So lank as jy ni wedergebore is ni, wandel jy bo di ope hel, met 'n geslote hemel bo jou hoof, en di toorn van God is op jou. Jy mag lag, en plesier maak en sing en dans en vrolik wees, en geen gevaar sien; mar dat bewys alleen, dat jy dood is in di misdade en di sonde. Roep tot God, Hy sal hoor.

Broeder, suster in Gristus, ons wandel in witte klêre; ons is sos lelitjies en di Heiland wei onder ons. Laat ons di Hemelske Vader dank deur Jesus Gristus, di Soon van God. Laat ons God verheerlik in ons ligaam en in onse gees. Ons is duur gekog. Ons moet heilig en onberispelik wees voor God in di liefde.

[Patriot, 14 en 28 Nov. 1884].

EVANGELI IN DI VOLKSTAAL
No. 2

Godsdienstige Stukke

deur

OOM WILLEM

PAARL,
D. F. DU TOIT & CO.

1885.

Inhoud.

	Bladsy
1. Laodicea	133
2. Vel Rokke	141
3. Groente of Bloed	150
4. Geloof, Hoop en Liefde	160
5. Bereid om te sterwe	171

LAODICEA.

Di geleerde mense seg, dat Laodicéa soveul beteken as "Volksreg"; en dan moet dit meen, dat daar 'n tyd sal wees dat di grote van di wêreld sal moet reg doen an di groot menigte, an di Volk. 'n Mens moet hier deur volk ni verstaan di swart of gekleurde mense ni, mar in algemeen di mense, wat ons te vore nooit as steun gehad het in landsake. Ons tyd, waarin ons leef, is Laodicéa syn tyd. Dis nou di tyd van "Volks-reg". 'n Mens kan duidelik sien, dat self di geringe man, as hy mar 'n sekere besitting het, 'n sekere inkomste jaarliks geniet, of 'n seker som belasting betaal, 'n reg het om Parlementslede of lede vir di Afdelingsraad te kies. Op di manier kryg ons ons verte'enwoordigers in di Parlement of Afdelingsrade, en di Parlementslede is dan di uitvoerders van di volks-wil. Di landssake word nou ni meer naar di wysheid of dwaasheid van di een of ander Regent, Koning, of wat hy mag wees, bestuur, mar na di meerderheid van stemme. Op di manier ken 'n land syn mense as hulle eenstemmig is, en di sake net so stuur as hulle wil. Dit is hier ni di plek, om o'er politiek te praat, ni; ek wil mar net antoon, dat ons in di tyd van Laodicéa leef, en dat dus di beskrywing, wat "di trouwe en waaragtige Getuige, di Begin der Skepping Gods, van di Gemeente van Laodicéa gegé het, oek op ons tyd van toepassing is."

Dit seg "di Amen, di getroue en waaragtige Getuige, di Begin der Skepping Gods."

Di Amen.—Dis een van di Here Jesus Syn name. Hy het omtrent 'n honderd en veertig name, en dis een daarvan. Myn lesers weet seker wat "Amen" meen. Vir di, wat dit ni weet ni, kan ek sê, dat dit meen: "So is dit", "so sal dit wees", "so sal dit kom". Al wat di "Amen" dus seg is getrou, is waaragtig; dit is ni anders ni; en kan nooit anders wees ni; 'n mens kan daarop reken; dis net soos Hy dit seg.

Di Getroue Getuige.—Dis 'n ander naam van di Here Jesus; Hy is di getroue Getuige; getrou tot in di kleinste; getrou altyd; getrou o'eral; getrou in alles; getrou onder alle omstandighede; getrou te'eno'er idereen.

Di Waaragtige Getuige.—Syn getuigenis is waar; ni te swak ni; ni te sterk ni. Syn getuigenis is in volle o'ereenstemming met di waarheid. Hy oordeel ni na wat Syn o'e sien, of na wat Syn ore hoor ni; mar Hy oordeel 'n waaragtige oordeel. Nou kan dit vir di dowe en blinde, vir di onverstandige en dwase lyk of di Here Jesus o'erdrywe, mar dit is so ni; tyd en ewigheid albei sal toon, dat Hy di getroue Getuige is; en idereen van ons sal wel doen om na Syn getuigenis te luister. Hy seg: di ore het om te hoor, laat hom hoor.

Hy seg: *Ek weet julle werke; julle is ni koud en oek ni heet ni. Og, of julle koud of heet was!*

Julle is ni koud en oek ni heet ni.—Wat is koud? Dis onverskillig omtrent di Saligmaker en di saligheid, wat alleen in Hom is. Mar so gaat dit in Laodicéa ni. In Laodicéa wil ons, so te sê, almal salig worde; idereen wil min of meer godsdienstig wees; ider het wat vir di godsdienst o'er; di mense sal selfs ure vêr ry om 'n prediking by te woon, en moeite doen om te leer vir di anneming; geld uitgê om klere vir di anneming te koop; twintig, dertig ure vêr ry om 'n kind di Heilige Doop te lat toedien, of Nagmaal te vier, of 'n huwelik Kerkelik te laat inse'en.

Wat is heet?—Vuurwarm vir di Heiland. Nooit te vroeg, of te laat ni, as daar iets tot Syn eer te doen is; nooit te warm of te koud ni; niks te swaar of te moeilik ni; gen opoffering te groot ni. Mar so gaat dit vandaag met Laodicéa ni. Laodicéa weet ni van opofferings te maak vir di Heiland ni; as daar altemit al opofferings gemaak word, dan is dit meer om 'n goeie naam, om ei'e eer en heerlijkheid, as om di "eere Gods" te doen. Di ongelukkige **ЕК** is altyd voorop. Dit gaat onder ons nog erger as dit vanmelewe met Gideon gegaan het; hy het gesê; "vir di Here en vir Gideon!" By hom is tog di Here voorop; mar onder ons gaat dit so: "ons moet di Here oek dien." **ОЕК** dien! Verstaan julle, myn lesers! wat dit meen: "**ОЕК** dien". Hier kom di Here glad agteran. En tog is dit onder di Laodicése Gristene 'n gewone uitdrukking.

Og, of julle koud was of heet.—Hartelik vóór of vinnig te'en; hartelik liefhê of bitterlik haat; ywerig saam werk of sterk te'enwerk. Dis wat di Here Jesus wil Hy wil besliste mense; met di kan 'n mens wat begin.

"So dan, omdat julle lou is, en ni koud of heet ni, so sal Ek julle uit myn mond uit spug."

Lou; wat is Lou? So van alles wat. Psalms en Gesange sing, en oek nou en dan wêreldse liedjies. Eerbiedig in di Kerk sit, oneerbiedig party keer oek, en so nou en dan op di dansbaan; di een dag 'n mooi traktaatji in di hand, en dan weer di kaarte; di Bybel lees en oek ydele wêreldse boeke; 'n trippens gooi in di kerkbus of op di bordjie, en 'n sieling of meer vir lekkergoed uitgê, ja, tot dri en vier sielings toe; na 'n basaar gaan vir 'n goeie saak, mar meer nog vir di pret, wat 'n mens daar geniet; vir 'n arme medemens 'n aalmoes gé, en 'n ander medemens weer deur bedrog ontvreem; net so goed vir di leuge as vir di waarheid stry, ens.

Ek sal u uit myn mond uitspug.—Siet julle, Laodicése Gristene, wat di end sal wees? Di Here Jesus sal di lou spul uit Syn mond spug. Julle kan omtrent nagaan hoe dat sal wees. Wat spug 'n man uit? 'n Ding, wat hy ni wil hê ni. Nou wel, di Heiland wil sulke Gristene ni hê ni. Dis *vuilgoed*, wat Hy in Syn gemeente en in Syn Koninkryk ni kan gebruik ni. Nou moet julle gaan sit nadink, hoe julle wil maak; so bly of verander. As julle so bly, dan weet julle vooruit, wat julle lot

sal wees. Di hel is julle voorland. Daar is niks an te doen ni.

Want julle seg: ek is ryk en verrykt geworde, en ek het an gen ding gebrek ni.

Ek is ryk. Myn ouers en grootouers an albei kante was gristene, en uit hulle is ek gebore; deur geboorte is ek dus al 'n gristen, dis myn rykdom.

En verrykt geworde. Ek is al as 'n kind gedoop en an di driënige God opgedra, en toen is daar al vir myn gebid en gedank; ek is meer of min met di Bybel groot geworde; in di skool en in di katekesasi het ek geleer; ek is aangeneem as 'n lidmaat van Gristus Kerk en ek gebruik nou en dan di Avondmaal. So is ek verryk geworde.

En ek het an gen ding gebrek ni. Ek het myn Bybel en myn gesangboek; myn gebedeboek en myn predikasiboek; oek nog ander godsdienstige boeke; ek het myn kerk en myn predekant; myn ouderlinge en myn diakens; myn plek in di kerk en myn plek selfs op di kerkhof. Wat ontbreek vir myn nog?

En jy weet ni dat jy ellendig is, en jammerlik, en arm, en blind, en naak.

Ellendig. Wat is dit? Dit is soos 'n sondaar is; in syn sonde en in gevaar om al di gevolge daarvan te dra Vergiftig, verkankerd deur di sonde; sondig denkende; sondig sprekende; sondig handelende; en nog mar al deur lewende vollens di ou-Adamsnatuur; ongehoorsaam an God en Gristus.

Jammerlik. Dis so's Gods kind so'n ellendige mens sien. Ons sien hom in syn sonde: ons hoor syn woorde; ons ken syn groot gevaar, en weet van syn vyandskap te'en God en Gristus, en so het ons diep jammer met so'n arme mens; mar hy self weet daar ni van ni. Hy seg: hy het alles en het an gen ding gebrek ni. En di hemel sal hy oek wel kry.

Arm. Wat is arm? Niks besit ni; an alles gebrek hê; dis arm. Nou, so is di Laodisése gristen. Hy het gen lewensbrood, gen lewenswater, gen klere des heils, gen plek in di wonde van di Heiland, gen hemel waar hy na toe gaan, en skulde wat hy ni kan betaal ni.

Blind. Hoe is dit? So'n stomme mens kan ni sien ni. Hy sien di Koninkryk van God ni en oek ni di geregtigheid daarvan ni; net so min sien hy di gemeente van di lewende God, net so min di bloed van Gristus; gen hemel, gen hel, gen saligheid, gen verdoemenis, gen lewe, gen dood, gen sonde, gen ellende. Hy is blind; hy loop en praat dan oek as 'n blinde mens; wat kan sien, sien hoe blind hy is; mar hy weet daar ni van ni.

Nakend. Hoe is nakend? Nakend doet ons denk an Adam na syn val. Hy sê vir di Heere: ek is nakend en daarom steek ik vir myn weg. 'n Mens in syn onbekeerde staat is nakend. En nou verbeel hy hom as hy godsdienstig is, of 'n lid van 'n kerkgenootskap is, dan is alles reg met hom; mar hy staan daar kaal en nakend vóór di oge van di Here.

En hoe sê di Here Jesus verder van di Laodicése gristene? Hy sê:

En jy weet ni. Dit is nog di ergste van di hele saak. Hy weet ni, hy is daar ni van bewus ni. En al seg jy dit oek vir hom, dan geloof hy jou nog ni. Hy is ellendig, en seg jy dit vir hom, dan word hy ergerlik; dan denk hy: jy wil vir hom verkleineer en hom sleg maak; dan verhef jy jouself, seg hy. Hy geloof jou ni. Seg jy, jy is jammer vir hom, dan is syn antwoord: "Jy kan mar vir jouself jammer wees, jy het met hom niks te doen ni. Jy moet mar na jou self kyk en voor jou ei'e deur skoon veeg, jy het ni nodig om jou met 'n ander man syn sake te bemoei ni. Hy weet self wat hy moet doen; hy dien syn God oek; jy moet vir hom laat staan." Seg jy hy is arm, en is hy altemit wesenlik arm in geld en goed, dan seg hy dat jy ni nodig het om hom syn armoed te verwyt ni; daar moet arme mense oek wees. God kan jou oek arm maak, ens. Seg jy, hy is blind, dan seg hy: dat hy net so goed kan sien as jy; dan praat jy nonsens, dan is jy 'n foutvinder, 'n vitter, 'n bemoeisieke mens. Seg jy vir hom: hy is nakend, dan het Gods kind dit oek verbrui; dan skimp jy op hom, op syn vrou en kinders, wat ruk ruk bloot voet loop of op veldskoene kerk-toe gaan. An alles is te sien dat di arme siel "ni weet ni." En dan wil hy oek nog ni altyd goeie raad aanneem ni. Hy kan di gesonde leer en di gesonde woorde ni verdra ni. Nou kom di Here Jesus Syn raad. Hy seg:

Ek raai vir jou dat jy van myn koop goud, beproefd komende uit di vuur, opdat jy ryk mag worde; en witte klere, dat jy mag bekleed worde en di skande van di naaktheid ni openbaar worde ni; en salf jou oge met oogsalf, opdat jy sien mag.

Goud. Di Laodicéer moet goud koop. Goud, wat meen dit? Dit meen genade, skone, reine, suiwere genade in di vergiffenis van di sonde om di bloed van di Heiland. Di genade is dikwils beproefd geworde, oek in di vuur. Mense, wat di vergiffenis van hulle sonde geniet kan di vuurproef hou. Genade maak hulle sterk en kragtig, oek op di brandstapel. So word 'n mens *ryk*. 'n Mens wat di genade besit is ryk, al besit hy misskien gen geld of goed. 'n Ryk man na di wêreld sonder genade is arm; en 'n arm man met genade is ryk. Di vergiffenis van onse sonde en di bloed van Gristus is di grootste rykdom.

En witte klere. Wat is di witte klere? Dit is di toegerekende geregtigheid van di Saligmaker. Dit word in Zacharia dri genoem di "wisselklere," en in Matth. 22 "di bruilofskleed," en in Jesaja 61 "di klere des heils, di mantel der geregtigheid." Dit is di "witte klere" uit Openbaring 5 en 7 ens., oek genoem "di regvaardigmaking der heiligen," in hoofstuk 19 oek genoem "wit en rein, fyn lynwaad" of linne.

Oogsalf. Wat is dit? Dis di woord, di gebod van God; di gebod van di Here is suiwer, verliggende di oge, Ps. 19:9. Koop

di waarheid en verkoop haar ni, Spreuke 23:23. Di Loadicése gristen steur hom mar min an di woord van God; al het hy dit, hy lees dit ni; en lees hy dit al, dan doet hy dit daarom ni. Hy is dan oek te danig onkundig in di Heilige Skrifte. Hy laat dit alles vir di predekante o'er. Hulle kan mar vir syn part lees en bid, hy betaal hulle daarvoor; en eenmaal in di week sal hy kom hoor wat di predekant preek, mar dan bring hy gen Bybel saam om na te sien of di predekant reg leer; dit spreek mos van self, hy sal oek ni verkeerd leer ni: hy is doodhond en pêrd gerus, di arme Laodicéer. Wanneer gaat jy dan wakker worde, jy Laodicéer, wat so vas slaap? Wil jy dan mar so vir dood slaap totdat jy in di helse vuur wakker skrik? Kan jy dan so gerus na di verdoemenis stap? Julle, wat dit stukki lees, julle gaat ni ongewaarskuw na di hel toe.

So wi ek lief het di bestraf en kasty ek. Waarom gaat jy ni ongewaarskuw op jou weg vort, arme, blinde, Laodicéer; waarom word jy met di woord geslaan en geeseld; weet jy waarom? Omdat Jesus jou lief het. Had Hy jou ni lief ni, dan sou Hy gen notisi van jou neem ni, en jou stil lat begaan; mar nou ni. Hy kom jou te'en; skud jou wakker; seg vir jou harde dinge; bestraf vir jou; kastyd vir jou met di doel om jou siel te behou, wat in so groot gevaar is; ofskoon jy denk dat dit alles met jou reg is. En wat moet jy nou doen? Hoor wat di Heiland seg:—

Wees dan ywerig en bekeer vir jou. IJwerig, wat is dit? Dit meen dat jy moet haastig worde om di saligheid te verkry. Jy moet haastig leer insien, dat jy met 'n ingebeelde hemel na di hel gaat. Jy moet jou verskriklik groot gevaar leer sien en vir jou bekeer. Bekeer, dat is: Jy moet tot andere gedagtes kom. Jy moet verstaan, dat jou godsdiens tot vandaag toe niks anders was as pure vormgodsdiens. God di Here was nooit geheiligd in jou hart ni; jy was 'n vreemdeling van di Heere Jesus; jy was niks van Hem en Hy was niks van jou ni. Hy is hier, jy is daar; jy is ni in Hem ni, Hy is ni in jou ni; jy dwaal as 'n skaap, en jy meen jy het jou herder. Lees nou 'n bietji verder en dan sal jy hoor:—

Ek staan an di deur en ek klop. Hoor jy nou, Loadicéer. di Here Jesus staat *an* di deur, dis buite, ni binne ni. Het jy dit geweet? Toen jy nog mar 'n kind was, het jou ouers al vir jou gevraag, of ander mense: waar het jy ons liwe Heertji lief? En toen het jy op jou hart ergens gewys en geseg: hier so! En nou jy al half oud is, nou sê diselfde Heiland vir jou: Ek staan an di deur. Is dit 'n plek vir di Soon van God, vir di Saligmaker, vir di Borg en Middelaar, vir di Heer en Koning, vir di Koning der Koninge en vir di Heer der Here, di alleen onsterfelijkheid heef en 'n ontoegankelik lig bewoon? Seg nou, hoe lang moet di Heiland daar buitekant staan? Mar seg eers: weet jy dat Hy buite jou *hart* is in plaas van daar binne? Ek kan ni denk ni dat jy dit weet. Jy verbeel jou seker dat di Heiland *in* jou

hart woon. Nou, word dan eenmaal wakker, nugter en hoor en verstaat; Loadicése sondaar, Loadicése griste, di Here Jesus staan an di deur. Jy het Hem al di jare van jou lewe buite gehou en nooit ingelate ni; en toen jy vanmelewe gesonge het: “k Heb Jesus lief!” toen was dit ’n verskriklike leuge; daar was niks van waar ni; en toen jy gesing het: “Ja, u kiest myn hart, eeuwig tot syn Koning,” toen het jou hart Jesus nooit gekies ni; net di mond het dit gesing en dit was al. Di Here Jesus staat tot van daag toe nog buitekant, en as Hy daar moet staan tot Hy weggaan, dan sal jy van Hem oek moet weggaan so’s Hy van jou weggaat.

En ek klop. Hoor jy? Laat di Heere Jesus klop. Daar is nog kans dit is nog ni te laat ni. Dit is nog di welangename tyd, di dag van saligheid; nog di tyd van verhoor en help. Jesus klop; merk jy, godsdienstige sondaar, wat Jesus doen? Hy klop! Wat is Syn meening? As jy an iemand syn deur klop, wat is jou mening dan? Dan wil jy mos binne wees. Nou wel, so’s dit met di Here Jesus: Hy wil binne wees. Hy weet in watter ellendige, nare toestand jy is. Hy wil jou siel red en jou salig maak; daarom klop Hy. Hy weet beter as jy dat jou siel in groot gevaar is, en terwyl Hy di Saligmaker is, kom Hy klop, dat jy Hem sal lat binne kom en Hy vir jou kan salig maak. Gaat jy dan ni di regte antwoord gé ni en sê: Kom binne, gese’ende Heiland! wees welkom, Saligmaker! hier is plek in myn hart. Ek het U al te lank laat buite staan. Vergeef myn dit, myn Heiland; mar kom nou in en weer vir ewig di myne en ek di Uwe.

En as imand Myn stem sal hoor en di deur sal oop doen, dan sal Ek by hom inkom en Ek sal met kom Avondmaal hou en hy met Myn.

’n Mens moet di stem van di Here Jesus hoor, anders kom di saak ni reg ni. En al hoor imand oek di Heiland Syn stem en jy weet ni dat dit Syn stem is, dan help dit oek ni. Herinner julle ni vir julle dat al di mense, wat saam was met Saulus op weg na Damaskus, “di stem” gehoor het, mar daarom nog ni “di stem van di wat tot Saulus sprak.” Dit het net so gegaan met di Hemelse Vader en di Here Jesus. Di Heiland seg: Vader, verheerlik U naam! En di Vader antwoord in di hemel: En Ek het Hem verheerlik en Ek sal Hem meer verheerlik. By di geleentheid het di Heere Jesus Syn Vader Syn stem gehoor, mar al di ander mense het mar net ’n stem of ’n “geluid” gehoor. As imand di Heiland Syn stem hoor, dan maak hy nes Saulus gemaak het; dan seg hy: Wat wil di Heiland dat ek sal doen. En dan kryg hy di antwoord, net so’s Saulus dit gekry het.

En di deur oop doen. Ja, sondaar, daartoe moet dit kom. Jesus binne. Jesus in jou en jy in Jesus. Jy kom tog met niks minder uit ni. Daarom staat di Here Jesus an di deur en daarom klop Hy. As jy vir Hem nog nooit lat inkom het ni, sien dan

toe wat jy nou doen. Jesus spreek weer, Jesus klop weer; hoor jy Syn stem? As jy di Here Syn stem hoor dan sal jy nou oop doen, en as jy nou syn stem ni hoor ni, dan sal jy vir jou Hem laat buite staan en dan sal dit met eenmaal net so gaan. Hy buite, jy buite; Hy binne, jy binne. Nes jy met Hem maak, maak Hy met jou.

Ek sal by hom inkom. Dit is di grootste geluk wat 'n arm sondaar kan o'erkom, dat di liwe Heiland in syn hart kom. Daar is ni 'n groter geluk as dit ni. Reken an: al di skatte van wysheid en kennis is verborge in Gristus, en di ryke Gristus is in jou. Kan jy iets meer begeer? Dan weer: in Gristus woon al di volheid van di Godheid liggamelik; en di Gristus in ons; sodat Hy met al di volheid in ons woon. Al was so'n man so arm as Job, dan is hy daarom ryker as Salomo.

Daar is werk genoeg vir Gristus in di hart van een wat Hem oop doet. En al wat daar vir Hem te doen is sal Hy doen. Ons het nooit nodig om di Here Syn werk te doen ni. Wat Hy vir Hem self neem om te doen dat sal Hy doen; wat Hy vir ons self te doen geef moet ons self doen. Ons doet ni Syn werk ni: Hy doet ni ons werk ni. Hy maak salig; Hy verlos ons van di toekomstige toorn. Hy bid vir ons; Hy spreek vir ons voor by di Vader.

En Ek sal Avondmaal met hom hou en hy met Myn. Di Here Jesus hou met di wat Hem ontvang o'er en weer Avondmaal. In di Avondmaal is brood en wyn. Van di brood seg di Heiland: dis myn liggaam wat vir julle gebroke word; van di wyn seg Hy: dis myn bloed van di Nuwe Testament, dat vir veule vergote word. As Jesus in di hart is ingelaat, dan verklaar Hy di betekenis van Syn lyde en sterwe vir onse sonde; dan laat Hy ons Syn vlees eet en Syn bloed drink; met ander woorde, dan leer Hy ons om te glo, dat Syn liggaam vir ons gebroke en Syn bloed vir ons vergote is tot vergiffenis van onse sonde. En vir di Heiland is dit net so salig en verkwikkend om dit mee te deel as vir di verlangende sondaar om dit te hoor, en altwe vier Avondmaal.

Di o'erwint. Di Here Jesus het oerwin. Ek, seg hy, ek het di wêreld o'erwonne. 'n Kind van God het vyande: daar is di duiwel, wat rondgaat as 'n brisende liuw, soekende wi hy sal kan verskeur; dan is daar di Apostels van di Satan in di vorm van dienaars van Gristus, di op 'n vrome manier Gods kinders wil verlei; bedriegelike arbeiders, sware wolwe, wat di discipels agter hulle aftrek, dan is daar di vrou Jezebel, wat seg, dat sy 'n profetes is, wat di Here syn diensknegte leer om te hoereer en afgodsoffer te eet; Jesebel, di wereld, meld hare begeerlikhede; dan is daar dit arglistige hart en di sondige vlees, al di vyande moet oerwonne worde. Gen één moet o'er Gods kind baas wees. Ons sal meer as oerwinnaars wees, deur Hem, wat ons liefgehad het. Daar is dus krag genoeg. Ons word met

alle krag bekragtig na di sterkte van Syn heerlikheid tot alle leidsaamheid en lankmoedigheid met blydskap (Col. 1:11). Hulle het hom o'erwin deur di bloed van di Lam en deur di woord van Syn getui'enis. Openb. 12:11.

Ek sal hom gé om met myn saam te sit in myn troon, net sos ek o'erwonne het en sit met myn Vader saam in Syn troon.

Ek sal hom gé. Die "Ek" is di Here Jesus, wat ni alleen 'n ding wil doen ni, mar kan doen; Hy is de Almagtige, di alle mag het in hemel en op aarde. As Hy seg: "Ek sal hom gé," dan hoef 'n man oek ni te twyfel ni. As één van ons sê: "Ek sal," dan kom daar dikwils niks van ni. Ons praat dikwils sonder na te denk. Ons mond is haastiger as ons gedagtes; ons praat menigmaal tweemaal en denk mar eenmaal inplaas van tweemaal te denk te'en eenmaal praat. Ons belofte en kan ons beloftes ni hou ni. Ni so met di Here Jesus ni. By Hem is alles volmaakt. Hy weet wat Hy kan doen. Hy vergis Hem nooit ni. Hy reken nooit mis ni; Syn raad is nooit op ni; Syn krag kom nooit kort ni. As Hy 'n ding belofte, dan doet Hy dit. En wat belofte Hy vir di wat o'erwin? Hy seg:

Om met myn saam te sit in myn troon. Mar is dit ni te groot ni? Wel, Hy is di groote God en Saligmaker Jesus Gristus. Mar is dit ni te heerlik ni? Wel Hy is di Here der *heerlikheid* en Hy beskik o'er di heerlikheid na welgevalle. Mar is dat ni te hoog? Wel, daarom het Hy so laag afgekom om di o'erwinnaar so hoog op te bring. Mar is ons dit dan waardig? Wel, as Hy ons waardig keur, dan kan ons maar tevrede wees. Hy weet goed wat Hy doet. Hy is di opperste Wysheid.

Net soos Ek o'erwonne het en sit met myn Vader in Syn troon.

Myn troon, Syn troon, David syn troon. Dis dri trone. Waar is di Here Jesus nou? Hy sit, as oerwinnaar met Sijn Vader in di Vader Syn troon. Daar sal Hy evenwel ni altyd sit ni, Ps. 68:1. Di Heer sal opstaan. Hy kom met di wolke. Wi is Hy di daar kom van Edom, met besprinkelde klere van Bozra? Jesus moet nog op di wit pêrd sit, Openb. 19:11—16. Na di oerwinning op Syn vyande moet Hy di troon van Vader Dawid kry. God di Here sal vir Hem di troon van Sijn Vader Dawid gé en Hy sal o'er di Huis van Jacob koning wees in ewigheid. Dan het di Here Jesus nog Syn eie troon. In di troon sal Hy di oerwinnaar lat sit met hom saam. Is dit ni di moeite wêrd om 'n gristen te wees ni? Dit geloof ek. Mar 'n gristen sonder Gristus, 'n gristen sonder stryd, 'n gristen sonder kroon, troon of heerlykheid 'n gristen sonder saligheid, sonder ewig lewe, wat beteken dit? En so is di meeste wat 'n mens van daag sien. Leser, is jy oek so? Dan is jy diep ongelukkig. Di ore het, moet hoor, wat di Geest tot di Gemeentes seg.

[Patriot, 27 Febr. en 26 Maart 1885].

VEL ROKKE.

Ider leser van di Bybel het al op di velrokke uitgekom. Voor ons o'er di velrokke praat, moet ons eers 'n anmerking maak omtrent di lees van di ou Testament. Ni al Bybellesers lees di hele Bybel deur ni. 'n Hele party lees baing meer in di nuwe as in di ou Testament; jy kan mar sê, dis 'n uitsondering as hulle di ou Testament lees. Dis ni goed ni. Is di ou Testament dan ni vir di Jode en di nuwe Testament vir di Gristene ni? 'n Mens wat Gods Woord ken, en weet dat di ou Testament vol is van onse Heere Jesus, kan daarop ni "ja" antwoorde ni. Di nuwe Testament is onmisbaar vir di Jood as hy syn Messias wil leer ken; en di ou Testament is net so onmisbaar vir di Griste, as hy di Gristus wil leer ken in Syn volheid en in Syn onnaspeurlike rykdom. 'n Mens kan di nuwe Testament ni ten volle verstaan sonder di ou Testament ni; en di ou Testament moet deur di nuwe verklaard en toegelig worde. Hoe sal 'n mens byvoorbeeld 'n goed begrip van ons Heiland syn Hemelvaart kry alleen uit Marcus 16:19; Lucas 24:50—52, en Hand. 1:9—11? Mar lees hy nou daarby oek Ps. 68:18 en 19; Ps. 47:6—10; Ps. 24:7—10; en Ps. 110:1, dan kry 'n mens 'n veul voller en duideliker begrip van di grote en heerlikke gebeurtenis, wat di hart van 'n gelowige mens met vreugde vervul. Ps. 68 seg: "Gods wagens zyn tweemaal tienduizend en duizenden verdubbeld: de Heere is onder hen een Sinai in heiligheid. Gy zyt opgevaren in de hoogte; Gy hebt de gevangenis gevankelik gevoerd." So siet ons dus hoe di Heere Jesus opvaart, omringd deur 'n 40.000 eugele, en as 'n overwinnaar, die Syn buit saam neem. Ps. 47 seg: God vaart op met gejuich, de Heere met geklank der bazuin; dus ni in doodse stilte, mar onder gejuig en basuingeklank. Ps. 24 leer ons, hoe Hy deur di geopende hemelpoorte ingaat; en Ps. 110, hoe di Vader Hem plaats gé an Syn regterhand. Di ou Testament werp 'n heerlik, mar oek 'n onmisbaar lig op di Nuwe; en so moet al twe saam gelees worde.

En nou van di Velrokke. Wat lees ons daarvan in Genesis 3:21? En de Heere God maakte voor Adam en zijne vrouw rokken van vellen en toog ze hun aan. Het hulle dan niks gehad om hulle kale liggame toe te maak na hulle gesondig en gesien had dat hulle nakend was ni? Ja, Genesis 3:7 seg: Toen werden hun beider oogen geopend en zij werden gewaar dat zij naakt waren; en zij hechtten vijgenboombladeren zamen, en maakten zich schorten. En di Heere God keurde di "schorten van vygenboombladeren" af en het vir hulle voorskote van velle gemaak en di vir hulle angetrek. Laat ons nou op di vollende punte let:

1. Adam en Eva was nakend.
2. Hulle heg vyeboomblare an makkaar en maak voorskote.

3. God maak vir hulle rokke van velle of velrokke en set dit vir hulle an.

1. Adam en Eva was nakend, en hulle het dit gemerk. Dit was na hulle gesondig had deur van di verbode boom te eet. Vóór hulle van di verbode boom gegete had, was hulle oek nakend; mar dit het hulle ni gehinder ni; ons lees in Genesis 2:25, En zij waren beiden naakt. Adam en zyne vrouw: en zy schaamden zich niet. Vóór hulle gezondig had, lees ons ni dat hulle hulle wegsteek vir di Heere; mar nadat hulle gezondig had steek hulle hulle self weg in di midde van di geboomte van di hof. En toen di Heere God roep: Adam, waar zyt gy? toen antwoord hy: Ik hoorde uwe stem in den hof en ik vreesde; want ik ben naakt; daarom verborg ik mij.

Dis Adam; dis Eva. Dis Adam en Eva in hulle sonde voor di regvêrdige God. Hulle is skaam; hulle steek hulle self weg. Mar God roep en hulle moet voor di dag kom.

Adam en Eva is sondaars geworde. Ons leef nou al vyf duisend en ag honderd jare na hulle, en daar is vandaag omtrent veertien honderd miljoene mense op di aarde, en di almal het in Adam gezondig en mis di heerlikheid van God. En hoeveel miljoene lê daar tusse Adam en ons in, en oek di algar was sondaars gebore. Di val van Adam het ons algar ongelukkig gemaak. Di misdaad van Adam het o'er ons algar 'n skuld gebring tot verdoemenis, Rom. 5:18, en di ongehoorsaamheid van Adam het ons sondaars gemaak. An di grote en pynlikke waarheid moet idereen sig onderwerp: ons het in Adam skuld tot verdoemenis, ons is in Adam sondaars.

Leser, erken jy dit oek? Is jy daarvan o'ertuig dat jy in Adam gevalle is? Jy het, sonder twyfel, al gelees: Door een mensch is de zonde in de wereld gekomen. En oek di woorde: "in welken allen gezondigd hebben." Ons mag ni oer di waarheid Gods heers ni; ons moet onder di waarheid lê: ons mag di waarheid ni verwerp ni, mar ons moet di waarheid aanneem. Het jy al ooit 'n mens gesien, of van 'n mens gehoor, wat gen sondaar is of gewees is ni? Van al di miljoene mense, wat op di aarde gewees is, wat daar nou op is, of nog uit vrouwes gebore sal worde, is algar sondaars, of sal dit wees. Wie sal een reine uit een onreine gé? Ni één ni. Daar is onderskeid tusse mens en mens in di natuurstaat; sommige mense in hulle onwedergebore staat is anvallig, beminlik, lief, vrindelik en selfs vir ons oog onberispelik, mededeelsaam, behulpzaam, gedienstig, geduldig, voorsigstig, stil sagtaardig oek, selfs vroom, mar niettemin nakend; en net so goed an di verdoemenis onderworpe as di ruwste, onbeskofste, brutaalste, woeste, wildste, gemeenste, liderlikste, openbaar goddelose sondaar en spotter; di een het net so min reg en aanspraak op di hemel en op di saligheid as di ander. Let mar op Ps. 143:2, Niemand, die leeft, zal voor uw aangezicht rechtvaardig zijn. God sien ni soos 'n mens sien. Ons sien an wat vóór oo'e is, mar God sien di hart

an. Di gehele wêreld is voor God verdoemelik. So moet dan 'n sogenaamde goeie mens sig ni verbeel ni, dat hy in di oordeel daar beter sal deurkom as di, wat ons "n slegte mens" noem. Daar is buite Gristus gen hoop vir één van twé. Di goeie mens is vir di ewigheid ni beter as di slegte mens ni; en di slegte mens het ni slegter kans om deur Gristus salig te worde as di goeie mens ni. Daar is geen onderskeid, nog van Jood, nog van Griek. Gruwelikke sondaar, goddelose mens, opperste kwaaddoener, daar is nog 'n kans vir jou in Gristus Jesus, Gods Soon. Liwe, beminnelikke, brawe mens, daar is vir jou gen hoop buite Gristus. Denk daar tog om! Julle moet albei erken, dat julle in Adam geval is, dat julle verdoemelik is voor God Syn angesig; julle moet albei in Gristus gelowe om salig te worde Jy, brawe mens, wat gen vlieg kwaad doen ni, wat jammerhart is vir jou arme medemens, wat somar openbaar in di sonde leef, het jy al ooit jou doodskuld vir God gesien en erken? Of stel jy nog min of meer jou hoop op jou deug en goeie werke? Dan is jou toestand ruim so gevaarlik as di van di openbare sondaar. Hy kan ni stry ni. Hy kan alleen sê: is dit dan sonde? of: ek is ni di enigste ni! Mar jy kan stry, en jy kan ergerlik worde as imand jou op jou gevaar opmerkzaam maak. Brawe mens, sonder Gristus, jou toestand is uiterst gevaarlik. Jy mag wel haastig, nes di openbare sondaar, tot di Heere Jesus gaan, en jou oo'e laat oopmaak, dat jy jou gevaar kan sien en dan sal jy mar net soos di tollenaar leer uitroep: O, God, wees my sondaar genadig!

2. Adam en Eva het vygeblare an makkaar geheg en voorskote gemaak om hulle naaktheid te bedek. En het dit dan iets gehelp? Wat! Met voorskote en al kruip hulle vir God weg in di midde van di bome van di hof of tuin. Né, nakend of toegemaak met e'egemaakte voorskote, dis alles diselfde; jou sonde kan jy ni toemaak ni; wegkruip in di diepte van di geboomte, en ekskusies maak en sê: di vrou of di slang is di oorsaak, dit help alles niks ni. 'n Sondaar kom by God ni deur ni. Adam moet vóór God verskyn en syn sonde word hom voorgelê en syn vonnis uitgespreek. En nou moet ek weer vra: Leser! steek jy jou naaktheid weg onder di vygeblare en steek jy jouself weg tusse di dikke geboomte? Jy kan jou sonde of jou persoon voor God ni verberge ni. Jy kan tog ni onbekend wees met Hebreë 4:13, waar so staan:—"Daar is geen skepsel onzigtbaar voor Hem, maar alle dinge zyn naakt en geopend voor de oogen desgenen, met welken wy te doen hebben." Gen skepsel of gen ding is onsigbaar voor Hem. Jy weet, wat is naakt en geopend. Denk mar an 'n geslagte skaap of 'n ander slagding. Nadat dit keel afgesny is, word dit afgeslag; nou, dis nakend; en nou word dit oopgesny; nou, dis geopend. So is elke mens, jy en ek; so is elke ding; so is alle dinge. Is daar nou nog kans om jou of jou sonde voor God weg te steek? Daar is gen kans ni: Dis net vir niet. Sondaar, sondaar! jy het

seker al te lank al jou sonde onder di vygeblare toegemaak. En dit help jou tog ni. Laat staan di toemakery; maak liwers oop. Gaat, lê jouself voor God neer, erken jou skuld en jou sonde. Misskien sê jy: Mar ek sien myn sonde ni, en ek voel di oek ni. Nou wel, dan moet jou oo'e oopgemaak worde. Denk dan an Psalm 146:8, De Heere opent de oogen der blinden. Dan is jy ni alleen 'n sondaar ni, maar 'n blinde sondaar, en 'n ongevoelige sondaar; dan is jy ni alleen so's 'n Bar. Timéus blind; mar so's Lasarus in syn graf. Mar di liwe Heiland het ni alleen di blinde Bar-Timéus syn oo'e oopgemaak ni, mar oek Lasarus uit syn graf opgewek. Jesus is magtig en gewillig altwe. Waar het jy ooit gelees of gesien, of gehoor, dat di Saligmaker van sondaars 'n sondaar afgewys het? Het di Heiland dan vir myn en andere afgewys? Dit het Hy ni gedaan ni. Dit sal Hy ni doen ni. Dit laat Syn liefdevol sondaarshart ni toe ni. Al wat di Vader My geef sal tot My kom, en die tet My kom sal ek geensins uitwerp. Daar is gen nood voor. Né, as jy kom, dan stem jy en di Heiland al te mooi saam en dan kom di saak net nou reg. Alledaagse voorbeelde kan dit al te duidelik ophelder. Ek sal 'n voorbeeld gé wat dit sal ophelder. Van effen toen ek sit skrywe an di stuk, kom daar 'n jong an di deur om te vra of di baas ni wil artappels koop ni. Ek staat op en gaat vra. Di antwoord was: ja! Hoe duur? Antwoord: tien silings di mud. Di prys was na sin, en di man verkoop sonder moeite 'n bushel artappels. Kyk nou, wat 'n harmoni: di een wil verkoop, di ander wi. koop, en altwe is met di prys tevrede. Mar as nou di een wil verkoop en di ander wil ni koop ni; of di een wil koop, mar di ander wil ni verkoop ni; of hulle haak oer di prys, of oer di soort artappel, dan kom dit ni reg ni. So oek met Gristus en di sondaar. Gristus is di Saligmaker, di sondaar wil met Hem niks te doen hé ni; nou is daar mos gen harmoni ni; mar Jesus wil salig maak en di sondaar wil deur Hem salig gemaak worde op di Goddelikke manier; nou is daar gen beswaar ni, nou kom di saak ewe gemaklik reg.

Sondaar, daar is nog iets waar jy opmerkzaam op gemaak moet worde. Daar is ni alleen vygeblare ni, mar daar is oek nog eie-geregtigheid, eie werke, goeie werke. Ons spreek gen veroordeeling uit oer goeie werke ni; eer omgekeerd; ons ag, na di Skrif, di goeie werke onmisbaar, en waar di ni gesien worde ni, daar is dit seker dat gen geloof in God en Gristus is ni. Alle gelowige mense het goeie werke, en as jy nergens gen goeie werke meer kan kry ni, sal jy di nog altyd by Gods kinders vinde; mar as 'n mens goeie werk doen en verwag, dat di Heere hom om syn goeie werke in di hemel sal laat kom, dan is hy vêr mis. En tog is daar meer as te veul van sulke mense. En hoe noem di Bybel ons geregtighede? 'n Wegwerpelikke kleed. 'n Mens sal ni al te gou 'n stuk klere weggooi ni. As 'n fatsoenlikke man of vrou 'n stuk klere ni meer langer

kan of wil dra ni, dan gé hy dit vir 'n arme mens, wat dit nog kan dra; mar as dit al te oud en al te verslete en al te stukkend is, dan gooi hy dit weg; en so het ek, en jy seker oek, al dikwils klere langs di pad of in di bossies of oek op di mis hoop of in di vuilgoedgat sien lê. Nou net so is ons geregtigheid. Niks wêrd ni. Dis onbruikbaar en tog onmisbaar; onbruikbaar om salig te worde; onmisbaar vir 'n mens, wat deur geloof salig gemaak is. Ons moet 'n paar tekste nalees, waar di goeie werke in vermeld worde. Laat ons dan eers opslaen Matth. 5:16, Dat zy uwe goede werken mogen zien, en uwen Vader, die in de hemelen is, verheerlyken. Matth. 26:10, Zy heeft een goed werk aan my gewrocht. Hand. 9:36, Deze (Dorkas of Tabitha) was vol van goede werken. 2 Cor. 9:8, tot alle goed werk overvloedig moogt zijn. Efeze 2:10, Want wy zyn Zyn maaksel geschapen in Christus Jezus tot goede werken, enz. Col. 1:10, in alle goede werken vrucht dragende en wassende in de kennis van God. 1 Tim. 2:10, Maar hetwelk de vrouwen betaamt, die de godvruchtigheid belyden door goede werken. 1 Tim. 5:10, Zoo zy alle goed werk nabetracht hebben. 1 Tim. 6:18, Dat zy weldadig zyn, ryk worden in goede werken. 2 Tim. 2:21, tot alle goed werk voorbereid. Titus 2:7, Betoon u zelve in alles een voorbeeld van goede werken. Titus 2:14, Die zichzelf voor ons gegeven heeft, opdat Hy ons zou verlossen van alle ongeregtigheid en zichzelf een eigen volk zou reinigen, ijverig in goede werken. Hebr. 10:24, En laat ons op elkander acht nemen tot opscherping der liefde en der goede werken. Hebr. 13:21, Die volmake u in alle goed werk. 1 Petri 2:12, En houdt uwen wandel eerlijk onder de heidenen, opdat zij, in hetgeen zij kwalijk van u spreken, als van kwaaddoeners, zij uit de goede werken, die zij in u zien, God verheerlijken mogen in den dag der bezoeking.

Uit al di tekste blyk voldoende di betamelikheid, di noodsakelikheid, di nut, di onmisbaorheid van goeie werke in 'n gristen; mar diselfde werke as 'n grond van saligheid is net so niksbeduidend en onmisbaar as 'n wegwerpelikke klee. Di Heere Syn godsdiens is glad anders as onse godsdiens. Ons moet ons hou an di Skrif, en alle eie-willige godsdiens op sy set; 'n mens kan daar tog niks me begin ni. God het dit, as 'n grond van saligheid, afgekeurd en daarmé is dit uit. En dwing imand nou mar daarom om deur syn deugd en goeie werke di hemel in te gaan, dan sal hy voor God uitvinde, dat di Heere ni 'n haarbreed van Syn woord afwyk ni, mar ider woord ten volle bevestig.

3. God maakte vir hulle velrokke en het dit vir hulle angetrek. Di velrokke is vol betekenis. Di voorskote van vygeblare had hulle self gemaak deur vygeblade an mekaar te las; en hulle het dat self angesit. En ofskoon hulle nou hulle naaktheid bedek had, kruip hulle mar daarom in di geboomte weg. Nou ni meer skaam vir makkaar ni, mar skaam vir God. Adam

moet voor God verskyn en hy kom; want wi durf wegbly as God vir hom roep; en wat seg hy: ek is nakend en daarom steek ek vir myn weg. Nadat God hom had uitgevraag en di vonnis oer Adam en Eva en di slang had uitgesproke, lees ons: En di Heere God maakte voor Adam en zijne vrouw rokken van vellen en trok ze hen aan. Ons moet hier weer op 'n paar punte let:

a. God het velrokke gemaak;

b. Hy trek di vir hulle an.

a. Di velrokke was 'n goddelik maaksel. God alleen kan 'n kleet, 'n deksel maak, waarin hy voor Hem kan bestaan.

Velrokke. 'n Heel party van ons klere word van plante gemaak. Al ons katoene en linne goed kom van plante: van di katoenstruik en van di vlasplant. Oek draag ons 'n heel party dinge wat van wol en haar gemaak is; velgoed is mar mees hand- en voetskoene. In di goeie ou tyd het ons velrokke, velbroeke, velbaatjies en vel-onderbaatjies, oek velskoene gedra, mar di meeste van di dinge is al uit di mode uit; velskoene hou daarom nog stand.

Vel. 'n Vel kom van 'n diertji, wat di naam dan' oek mag wees. Waar di Heere di vel gekry het en hoe Hy dit gemaak het, is ons onbekend, mar dit weet ons goed, dat di Heere Jesus, onse geregtigheid, as 'n Lam voorkomt. In Joh. 1:36 seg Johannes di Doper, Sie di Lam van God, wat di sonde van di wêreld wegneem. In di kleet van di Lam van God moet di sondaar gekleet wees om voor God te kan bestaan; en di velrokke, wat God di Heere gemaak het, wys duidelik op di Lam Gristus. Ons weet oek dat al di diere wat in Egipte geslag is, skaap of bok, sonder gebrek en ni te oud en oek ni te jonk was, een jaar oud; dat di diere almal opsettelik ter dood gebrag is en dat di diere, nes di offerdiere, wys op Gristus, di Lam van God. Dis duidelik uit 1 Cor. 5:7, want ook ons Pascha is voor ons geslagt, namelijk Christus. Selfs in Openb. 5:6 het Johannes Gristus gesien as 'n Lam, staande as geslag.

En nou: weer nes Adam di sonde in di wêreld gebrag het, so het di Lam van God di sonde van di wêreld weggeneem, di sonde tot niet gemaak. Hebreë 9:26, maar nu is Hij eenmaal in de voleinding der eeuwen geopenbaard om de sonde te niet te doen door zijns zelfs offerande. Let oek op 'n andere tekst, Rom. 5:24, Hij is overgeleverd om onze sonde en opgewekt om onze regtvaardigmaking. So oek Rom. 5:6, Christus is te Zijner tijd voor de goddelooze gestorven: en in vers 8, Maar God bevestigt Zijne liefde jegens ons, dat Christus voor ons gestorven is als wij nog zondaars waren. Jesaja 53:6, De Heere heeft onzer aller geregtigheid op Hem doen aanloopen; en so in diselfde hoofstuk: om de overtreding van mijn volk is de plaag op Hem geweest. In Cor. 5:15, En Hij is voor allen gestorven. Van God is di velrokke gekom; van God kom oek

di geregtigheid; daarom lees ons ook van: De Heere onze geregtigheid. Di sonde maak skeiding tusse God en mens. God het di skeiding weggenem deur dat Gristus vir ons gestorwe is. Nou is daar vergewing; nou kan di sondaar 'n regvêrdige worde; hy kan geregvêrdig worde; hy kan regvêrdigheid van God in Gristus worde. Ons het ni nodig om ons met vygeblare toe te maak ni; ons het ni nodig om deur ons eiegeregtigheid te perbeer om in di hemel te kom ni; al wat ons nodig het, het ons in Gristus.

Alles is gereed. Di verlossingswerk is volbrag; di sonde is te niet gemaak; God het in Gristus di wêreld met Hemself versoend; Gristus is gehoorsaam gewees tot di dood, ja, tot di kruisdood. An di heiligheid van God het Gristus voldaan; ook an Syn regvêrdigheid. Daarom vraag di Apostel Paulus in Rom. 8:34, Wie is het die verdoemt? Christus is het, die gestorven is; ja, wat meer is, die ook opgewekt is, die ook aan de regterhand Gods is, die ook voor ons bidd. Daarom vraag hy ook in I Cor. 15:55, Dood! waar is uw prikkel? Hel! waar is uwe overwinning? De prikkel nu des doods is de zonde, en de kracht der zonde is de wet. En daar nou di sonde versoend is so is di prikkel uit di dood uit. Di prikkel is, wat di doorn in 'n spoor is, di doorn, dit steekding, is uit di dood uit. Daarom kan 'n gelowige mens met 'n gerus hart di ewigheid ingaan. Hy weet dat uitwoon uit di liggaam, is inwoon by di Heere. Hy weet, as di aardse huis van dese tabernakel gebreek word, hy 'n gebou van God het, 'n huis ni met hande gemaak ni, ewig in di hemele. Hy het ook ni nodig ni om bang te wees vir di komste van Gristus tot opneming van Syn gemeente, want hy weet, hy sal dan veranderd worde en met al di heilige di Heere te gemoet gaan in di wolke—in di lug, om altyd met Hem te wees. Hy weet dat daar gen verdoemenis vir hom is, dewyl hy geregvêrdig is deur di geloof, en ni meer na di vlees wandel ni. Hy weet nou van di krag van di woorde: uwe zonden zyn u vergeven. Hy weet van di kleren des heils, van di mantel der geregtigheid uit Jes. 61:10. Hy weet van di wisselklere uit Zacharia 3:4. Hy weet van di bruieloftskleed uit Matth. 22:11 en 12. Hy weet van di rok sonder naad van bo af geheel geweve. Hy weet van di lange witte klere in Openb. 4:4 en van di rein en blinkende fyn lynwaad in Openb. 19:8.

Ook is di krag van di sonde gebroke: de kracht der zonde is de wet. Hy weet, Gristus is di einde van di wet. Gristus gehoorsaamheid is volmaak gewees. Door de gehoorzaamheid van eenen zullen velen tot regtvaardigen gesteld worden.

b. God het di rokke van velle vir Adam en Eva angesit. 'n Sondaar trek ni hom self an ni: net so min as hy homself was in di bloed van Gristus.

Ons let eers op di wassing, 1 Cor. 6:11, Maar gy zyt afgewasschen. So ja, julle is gewas; ni: julle het julle self gewas

ni So oek in Openb. 1:5, Hem, die ons heeft liefgehad en ons van onze zonden gewasschen heeft in Zyn bloed. Joh. 13:8, Indien Ik u niet wassche, gy hebt geen deel met My. Nogtans lees ons oek van di heilige, wat uit di grote verdrukking gekom het: zy hebben hunne lange kleederen gewasschen, en hebben hunne lange kleederen wit gemaakt in het bloed des Lams. In Zacharia 3:3 en 4 lees ons van Josua di Hoge priester: Jozua nu was bekleed met vuile kleederen als hy voor het aangezicht des Engels stond. Toen antwoordde hy en sprak tot degenen, die voor zijn aangezicht stonden, zeggende: doet deze vuile kleederen van hem weg. Daarna sprak hy tot hen: Zie, Ik heb uwe ongerechtigheid van u weggenomen.

En nou moet ons let op di antrek.

In Jesaja 61; 10 lees ons: Ik ben zeer vrolyk in den Heer, en myne ziel verheugt zich in mynen God, want Hy heeft my bekleed met de kleederen des heils, den mantel der gerechtigheid heeft Hy my omgedaan. In Zacharias 3:4, En Ik zal u wisselkleederen aandoen; vers 5, dies zeg Ik: Laat ze eenen reinen hoed op zyn hoofd zetten. En zy zetten dien reinen hoed op zyn hoofd en zy togen hem kleederen aan.

Di Heere God het Adam en Eva di velrokke angetrek. Di God des heils, di Heere het vir di Profeet di mantel der gerechtigheid omgedaan en hom bekleed met di kledere des heils, en oek Josua di Hoge priester het ni homself angetrek ni, mar op las van di Engel des Here is hy angetrek geworde. Di redding uit di ewige dood en di saligheid van 'n mens is van begin tot end di werk van God. Uit Hem en door Hem en tot Hem zyn alle dingen; Hem zy de heerlykheid in der eeuwigheid. Amen.

En nou kom di grote vraag, leser! Is jy gewasse in di bloed van di Lam van God? Jy het gehoor wat di Apostel Paulus seg van di gelowige in Corinthe: Maar gy zyt afgewasschen. Nou moet jy ni sê: Ek weet ni of ek afgewasse is. Dis 'n ding wat jy moet weet. Omtrent di saak mag jy ni onwetend wees ni. Jy moet weet, omdat jy kan weet. Ek weet wel, dat heel party mense sê: dit kan jy ni weet ni, 'n mens moet daar agterkom as hy dood en in di ewigheid is. Hier benede sal jy dit nooit te wete kom ni, bowe sal jy dit verneem. Mar waar kom dan di teks vandaan: gy zyt afgewasschen; en di andere teks; en (die) ons van onze zonde gewasschen heeft in Zyn bloed, uit Openb. 1? Paulus spreek in 1 Corinthe 6 ni van homself, mar van di gemeente te Corinthe, en Johannes in Openbaring spreek in algemeen van di gelowige. Een ding is seker, as jy nog in di sonde leef, dan is jy daar ni uit ni, en as jy daar ni uit is ni, kan jy oek ni gewasse worde ni. So lang as 'n man in 'n modderplek staan help was niks. Eers daaruit, en dan was en dan antrek. Nou, dit kan jy beter weet as ek of jy nog in di sonde leef, of nog in di duisternis wandel; of dat di Almagtige God jou daar uitgetrek het. Jesaja vraag: Aan wie is de arm des Heeren geopenbaard? Kan jy nou antwoord: an myn is di

arm geopenbaard. God de Heere het myn getrek uit de mag der duisternis. Een ding moet jy weet: di liwe Heere doet gen half werk ni. Hy sal jou ni half pad uit jou sonde haal en jou half uit en half in laat lê ni. Né, jy is in di sonde of jy is daar uit. Misskien sê jy: ek is daar uit; mar ek is onzeker omtrent di afwassing van myn sonde. Ek het ure, selfs da'e dat ek so aangenaam voel en dan denk ek: nou is dit alles reg met myn. Mar dan gaat di soete gevoel weer weg, en dan begin ek te wankel.

Dit wissel af nes di wind en di weer. Nou ja, ons verstaan di saak. Jy leef meer op di gevoel as op di geloof. Jou geloof hang van jou gevoel af in plaas van jou gevoel van jou geloof. Jy moet ni glo om jou gevoel ni, jy moet gevoel om jy glo. Jy vraag: mar as ek myn gevoel ni moet glo, wat moet ek dan glo? Jy moet di geskrewe Woord van God glo

“Wat God zweert, moet gij geloovent.”

Di Bybel seg in 2 Cor. 5:19: “God was in Christus, de wêreld met zich zelve verzoenende, hunne zonden hun niet toerekenende.” Dis wat jy moet gló: Jy is 'n sondaar, jy is verdoemenswaardig, mar God het di wêreld met Hem self versoend, en reken an di wêreld hulle sonde ni toe ni. Jy neem dit an, jy erken jou skuld, bely jou sonde, noem jou sonde by name, steek niks weg ni, net soos jy jou sonde vind bring jy dit, en neem nou di versoening, wat verkrege is, an. Neem jy dit nou an, dan kan jy dit ni weer los ni, en weer neem; en weer los laat, en al dag aanneem en al dag weer los laat ni. Het jy dit, dan hou jy dit, en dan dank jy di Hemelse Vader daarvoor in di naam van Gristus, ons grote Hoge priester. Dis geloof in Gristus Syn bloed.

Di geloof sal jou laat aangenaam voel; mar of jy nou voel of ni voel ni, dit verander di saak ni. Di woord is altyd diselfde: By God is gen verandering of skadewe van omkering ni; en Gristus is diselfde, gister en hede, en tot in der ewigheid. Di duiwel mag di saak betwis; hy mag jou bang praat; mar ons het nou di skild des geloofs, om al di vurige pyle des bose te kan uitblus, en ons het di swaard des geestes om te sê: daar staat geskrewe; en om di helm der saligheid, di borswape der geregtigheid en di gordel der waarheid te kan beskerm. Di duiwel het dri mikpunte: hy skiet syn pyle op di waarheid, di geregtigheid en di saligheid: dus op di gordel, di borswapen en di helm; en tot verdediging het ons di skild, wat an di linkerarm en in di linkerhand is, om dit te bring, net waar di pyle val, op di helm, op di borswape of op di gordel; en dan het ons in di regterhand di swaard des geestes, om di teenstander te kan slaan met di Woord, nes di Here Jesus gedaan het, en te sê: ‘Daar staat geskrewe’. Bowedien het ons nog di gebed, en staat ons dus in Gristus in 'n gedurige gemeenskap met di Vader deur di Soon.

En nou kom di laaste vraag: Is jy angetrek? Het jy di rok an, sonder naad, van bowe af geheel geweve? Kan jy met Jesaja sê: Hy het myn gekleed met di kledere des heils, di mantel der geregtigheid het Hy my omgedaan? Het jy di wisselklere an? Het jy di bruilofskleed an? Het di Here God jou di velrok angeset? Jy het dit an of jy het dit ni an ni. Jy wandel in di root kleed van jou sonde, of in di witte kleed van Gristus syn geregtigheid. Jy is 'n gristen, om jy in Gristus is; of jy is buite Gristus, en is gen griste, al het jy di naam. As jy gewasse is in Gristus syn bloed, en dus oek in di vergeving van jou sonde gló, dan sal di klere ni ontbreek ni. Net soos Josua syn ongeregtigheid van hom weggeneem was, het hy di wisselklere angekry.

En nou in di algemeen: Elke mens is wedergebore of ni wedergebore ni; bekeerd of ni bekeerd ni; gelowig of ni gelowig ni; gehoorsaam an di gebod, of ni gehoorsaam ni; dood of lewend; binne of buite; 'n kind van God of 'n kind des duiwels; vóór of teen Gristus; 'n vrind of 'n vyand; 'n vergaarder of 'n verstrooier; 'n saamwerker of 'n teenwerker. Wat is jy, leser? En jy, hoorder?

Al te veul mense wil voor neutraal deurgaen. By di heilige wil hulle ni geteld wees ni, en by di wêreld ni behoer ni. Mar dit kan ni. Di ni voor is, di is te'en; di ni te'en is, di is voor. So is daar gen neutraliteit. Nou wel, kom daar dan voor uit. Neem jou plek in; toon jou kleure. Wil jy verlore gaan, kies di wêreld, kies Baäl. Wil jy behoue worde, kies God, kies di Heiland. Wees een ding of 'n ander. Wees beslist. Wees gedetermineerd. Laat ider weet wi jy is. Wees gen hiprokriet. Hou jou ni werelds, as jy 'n kind van God is. Hou jou ni vroom of godvresend, as jy 'n wereldse mens is. Jy kan wel 'n mens, mar ni God bedrieg ni. Bedrieg jou self ni.

[*Patriot*, 22 en 29 Mei, en 5 Junie 1885].

GROENTE OF BLOED.

As ons van daag di hele wêreld syn mense in twee moet skei so ver as godsdiens betref, dan kry ons an di een kant anbidders en an di ander kant verwerpers van Jesus Gristus, di Soon van God, di Saligmaker van di wêreld, di Koning van Israël, di Regter van di lewende en dode. As 'n mens so in 'n stille hoeki van di wêreld woon, afgeskei van di gewoel van mense, op 'n eensame plaas, of mar nou en dan met 'n enkele ongodsdienstige mens in anraking kom, dan kan jy jou ni verbeel ni, hoe dat di wêreld er wesenlik uitsiet. Mar ken jy jou land en jou volk, en kom jy hier en daar en o'eral; en lees jy koerante en boeke, wat oek o'er ander lande en volke skrywe,

en kom jy met duisende van mense in anraking van allerhande gevoelens, dan vind jy uit hoe di wêreld op godsdienstig gebied bestaan. En wonderlik is dit om te sien, hoeveel godsdienste daar op di wêreld is. As jy al di kerke en skole en seminaries en professore en leeraars en sendelinge en skoolmeesters sien, dan sou 'n mens sê: di wêreld is baie goed, en tog is daar onder di sluier van godsdienste al te veel goddeloosheid verborge. As jy op Sondag morre of op feesda'e al di mense sien kerk toe loop met en sonder bybels en gesangboeke, dan lyk dit al te mooi. Mar dis daarom ni so mooi as dit lyk ni. Di woord van di verheerlikte Christus in Openb. 3:1, Ek weet julle werke, dat julle di naam het, dat julle leef mar julle is dood, is van daag nog net so waar as ooit van te vore. En di woorde van di Apostel Paulus in 2 Tim. 3:5, "hebbende 'n gedaante van godsaligheid mar wat di krag daarvan verlogend het," is van daag waar. Ongelukkig genoeg dat dit waar is, mar 'n mens kan niks daarteen sê ni.

Twee soorte van mense is daar. Christus verdeel di wêreld in twee. 'n Mens kan dit op Golgotha goed sien: daar was één wat sê: as jy God Syn Soon is, verlos Jouself en ons. Nou, wat beteken dit as jy dit sê? Dit beteken: ek erken Jou ni daarvoor ni, as sodanig beskou ek Jou ni; as sodanig neem ek Jou ni an ni. En wat sê di ander? Heere, gedenk an my as Jy in Jou Koninkryk sal gekom wees. So is di één 'n verwerper van di gekruiste Christus, en di ander 'n aanbieder. So is dit altoos gewees, en so sal dit altyd bly. Gaat 'n mens agteruit na Jakob en Esau, dan sien jy weer diselfde. Esau het om 'n bietjie kos di reg van syn eersgeboorte verwerp, en Jakob het dit begeer en gekry. Di Bybel seg: Jakob het ek lief gehad, en Esau het ek gehaat. Met Kaïn en Abel net so. Kaïn was ni 'n godvresende man ni, want hy het syn godvresende broer gehaat. Ek kan ook nog Ismaël en Isak noem. Ismaël het Isak gehaat en vervolg, en Isak was 'n man wat in di vrees van God gewandel het.

Ons het nou met Kaïn en Abel te doen. Althet godsdienste, di een so goed as di ander. En tog was tusse hulle godsdienste 'n groot onderskeid. Laat ons nalees wat di Bybel daarvan seg in Genesis 4:3: En dit is geskied ten einde van da'e, dat Kaïn van di vrug van di land an di Heere offer gebreng het. En in vers 4, En Habel brag ook van di eersgeborene van syn skape en hulle vet. En was di Heere met albei syn offers tevrede? Né, want ons lees: En di Heere sien Habel en syn offer an; mar Kaïn en syn offer sien God ni an ni. En waarom sien God Kaïn en syn offer ni an ni, en Habel en syn offer wel? Vollens Hebreë 11 het Abel deur di geloof 'n meerdere offerande geoffer as Kaïn waardeur hy getuienis bekom het, also God oer syne gave getuienis gaf en deur diselfde geloof spreek hy nog nadat hy gestorwe is. En wat was nou di meerdere offerande? Hy offer van di eersgeborene van syn skape.

Eersgeborene van syn skape. Let nou op hoe Jesaja spreek: as 'n lam werd hy ter slagting gelei, en so's 'n skaap stom is voor di angesig van syn skeerders, also het hy syn mond ni oopgedaan ni. En let nou weer op, wat Johannes di Doper van di Heere Jesus seg: Sie di Lam van God, wat di sonde van di wêreld wegneem. En oek wat di Apostel van di Heere seg in Openb. 5:6, En ek kyk, en ek sien in di midde van di troon en van di vier diere, en in di midde van di ouderlinge 'n Lam, staande as geslag. En in Openb. 12:11 word geseg: Hulle het hom o'erwin deur di bloed van di Lam.

En gaat ons nou na di profesie, dan kan 'n mens sien hoe dat di profesie spreek van di lydende Gristus. Abel syn offerande toon dit al an. Hy offer van di eersgeborene van syn skape; daarin toon hy, dat syn Saligmaker moes ly om hom te behou. Bloed moes vloei. Sonder bloedstorting, seg Hebreë 9:22, geskied gen vergewing ni.

Laat ons nou 'n stuk of wat tekste nagaan. Soek Genesis 3:15 op, dan sal jy daar di lydende Gristus al sien. Laat ons dit lees: Ek sal vyandskap set tusse jou en tusse dese vrou, en tusse jou saad en haar saad; ditselwe sal jou kop vermorsel en jy sal dit di versene (hakskene) vermorsel. So sou dus di Messias, of di Gristus, of di Gesalfde di duiwel syn kop vermorsel, mar di duiwel sou di Gristus syn hakskene vermorsel. Mar let nou op: di duiwel syn kop sou vermorsel worde. Vermorsel jy een syn kop, dan is dit met hom gedaan. En so weet ons dat Gristus di o'erwinnaar is van di duiwel, nogtans ni sonder lyde ni, want di duiwel sou di Heere Jesus syn hakskene vermorsel. Jesus Gristus is o'erwinnaar. Ons moet na di kruisheuvel Golgotha gaan, om daar te sien hoe Gristus deur di dood te niet gemaak het digene, wat di geweld des doods had, dat is, di duiwel, en sou verlos al degene wat met vrees des doods, di hele lewe deur, an di diensbaarheid onderworpe was.

Nou gaat ons na Genesis 49:17 en 18. *Dan* sal 'n slang wees an di weg, 'n adderslang, neffens di pad, bytende di pêrd syn hakskene, sodat syn ruiters agtero'er val. Let op di woorde *val* en *saligheid*. *Val* is 'n woord wat ons dikwils gebruik voor sterwe of doodgaan. So seg ons byvoorbeeld: "in di slag het honderd man *geval*;" dit meen ni dat hulle mar net geval het, so's 'n mens dikwils val en weer opstaan, mar val beteken hier: gedood worde. So is ons Heiland deur di verraad van Judas geval, gedood; en in di val, dit is deur di dood, is di sonde versoend en di saligheid gekom. Op U saligheid wag ek, o Heere. Di saligheid meen ni net mar di saak, mar oek di persoon. Dit blyk duidelik uit Lukas 2:27—32; daar word beskrywe hoe di Heere Jesus as 'n klein kind in di tempel gebreng is, en ou Simeon was oek deur di Gees in di tempel gekom, en het di kindeke Jesus daar gesien en in syn arms geneem en geseg: Nu laat Gy, Heere, U dienskneg gaan in vrede na U Woord, want myn oo'e het U saligheid gesien. Is dit ni 'n wonderlikke

oëreenstemming ni? Ou vader Jakob seg, nadat hy van di Ruiter en syn val gesprek het: op U saligheid wag ek, o Heer; en ou Simeon seg, met di Heiland in syn arms: myn oo'e het U saligheid gesien. O, di harmoni in di Skrifte is so treffend. Dit eis mar net oo'e om te sien, ore om te hoor en harte om te verstaan. Leser, het jy di dri dinge?

Lees nou 'n keer Exodus 12 met attensi na, dan sal jy di lydende Heiland al te duidelik sien. Ek sal mar net 'n paar woorde anhaal, mar jy moet dit nalees en weer lees en biddende lees. As jy di Heiland ken, sal dit jou tot verkwikking wees, en ken jy Hem ni, dan kan jy Hem daar leer ken; di dierbare, di Eenige, di Geliefde, di Beminde, di vrind van sondare. In di hoofstuk sal jy sien, dat di Paaslam moes geslag worde, en hulle di bloed moet neem en stryk dit an di bo-dorpel en an di syposte van di huise, waarin hulle di Paaslam sou eet. Di bloed van di Paaslam moet an di bo-dorpel en an di syposte van di deur kom; en let jy nou op, ni op di drempel ni. En waarom ni? Mar dan kon 'n mens daar lig op trap. En trap het gewoonlik 'n slegte betekenis. *Onder di voet* het di mening van vyandskap. Di vyande van di Heere Jesus kom onder di voet. Mar di bloed moet kom op sy en bo. En hoe het di Heere geseg? Wat sal Hy maak as Hy in di nag deur Egipte gaan om di eerstgeborene te slaan? Hy het geseg: as Ek di bloed sien, sal Ek voorby gaan. Di werk van di Israëliet was om di bloed an di syposte en an di bo-drempel van di deur te stryk en di Heere sou daarna sien; en sien Hy dit, dan gaat Hy voorby. Dan sal daar gen oordeel wees, dan word di eerstgeborene ni gedood ni. En wat meen dit nou voor ons? Dat ons moet skuil agter di bloed van di Lam van God om veilig te wees in di oordeels dag. Geloof in di bloed van Gristus is di behoud van 'n sondaar. Seg nou dat di Israëliet wat di Paaslam geslag had, en wel di bloed opgevang het, mar dit in 'n pan of pot weggesit had, hier of daar; sou dit iets gebaat het? Dan was di saak mos ni kompleet gewees ni. Di bloed kan ni hier of daar staan ni, al was dit oek in di voorkamer; né, an di bo-drempel en an di syposte van di voordeur; di Heere wil dit daar sien. 'n Man moet ni sê: di Heere is Alsiende en daarom kan Hy dit sien waar dit oek is, al staan dit oek misskien in 'n pot, in 'n kas of kis. Né, an di syposte en di bo-drempel, ni an 'n binnedeur, mar an di buitedeur, ni an di binnekant ni, mar an di buitekant. Di Heere het ni geseg: Ek sal in di huis kom kyk of di bloed daar is; né, di Heere sal sien of dit daar is, waar Hy geseg het dat dit moet wees. Gen ei'ewillige godsdien ni. Daar is veuls te veul van di soort van godsdienst in di wêreld. An di buitedeur en an di buitekant. Myn liwe leser, het jy geloof an di bloed van Gristus, dan mag jy dit ni wegsteek ni. **Binnkant** in jou huis 'n griste, en buitekant nes 'n heiden, dat sal ni gaan ni. In jou binnekamer gelowig en op straat en in di winkel, en op di mark, en op di vendusi, en op jou land, en in jou stal,

en in jou kraal, en in jou handel, 'n sondaar; so kom jy ni deur ni. Jy het met God te doen; en Hy hou Hem an Syn woord. Hy laat daar ni 'n letter van val ni, ni 'n titteltji of 'n ietji ni. Is jy buitekant 'n sondaar, dan moet jy dat oek mar in jou huis wees en in jou binnekamer; en is jy in jou binnekamer en onder vrou en kinders 'n gelowige, wees dit dan o'eral en altyd. Het jy di bloedmerk van Gristus an jou hart, dan het jy ni nodig om dat weg te steek ni. Dit is gen skande om 'n Gristen te wees ni. Om 'n sondaar te wees terwyl 'n man onder di Evangeli leef en 'n Bybel het, dit is eerder 'n skande; mar om 'n gristen te wees, 'n gelowige in di bloed van Gristus, 'n heilige en regvêrdige, dis di grootste eer wat 'n mens op aarde kan hê. En as jy 'n gristen is, gewasse in di bloed des Lams, dan mag idereen dat weet; dan moet idereen dit weet; dan het jy ni nodig om dit vir imand weg te steek ni; want so onteer jy di Heiland wat jou gekog het, en jy hinder jou naaste wat nog onbekeerd is. Né, kom uit, laat jou stem hoor, laat jou dade dit toon dat jy an di kant van Gristus staan. Ek weet wel dat di Anti-gris jou sal bespot en uitlag en jou 'n dwaas sal noem; mar is dit dan ni beter ni om as 'n dwaas salig te worde dan om as 'n wys man verlore te gaan? Di keus is tog ni moeilik ni. En denk nou an ons Hoof Jesus Gristus. Het Hy ooit weggesteek wat Hy was? Het Hy dit ni openlik bely ni: Ik ben di Soon van God. Dit het Hem wel di haat en smaad van di vyande angebrag; dit het Hem wel an di kruis gebrag; mar gen haat en smaad en dood het Hem belet om di waarheid te bely. En as jy 'n gristen is, lat dan niks jou belet om dit te bely. Ons leef in di midde van di vergristelikte Egiptenaars, en di Egiptenaars kan di Skaapherder ni verdra ni; Hy is ver hulle 'n gruwel. Verdraag dit dan mar; jy weet mos dat di skape en skaapherders na Kanaän gegaan het, en di Egiptenaars versuip is in di Rode Sé. Nou ja, so weet jy mos oek dat jy na di hemel gaan en di Egiptenaars na di hel. Daarom pas op dat jy ni met di Egiptenaars saam loop, dat jy ni altemits oek met hulle verlore gaat ni. 'n Gristen moet 'n gristen wees onder alle omstandighede, op alle plekke en ten allen tyde.

Van di da'e van Moses tot an di dood van Gristus, dus vyftien honderd jare lank, is daar sonde en skuldoffers geofferd met nog verskeie andere offerande, so's brandoffers, spysoffers, lofoffers, ens. Di offers, en by name di sonde en skuldoffers, het almal gewys op di Offerlam Gristus; mar toen Gristus geofferd was, en Hy met Syn eie bloed ingegaan is in di hemel self, en 'n ewige verlossing te weeg gebrag het, toen het di offerande opgehou; toen had di offerande gen betekenis meer. God neem di eerste weg om di tweede te stel. Daarom wys nou Gods dienende priesters op di Offerlam, Gristus; en daarom moet oek ek as 'n dienende priester van God myn medemense op di Lam wys, en dat oek in di taal van ons volk. Ons volk het 'n reg om in ons eie taal di Evangeli te hoor, en al te lank word hulle

di reg onthou en al te onverskillig is ons volk omtrent hulle reg. Siele, siet di Lam van God, wat di sonde van di wêreld weggeneem het. Sien julle nou ni op di Lam en Syn offerbloed ni, dan sal julle eenmaal op jou Regter moet sien en Syn toorn gevoel. Wees dan wys tot saligheid. Dis misskien di beste waarskuwing wat jy kry. Nimand weet hoe lank hy sal lewe. Daarom seg di Heere: Hede, as julle Myn stem hoor, verhard julle harte ni.

Lees tog Ps. 22 'n keer na en sien daar, wat van di lydende Gristus geskrewe staat. Di tweede vers begin al met di woorde wat di Heiland an di kruis uitgeroep het: Myn God, myn God, waarom hebt Gy my verlaten? Di hele Psalm is van Gristus. Daar kan 'n mens Hem al an di kruis sien hang en ly; daar hoor jy hoe di vyande Hem beskimp en sê: Hy het dit op di Heere gewentel; lat Hy Hem nou uithelp; lat Hy Hem red as Hy lus an Hem het. Hoor hoe Hy daar seg: Myn tong kleef an myn gehemelte; en: hulle het Myn hande en Myn voete deurgeboor of deurgrawe. Hoor, hoe Hy van Syn klere spreek: Hulle deel myn klere onder makkaar en werp di lot oer myn gewaad; dat is, di rok sonder naad van bo af geheel geweve. Hy spreek daar oek van syn begrafenis, mar met deuse bisonderheid; Hy seg ni: *hulle* leg vir Myn in di stof des doods; mar, *Gy* legt my in het stof des doods. Di vyande moet vir Hem an di kruis na'el, mar Syn vrinde, Gods kinders, mag vir Hem in di graf in lê, Josef van Arimathéa en Nicodemus. Hy kry 'n eerlikke begrafenis na 'n smadelikke en smartelikke kruisdood. Lees nou hierby wat di Profeet Jesaja, di Evangelist van di Ou Testament skrywe in syn profesi, hoofstuk 53:9, Hulle het Syn graf by di goddelose gestel en Hy is by di ryke in Syn dood gewees. En dat waarom? Omdat Hy gen onreg gedaan het, nog bedrog in Syn mond gewees is. Jesus is gestorwe vir onse sonde en opgewek om onse regvêrdigmaking. Jesus leef en is opgevare ten hemel, en sit van daag an di regterhand van God. En wat doet Hy daar? Rom. 8:34 ge di antwoord: Wie is dit wat verdoem? Gristus is dit, wat gestorwe is. Ja, wat meer is, wat oek opgewek is, wat oek an di regterhand van God is, wat oek voor ons bid. Hy bid vir ons. O, wat 'n geluk om 'n vrind van di Heere Jesus te wees, en te weet, Hy bid voor myn. Kan so'n gebed onverhoord bly? Onmogelik! En waarom ni? Omdat di grote Hoge priester nooit om 'n ding vir ons sal vra wat di Vader ni kan gé ni. Ons gebede bly partykeer onverhoord, omdat ons om dinge vraag wat di Heere vir ons ni goedkeur ni. Dit gaat met ons nes di Apostels Johannes en Jacobus wat an di regter en linkerhand van di Heere Jesus wou gesit hê in Syn Koninkryk. En wat het di Heiland hulle geantwoord? Julle weet ni wat julle begeer. Met ons gaat dit dikwils mar net so. Ons het so'n manier om an di Heere ons planne voor te lê, met 'n versoek dat Hy dit moet uitwerk. Ons keer di ding om. In plaas dat ons sal begeer om

di Heere Syn planne uit te werk op Syn tyd, op Syn manier en met Syn middels, begeer ons dat di Heere ons planne moet uitwerk. An ons stommigheid is gen end. Wanneer sal ons wys worde? Misskien nooit voor ons eers bo is. Hoe jammer dat ons onself so min ken en ons ken God nog minder. Gelukkig, di Heere Jesus bid vir ons.

In Hebreë 7:25 kom diselfde saak nog 'n keer voor met byvoeging van 'n belangrike bisonderheid. Daar staan: Waarom Hy oek volkome n l ik kan salig maak digene wat deur Hem tot God gaan, also Hy altyd leef om vir hulle te bid. Hy leef om te bid; Hy leef altyd om vir ons te bid. Wat 'n grote troos is dit vir ons. Ek vrees dat ons dit mar al te dikwils vergeet. En in plaas om van di grote Hoge priester te begeer dat Hy vir ons sal bid, bid ons altyd self en oek ni altyd in Syn naam. Ons gaat oek al te dikwils di Vader voorby, nes of Hy ni na ons sal hoor ni en as of daar ni geskrewe staat: Al wat gy den Vader zult bidden in Mynen naam, dat zal Hy u geven.

Sonder bloedstorting geskied gen vergeving. Dit staat vas. Abel het bloed gestort, hy slag syn offerdiere; syn offerande was God welbehagelik en syn persoon oek. En so mag ons gelowe, dat ider wat in di Offerlam, Gristus, geloof en op Syn bloed vertrou, oek aangenaam sal wees in di oo'e van God.

Mar wat nou van Kaïn en syn offer?

Mar Kaïn en syn offer sag Hy ni an ni.

Wat 'n verskrikkelik getuigenis. God sag Kaïn en syn offer ni an ni. Wat 'n mens van ons denk of sê kom daar mar min op an. Di eindoordeel is ni by hom ni. Hy kan ons ni salig maak of verdoem ni. Syn vonnis van vryspraak doet ons gen goed of kwaad ni. In di ewige dinge het 'n mens gen mag vir 'n medemens ni. God het; dus hang alles af van di Heere Syn oordeel. Dit oordeel is beslissend. En so is dan Kaïn en syn offer veroordeeld.

Nou kom di vraag: En waarom het God Kaïn en syn offer ni angesien ni? Daar staan ni: God het Kaïn ni angesien omdat Hy met di offer ontevrede was; of: God het di offer van Kaïn ni angeneem omdat Hy met hom ontevrede was ni; mar God het hom net so min as di offer angesien. Kaïn verskyn ni as 'n sondaar ni; want hy bring groente en gen offerdier ni. Hy bring 'n dankoffer sonder skuldbelydenis. Kaïn erken syn skuld ni; hy is gen sondaar. Hy het gen Middelaar, Jesus Gristus, nodig ni; vir hom is so'n teks ni nodig ni. Sonder bloedstorting is gen vergewing van sonde ni. Arme Kaïn! Arme Kaïn's kinders. God siet julle en julle offers ni an ni.

Kaïn offert veldvrugte. Wat soort vrugte of dit gewees is kan nimand sê ni; mar ons weet ni wat di name gewees is ni; mar lat ons mar groente sê; 'n bloedlose ding, waaro'er God di Heere Syn afkeuring te keune gege het. Nou wel, wat God afkeur, kan, mag en moet ons ni goedkeur ni. Wat God ver-

werp kan ons ni aanneem ni. Wat God eens verwerp neem Hy naderhand ni an ni. Wat God eenmaal goedkeur, sal Hy naderhand ni weer afkeur ni. En so staat dit dan vir alle ewe en vir alle geslagte en vir alle tye vas:

Het bloedig offer is di Heere welgevallig;
Het onbloedig offer keur Hy af.

Ons het van daag rede om bly te wees, dat er op aarde o'eral waar di Evangeli gepredik word mense word gevonde, wat in di bloed van Gristus geloof, wat met hulle ganse hart op dat bloed vertrou, en wat met blydschap kan sing:—

Niets, o Jezus, dan Uw bloed,
Geeft voldoening aan 't gemoed.

En oek:—

Ach, wanneer mijn oog eens breekt,
't Angstig doodzweet van mij leekt,
Dat uw bloed mijn hoop dan wekke;
En mijn schuld voor God bedekke.

Jy kan nergens in di wêreld gaan ni waar di Evangeli getrou gepredik word, of jy vind so hier en daar 'n mens wat in dat bloed van di Soon van God geloof, wat daarvan spreek tot ander mense; en di medemense anraai om oek in dat bloed van Gristus te glo. 'n Kind van God, goed onderwese in di Heilige Skrif, lees graag daarvan; spreek graag daarvan; en verblyd sig as hy verneem dat di een of ander oek gelowig geworde is.

En hier het ek nou 'n woord vir myn broeders en susters in Gristus, wat, nes ek self, in di bloed van Gristus gló: Liwe Broeders en Susters! weet julle wel, dat ons veels te min van ons gestorwe en verrese Heiland spreek; in ons gesprekke is te min di bloed van Gristus. Di ander dag preek in myn buurte 'n jong leeraar, en hy had 'n ordentelik groot gehoor. Nou weet ons almal, dat ons ni onverskillig is ni, of ons geprese worde of ni; dis aangenaam om algemene voldoening te gé. Na di prediking praat di jong leeraar met 'n ou Gristin, wat andagtig had sit luister, mar wat ni braaf gestig was ni. Hy vraag vir haar, hoe sy dit gehad het; en sy geef ten antwoord, dat hy baye mooie dinge geseg het, wat 'n mens gerus kan hoor; mar sy het daarom iets te sê. So! vraag hy toen: En wat mag dat nog al wees? Sy sê toen vir hom: dat daar al te min bloed van Gristus in syn preek gewees was. Hy moet di versoeningsbloed van Gristus beter laat uitkom. Hy bedank haar toen, en gaat weg. Laat ons tog oppas, dat di Liwe Heiland, as ons bowe kom, ni vir ons moet sê ni: Jy het te min van myn verlossingswerk, van myn bloed gespreek, toen jy op aarde nog onder myn vyande was.

Dis al te belangrik om goed te verstaan, dat di bloed van Gristus di sonde *te niet* gemaak het. Ons stel ons di saak dikwils so verkeerd voor, nes of di Heiland di sonde nou nog moet dra en te niet doen.

Daar is b.v. di versi:

“Ik leg mijn schuld op Jezus.”

Di Here Jesus is nou ni meer di skulddra’er of di sonde-dra’er ni. ’n Gedane werk kan jy ni meer doen ni. Jy kan ’n geslagte skaap ni slag ni. Nou di Bybel leer ons: Gy syt geslag. As ’n mens nou nog syn sonde op Jesus kan lê, en Hy dit moet dra, dan moet Hy nog ’n keer geslag worde. Dis wel so, dat onder di Ou Testament al jare gedagtenis van di sonde gewees is op di groot versoendag, (kyk Hebr. 10:3—14), om rede, dat di bloed van stiere en bokke di sonde ni kan wegneem ni; mar van dat Gristus geslag is, is daar gen slagoffer meer. So lang as daar nog gen ewige verlossing te weeg gebrag was ni, was di jaarlikse offerande nodig: daarom het di priesters oek altyd gestaan en gedien, mar ons groot Hoge priester is *gesete* an di regterhand van God. *Sit* toon an, dat di werk klaar is; en ons moet rus op di klaar gemaakte werk van Gristus. Merk oek op di teks, wat seg: Gristus het self onse sonde in syn ligaam gedra op di hout. Staan daar dan ni: Het gedra? Dis mos glad ’n ander ding, as: kan dra, wil dra, sal dra, of: Hy dra. Né, wat God Hem eenmaal het laat doen, kan ons Hem ni weer laat o’er doen ni. Dis ’n miskenning van di verlossingswerk van Gristus. “Het is volbragt”; en daarmé moet ons tevrede wees; en daarop moet ons rus.

In Hand. 2:47 lees ons: “En de Heere deed dagelijks toe tot de Gemeente, dezulke, die zalig werden.” So het dit gegaan in di da’e van di Apostels, en so gaat dit nog. Daar gaat seker gen dag voorby ni, sonder dat daar sondaars getrokke word uit di mag van di duisternis, en o’ergeset worde in di Koninkryk van di Soon van Syn liefde, en wat di vergeving van hulle sonde ontvang, namelijk: di verlossing deur Syn bloed. En al gaat daar dan oek dageliks ’n seker getal di heerlikheid in, so verminder daarom di getal van Gods kinders op aarde ni. Ek het dit selfs so, dat daar van daag meer kinders van God op aarde is, as ooit van te vore.

Mar wat baat dit di een, as di ander salig word, so hy nog mar in di sonde leef? Di saligheid is ’n persoonlikke saak, en nimand mag tevrede wees, sonder uit God gebore te wees; sonder bekeerd en gelowig te wees. En as daar onder myn lesers of hoorders mense is, wat nog ni rus op di bloed van Gristus ni, dan is daar gen tyd om te verlies ni. Dis nou nog di tyd om verhoor en geholpe te worde. Dis nog di welangename tyd en di dag van saligheid. Geloof dan nou nog, en word behoue van di bese geslag, waaronder ons leef. Loop dan in

jou binnekamer in, en spreek met Jesus, gé jou an Hem o'er, en neem Hem an. Geloof wat God van Syn Soon geseg het: God het, in Hem, vir ons di ewige lewe gegé. Dis, wat 'n mens moet aanneem; en neem 'n mens dit an, dan het hy dit, en kan God daarvoor dank; en neem hy dit ni an ni, dan mag hy misskien 'n godsdienstige mens worde, mar 'n gelowige, 'n heilige, 'n regverdige, 'n kind van God, is hy ni.

En is daar dan van daag nog mense, wat Kaïn syn godsdiens het? Al te veul, al te veul! Di arme wêreld is so mar vol van di soort. Hulle getal is Legio. Abelite is al te veul minder as di Kaïnite. Di Gristendom, soos ons al di gedoopte mense noem, is in twé gedeel: Gristene en Anti-Gristene. Di een het di bloedmerk van di Gristus, en di ander ni. Di wat di bloedmerk het is di gelowige, of soos ons sê, dis di ware Gristene, en di ander, wat mar alleen di watermerk het, is di naam-Gristene. Nou is dit wel so, dat di een naam-Griste vin-niger te'en Gristus is as di ander; mar hulle stem almal o'reen in hulle ongehoorsaamheid an Hem. Om dit duidelik te maak, moet ons weer di woorde van di Here Jesus anhaal: "Di ni vergader ni, di verstrooi; di ni voor My is, di is te'en My." Onder digeen, wat teen is en verstrooi, is daarom weer 'n groot party, wat hulle *openlik* te'en Gristus verklaar; wat dit publikelik uitspreek: Ons gló ni, dat Jesus van Nasereth di Soon van God, of di Saligmaker van di wêreld, of di Koning van Israël is ni. Vraag jy vir so 'n mens: wat sê jy van di Here Jesus? dan gé hy gen Bybels antwoord ni; dan kom dit uit, dat hy te'en Hem is. Mar vraag jy diselfde vraag vir een van di beter soort, wat nog self ni weet, dat hy te'en Gristus is, dan sal hy sê: Ek is ni te'en Gristus ni; ek is voor Hem; mar di ongehoorsaamheid toon mar al te duidelik an, dat hy hom self ni ken ni. Waaraan kan 'n mens al te duidelik sien of jy voor of te'en is? Di wat vóór Gristus is vergader, dat is, hy werk saam deur voorbeeld en leer; di wat te'en Gristus is, vergader ni, en daarom verstrooi hy. Nou is dit vir niet om te se: Ek is ni te'en ni! Di Heiland Syn Woord getuig te'en hom.

Is daar dan gen kans om van 'n te'enstander 'n voorstander te worde ni? Mar al te seker! Was Saulus dan ni 'n Anti-gris gewees ni? Het hy dan ni di arme Gristene bloedig vervolg ni? Ja, dit het hy gedaan. En tog is hy later 'n Discipel en 'n Apostel van Gristus geworde.

So is daar van daag nog hoop vir 'n Anti-Gris.

Dit is nou van di Gristelikke Anti-Griste.

Nou kry ons di Joodse Anti-Griste.

Is daar dan onder di Jode oek Anti-Gristene?

'n Mens kan amper di vraag ni so stel ni? 'n Mens moet liwers vrá: Is daar één onder hulle, wat ni 'n Anti-Grist is ni? En dan is di antwoord: ni een ni! Hulle is almal, tot di laaste man toe, Anti-Griste. Het jy dan al ooit 'n Jood in jou huis

gehad, wat seg, dat hy in Gristus geloof? Mar jy kry ni een ni. En so gou as hy in Gristus geloof, dan is hy gen Jood meer ni; dan is hy in Gristus geloof, dan is hy gen Jood meer ni; dan dan is hy 'n Griste. Di berekening is dat daar omtrent ag of ne'e miljoen Jode is; nou, net so veul Joodse Anti-Griste is daar oek. Dis op sig self al erg genoeg; mar wat di saak erger maak is dit, dat hulle verwerping van di Gristus anstekelik is. Ider Bybelleser het natuurlik al van di "afval" gelees. Nou, wat is dit? Dit is, dat mense, wat di naam van Gristus bely het, daarmé anhou, en gló, wat di Jood sê. Op di manier neem di Anti-Gristendom aldag toe; sodat hulle van daag 'n grote mag uitmaak, veul groter as ons hier in di stille Suid Afrika kan denk. Ons eie Koloni is oek al braaf vergiftig deur di Anti-Griste, en vooral sedert di laaste 25 jaar. 'n Goeie klomp van ons eie mense is daarmé besmet. En hoe sal dit o'er enige jare wees? Di Liwe Here weet!

En nou ten slotte kry ons: di Slamse Anti-Griste.

Is di Slamse mense dan oek Anti-Griste? Vra ver hulle, dan sal jy hoor. Hulle is net giftig te'en Gristus. So lang as jy van Jesus praat, is hulle tevrede, jy kan net sê, wat jy wil; hulle sal jou gelyk gé; mar net soos jy van di Soon van God praat, dan het jy hulle te'en jou. Daar wil hulle ni an. Hulle staan jou te'en; hulle verset hulle te'en di Gristus, en spot met jou en met Hem. Mar hulle is tog ni 'n groot mag ni? In ons Koloni is hulle ni so bisonder talryk ni; mar tog is di berekening, dat hulle al saam, deur di hele wêreld, omtrent honderd-en-sestig miljoen is! 'n Vreselikke menigte. En jy kan met di arme stomme mense niks begin ni. Hulle weet alles beter as jy.

Di Gristelikke, Joodse en Slamse Anti-Griste kom almal daarin o'ereen, dat hulle di bloed van Gristus verwerp; en offer hulle iets an hulle God, dan moet dit mar iets anders wees. Hulle is di regtige Kaïnite, di verwerpers van di bloed van Gristus.

En nou, lat ons besluit wees: gen Kaïniet, mar 'n Abeliet, deur di genade van God in Jesus Gristus, di eniggeboren Soon van God.—Amen!

[Patriot, 12 Junie en 3 Julie 1885].

GELOOF, HOOP EN LIEFDE.

Di dri woorde kom dikwils in di Bybel, en bisonder in di Nuwe Testament voor.

1 Cor. 13:13: En nu blyf geloof, hoop en liefde, dese dri mar di meeste van dese is di liefde.

Col. 1; Ons het van julle geloof in Gristus Jesus gehoor, en van di liefde wat julle het vir al di Heilige, om di hoop, wat vir julle weggeleg is in di Hemele.

Hoséa 2:19: Ek sal vir myn an jou verlowe in geloof.

Habakuk 2:4: Di regvêrdige sal deur syn geloof lewe.

Matth. 8:10: Ek het selfs so 'n groot geloof in Israël ni gevonde ni.

Markus 2:5: En Jesus hulle geloof siende.

Matth. 15:28: O Vrou, groot is jou geloof!

Markus 11:22: Hoe! het julle gen geloof ni?

Lukas 8:25: Waar is julle geloof?

Lukas 22:32: Ek het vir jou gebid, dat jou geloof ni ophou ni.

Hand. 6:7: 'n Grote skare van Priesters werd an di geloof gehoorsaam.

Behalwe dese tekste is daar nog 'n menigte andere, waar di woord "Geloof" in voorkom, wat di andagtige leser van di Bybel, al lesende, sal kry; mar di ons hier ni almal kan inlas ni.

Met "Hoop" gaat dit mar oek so.

Hand. 23:6: Ek word o'er di hoop en opstanding der dode geoordeel.

Rom. 4:18: Welke op hoop te'en hoop geloof het.

Rom. 5:2: Ons roem in di hoop van di heerlikheid van God.

Rom. 5:5: En di hoop beskaam ni.

Rom. 12:12: Verblyd julle in di hoop.

Galate 5:5: Ons verwag uit di geloof di hoop der regvêrdigheid.

Col. 1:27: Gristus onder julle, di hoop der heerlikheid.

1 Thess. 5:8: En tot 'n helm di hoop der saligheid.

Lees, liwe Leser! jou Bybel andagtig deur, dan kom jy gedurig op di liwe woordji "Hoop" uit. Ek het mar 'n stuk of wat gegé; daar is nog baye meer.

Met "Liefde" is dit ni anders ni.

In 1 Cor. 13 kom di woord dikwils voor.

Di Heiland het di woord dikwils gebruik.

In Joh. 15 kom di woord oek 'n keer of dri voor. Veertien maal kom di woord "Liefde" in Eerste Johannes voor. In di Sendbriewe kom "Liefde" honderdmaal voor. As daar so veel liefde moet wees in Gods volk, as in Gods boek, dan sou dit met ons beter gesteld wees as nou.

Geloof, hoop en liefde kom op verskillende maniere in di Woord van God voor. Liefde van God tot di Soon; van di Soon tot di Vader; van di Vader tot di wêreld; van di Vader tot gelowige in Gristus; van Gristus tot di Gemeente; van di gelowige vir mekaar; van hulle tot di Vader en di Soon; van hulle liefde tot di naaste, ens.

Hoop is saligheid; hoop is oek di persoon van Gristus; hoop is oek verwagting. Hoop het in di Ou Testament partykeer di mening van "trop"; 'n hoop volke meen: 'n trop volke, ens.

Geloof is ni altyd net mar 'n toestemming van 'n waarheid. Dit gaat verder en meen: toeëigen, aanneem, ontvang, inneem. Dit sal nou mar duidelik worde.

Geloof, hoop en liefde word dikwils wonderlik deur mekaar gehaspel. Somtyds hoor jy: geloof, liefde en hoop; of hoop, geloof en liefde; liefde hoop en geloof; of liefde, geloof en hoop. Di Bybel, di dit beter weet as ons almal, set dit so agter mekaar: geloof, hoop en liefde; of soos dit in Col. 1 staat: geloof en liefde om di hoop; sodat:

Geloof eers kom;

Dan volg hoop; en

Eindelik liefde.

Dese dri dinge word in alle wedergeborene mense gevonde, en ons kan gerus sê: as di dri dinge ni by imand gevonde word ni, dan is hy gen gristen ni. 'n Gristen, sonder Gristus, is gen gristen; 'n gristen sonder saligheid, kan ni bestaan ni; en 'n gristen sonder liefde, is 'n onmogelikheid. 'n Gristen met geloof sonder hoop en liefde kan oek ni bestaan ni; of 'n gristen met geloof en hoop sonder liefde is net so onbestaanbaar; of 'n gristen met hoop en liefde sonder geloof is so onnatuurlik as mar mo'entlik. Dit sou net so wees as 'n wortel sonder boom of vrug; of 'n boom en vrug sonder wortel; of wortel en vrug sonder boom.

Geloof, hoop en liefde is nes wortel, boom en vrug.

Geloof is di wortel van di saak;

Hoop is di boom, wat uit syn wortel groei;

Liefde is di vrug, wat an di boom groei.

1.—Eers 'n paar woorde o'er geloof.

Sonder geloof is dit onmo'entlik om God te behaag: want di, wat tot God kom, moet gló dat Hy is, en dat Hy 'n beloner is van di, wat Hem soek.

Geloof is vollens Hebreën Elf 'n vaste grond van di dinge, wat 'n mens hoop, en 'n bewys van di sake, wat 'n mens ni sien ni. Di heel Elfde Hoofstuk van di Hebreën handel o'er geloof, en dit loon di moeite om dit te lees, en weer te lees.

Di wat geloof, neem an. Di in Gristus geloof, het Hem. Gelowe en ni hê ni, is onmo'entlik. 'n Mens gló in Gristus, en dan het hy Hem; of hy het Hem ni, omdat hy ni gló ni. Misskien sal imand sê: mar di duiwels gló oek, en hulle sidder. Mar is dit dan waar? Staat dit dan so in di Bybel in? Ek het dit tog oek al dikwils gelees; hoe kom het ek dit dan nooit gesien ni? Daar staan: di duiwels gló dit oek en hulle sidder. En wat gló hulle dan oek? Hulle gló, dat God 'n enig God is; en dis al. Hulle gló ni in Gristus, anders sou hulle salig worde. Oek weet di duiwels dat di Here Jesus is di Gristus. In Lukas 4:41 staan: En daar voer oek duiwels van vele uit, roepende en seggende: Jy is di Gristus, di Soon van God. En hulle bestraffende, liet Hy hulle ni toe om te spreek, omdat hulle wis dat Hy di Gristus was. Mar dis weet; en weet is nog ni gló in Gristus ni

In Joh. 6:54 staan: Di wat Myn vlees eet en Myn bloed drink, di het di ewige lewe. Dis 'n al te belangrikke woord: daaruit leer ons di mening van geloof. Daar staat net so goed geskrywe: Di in di Soon gló, di het di ewige lewe; as dat daar staat: Di Myn vlees eet en Myn bloed drink, di het di ewige lewe: Sodat gló en eet en drink di vlees en bloed van Gristus, diselfde beteken. En wat is nou eet en drink? Let mar op, wat gebeur as jy eet en drink. Waar bly di kos en drank, wat jy eet en drink? Di kos en drank kom binne in 'n mens syn ligaaam in. Nou, net so moet di waarheid, dat di Here Jesus Syn ligaaam vir ons gebroke, en Syn bloed vir ons vergote is, binne in ons in kom. Hoe? 'n Mens hoor of lees di waarheid, soos di op di blaje van di Bybel staan, en deur di verstand loop di waarheid na di hart, en di hart neem di waarheid in, net soos di maag di kos en drank inneem. Mar bly di waarheid mar net in di kop sit, sonder dat dit na di hart gaat; of weiger di hart om di waarheid an te neem, dan doet dit gen nut tot saligheid ni. Sien jy, as daar geskrywe stond: Met di verstand gló 'n mens tot saligheid; dan sou dit genoeg wees, dat di verstand di waarheid ontvang; mar so staat daar ni. Slaats mar op Rom. 10:10, dan sal jy sien dat daar staan: Met di *hart* gló 'n mens tot regvêrdigheid. Di geloof is 'n hartesaak; mar dit gaat daarom ni buiten di verstand om ni. Deur di gehoor gaat dit na di verstand, en so na di hart. Di verstand is oek in di saak werksaam. Ja, nog meer. Daar is 'n verwonderlikke oereenstemming tussen verstand en hart. Di hart kan net so goed verstaan as di verstand. Bybellesers het seker al op di uitdrukking uitgekom, mar misskien ni raak gesien ni; ek meen di uitdrukking: "Met di hart verstaan." Slaats dan op Mattheus 13:15, daar staat dit. En lees daarby nog Mattheus 13:23: "Di nou in di goede aarde besaai is, dese is degene wat di woord verstaat, di oek vrug draag en vortbreng; di een honderd-, di ander sestig- en di ander dertigvoud."

'n Gelowige mens kan dus met waarheid uit syn hart uit sê: di Here Jesus Syn liggaam is oek vir myn gebroke, en Syn bloed is oek vir myn vergote. Hy het di Here Jesus, hy besit Hem, is syn ei'endom, Hy kom hom toe. As di Heiland sê: dit is myn ligaaam, dat vir julle gebroke word; kan hy sê: Ja, Here Jesus, ek glo dit; daar sal ek deur U genade op lewe en sterwe, en in di heerlijkheid ingaan; en nou sal ek ni meer gebroke worde. En as di Heiland sê: dit is myn bloed van di Nuwe Testament, dat vir veule vergote word tot versoening der sonde; dan kan hy antwoorde: Ja, Here Jesus, ek glo dit, en daarom is oek myn sonde vergewe en *te niet* gemaak; op di bloed het ek myn vertrouwe gevestig en met di bloedmerk sal ek in di heerlijkheid ingaan en ni sterwe ni, mar lewe; lewe tot in ewigheid; en met blydskap sal ek sing:

"Prys di Heer met blyde galme,
o, Myn siel, jy 't ryke stof."

Lat ons nou opmerk, dat, nes 'n mens aldag drimaal eet en drink om syn ligaam te versterk en in stand te hou, so oek moet di Gristen gedurig eet en drink di vlees en bloed van Gristus; daarom staat daar in vers 56 van Johannes 6 geskrywe: di wat myn vlees eet en myn bloed drink, di bly in myn en Ek in hom. Het 'n mens dus eenmaal begin te glo, dan gaat hy daarmé vort tot hy di Heiland in heerlikheid sien; en net so min as 'n mens kan ophou met eet en drink, net so min kan hy ophou met glo. Om dus in Jesus te bly gaat hy dag an dag vort met eet en drink di vlees en bloed van Gristus, en sê gedurig: Ja, Here Jesus! ek glo U ligaam is vir myn gebroke en U bloed is vir myn vergote. Di geloof kan hy nooit 'n o'enblik laat vaar ni; di geloof moet altyd lewendig wees in syn hart. Di ondervinding van al di gelowige bewys dit ook. Vraag vir 'n man, wat al 20 of 30 jare gelede geglo het, of hy nou nog eet en drink di vlees en bloed van di Soon des mense, en hy sal jou sê: Ja, daar kan ek nooit mé ophou ni, en daar hou ek oek nooit mé op ni totdat ek di Heiland sal anskou in heerlikheid.

Lat ons nou Psalm 2 nakyk. Wat staat daar dan? Daar staat in vers 12: Kus di Soon, dat Hy ni toornig word ni. Nou, wat is kus? Dis erken, mar dis oek onderwerp; dis liefhê, mar dis oek vrees; dis aanneem, dis glo. Wat het di vrou gedaan in di huis van Simon di Farizeër? Het sy dan ni di voete van di Here Jesus gekus en met self gesalf ni? Ja, en dit was vir haar tot saligheid. Di Heiland het vir haar gesê: Jou geloof het vir jou behou; gaat heen in vrede.

An di voete van Jesus lê is oek glo. Di man, wat deur vier man gedra werd, en deur di dak neêrgelate was, het Jesus erken net soos di mense wat hom bring. En wat lees ons: En Jesus hulle geloof siende, seg vir hom: Soon, jou sonde is jou vergewe. En effen daarna: Staat op, neem jou bed op en gaat heen na jou huis.

Anraak is oek glo. Di vrou, wat 12 jaar di bloedvloed gehad het, kom na Jesus toe en raak di soom van Syn kleed an, en terstond was sy beter, op di plek was sy gesond.

Di Apostel Johannes, wat al 'n jaar of 3 gelowig was, het geloofsvrmoedigheid gebruik deur op di bors van di Heiland te gaan lê, di laaste aand wat hulle by makkaar was. En di liwe Heiland was daarmé tevrede. Hy het nooit gesê: Mar Johannes, dit staat myn daarom ni an ni, dat jy so op myn bors lê. Sit reg op; jy maak dit vir myn moeilik. Jy is al te vrypostig. Né! di Heiland neem dit ni kwalik ni. Hy is daarmé tevrede. Hy wil dit graag so hê. Dis juis wat Hy wil. Nooit sal jy in di Skrif vinde, dat 'n geloofsdaad di Heiland mishaag. Net andersom. Ongeloof mishaag Hem.

Mar, voor ons nou verder gaan, moet ek eers 'n vraag doen. Myn leser, en selfs di wat dit hoor lees, moet dit tog ni kwalik neem ni. Ek wil vra: Hoe staat dit tog tusse jou en di Heiland?

Is julle an makkaar verbonde of ni? Het jy Hem ooit angeraak en is jy nou los van jou sonde? Vas an Jesus is los van jou sonde. Los van Jesus is vas an jou sonde. Denk an Jesus, praat van Jesus, hoor en lees van Jesus is alles goed en wel; mar dit help jou ni. Dat maak jou ni los van jou sonde ni. Mar vat jy an Jesus; raak jy Hem an; dan gaat daar krag van Hem uit tot redding van jou siel; dan word jy behou; dan sal Hy jou ni as Regter verdoem ni, mar as Saligmaker red. Is jy los van Hem, staat dan op, loop na 'n eensame plek toe, val voor Hem neêr en praat met Hem. Steek jou hand uit en raak Hem an in geloof, en jy sal ondervinde dat jy hartelik welkom is. Jesus stoot nimand weg ni; Hy ontvang di sondaars en eet met hulle. Hy is di vrind van sondaars; mar Hy haat di sonde. En om di sondaar los te maak van syn sondedade en vry te maak van syn sondeskuld, daarom is Hy op di kruis van Golgotha gestorwe.

Het jy Jesus al ooit gekus? Of het jy nog nooit met Hem in so'n nou'e anraking gekom? So ver moet dit kom. Sonder dit kom jy nooit in di hemel ni. Kus jy ni vir Hem ni, dan toornt Hy op jou. Dit is: kus of sterwe. Daar is niks an te doen ni. Kus jy vir Hem ni, dan verdoem Hy jou. Kus jy ni vir Hem ni, dan slaat Hy vir jou met di roei van Syn mond, en maak vir jou dood met di asem van Syn lippe. Jy weet hoe Hy met di onvrugbare vygeboom gemaak het. Net so sal Hy met jou maak, as jy ni vir Hem kus ni. Sê jy misskien: mar ek is bang; ek vrees en beef om tot Jesus te gaan; want ek is 'n onreine sondaar; ek het veul kwaad gedaan en te'en lig en beter wete gesondig dan moet jy mar daarom kom. Di Heiland weet daar alles van; en Hy weet alles beter as jy. Mar kom jy en kus jy vir Hem, dan kom alles reg. Al vrees en bewe jy, dis oek niks ni. Al kom jy vresende en bewende, dis oek goed. Op di manier werk jy jou saligheid met vrees en bewing. So lank as jy mar kom. Kom jy ni tot Hem ni, dan forseer jy Hem om tot jou te kom. As jy tot Hem kom om Hem te kus, dan is Hy jou vrind; wei'er jy om tot Hem te kom om salig te worde, dan kom Hy as jou Regter om jou te te straf; dan kom syn toorn op jou. Julle twe moet makkaar kry. Julle kan ni van makkaar wegbly ni. Daar is ni raad voor ni. Mar hoeveel beter is dit om deur Hem verlos en salig gemaak te worde, as om di doodvonniss uit Syn mond te hoor: Gaat weg van my, jy vervloekte in di ewige vuur, dat vir di duiwels en syne engele bereid is.

Jy moet in Gristus glo. Jy moet Gristus vlees eet en Syn bloed drink. Jy moet glo dat Hy vir jou gestorwe is; dat Syn ligaam vir jou gebroke en Syn bloed vir jou vergote is. Seg jy misskien: Ag, wat, ek is ni so'n grote sondaar ni, dan moet jy weet dat jy vir jou groteliks vergis. Di kleinste en geringste sonde is groot genoeg om jou in di hel te bring. As jy so praat, dan toon jy dat jy God ni ken ni; en dat jy ni weet wat sonde

is ni; dan toon jy daardeur dat jy gen begrip het van di heilighheid van God. Di heilighheid van God is so, dat Hy di allergeringste sonde ni kan verdra ni. Loop agteruit na di Paradys, daar kan jy sien wat is di heilighheid van God en wat is sonde. Het ni di een sonde van Adam, di eet van di verbode boom, al di miljoene van mense met hom saam onder di verdoemenis gebreng ni? Né, sondaar! laat jy mar gou jou oo'e oop maak, dan sal jy gou gou sien watter groot sondaar jy is; en dan sal jy net naar voel en mar bly wees dat di Here Jesus vir di goddelose sondaars gestorwe is, en oek vir jou; en dan sal jy vresende en bewende kom en verlang om te kan glo, dat di Heiland oek jou sonde in Syn ligzaam gedra het op di kruis; en as jy ni durf jou arms om Jesus slaan, dan sal jy tog an di voete van Hem neêrval en di soom van Syn kleed anraak; en durf jy Syn lippe met jou syn ni anraak ni, dan sal jy tog syn voete kan kus so's di boetvaardige sondares gedaan het. Mar of jy Hem met di top van di vinger anraak, of dat jy Hem in jou arms sluit of dat jy op Syn bors gaat lê, so lank as jy Hem mar anraak, dan word jy behou. Laat jou raai; verwerp 'n goeie raad ni.

2. Nou kom ons tot di hoop.

'n Mens, wat glo in Gristus, het Hem; besit Hem. Hy kan met waarheid sê: myn Jesus! Jesus is syn wettige ei'endom. 'n Sondaar wat di Saligmaker aangeneem het, het net mar geneem wat hij mag neem; wat hij moet neem. Di Vader, wat Hem gegewe het, is daarme tevrede; di Soon is daarme tevrede en di Heilige Gees net so; di engele is daar bly om, en di kinders van di Here, wat dit verneem, verbly hulle daar oek oer.

Nou wel, uit di geloof kom di hoop. Gen geloof ni, dan oek gen hoop ni. Di wat geloof het, het hoop. Dis nou eenmaal onmo'entlik, dat 'n mens kan glo sonder hoop te hê; mar oek net so onmo'entlik is dit om hoop te hê sonder geloof. Di een kan sonder di ander ni bestaan. Ek weet wel jat menigte van mense praat van hoop, sonder dat hulle di Heiland besit, mar daar sit gen krag in ni. Dis 'n sandhoop, wat di wind kan laat wegstuiwe. Met so'n hoop kan 'n mens niks maak ni. Dis nes 'n getekende blommetje: daar is gen *lewe* in, en daar is gen *reuk* an ni. Dis nes 'n takki van 'n vrugteboom was afgesny is van di boom. Kan so'n takki dan vrug gé? Mar dit kan mos ni. 'n Boom, los van syn wortel, kan niks maak ni. 'n Mens moet jammer hê vir di arme siele, wat sê, hulle het hoop, en jy weet dan dat hulle los is van di Heiland. Mar so is di hoop van 'n gelowige man ni; hy het Gristus en daarom het Hy alles wat in Gristus is.

Nou moet ons eers sien of Gristus self ni "di hoop" genoem worde ni. Myn leser het dit seker al gesien; mar het jy dit ni gesien ni of daar ni op gemerk ni, dan wil ek dit vir jou laat sien in Tim. 1:1, waar staan: Paulus, 'n Apostel van Jesus

Gristus, na di bevel van God, onse Saligmaker en di Here Jesus Gristus di "onse hoop" is. Ha, dit doet 'n man, wat glo, goed an syn hart. Jesus is "onse hoop." Dewyl ons Jesus het, het ons "di Hoop." Baing mense let daar ni op ni, dat di Here Jesus self "onse Hoop" is. Mar Hy is dit; en Hy is "n Hoop" di nooit vergaat ni; Hy is gister en hede diselfde en tot in der ewigheid. "Di Hoop" beskaam ni. So is dan "onse Hoop" di persoon van Gristus. Mar is dan "di Hoop" oek ni 'n saak ni? O, ja! Di Hoop is di saligheid. En di saligheid is in Jesus. Laat ons nou mar weer lees Hand. 4:12, dan sal ons dit daar vinde. Hoor mar: Di saligheid is in gen ander ni, want daar is oek onder di hemel gen ander naam, di onder di mense gegewe is ni, deur wi ons moet salig worde. Daarom is Gristus onse Hoop en onse Saligheid. Dit word oek duidelik as 'n mens 1 Petri 1:3, 4 en 5 lees. Daar kan ons sien hoe in vers 3 di woord "hoop" voorkom; di "hoop" is in vers 4 "erfenis" en in vers 5 is dit "saligheid." Hoop, op sigself, is 'n woord, wat 'n danig algemene, onbestemde beteekeenis het. Seg byv. 'n man kom by jou en seg, sonder dat jy iets van syn sake afweet: ek het "hoop." Sal jy dan ni vra ni: wat meen jy daarby? Of watter hoop het jy dan? Mar seg hy daarop: Ek het hoop op 'n erfenis, dan is dit meer duidelik; dan weet jy omtrent wat dit is; mar selfs di woord "erfenis" kan mar min beteken. 'n Erfenis kan di moeite wêrd wees; of hy kan heel groot wees, enige duisende ponde sterling; of dit kan oek so klein en niksbeduidend wees, dat di onkoste om dit in hande te kry groter is as di erfenis. voornamelik as dit uit 'n ander land moet kom. Mar om di heerlikheid van di Gristen syn "Hoop" duidelik te maak word eers geseg dat di Erfenis is onverderfelijk, onbevlekkelik en onverwelkelyk; en om dat nou nog heerliker uit te breng word dit in vers 5 di "Saligheid" genoemd. Vraag 'n man nou: wat is saligheid? dan kan ons daarop mar net 'n gebrekkig antwoord gé; mar tog 'n antwoord. Ider kind van God geniet hier op aarde so nou en dan iets van di saligheid wat ons eens bowe ten volle sal geniet. Saligheid meen mos "volheid." Nou wel, somtyds is ons hier op aarde net vol. As di Heilige Gees ons in di grasige weide en langs seer stille waters breng; as Hy ons in di waarheid inlei en ons di Skrifte lat verstaan; as ons harte brandende in ons word, so's di harte van di Emmausgangers; as ons di heerlikheid van God en Syn Gristus sien; en di heerlikheid van di duurgekogte gemeente Gods; en di heerlikheid van Gods Koninkryk; en di heerlikheid van Israël; en di heerlikheid van di volke, wat sal salig worde; en di heerlikheid waar di aarde mé sal vervuld worde; as ons sien di heerlikheid van Gods Woord, van Gods beloftes, van Gods gebod, dan voel di hart al te bly; dan kan 'n man dit amper ni hou ni; dan is jy vol en di mond vloei o'er van di lof des Here. Ons geniet hier di rente van di groot kapitaal daarbowe. Ons kan ni sê so's di oudste soon in di gelykenis van di Verlore Soon seg:

“Vader het vir myn nooit ’n boklammetji gegé, dat ek met myn vrinde kan vrolik wees.” Né, ons het al baing boklammetjies gehad; en ons is met ons broers en susters in Gristus al dikwils vrolik gewees. Ons het al baing soetheid geniet: mar nooit genoeg gedank ni. En tog het ons oek di genot van dankbaarheid gesmaak. Ons het daarom baing rede om te sê: Halleluja! Lees oek nog in betrekking tot “hoop” Hebreë 5:18 en 19, dan sal jy sien dat ons di hoop het as ’n anker van di siel, wat seker en vas is, en ingaat in di binnenste van di voorhangsel.

En nou moet ek weer vra: Leser! Ken jy di dinge? Weet jy van di hoop, van di erfenis, van di saligheid? Ontvang jy oek so nou en dan di rente van di groot kapitaal van saligheid, wat in di Hemele bewaard is vir ons? ’n Man, wat gen kapitaal uitstaande het ni, ontvang oek gen rente ni. ’n Man, wat rente ontfang, het ’n kapitaal uitstaande. Ons ontvang rente dewyl ons “Hoop”, “Erfenis” en “Saligheid” daar bowe het. Ons het ’n kapitaal; en dit het ons in Jesus. As jy Jesus het, het jy dit oek. Het jy Hem ni, dan het jy gen kapitaal daar bowe. En as jy gen kapitaal in di Hemele het, waar lewe jy dan van in di ewigheid. Dan het jy niks om op te lewe ni. Dan moet jy sonder wat jou ewigheid deurbreng; selfs sonder ’n druppel water. Watter verskrikkelikke toestand is dit! Terwyl ons alles het en alles geniet, het jy niks ni. Gen water, gen lig, gen hoop oek ni. Denk tog o’er di dinge na, en word ernstig.

3.—’n Man, wat di Saligheid, di Erfenis, di Hoop, di Gristus, di Saligmaker, di Verlosser besit, en weet dat God hom van ewigheid af lief gehad het, kan bly wees. Mar ni bly wees alleen ni; hy kan dankbaar wees; hy kan God lief hê, wat hom in Gristus di saligheid gegé hê; hy kan di Saligmaker lief hê, wat vir hom gekruisd, gestorwe, begrawe, opgewek, en in di Hemel opgevare is; en nou an Gods regterhand sit, om vir hom te bid en syn Voorspraak te wees by di Vader; hy kan di Heilige Gees lief hê, om di hom vertroos, en leer en lei in al di waarheid, en uit di Heiland syn dinge neem en hom verkondig. Né, een ding is seker: ’n Kind van God kan ni nalaat om God lief te hê ni. Dit sou onnatuurlik wees, as dit ni so is ni. Di ondervinding leer oek dat al Gods kinders, al di gelowige, God lief het. Daar staat in 1 Joh. 4:19: Ons het Hem lief, omdat Hy eers vir ons lief gehad het.

Mar wat is liefde? Is dit ’n vuurtji, wat in ’n mens syn hart brand? Is dit net mar ’n gevoel, en niks meer ni? O, né! liefde is ’n daad; liefde is gehoorsaamheid; liefde is ’n deurlopende, anhoudende, onafgebroke, onbeperkte, altoosdurende gehoorsaamheid in alles, niks uitgesonderd ni. ’n Mens, wat di een dag gehoorsaam, en di ander ongehoorsaam is, is gen gehoorsame mens ni. ’n Mens, wat so by tye na syn ei’e wil, na syn gedagtes en na syn gemoed te werk gaan, is gen gehoorsame mens ni. Wanneer het onse Saligmaker ooit Syn ei’e sin en

wil gedaan? Nooit en nooit. Hy sê: Ek doen altyd, wat u wel-behagelik is; en weer: Ek het 'n spys waar julle ni van weet ni; myn spys is dat Ek di wil doe van Hem, di vir Myn gesonde het, en dat Ek Syn werk volbreng. Dit maak juis di grote onderskeid tussen 'n mens in Gristus en 'n ander, wat sonder Gristus is: di een is gehoorsaam, di ander ongehoorsaam. Mar is daar misskien oek 'n teks, waar 'n mens uit kan sien, dat gehoorsaamheid liefde, of liefde gehoorsaamheid is? O ja! Laat ons mar nalees 1 Joh. 5:3: Want dat is di liefde van God, dat ons Syn gebode bewaar; en Syn gebode is ni swaar ni. Twede Johannes, sesde vers, is weer net so: En dit is di liefde, dat ons na Syn gebode wandel.

En vraag 'n mens nou: Wat is dit om di Here Syn gebode te bewaar? dan is di antwoord: Om dit altyd by jou te hou, en te doen, so dikwils as dit nodig is. Daar is gebode, wat 'n mens selde nodig het om te doen; b.v.: as 'n mens jou *ni* op di wang slaat, het jy *ni* nodig om hom di ander toe te keer ni. Mar kom dit nou een dag so, dan moet jy dit doen. Di Bybel seg: Ons moet ons vyande lief hê; mar so lang as jy nou nog ni weet ni dat een jou vyand is ni, dan kan jy di man ni as 'n vyand lief hê ni. Mar nou kom dit een dag uit dat imand jou vyandig is; nou is dit jou tyd om hom lief te hê. En al gebeur dit nou oek tienmaal of twintig maal, of veertig of honderd maal, dan moet ons altoos di vyand lief hê. Di Here het geseg: Vergeld nimand kwaad voor kwaad. So lang as as imand jou nou gen kwaad doen ni, hoe sal jy hom dan kwaad vergelde; mar nou kom dit so, dat imand jou kwaad doen, hoe nou? Jou wreek op hom? Hom oek kwaad doen, as jy 'n goeie kans het? Ni so ni. Né, gen kwaad met kwaad vergelde ni. Di leer en di voorbeeld van di Heiland is ni so ni. Gehoorsaamheid is di sieraad van 'n gristen, 'n onmisbaar sieraad; ja, jy kan gerus sê: 'n ongehoorsame gristen is onbestaanbaar. Wat is geloof anders as gehoorsaamheid? Geloof is gehoorsaamheid. Geloof en gehoorsaamheid is so één, dat di een ni kan bestaan sonder di ander. Hoe meer 'n mens God leer ken, hoe meer sal hy oek in gehoorsaamheid toeneem.

Gehoorsaamheid geef gen pyn ni. Gehoorsaam te wees is net mar moeilik so lank as jy dit ni doen ni, mar so gou as jy dit doen, vind jy uit dat dit ni pynlik of moeilik is ni. Gehoorsaam wees is net as 'n smakelikke maaltyd te geniet. Daar is 'n onuitsprekelyk soet genot in gehoorsaamheid. Di Here Jesus noem dit: 'n Spys, wat julle ni weet ni. Hy het geseg: Myn juk is sag, en myn las is lig.

En nou, beminde Leser! Hoe staat dit met jou hoop, met jou liefde, en met jou gehoorsaamheid? Dit is jou wel bekend, dat verreweg di meeste mense mar 'n slegte hoop het op di saligheid; hulle seg: hulle het hoop; mar gaat jy ondersoek doen na di grond van di hoop, dan vind jy uit dat Gristus ni hulle hoop is ni; mar dat hulle iets anders het as 'n grond van

hoop; hulle is ni sulke groot sondaars ni; of daar is andere, wat veul groter sondaars is; of hulle het al genoeg gely in dese wêreld: God sal hulle ni twé-maal straf ni; of: God is 'n barmhartige en genadige God, sonder dat hulle rekening hou met Syn heiligheid en regvêrdigheid; of hulle doen wat hulle kan; en meer sulke en dergelyke gronde. En ni één van di gronde is goed ni. Gristus is mar di enige grond; nimand kan 'n ander fondament lê as wat geleg is, namelijk: Gristus. Paulus het in 1 Cor. 2:2 geseg: Ek het ni voorgenome ni om iets te weet onder julle as Jesus Gristus, en di gekruisig is. Daarom moet jy op niks en op nimand steun ni, as op di Heiland alleen.

En hoe staat dit met di liefde? As 'n kind van God vir 'n sondaar vra: het jy Jesus lief? dan durf hy kwaad en ergerlik worde. Nou wel, as imand kwaad en ergerlik worde om so 'n vraag, dan weet jy al allés; dan hoef jy niks verder te vra ni; dan het hy di Heiland stellig ni lief ni. 'n Gelowige mens vind altyd syn genot daarin, om 'n getuigenis af te lê van syn geloof in Gristus. Ek het al mense hoor sê: dit gaat jou ni an ni; dis 'n saak tussen di Here en myn; ek is ni van di skynheilige mense ni, wat met hulle godsdiens te koop loop ni; of hulle sê: jy is ni myn leeraar ni; ek het ni nodig om vir jou reenskap van myn siel te gé ni. Leser! kan jy met waarheid getuig: ek het Jesus lief. Mar ek mag hier wel by voeg: of ek weet dat ek di Here Jesus lief het, betêken ni veul ni; di vraag is: of di Here weet dat ek Hem lief het. Toen di Heiland vir Petrus an di sé van Galilea vraag: Simon, soon van Jona! het jy vir myn meer lief as dese? het hy ni geseg ni: Here, ek weet dat ek vir U lief het; mar: U weet, dat ek U lief het. Daar kom alles op an, of di Heiland weet of ons Hem lief het. As jy di Heiland lief het, dan sal jy gehoorsaam wees, en doen, wat Hem welbehagelik is. Nou ja, hoe staat dit dan met di gehoorsaamheid? Lees jy dageliks trou di Woord van God, om uit te vinde wat Hy wil dat jy moet doen? Is jy bekend met di gebode van di Heiland? Di Woord van God laat ons ni onbekend met onse roeping as Gristene ni. Daarom is dit nodig om bekend te worde met di gebode van di Here. En om di gebode te kan doen, moet 'n Gristen alle beloftes neem; alle beloftes kom ons toe. Di beloftes maak ons deur di Heilige Gees sterk om di gebode te kan doen; en di anneming van di beloftes, en di doen van di gebode, is alles salig genot. Ons is o'er di algemeen al te onbekend met di beloftes van God, wat almal in Gristus Ja en Amen is, tot heerlikheid van God, deur ons. Een van di grootste beloftes is: di ewige lewe. 1 Joh. 2:25: En dit is di belofte, wat Hy ons beloof het, namelijk: Di ewige lewe. As 'n mens nou di belofte gló: Ek het di ewige lewe! wat kan jy dan ni doen ni! Dit lewe is in di Soon van God. Di, wat di Soon het, di het di lewe. Di belofte moet dag en nag lewendig

in di siel wees: So sal ons met blydschap kan gehoorsaam wees; God behaag; Jesus verheerlik; 'n gelukkig lewe hê, en tot nut en se'en wees vir ons mede-mense.

[Patriot, 3 en 24 Julie 1885].

BEREID OM TE STERWE.

Lewe en sterwe. Hoeveul mooier klink di eerste woord as di laaste. Elke mens is an di lewe geheg! 'n Mens sal al doen wat hy kan om syn lewe te behou of te rek. So gou as di ligaam iets mekeer, neem ons ons toevlug tot medesynne of huismiddels; en as dit ni help ni, dan word di dokter geroep; en dan moet hy doen wat hy kan om di sieke gesond te maak. Ons het 'n natuurlikke afkeer van pyn, siekte en dood. En tog, van di sonde in di wêreld ingekom het, is daar pyn, siekte en dood. Ons het almal al pyn gehad; ons is almal al siek gewees; di een meer, di ander minder; en ons het almal al doje gesien, of van doje gehoor; en menigeen het ons self al help begrawe. En hoe menig een van ons ei'e famili het ons al sien heengaan. "Jy sult di dood sterwe", het di Here vir Adam geseg, "as jy van di boom der kennis des goeds en des kwaads eet"; en Adam het geëet; en nou word dit vonnis, nag en dag, voltrek an ider Adamskind. Di dood is di end van di aardske lewe; mar, o, hoeveel ly 'n mens ni menigmaal vóór di asem uit is ni. Menigte van mense ly meer in hulle lewe, as op di o'enblik as hulle sterwe; en menigeen sterf duisend dode vóór hy regtig dood gaan. Ons het almal dit al gesien, al het ons dit ni ondervinde ni. Di lyde van menigte van mense gaat alle beskrywing te bowe. En di end is..... dood! Mar is dit dan klaar; is dit dan afgedaan? Hou 'n mens op te bestaan, as hy di laaste asem uitblaas? Waar gaat di asem, di gees, di siel na toe? As di gees voor ons oog weg is, is hy dan regtig weg? Is hy dan vernietig? As ons ni di Boek van God had ni, dan sou ons daar alleen iets van kan denk; mar ons het di Bybel, di Woord van God, en di gé ons 'n bepaald antwoord op di vraag: Waar bly di siel? of wat word van di siel? of waar gaat di siel na toe? Prediker 12:7 seg: Di gees keer terug tot God, di hom gegé het; en van di ligaam seg di Woord: Di stof keer terug tot di aarde, soos dit gewees is. Stof tot stof, en di gees tot God, di 'n Gees is. En wat dan verder? Wat verder? 'n Mens is 'n verantwoordelik skepsel; hy is an God rekenskap skuldig van al syn gedagtes, van al syn woorde en van al syn dade. Ja; mar wi kan dit alles onthou? Slaai mar weer di Bybel oop, dan sal jy sien, dat daar, in di Hemel, antekening of boek gehou word van al, wat 'n mens doen. In Openb. 20:12 staan: En di boeke werd geopen..... en di doje werd geoordeel uit hetgeen in di boeke geskrywe was, na hulle werke.—'n Mens mag vergeet,

mar God vergeet ni; dis nou eenmaal al te duidelik uitgemaak. Lees op di punt oek 2 Cor 5:10: Want ons moet almal geopenbaar worde voor di Regterstoel van Gristus, opdat 'n igelik wegdra wat deur di ligaam geskied is, na dat hy gedaan het, hetsy goed, hetsy kwaad.—Lees oek Rom. 14:12, dan sal jy daar di saak so duidelik vinde as mar mo'elik is. Hoor di woorde: So dan 'n igelik van ons sal voor hom self an God rekenskap gé.—Denk oek an di woorde van di Heiland, in Mattheus 11:24 en 25: Dog Ek sê vir julle: dit sal vir Tyrus en Sidon verdraaglikker wees in di oordeelsdag, as vir julle; dit sal vir di land van Sodom verdraaglikker wees in di oordeelsdag, as vir julle.

Mar, daar is ni alleen verantwoordelikheid, daar is oek vonnis; vonnis van vryspraak of van straf; vonnis van verdoemenis of van saligheid. Laat ons lees Johannes 5:28 en 29: Verwonder julle daar ni o'er ni: want di ure kom, waarin almal wat in di grawe is, Syn stem sal hoor, en sal uitgaan; di, wat di goede gedaan het, tot di opstanding des lewens, en di wat di kwade gedaan het, tot di opstanding der verdoemenis.

Ek glo ni, dat dit sal nodig wees om meer hiervan te sê ni. Mar dewyl daar *lewe* en *verdoemenis*, *ewig lewe* en *ewige pyn* is, so moet di vraag beantwoord worde: Hoe ontkom 'n sondaar an di verdoemenis? En hoe verkryg hy di ewige lewe? Of met ander woorde: Wanneer is 'n mens bereid om te sterwe? Ons sal di vraag beantwoord vollens Col. 1:12—14. Ons lees daar: Dankende di Vader, wat ons bekwaam gemaak het om deel te hê in di erve van di heilige in di lig, wat ons getrek het uit di mag van di duisternis, en o'er geset het in di Koninkryk van di Soon van Syn liefde, in wi ons di verlossing het deur Syn bloed, namelijk: Di vergewing van di sonde.

Om gerus te kan sterwe, is dri dinge nodig:—

1.—'n Mens moet getrokke wees uit di mag van di duisternis;
2.—Hy moet o'ergeset wees in di Koninkryk van di Soon van Gods liefde;

3.—Hy moet di verlossing hê deur Gristus syn bloed, namelijk: Di vergewing van syn sonde.

En as dit so is,

4.—Dan kan hy di Vader dank, wat hom bekwaam gemaak het om deel te hê in di erve van di heilige in di lig.

1.—Di eerste ding, wat nodig is om bereid te wees om te sterwe, en in di heerlijkheid te kan ingaan, is: dat 'n mens deur God uit syn sonde uitgetrokke worde. Di sonde word genoem: Di magt der duisternis. Di Bybel leer ons, dat ons van natuur almal sondaars is. Siet, seg Ps. 51:7: Ek is in ongeregtigheid gebore, en in sonde het myn moeder myn ontvang. Ons weet, by ondervinding, watter grote mag di sonde of di duisternis het. Party mense kom baije moeilik uit hulle sonde uit; di sonde is vas an hulle, en hulle is vas an di sonde. Daar is daarom mense wat dit ni so swaar het ni. Hulle word op 'n reg Evangelise manier bekeer. Hulle lees di Woord van

God, seg, by voorbeeld: Wend jou na Myn toe en word behoue, al julle ende van di aarde, want Ek is God, en nimand meer. Hulle begin stadig an hulle sonde te sien en verlaat dit, en, net soos hulle hulle sonde verlaat, begin hulle hulle vuiligheid, hulle onreinheid te sien. Dis mos duidelik, so lang as 'n mens in 'n moddersloot staan of leg, kan hy ni sien hoe vuil hy is ni; mar net soos hy daar uit is, kan hy sien hoe liederlik hy lyk. Dis net so met 'n mens wat nog in di sonde, in di duisternis leef: hy sien ni, hoe vuil en onrein of hy is ni; mar, kom hy daar uit, dan sien hy dit. So gou as hy nou daarby nog bemerk, dat hy te'en di Heilige God gesondig het, dan maak dit vir hom bang en naar; en sien hy daarby nog, dat hy met 'n Regvêrdige God te doen het, dan seek hy na uitkoms. En nou lees hy di vrindelikke uitnodiging van di Here: Keer jou na My toe. Hy maak so; en hy word behoue. Hy gé hom an di Here Jesus o'er; hy neem Hem an; hy leer di Here Jesus ken, as di Enige Naam onder di Hemel, an di mense gegé om salig te worde, en hy is glad 'n ander mens, wat tot heerlikheid van God begin te lewe. En tog, alhoewel hulle op 'n makkelikke manier bekeerd worde, hulle het mar daarom menigmaal 'n harde stryd; en val nog honderde male in 'n sonde, en staan weer daar uit op, en bely hulle skuld, en vind uit hoe waar of dit is wat daar geskrewe staat: As ons ons sonde bely, God is getrou en regvêrdig om ons di sonde te vergewe, en ons te reinig van alle ongeregtigheid.

Sommige mense bring maande lang in 'n stryd deur. Di bose vyand van God laat hulle ni makkelik los ni. Hulle kry dit net hard. Ek ken 'n man, wat ses maande lank in so'n toestand gewees is. Di Here laat vir hom syn sonde sien en skaam worde; hy was van melewe 'n musikant en voordanster gewees; vrolik, opgeruimd, vol van korswyl, di katji van di baan. Mar di Liwe Here het gedagtes van vrede en van ontferming o'er hom gehad, en hom aangryp en uitgetrek uit syn sonde; hy het syn sonde gesien, en bely, en nagelaat of opgegé; en hy het gesien, dat di Saligmaker Jesus Gristus vir syn sonde gestorwe is. En toen hy eers bekeerd en gelowig was, toen word syn huis 'n huis des gebeds, en hy het, as Ouderling, lank gedien, en di Evangeli gepreek, en nimand ontsien. Hy leef oek nou nog, en doen syn werk as gristen. Van hy 'n gristen is, het di musikante, en dansters, en kaartspelers, en drinkers met hom niks meer te doen ni; mar hy is 'n vrind van Gods kinders, en word deur hulle bemind, en word van di ander gehaat en gevrees. En as daar altemit ergens in syn buurte 'n dansparty is, dan word hy nooit genooi ni. Eers was hy op sulke plekke onmisbaar, en na syn bekering is hy daar onbruikbaar. Hoe wonderlik tog: eers *onmisbaar*, en nou *onbruikbaar*. 'n Kind van God is onbruikbaar by di sondaars, en onmisbaar by di mede-gelowige; en 'n sondaar is onmisbaar by syn mede-sondaars, en onbruikbaar tusse di heilige. Dis twé soorte mense,

wat ni by mekaar pas ni. Di een is 'n kind des ligs, en di ander 'n kind der duisternis; en hulle is net so onverenigbaar as lig en duisternis.

Party welvarende mense na di wêreld, vertrou op hulle geld en goed, en denk mar min om hulle saligheid. Hulle is so vas an di vergankelike skatte, dat hulle an di Hemelse skatte ni wil vat ni. Hulle is bang om met Gods kinders in anraking te kom, en hou hulle di liefste van al met mense van hulle ei'e soort op. Hulle kom ni reg, sonder eers van hulle skatte beroof te wees ni. Nou weet ons almal, hoe maklik of dit voor di Here is om 'n mens arm te maak. En as di Here hulle eers van hulle skatte beroof het, kom hulle reg. Nou word hulle o'e oop gemaak, om te sien di waarheid van di woord: "ongestadigheid van di rykdom". Di Here maak hulle arm na di wêreld, om ryk te worde in God.

Dis daarom ni so, dat alle ryk mense, wat arm worde, tot di Here hulle toevlug neem ni. Sommige verhard hulle nog altyd meer, tot hulle ei'e skade; mar tog: Sommige kom op di manier reg.

Somtyds moet di Liwe Here 'n mens in syn vlees en bloed slaan, eer hy reg kom. Ek kan daar 'n paar voorbeelde van gé:—

In di Kaapstad het 'n man gewoon, wat deur di hele land bekend gewees is, om di menigte boeke, wat hy valselewe verkog het. Ek het dikwils met hom oer di goddelike dinge gepraat. Op 'n dag sat ik weer in syn kantoortji met hom saam; en in di gesprek wat ons toen met mekaar had, vraag ek ver hom, of hy versekerd is van syn saligheid. Daarop seg hy vir myn, dat hy, deur di Here syn genade, daarop "ja" kan antwoorde. Ek sê toen vir hom: mar, myn broer! ek sou tog so bly wees, as jy vir myn wil vertel, hoe jy vanmelewe reg gekom het. En so vertel hy toen ver myn, dat hy in vroe'er jare 'n winkel gehad het; en hy het geld gemaak; mar God vergeet. Hy, met vrou en al, het hulle glad ni an di Saligmaker gesteur ni. Di liwe Sondag word gebruik tot 'n uur of nege om te verkoop: dan word geld getel en boeke reg gemaak, en geëet en gedrink, en geslaap, en agtermiddag gekuier. Hy het geleef, nes 'n heide. Di liwe Heer het hulle 'n seuntji gegé; en hy was bysonder gek na di kind; en toen dit 'n paar jare oud was en so reg op syn liefste, sterf di kind. Di dood van di kind het hom baije seer gemaak; mar kort daarna werd daar weer 'n seuntji gebore en so was di hart toen weer getroos. En toen di kind weer op syn liefs was en so al alles begon te praat en oeral rondloop, word hy siek en sterf. Toen, seg hy, was hy radeloos, bedroef en kwaad (en woedend), alles deur mekaar; hy het gemurmereerd, en wou nog ni kop gé ni. 'n Derde seuntji word kort daarna gebore, en so was syn hart toen weer stil. Di klein mannetji was nog liefeliker en anvalliger en beminneliker as di ander twe. En wat gebeur? Toen di liwe kind dri jaar oud was, sterf oek hy. Toen kon hy dit ni meer

hou ni. Toen sien hy: dis om syn sonde, wat di Here hom so swaar kasty; hy word toen meer bedroef om syn sonde as om di verlies van syn liwe kindeas; en so breek di derde sware slag syn harde hart. Hy verlaat toen syn sonde; kry kennis an di Saligmaker, en neem Hom an, en word toen 'n griste, 'n sagmoedige, beminnelike man.

Nou 'n ander voorbeeld. Toen ek nog onder gewoon het, het ek 'n buurvrou gehad, wat so nou en dan ons kom besoek; dan het sy gewoonlik 'n klein seuntji by haar, so 'n mooi blont krulkoppi van omtrent 4 jaar oud. Dit was haar jongste kind, haar hartlam; sy was al te gek na di kind. Sy had al dikwils gelees, dat sy vir haar moet bekeer; sy had dat oek dikwils gehoor, maar dat nooit gedaan ni. En wat doen di Here toen? Hy neem di kind deur di dood weg, en toen het sy verstaan, waarom di Here di beminde kind weggeneem het. Dit was om haar hart na bowe te trek. De dood van haar kind is di middel geworde tot haar bekering.

Ek weet van 'n ander man, wat wegvlug as mense met hom kom praat van di Heiland. As hy hulle van verre sien ankom, gē hy pad en di mense moet so weer weggaan. En wat het di Here toen gedaan? Eers het hy syn arm deetlik beseer, mar hy kon loop; en hy loop. En toen dit ni help ni, toen kry hy so 'n ongemak an syn bene, dat hy moet lê. En so kom di vrinde toen weer om met hom te praat; en hy kan ni weg ni. Hulle praat met hom en di Here het di woord gese'end, en hy is bekeerd geworde.

As ieder mens wat uit God gebore is syn geskiedenis sou vertel, sal ons wonderlikke dinge hoor. 'n Mens is 'n baing moeilikke skepsel om iets goeds in te kry. En tog verbeel hy hom, dat hy ni teen di waarheid is ni, mar daarvoor. Tog is dit ni so ni. 'n Mens haat di waarheid van God, ni so groot met di mond ni, of oek ni met syn verstand ni, mar met syn hart. Voor ons nou verder gaan, leser, moet gy vir my tog permitteer om 'n vraag te doen: Is jy uit jou sonde uit? Of is jy nog daarin? Het di Almagtige God jou uit di mag der duisternis uitgetrek? Of is jy nog di ou sondaar? Nou nog meer verslaaf an jou sonde as 10 of 20 jare gelede! As jy met waarheid kan sê: ek is daaruit; God het in syn grote genade oek vir myn uit myn sonde uitgehaal, dan is dit goed; dan het jy groot rede om dankbaar te wees. Dan het jou 'n geluk oerkom, waar miljoene van mense niks van weet ni. Ek hoop, myn leser sal vir myn goed verstaan: dit is ni di vraag ni, of jy di een of ander sonde 'n bitjie verminder het ni; mar of jy al jou sonde afgege hē; of jy uit di mag der sonde uitgetrokke is. Jy is daarin, of jy is daaruit. *In* is *in*; en half *in* is oek *in*; uit is uit; en half uit is daarom ni uit ni; en *ni uit* ni, is *in*. Half behoue en half salig sal ni gaan ni. Half God dien en half di wêreld dien is ni mo'entlik ni. Di volmaakte God doet ni 'n

halwe werk ni, mar 'n volmaakte werk. Mar seg nou, dat een van mijn lesers eerlik moet erken: ek is nog in myn sonde in; hoe wil jy dan maak! So bly? Mar sal dit gaan? Sal jy by God deurkom, as jy moet voor kom? Jy weet tog goed, dat jy verantwoordelik voor alles is, wat jy gedaan het. Di verantwoordelikheid kan jy ni ontloop ni. Jy kan dit oek ni an 'n medemens o'er dra ni. *Jy, jy* staat persoonlik verantwoordelik voor God, voor al jou dade. Het jy daar al o'er nagedag? Het jy dit al deurgedag? Is jy klaar om jou Regter te ontmoet? Sien jy kans om hom te woord te staan? Sien jy kans om jou los te pleit? Jy weet, jy het ni met 'n mens te doen ni, mar met God. God het al di oordeel an di Soon gegee en so het jy dus met Gristus te doen, met God geopenbaard in di vlees. Hy is di Regter van di lewende en di dooi'e. God houd di skuldige geensins onskuldig ni. God is 'n regvêrdig Regter, en 'n God, di al dag toort. Ons weet di skrik van di Here: en daarom moet ons jou daarop wys. Jy weet hoe dit gegaan het in di tyd van di Sondvloed; wi het vry gekom? Net ag mense en nimand anders ni. Di water het gekom 15 el bo di berge en so was daar gen kans voor imand buiten di ark ni. Almal is verdronke. En waarom is hulle dan verdronke? Om hulle buiten di ark was. Di Bybel sê: hulle bekende dit ni. Hulle het gen ernstige notisi geneem van di Ark. Hulle het natuurlik gesien, dat Noach di Ark maak, mar hulle slaan daar gen ag op ni. Goedkoop het hulle nog wel met Noach gespot, so is daar vandaag nog mense genoeg wat spot met di erns van Gods kinders; en wat hulle goeie raad in di wind slaan.

Hoe is dit gegaan in Sodom? Is Sodom en Gomorra en Adama en Zeboim dan ni verbrand deur vuur van di hemel ni. En net mar Lot en syn twee dogters het uitgekom. Di mense van Sodom wou ni na di voorbeeld van di regvêrdige Lot sien ni. Di Here het syn skrik op hulle lat kom en di vuur het hulle almal verteer.

En nou sal daar weer 'n dag van verskrikking kom. Staat daar ni in 2 Thessalonicense ni. Met vlammend vuur wraak doende? En o'er wi nog al? O'er degene, wat God ni ken ni, en o'er degene, wat di Evangeli van ons Here Jesus Gristus ni gehoorsaam is ni, hulle sal tot straf ly di ewige verderf van di Here Syn angesig en van di heerlikheid van Syn sterkte.

Mar sê nou, dat 'n sondaar op di een of di ander, deur sagte of deur skerpe middels, uit di mag van di sonde is uitgetrek, hoe dan verder? Sal di Here hom so laat staan of sal Hy hom verder help? Hy sal hom verder help. Hoe dan?

2. Hy sal hom o'ersit in di Here Jesus Syn koninkryk. As 'n sondaar onder de Satan uit kom, kom hy onder di Heiland in. Hy word 'n onderdaan van koning Jesus; mar hier moet ons opmerk, dat hy ni mar so'n gewoon onderdaan word ni, mar 'n koninklik priester vollens 1 Petri 1:9, julle is 'n koninklik

priesterdom; of soos dit in Openb. 1:6 staan: en di ons gemaak het tot konings en priesters; of soos dit staan in Openb. 5:9, en Gy het ons gemaak tot konings en priesters. En hoe werk di koning dan met di sondaar? Hy skrywe Syn wet in syn hart en Hy geef di wet in syn verstand in. Nou kan 'n mens dit mos gemaklik verstaan: as di wet van God in 'n man syn hart geskrywe is, dat hy di wet dan lief het; en as dit in syn verstand ingegewe is, dat hy dan daaraan denk. Dis net so as in Psalm 1 geskrywe staat: mar syn lust is in di Here Syn wet en hy o'erdenk Syn wet dag en nag. Hoe gemakkelyk kryg hy dit nou. Dis nou ni meer so as toen hy buiten Gristus gestaan het. Toen het hy oek so ruk, ruk wil gehoorsaam wees en tog wou dit ni gaan ni. Dit was al te veul 'n gedwonge saak; en so onsmakelik. Mar nou ni meer ni: nou kan hy met di Psalmist sê: Hoe lief het ek u wet: Sy is 'n vermaking di ganse dag. Mar dit was nog ni alles ni: hy kry 'n hele wapenrusting, 'n hele uitrusting van wapens: om syn lende di gordel der waarheid; op syn bors di borstwapen der geregtigheid; op syn hoof di helm van saligheid; an di voete di voetskoeisel van di bereidheid van di Evangeli des vredes; an syn linkerarm di skild des geloofs om al di vurige pyle van di bose te kan uitblus; in syn regterhand di swaard des geestes; en daarinbowe het hy gebedsgemeenskap met de Vader deur di Here Jesus Gristus. Nog meer: hy ontvang di Heilige Gees om hom te leer, en te lei in al di waarheid, om hom te vertroos in syn verdrukkings, om hom alles te leer, en indagtig te maak alles, wat di Here Jesus geseg het.

En nou moet ek alweer met 'n vraag kom. Leser, weet jy van dese dinge? Is di wet oek deur di koning in jou hart geskrywe? Jy wil vra hoe jy dit kan weet? Dit kan jy daaraan weet, as jy di wet lief het. En hoe kan jy weet, dat jy di wet lief het? As jy di wet lief het dan sal jy dit doen. Gehoorsaamheid is di kenmerk. De Here Jesus het gen onderdane, wat kinders der ongehoorsaamheid is. Miskien skrik jy nou en sê: mar is dit dan onmogelik, dat 'n onderdaan van Koning Jesus kan ongehoorsaam wees? Mar, liwe leser, daar is 'n groot verskil tusse 'n ongehoorsaam kind, en: 'n kind der ongehoorsaamheid. 'n Kind der ongehoorsaamheid is ider, wat nog in di sonde leef, en in syn kwaad vortgaat; mar 'n ongehoorsaam kind is 'n kind van God, wat 'n fout maak, en dan het hy daar berou en spyt van.

En let nou weer op wat in Hebreë 5:9 staan: En geheilig synde, is Hy vir almal, wat Hem gehoorsaam is, 'n oorsaak van ewige saligheid geworde. Gehoorsaamheid kan ni ontbreek ni. Daar is by Gods kind lus om gehoorsaam te wees.

As di wet in jou hart geskrywe is, dan sal di oek wel in jou verstand ingegé wees; en dan sal jy di wet oek wel dag en nag o'erdenk.

En wat nou van di wapens? Ken jy di gordel der waarheid? Is jy lief vir di waarheid? Het jy wat o'er vir di waarheid? Bely jy di waarheid, di gehele waarheid van God; di waarheid, soos di eenmaal an di Heilige is o'ergelewerd. Stry jy voor di waarheid; ly jy voor di waarheid? Daar staan in Spreuke van Salomon, Hoofstuk 23:23 geskrywe: Koop di waarheid, mar verkoop di ni. Nou wel, koop jy di waarheid; is di jou enige prys wêrd; en wil jy di vir *gen prys* in di wêreld verkoop; oek ni al kan jy daar di vrindskap van di wêreld mé verkry, of eer of voordeel?

Steun jy vir di saligheid alleen en uitsluitend, en geheel en al, op di geregtigheid van Gristus; so dat jy vertrou, dat di Here jou geregtigheid is, en jy niks het om op te steun ni, as di alleen? As 'n man di borswape an het, dan beteken dit vir hom, dat hy di saligheid het, alleen om di geregtigheid van Gods Soon; en hy sal oppas, om ni syn ei'e geregtigheid met di van Gristus, an mekaar te las ni; hy sal dit oek ni eens perbeer ni, want hy weet, daar mekeer niks an ni. Syn ei'e wegwerpelik kleeed het hy weggegooi, omdat hy in God geloof, en hy dus weet dat hy daar niks mé kan begin ni.

Het jy di voetskoeisel van di bereidheid van di Evangeli des vredes an? Het jy vrede deur di Evangeli en dring di vrede jou om di boodskap van saligheid an di medemens te te bring? Is jy bereid daarvoor? Praat jy graag met 'n sondaar van di Here Jesus? Wys jy vir hom op di Saligmaker, om jy weet, dat hy vir hom oek kan salig maak, lat hy vir hom oek salig gemaak het.

Het jy di helm van saligheid op en weet jy dat, en is jy daarvan versekerd, dat jy di saligheid verkryg? Denk an di woorde van 1 Petr. 1:9, verkrygende di end van di geloof, namelijk, di saligheid van di siele. Al te veul gristene loop sonder di helm. Mar dan is mos 'n griste al te swak, en ni in staat om veul uit te hou ni. Di saak moet al te vas staan: di saligheid is myne; ek gaat na di hemel. 'n Griste sonder helm is 'n magtelooos man; 'n Griste, wat ni seker weet of hy na di hemel gaat of ni is al te gou moedeloos en loop gevaar om agter te bly. Let mar weer op di Israëlite in di woestyn: di wat bang was dat hulle ni in Kanaän sou kom ni, het wil agteruit gaan na Egypte. An di ander kant, en vooral in ons da'e is daar weer 'n groot klomp, wat al te gou is om te sê: ek is behouwe; ek het di saligheid; ek is bekeerd; ek gaat reguit na di hemel as ek sterwe. Party mense hulle bekering is danig bo op; danig oppervlakkig. Hulle weet ni bra van "diepte" ni, van 'n ruisende kuil, van modderige slyk, van bande des doods, van angste van di hel; van 'n gebroke hart of van 'n verslagede gees. Dat tog nimand homself bedrieg ni.

En hoe is dat met di skild des geloofs? Di skild is mar om jou te verdedig te'en di vurige pyle van di bose; om di helm, di borswape en di gordel te beskerm, en om te sê, as di salig-

heid, di geregtigheid of di waarheid deur di duiwel angeval word: ek geloof, en weer ek geloof, en so lank as di anval duur, altyd mar weer te sê: ek geloof!

En hoe is dit met di swaard des geestes? Verstaan jy om te sê, soos di Heiland geseg het: daar is geskrywe! Het jy kennis an di mag van di twesnydende skerp swaard, en gebruik jy dit gedurig teen jou teenstanders? Of het jy miskien mense-like geskrifte, waar jy jou op beroep: dan gebruik jy mos hout messe, waar nimand voor vrees ni. Buig jy self vir di woord van God en gaat jy met di kosbaar swaard deur di wêreld? As 'n man di krag van di woord an syn eie siel ondervonde het, dan weet hy hoe om ver andere te sê: daar staan geskrywe!

En hoe met di gebed? Weet jy wat dit is om tot God te roep in di naam van Gristus? Is jy dikwils in di Heilige en in di Heilige der heilige? Is jy 'n bidder in 't verborge? Bid oek jy te allen tyd? Bid jy oek sonder ophou? 'n Kind van God kan net so min sonder gebed lewe as sonder asem te trek.

3. En nou kom ons an ons derde punt. 'n Mens moet hê di verlossing deur Gristus bloed, namelijk, de vergewing der sonde. De sonde maak skeiding tusse God en di mens. So lank as 'n mens ni di vergewing van syn sonde het ni, kan hy ni sê ni: ek is bereid om te sterwe. Mar God is so genadig, dat hy an 'n ieder, wat Hy uit di weg der sonde trek en verset in di koninkryk van di Soon van syn liefde, oek di verlossing gé deur syn bloed namelijk, di vergewing der sonde.

Al wat di Vader vir myn geef, seg di Here Jesus, sal tot my kom; en di wat tot mn kom, sal ek geensins uitwerp ni.

Jesus ontvang wat di Vader Hem gé; en wat doet Hy met di mens? Hy was hom van syn sonde in syn bloed: en so is hy rein; en di Here lat hom dit verstaan; en verstaat hy dit, dan dank Hy God daarvoor.

Gebrek an kennis in di Skrifte laat vele van Gods kinders al te lank in di onsekerheid bly, of hulle sonde vergewe is of ni. Inplaas van in di Heilige Skrif te sien, kyk hulle in hulle harte. Dis 'n verkeerde plek. 'n Mens moet in di Skrif kyk, en daar sal hy vinde, dat di Heiland op Golgotha ons sonde *te niet* gemaak het. Daar sal hy vinde dat di Here Jesus, o'ergelewerd is om onse sonde. Daar sal hy sien, dat dit di enigste ding is, wat di Heiland an 'n sondaar gé, wat tot Hem kom. Denk an di man, wat deur vier gedra en deur di dak neergelate werd voor di voete van di Here Jesus. Di enigste woord was: Soon jou sonde is jou vergewe; en di tweede woord was: Staat op, neem jou bed op en wandel. En so met di vrou in di huis van Simon di Fariseër. Eers sê di Here Jesus hare sonde is haar vergewe; en toen: Jou sonde is jou vergewe; en toen weer: Jou geloof het jou behoue; gaat heen in vrede. En so is di ondervindig van duisende mense gewees. Ons plaas di vergewing van di sonde heeltemal an di end van 'n mens syn lewe, op di sterfbed, net by di o'ergang van di tyd in di ewigheid.

Andere mense het weer di gedagte, dat eers in di ewigheid dit sal verkrege worde, daar eers sal 'n mens verneem of syn sonde vergewe is of ni. Mar 'n troue lesing van di Bybel leer ons heel anders. Di grote voorreg kryg 'n mens dadelik by syn anneming van di Heiland. Nou sal imand miskien sê: ek het di Heiland al jare gelede angeneem; en waarom het ek dan ni di vergewing van myn sonde ni? Di saak is ni so moeilik ni; jy het dit ni, omdat jy dit ni angeneem het ni. Dis 'n saak, wat 'n mens moet anneem op grond van di getuigenis van Gods woord. Wat God gê moet 'n mens neem. 'n Mens bid, en dit nog al jare lang agter mekaar, om 'n ding, wat God gegewe het. In bedestonde kan 'n mens menigmaal gebede hoor, waaruit 'n mens moet opmaak, dat di Heiland nog nooit gestorwe is voor onse sonde ni; of dat di sonde al dag moet *te niet* gemaak worde. Mar lat ons tog let op Hebreen 9:26. Anders had Hy dikwils moet ly van di grondlegging van di wêreld af; mar nou is Hy, eenmaal, in di voleinding van di ewe geopenbaar om di sonde *te niet* te doen deur syns selfs offerande. 'n Sondaar wat hom an di Heiland o'ergê, wat Jesus anneem, net soos di Vader Hem gegê het, wat syn sonde bely, mag glo, dat dit alles vergewe is. En net so gou as hy glo, dat syn sonde vergewe is, sal hy di Vader dank deur ons Here Jesus. En dit bring ons tot di laaste punt, namelik tot di dankbaarheid.

4. Dankende di Vader.

Myn liwe lesers sal wel by hulle self en by andere medegelowige opgemerk hê, hoe selde of imand God di Vader dank, dat hy deur God bereid gemaak is om te sterwe. Dit lyk vir myn bra, of 'n heel party gelowige mense denk, dat 'n mens ni bereid is om te sterwe, voor hy eers op syn sterfbed lê ni. Dit kan wel wees, dat 'n gelowige nog gen begeerte het om te sterwe ni, dewyl hy di gedagte het, dat hy nog onmisbaar is vir vrou en kinders, of vir man en kinders; of omdat al syn tydelike sake nog ni in order is ni; of omdat daar nog iets te doen is, wat hy self eers wil doen; mar is dit dan 'n rede om te sê: ek is nog ni bereid om te terwe ni? Dit kan wees, dat 'n man syn tyd nog di daar is ni; mar bereid om in di heerlijkheid in te gaan is idereen;

wat uit di mag der duisternis getrokke is!

wat o'ergeset is in di koninkrik van di Soon van Gods liefde;

wat di verlossing deur syn bloed het, namelik, di vergewing van sonde.

Leser, het jy di dinge; dank dan di Vader al dag vir di grote genade; gê Hom heerlijkheid deur Gristus en leef dan so, dat nimand nodig het ni om an jou genadestaat te twyfel.

En het imand di dri dinge ni, dan moet hy hom ni verbeel ni, dat hy kan sterwe en salig worde; dan is hy onbereid; dan bly di toorn van God op hom; en dan moet hy vir ewig verlore gaan. Kind van God! wees bly en dankbaar: sondaar, wees ernstig; dis nog di welangename tyd, dis nog di dag der saligheid, dis nog di tyd van verhoor en help.

[Patriot, 31 Julie en 7 Aug. 1885].

SO GAAT DIT

'n verhaal

deur

OOM WILLEM

PAARL,
D. F. DU TOIT & CO.

1886.

SO GAAT DIT.

NOG TUIS.

—Ek dink, ou vrou, ek sal weer 'n slag na bo moet ry; daar is 'n heel party dinge wat ek in di boerdery nodig het, en di goed is in ons onderveld tog al te duur.

—Nou ja, man! as jy dink dat dit nodig is, dan moet jy mar ry. Wanneer wil jy gaan?

—Ek dink ander week Dinsdag of Woensdag; eerder sien ek ni bra kans ni; ek het nog baije te bestel. Ek sal mar ver Koos saam neem; hy was nog nooit in di bo'eland gewees ni; dan kan hy di wêreld oek 'n bietji leer ken. Dit sal ver hom goed wees 'n Kind moet ni almelewe by di huis lê met di kop op syn mamma syn skoot ni.

—Nou ja, jy moet dan mar ver hom saam neem: mar jy moet dan tog goed na hom kyk. In di Kaapstad kan hy strak weg raak. En wat begin di arme kind dan? En jy? En ek?

—Vrou, nou praat jy mos amper aardig. Sal ek dan so onverskillig wees? Daar is gen nood voor dat hy sal uit di hand uit raak ni. Mar weet jy wat ek nou wil doen?

—Tog ni wat jy di ander dag gesê het ni?

—Lat ek hoor, wat denk jy dat ek meen?

—Jy meen, jy wil perbeer om 'n paar wit jongetjies **kinders** uit di bo'eland saam te bring; is dit ni so ni?

—Ja, net geraai! En ek denk, ek sal hulle kry oek; jy weet, ek het 'n goeie vrind in di bo'eland en as hy net ver myn wil help, en di mense wil anraai om hulle kinders vir myn te gé, dan kom dit reg.

—Nou ja, jy kan perbeer; mar ek sou ni graag een van myn kinders an vreemde mense gé ni; en sal di bo'elandse mense dit dan waag om hulle kinders vir 'n onderveldse mens te gé, wat hulle glad ni ken ni?

—Ek sê mos, ons vrind in di bo'eland kan daar veul an doen. En jy weet dat ek 'n hulp nodig het. 'n Mens kan mos te'enswoordig met di arm swart skepsels amper niks begin ni; as ek nou 'n paar wit kinders kan kry van fatsoenlike ou'ers, dan sal dit mos baije goed wees. So'n kind kan jy tog hier en daar stuur, waar jy di swart skepsels moet weghou of hulle steel vir jou kaal. Ek wil perbeer.

—Nou ja, dis goed! Mar hoe maak ek nou? Ek het gen stuk dogter meer ni. Di skoondogters is met hulle mans weggetrek; di grootmaakdogtertji is nog onbekwaam om vir myn van diens te wees en ek het oek 'n hulp nodig. Kyk dan of jy in di bo'ewêreld ni vir myn 'n arme meisi kan in di hand kry ni, wat vir myn kan help ni. Jy kan mar sê, ek sal vir haar nes myn dogter behandel. Mar jy moet tog ni een anneem ni, wat net wil lekker eet en drink en fraai angetrek wees, en di hele

dag met di hande o'er makkaar wil sit om te kyk hoe of ek werk. Jy weet mos self watter een ek nodig het.

—Ja vrou, ek weet; nou wel, ek sal sien. Mar jy kan daarom oek wat doen. Jy kan bid dat di Here ons 'n paar mense sal gé. Hy weet ons het hulle nodig. Ek kan ni denk ni, dat Hy ver ons vir niet sal laat roep ni.

IN DI KAAP.

'N BEKENDE GESIG.

—Myn liwe tyd, Leni, waar kom jy van daan? Kom nader! Gaat sit! En hoe gaat dit nog?

—Ek kan ni kla ni, Oom Jan! Dit gaat nog redelik.

—En wat is nog al di beste nuws, wat jy saam gebring het? Hoe is di huismense?

—Oom Jan het seker al gehoor, dat Pa uit syn boerderytji gegaan het. Pa is al te oud om te boer; hy het alles an broer Martinus o'ergemaak. En nou moet ek oek ver myn 'n uitkoms soek.

—En wil jou broer jou dan ni by hom laat inwoon ni? Hy is tog mos al broer wat jy het?

—Ek is seker, dat hy ni ver myn sal sê: jy moet trek; mar ek glo ni, dat myn skoonsuster en ek al te goed sal klaar kom ni; daarom denk ek, moet ek mar laat vat.

—En waar dan na toe, Leni?

—Ek weet self ni, Oom. Een ding weet ek: di liwe Here verstoot nooit 'n wees ni; daar sal nog wel hier of daar 'n plekki ver myn wees; di wêreld is groot, en di Here Syn goedheid nog oneindig groter.

—Nou wel, myn liwe Leni! as jy jou vertrouwe op di Almagtige God stel, sal jy ni beskaam uitkom ni. Ek glo oek jou plek is al klaar; jy weet mar net ni, waar en by wi ni, mar op di Here syn tyd sal dit wel openbaar worde. Mar één ding moet jy daarom in gedagte hou, namelijk, dat jy dit nergens so sal hê as jy dit in jou ouers hulle huis gehad het ni. Ek glo ni dat Tante Anni daar iets op sal te'en hê, dat jy 'n rukki by ons bly, totdat daar 'n uitkomste ver jou kom.

—Ek het juis gekom, Oom Jan! om te hoor, of ek ni 'n tydji by Oom Jan kan bly ni, as Tante daar niks op te'en het ni. Myn hande staan tog oek ver niks verkeerd ni; ek kan mos oek so'n bietji werk uit Tante haar hande neem.

—Leni, seg Tante Anni, as jy dit wil ver lief neem, so's ons dit self het, dan is ek tevrede.

—Ek is regte bly, Tante, dat julle gewillig is om vir myn in te neem; ek kan wel by myn broer bly, mar behalwe dat ek bang is vir oorlog van myn skoonsuster, sou dit vir myn oek mar swaar val, om nes 'n diensbode te wees in di huis, waar ek, na myn Ma haar dood, di huishoue bestuur het. En dan is

daar nog 'n ding: Myn broer en syn vrou is wêreldse mense; hulle bemin onse Here Jesus ni; hulle dien di wêreld, en ek vind gen smaak in wêreldse geselskappe ni; en in Oom syn huis gaat dit anders.

—Ek is bly Leni, seg Oom Jan, dat ons ver jou 'n diensi kan bewys; bly oek, dat jy eers na ons toe gekom het; bly oek, dat di vrees van di Here in jou is, en di Heiland 'n plek in jou hart het. Mag jou verblyf onder ons dak tot eer van di Here wees, deur ons 'n se'en ver mekaar te maak.

En so blyf Leni dan vir enige weke by Oom Jan, en ni één het rede van kla ni. Dit gaat net regte goed.

IN DI DORP.

TWE SEUNTJIES.

—Nig Johanna, wat in di wêreld gaat jy met al jou seuns maak, moet hulle almal di Pape syn handwerk leer? Jy het ses, nè.

Ja, Oom Jan, ses! Wat hulle almal worde moet, weet ek ni. Jan en Bêrend het ni braaf lûs vir di ambag ni; mar wat ons met hulle sal begin, weet ons nog ni; ons sal dit wel een dag te weet kom.

—Raai, wat ek kom maak?

—Né, ek weet ni; seg mar!

—Ek het gekom, om met jou en jou man te praat; dis al verskeie da'e, dat ek met 'n plan loop.

—En wat is di plan nog al?

—Dat sal ek vir jou sê. Ek het gedag as 'n mens so baije seuns het, dan sou dit ni sleg wees om 'n paar van di kinders na di onderveld te laat gaan ni, vooral kinders wat lus het om di véboerdery te leer en dan naderhand self véboer te worde.

—Ja, oom Jan, dit klink mooi genoeg; mar 'n mens kan tog ni syn kinders so mar so an 'n idereen gé ni; jy weet ni in watter hande hulle kom; straks gaat dit ni goed ni, en wat maak jy dan?

—Né, nig Johanna, so moet dit oek ni gaan ni. Mar seg vir myn, vertrou jy vir myn?

—O, ja, heeltemaal! As di kinders wil gaan; as myn man daar niks op te'n het ni, en jy kan goed staan dat hulle 'n goeie plek kry, dan sou ek daar ni om gé ni. Dis waar, ek sien self hier is mar min vooruitsig vir di kinders; en verdien hulle al iets, dan hou hulle daar gewoonlik niks van o'er ni. Mar seg vir myn, oom Jan, sal dit in di onderveld beter gaan?

—Dis amper seker. As hulle bestendig en gehoorsaam is, dan sal dit met hulle goed gaan. In di eerste tyd sal hulle natuurlik ni veul verdien ni; mar as hulle beantwoorde, dan reken ek dat hulle in 10 of 12 jaar hulle ei'e boerderytji sal kan hê, en dan is hulle seker beter af as dat hulle in di bo'eland

bly. Jy moet eers met jou man en dan met di kinders praat. Ander maand hoop ek weer na di onderveld te gaan en dan sal ek sien wat ek vir hulle kan doen en of ek 'n goeie plek kan vinde by goeie mense. Is jou man ni tuis ni?

—Né, mar te'en di aand sal hy tuis wees. Ek is amper seker dat dit vir hom sal anstaan. Hy het al dikwils gesê, hy weet ni wat met di kinders te begin ni. So kan ek ni dink ni, dat hy daar veul op sal te'en hê ni. Ons kan sien.

—Nou, dan bly dit so. Tot siens!

—Tot wederom!

DI BESLISSING.

PA EN MA.

(Hulle sit alleen in di voorkamer.)

—Di man sê: Vrou, jy het nou mar an tafel gesê, dat jy met myn o'er iets wil praat, nê?

—Ja, dis reg; mar raai eers wi van agtermiddag hier gewees is?

—Jan, Piet, Paul of Klaas, en as dit ni een van di vier was ni, dan was dit seker imand anders, nê?

—Kyk nou, jy maak weer grappies; né, raai! wi was hier?

—Was dit man of vrou?

—Dit was 'n man, en di naam het jy al genoem al.

—Dan sal dit mar Jan wees? Tog ni Oom Jan ni?

—Dit was Oom Jan; en raai, wat hy kom maak het?

—Né, ek weet ni; mar hy is 'n goeie man, wat graag goeie tydings bring; hy sal seker ni 'n slegte boodskap gehad het ni. Wat was nog al syn boodskap?

—Jy sal dit ni gemaklik raai ni.

—Dan sal ek liwers gen moeite doen ni; Sê mar!

—Wil jy jou kinders na di onderveld laat gaan?

—En wi nog al?

—Jan en Bêrend!

—En wat moet hulle onder gaan maak?

—Hulle moet di véboerdery leer.

—Dis gemakliker gesê as gedaan. En het jy di ding dan al kant en klaar gemaak?

—Né, wat! Daar is nog niks klaar ni. Ons moet eers daar saam o'er praat, en dan besluit of ons so iets kan doen.

—Is daar in di Onderveld dan imand, wat di kinders wil neem, om hulle di boerdery te leer?

—Dit kan ek ni sê ni, mar Oom Jan sê, as ons gewillig is om 'n paar van ons kinders na Onder te laat gaan, dan sal hy na 'n goeie plek uitkyk. Ek glo, hy het imand op di oog.

—Jy weet, vrou, wat ek vir jou di ander dag gesê het; ek sien vir ons kinders hier mar 'n swak vooruitsig, en as daar

'n goeie vooruitsig in di Onderveld is, dan kan ons ons kinders van hulle geluk ni afhou ni.

—Oom Jan sê, dat daar nou en dan arme jonge mense na di Onderveld trek, en sommige beantwoord goed; ander ni; dit kan 'n mens self begryp. Wat *hier* ni wil deug ni, sal daar waarskynlik ni goed doen ni. Ek het daarom 'n gedagte, dat ons kinders sal goed doen; en as hulle dit party keer swaar kry, dis oek niks ni; di boerdery is 'n moeilike affêre, mar as hulle wil boer worde, dan moet hulle mar hou.

—Nou ja, vrou! ek reken oek so:— As hulle goed is, moet hulle hou; en as hulle hou, is hulle goed. Het jy al met di kinders gepraat?

—Né, ek wou vir hulle niks sê ni; ek wou eers met jou gepraat hê; daar is nog tyd om met hulle te praat. Mar jy vraag ni vir myn, wat ek van di saak dink ni?

—Dis ni so danig moeilik ni om uit te vinde wat jy van di saak dink; as jy daar al te grote objeksies te'en had, dan sou jy ni eens met myn daarvan praat ni. Jy het seker al in jou hart besluit om hulle te laat gaan as ek dit ni te'en staan ni, en as di kinders graag wil gaan, en as Oom Jan ver hulle by goeie mense en op 'n goeie plek kan besorre.

—Jy het reg gesê; ek voel in myn hart gen te'enstand ni; en tog denk ek so ruk ruk: Ja, hoe sal dit met di arme kinders gaan, as hulle hulle voete onder 'n ander man syn tafel moet steek, en as hulle straks onvrindelik behandeld worde? Hoe gaat dit as hulle altemit siek worde, of as hulle seer kry? Hulle moet straks met osse, pêrde en esels werk; hulle is di goeters ni gewoon ni. Mar nou het ek so gemaak: ek het al myn besware ver di Heere vertel, en dit lyk ver myn nes di Heere dit alles vir Syn rekening geneem het en nes ek nou daarmé niks meer te doen het ni. Ek is so gerus as mar kan wees. Mar nou wil ek weet of jy nog besware het. Het jy nou nog?

—Myn liwe man, as *ons* di kinders moet oppas en vir ongelukke bewaar, dan sal dit mar gevaarlik gaan. En moet di kinders siek worde, dan kan di Heere hulle in di onderveld net so goed beter maak as hier. En wil di Heere hulle laat sterwe, dan kan hulle hier net so gemaklik doodgaan as daar. Di enige saak is, hulle moet ni in slegte hande verval ni.

—Dis reg, myn hart! Mar ken jy 'n beter man om ons kinders by goeie mense en op 'n goeie plek te besorg as Oom Jan? Hy is 'n godvresende man; hy is 'n versigtige man; hy is baije gek na kinders en jong mense, en 'n verstandige man. Hy sal syn vrinde in di onderveld ni kinders rekommandeer waar hy sal skande o'er kry, daarom kies hy ons kinders uit en hy sal ons kinders ni vir mense gé wat hulle sleg sal behandel ni. So ver as di een mens in di ander 'n vertrouwe kan stel, denk ek dat ons oom Jan kan vertrou.

—Ek glo oek so: en ek kan jou nog daarby sê, dat ek an gen man in di wêreld, voor so ver as ek mense ken, di saak

so toevertrou as an hom. En nog 'n ding; as ons kinders hulle goed gedra, gehoorsaam en werksaam is, dan kan ek ni dink dat hulle dit te swaar sal kry ni: en kom dit al 'n bietji swaar—van werk syn kant—dan sal hulle daar ni van bederwe ni; en dan: vreemde vé maak mense; en nog meer: dit is goed dat 'n mens syn juk in syn jeug dra.

—Nou wel, vrou, dit lyk of ons o'er di saak ordentelik o'reenstem; ons moet nou mar saam en alleen di saak voor di Heere bring; Hy sal ons gen stene vir brood ge ni; di Heere hoor di gebed; di Bybel seg: ek roep Hem aan, omdat Hy vir myn verhoor; as ons iets bid na Syn wil, dan verhoor Hy vir ons; en meer sulke tekste.

En wat denk jy nou, sal ons vanaand di kinders iets daarvan sê? Ek verbeel vir myn, dat hulle minder beswaar sal maak as onself.

—Né, kyk vrou! ons kan daaro'er nog mar 'n paar da'e stil bly. In elk geval is di aand ni al te geskik om o'er sulke dinge te praat ni, wat di gedagte en di hart onrustig maak. Ek wil liwers van 'n ander gele'endheid gebruik maak om iets daarvan vir di kinders te sê. Jy kan di punt mar heeltemaal an myn o'erlaat; ek glo ni dat ek na 'n kans sal hoef te soek ni; dit sal somar van self kom en dan sal ons sien wat di knape daarvan sal sê. Mar één ding vrou, in di keus van 'n ambag of 'n beroep moet 'n ou'er 'n kind nooit dwing ni. Daar het ek di verkeerde gevolge al van gesien. Nadat 'n kind syn anleg en geaardheid is moet hy iets leer om di maatskappy te dien en daardeur syn brood te verdien. En as 'n paar van ons kinders boer wil worde en kan worde, dan sal ek vir myn part net bly wees.

—Hoe kom so? Waarom dan liwers boer as iets anders?

—Mar, myn liwe vrou, om di eenvoudige rede, dat ons nou al veul te veul mense het wat bo di grond werk; o'ergenoeg wat onder di grond werk; en veul te min wat in di grond werk. Di boerdery is di voornaamste bedryf in ons land, almal moet daarvan lewe, en ons land breng op vér na ni genoeg kos op vir ons ei'e mense ni. Ons moet alle jaar koring, hawer, rog, gars, milies, vlees, vis, atjar, melk, botter, kaas, spek, ham, ens., invoer, almal dinge wat ons hier self kan hê, as mar di liwe grond kan bewerk worde. Grond het ons genoeg, mar mense om di aarde te bewerk ontbreek. Ons ei'e mense vermeerder by di dag, en dan kom daar nog al weke 'n trop mense uit ander lande na ons Koloni toe, en di meeste wat inkom is eters, en min mar wat di boerdery by di hand vat. Koerante en boeke het ons al soveul dat jy daarmé kan vuur maak en jou huis uitplak en nog 'n party kan o'erhou; mar kos! waar is di? As ons di helfte minder handelaars sou hê, en di dubbelde getal mense wat kos uit di grond haal, en di liwe Heer Syn se'en ni terughou ni, dan sal ons kos en geld hê. Mar nou, waar is di kos? Waar is di geld? Né, di gebrek an mense wat

in di grond werk, is een van di groot oorsake van di duurte van di eerste lewensbehoefte; en as 'n paar van ons kinders, missskien meer, wil boer worde, sal ek myn daar ni te'en verset ni.

—Nou ja, so's geseg is.

DI BESLISSING II.

OU'ERS EN KINDERS.

—Kinders, hoe lyk dit van morre?

—Né, goed pa, goed! ons hou almal van kalfso'e of van struis of struif, of gebakte eier.

—Hendrik sê: Pa, as daar di kêrels eendag boer is, dan kan hulle hulle so trommeldik eet an eiers.

—Jy kan vir myn glo, kêrel, di eiers sal dit by myn hard kry, roep Jan, en hy lach dat syn fraai wit tande so mar helder kan gesien worde.

—En as di liwe Heere dit nog een dag so bestuur dat jy kan na di onderveld gaan en boer worde, en as jy dan eendag baije eiers het en missskien wel vo'elstruiseiers, dan kan ons net mar lees in jou briwe, hoe lekker jy dit daar onder het, en hoe smakelik jy kan kalfso'e eet, en dan sal jy altemit braaf suinig met jou eiers wees en nooit so'n dosyn of wat met geleendheid opstuur ni. Wat seg jy, ma?

—Mar, ou-man, ek glo amper ni dat hulle dit so swak sal maak ni, wat sê julle, kinders?

—Og, ma! Pa sê mar so; boeti Bêrend en ek sal dit ni so sleg maak as Pa sê ni. Mar, Pa! Dirk van tante Mita het gister vir myn gesê dat daar nou baing boere van di onderveld opkom; oek sal dit nou mar Synode wees en dan kom daar mos 'n goeie party ouderlings op. Sal Pa dan ni met di mense kan praat en hulle vraag, om vir Bêrend en vir myn onder toe te neem ni? En as Pa ni tyd het ni, dan kan ons mos mar self Kaap toe gaan en met hulle praat. Missskien is daar so'n goeie ou-oom wat kinders nodig het, en sal altemit nog bly wees bo op om 'n paar fatsoenlike kinders te kan kry, en dan kan Pa en Ma mos self met hom gaan praat.

—Mar kinders, sê Pa, het julle dan rêreg lus om onderveld toe te gaan? Het julle dan nog ni gehoor dat di Boere so straf met 'n mens kan werk ni? Julle sal straks baije spijt hê as julle eers onder is, en dan skryf julle somar brief op brief om weer huis toe te kom.

—Ek glo ni, Pa. Ek weet, 'n mens kan dit by vreemde mense ni so as by jou ou'ers hê, mar ek reken as 'n mens goed oppas en gehoorsaam is en doen wat jou gesê worde, dan sal jy dit daarom ni te swaar kry ni.

—Dis reg, Boeti! seg Bêrend; en as 'n mens op Tafelberg wil wees, dan moet jy daar opklím en dit gaat oek mar moeielik;

mar is jy daar eenmaal, dan het jy al di genot daarvan, en so reken ek oek as 'n mens, wat gen geld het ni, 'n kans kan kry om veeboer te worde, dan moet hy oek mar 'n bietji uitstaan. Met ander jong mense het dit goed gegaan, en waarom sal dit met ons dan ni goed gaan ni?

—Hendrik praat: Sal Pa en Ma dan rê-reg di kinders na di onderveld laat gaan as daar vir hulle 'n kans kom?

—Sou jy daar iets op te'en hê, Hendrik?

—Né, wat, Pa! Ek sal net bly wees as hulle kan gaan; mar hulle moet daarom vir ons so nou en dan 'n paar vet hamels opstuur.

—En vir myn 'n paar mooi vo'elstruisvére, seg hulle enigste sustertji.

—En 'n paar sténe seep en goeie klomp biltong, en al wat di Onderveld oplewer, en dan sal ons dit self opbring, seg Jan!

—Hendrik, jy het nou mar gevraag of jou Ma en ek di kinders regtig na di Onderveld sal laat gaan, as daar 'n goeie kans kom. Wel, daarop kan ons antwoord, dat ons di saak al rypelik o'erweeg het, en daaromtrent oek al gebid het, en dit lyk vir ons, of dit ni so'n slegte plan sal wees ni. Ons kan julle sê dat ons gewillig is om julle te laat gaan, mar nog meer kan ons sê, vóóreergister was Oom Jan hier, en hy het juis kom vra, of ons ni 'n paar van di kinders na di Onderveld wil laat gaan ni. Hy gaat binne kort so'entoe, en sal ver hulle na 'n goeie plek uitkyk en by goeie mense, as ons daar ons goedkeuring an heg, en Jan en Bêrend lus het om Onder toe te gaan. En nou, Jan en Bêrend, wat is julle wens? Teen julle begeerte wil ons dit ni doen ni, mar as julle graag wil gaan, dan sal ons ver julle ni hinder ni; mar as dit oek eenmaal besluit is, dan maak ons daarin gen verandering ni. En nou, wat is julle antwoord?

—Jan, wat di oudste van di twe was, seg toen: Pa, Bêrend en ek het daar al dikwils o'er gepraat, en ek glo ni dat hy sal omdraai, nou daar altemit 'n kans kom; wat sê jy, Bêrend?

—Daar is gen nood voor ni, Jan! Van watter tyd af het ek al gesê, dat ek lus het om skaapboer te worde. Ons het mar ni geweet hoe ons dit moet anleg ni, mar as Pa en Ma hulle toestemming gé, en Oom Jan ons wil help, dan is ek seker dat dit sal goed gaan, en ons sal ni agteruit trek ni.

—Nou ja, kinders! dat is dan goed, mar het julle nou al di koste bereken?

—Kos dit dan geld, Pa! seg Jan.

—Né, kinders, dis ni wat ek meen ni. Ek meen, as julle na di Onderveld gaat, dan kry julle wel 'n Oom en Tante, wat, soos ons hoop, julle goed sal voorgaan en julle goed sal versorg; mar julle sal daarom ondervind, dat daar ni 'n man is so's 'n vader, en ni 'n vrou is so's 'n moeder ni. Julle sal ons so nou en dan mis.

—Ons kan dit wel verstaan, Pa! mar as ons hier bly, dan word ons nooit skaapboere ni. Ons moet o'eral werk; mar as 'n mens met vé kan boer, dan het jy daarom beter kans om vooruit te kom. Neef Dirk-i is net mar ses jaar onder, en syn klompi vé is nou al o'er di honderd; hy het al 'n roer en 'n rypêrd en vier vo'elstruisies, en, toen hy verlede jaar bo was, het hy vir ons gesê, as hy nog ses jaar bly by di Oom, waar hy altyd by gewoon het, en gen te'enspoed kry ni, dan het hy di saak gewen, en dan sal hy vir hom self kan begin.

—Wel, kinders, ek is nooit skaapboer gewees ni, ek kan daar mar min van sê, mar ek het daarom gehoor, dat di droogtes daar baije kan knyp, en dat party keer amper al di vé vrek, en dan te danig agteruit raak.

—En dan weer vooruit, Pa! seg Jan. Al di vé vrek nooit.

—Nou wel, kinders, ek het daar vrede mé. Ma! het jy nog iets te sê?

—Ek het op di o'enblik net een ding te sê, en dit is, "as jy wel doen, dan is daar verhoging." As di kinders altemit na di Onderveld gaan, en hulle doen daar wel, dan sal hulle verhoog worde, en as hulle ni wel doen ni, dan lê di sonde an di deur. Ons het di kinders perbeer opbring in di Here Syn vrees; als hulle hulle daarna gedraag, dan sal di Liwe Here hulle se'en, en dit sal hulle wel gaan.

—En so stem ons dan nou almal saam. Ek denk, ons kan nou niks beters doen ni as om di Here te vra dat Hy syn se'en an ons planne sal gé, of dit vernitig, as dit te'en Syn wil is.

En so het hulle gedaan, en toen gaat ider na syn werk.

DI OOM UIT DI ONDERVELD IN DI BOLAND.

—Dag, Oom!

—Dag, myn Neef i; mar wi is jy, myn kind?

—Ken Oom ni meer vir myn ni?

—Og ja, myn kind, nou ken ek vir jou, mar waar kom jy vandaan en waar is jou Pape?

—Ons kom uit di Onderveld, Pa is voor di deur, by di wá. Pa vra of ons 'n bietji kan uitspan?

—Al te seker, myn seun!

—Ha! welkom, welkom, Neef Koos, in di Boland. En hoe gaat dit nog?

—Né, dit gaat tog nog so effentjies, en hoe is jy en jou mense?

—Niks te kla ni. Sal di jong alleen kan klaar kom? Wag, ons moet di wá mar op sy van di huis uitspan.

Uitgespan, esels geknihalterd, water gegé, krib gespan, esels voer gegé, wá afgelaai, goed ingebring, alles klaar.

—Leni, bring koffi en 'n paar beskuitjies; gé di Neef-i oek 'n bietji koffi, dit sal di klein man goed doen.

—Neef Koos! di Niggi haar naam is Leni, wat al 'n tydji by ons woon, en wat altemit nog 'n rukki by ons sal bly. Nig Leni! dis 'n vrind van myn uit di Onderveld; syn naam is: Oom Koos; hy is nes jy en Tante en ek deur Gods genade gelowig in di "Enige Naam"; so sal dit julle ni moeielik val om te gesels ni; kinders van di Hemelse Vader kan baije gou kennis maak.

—Ek is bly om 'n gelowige Oom uit di Onderveld te sien. 'n Mens kan tog sien dat di liwe Here o'eral syn kinders het. En hoe het Oom Koos di onderveldse Tante laat staan?

—Né, al myn huismense was fris toen ek van di huis gegaan het. Met di eerste pos wat van Onder kom, verwag ek tyding.

—Koos, gé jy vir myn di knapsak, waar Ma di goed vir Tante Anni in gesit het, dan kan Nig Leni dit mar 'n bietji uitpak.

—Myn liwe tyd, Neef Koos! wat beteken al di goed?

—Ja, Nig Anni, jy ken mos di ou-vrou goed; sy is mar so's sy is. Sy gun dit vir jou, en daarom stuur sy dit.

—En dan doet Neef Koos nog al di moeite om dit saam te bring?

—Nig Anni, ek het daar mar min moeite an gehad; di vrou het dit ingepak, di jong het dit op di wá gesit, di wá het dit gedra, di esels het dit getrek, di jong het dit angebring, Koos het dit hier gebring, en Nig Leni het dit uitgepak. En as dit nou mar welkom is, dan sal ek net regte bly wees.

—Welkom, dit kan Neef Koos glo. Seep en biltong, en wildsboutjies, en vy'e en resyntjies en gedroogde perskes; Neef Koos kan baije dank-i sê vir myn Nig, en dank-i oek vir Neef Koos, om jy dit saam gebring het.

—Mar nou 'n ander stori, Neef Jan! wanneer kom di pos van di Onderveld in?

—Gewoonlik Vrydag.

—Mar dis mos vandaag Vrydag?

—Ja dit is, en dis amper tyd dat ons briwe rondgebring worde; as daar briwe vir jou is, dan sal dit net nou mar hier wees.

Tok, tok, tok, op di deur.

—Leni, kyk 'n bietji.

—Twe briwe, noi! sê di jong.

—Dank-i.

—Hier is twe briwe; een vir Oom Jan, en een vir Oom Koos.

—Ja, dis myn vrou haar hand.

Oom Koos maak di brief oop en lees, en dink diep.

DRI DA'E TYD.

—Hoe is dit Neef Koos, het jy tog van daag so wat kan uitrig in di stad?

—Ja, mar ek is daarom ni klaar gekom met al myn dingetjies ni; ek sal Maandag weer moet ingaan. Di lastigste is, jy moet op soveul plekke wees. Kon 'n mens al syn goed op één plek kry, dan sou dit 'n heel end makliker gaan; mar di een ding moet jy hier koop, en di ander ding moet jy daar koop, en dan weer moet jy al jou goed, soveul as molik is, op een plek by mekaar bring; anders word dit so moeilik met oplaai, as 'n mens wil uitry. Mar dis alles niks ni; weet Neef Jan, ek het 'n groot ontmoeting gehad?

—So, hoe dan?

—Wel, di klein kerel was mos amper verloor.

—Amper verloor! hoe het hy dan gemaak?

—Ek was mos by DE WAAL en DE KOCK in di ysterwinkel, en terwyl ek daar besig was om goed uit te sit, hoor di klein kêrel musiek op straat, en hy uit, sonder dat ek daar op gelet het, en hy agter di musikante; dit was vir hom glo ek al te mooi! di klein man is mos so gek na musiek; jy kan vir hom daarmé weg lei waarna toe jy wil. Di kerels speel voor di een huis en dan voor di ander huis en hy loop saam; en toen ek sal kyk waar hy is, toen is hy vort. En toen hy omtrent 'n half uur staan luister het, sal hy skrik, en toen weet hy ni waar na toe ni. Nou is hy vir myn kwyd en ek is vir hom kwyd. Hy soek vir myn; ek soek vir hom. Hy soek waar ek ni is ni, en ek soek waar hy ni is ni.

—En waar het neef toen vir hom weer gekry?

—Ek het toen na di losieshuis gegaan en al di mense wat vir hom daar gesien het, gevra om straat op, straat af te loop en te perbeer om vir hom uit te vinde. Toen neem een di Breestraat, een di Langstraat, een di St. Georgestraat, ek vat di Adderleystaat, en dri van di vrinde het na di Parade gegaan—daar is mos so baing mense op Saterdag—en daar sien hulle 'n klomp mense staan, en hulle soo'n toe. Di klein kêrel het op di Parade gekom en daar gevraag vir een van di boermense: Weet oom ni waar di ysterwinkel is ni, waar myn pa die goed koop? Hulle sê toen, mar klein kêrel, hier is so baije ysterwinkels; watter een is dit? En terwyl hulle toen nog met hom praat, kom di vrinde by en hull, ken vir hom dadelik an di woepeltasse hoed en di vo'elstruisveer, en bring hom toen na di losieshuis.

—En het julle ander mense lank rondgeloopt?

—Né, Neef Jan, ons afspraak was, ons sal in 15 minute weer almal by di losieshuis wees. En so kom ons toen amper almal gelyk by mekaar.

—Mar, Koos, seg Oom Jan, jy deug in di stad ni; straks raak jy nog heeltemal weg. Jy kan Maandag ni weer saam gaan met jou pa ni.

—Ek sal nou anders maak, oom Jan! As ek nou weer in di stad kom, dan vraag ek vir di oom, wat di losieshuis hou, 'n kaartji waar syn naam op staan; as pa dan weer uit di hand

uit raak, dan kan ek al te mooi di huis weer kry. Wat sê oom daarvan?

—Dis ni so'n slegte plan ni; mar jy lyk daarom ver myn oek so'n bietji ouderwets. Jy kan jou woord ordentelik doen; mar ek wil daarom graag één ding weet: het jou Pa uit jou hande uitgeraak' of het jy uit jou Pa syn hande geraak? Nou toe, laat ek hoor wat jy daarop te sê het?

—Né, Oom, ek denk Oom het reg.

—Ek wil oek so sê. Nou het ons di ding al klaar; en nou, Neef Koos! was di nuws van di huis? Jy het vir myn gister so ernstig gelyk, na jy jou vrou haar brief ge lees het; daar is tog niks verkeerd ni? Dit sou mos vir ons baije spyt.

—Né, ou-neef! daar is niks verkeerd ni. Mar kan ek jou en jou vrou ni 'n bietji alleen sien ni, al is dit mar 'n half uurtji?

—Seker, Neef Koos. Vrou, kan jy dit so skik, dat ons met Neef Koos 'n bietji alleen kan wees?

O, ja, ek het niks bisonders te doen ni. Leni, maak tog mar alles klaar; ons sal om ag uur eet; roep net om ag uur, dan het ons iets meer as 'n half uur om te praat.

—Heel goed, tante!

IN DI VOORKAMER, PRIVAAT.

—Vrinde, ek weet dat ek julle kan vertrou; ek moet julle omtrent 'n belangrike saak 'n paar vra'e doen; ek denk di beste sal wees om ver julle 'n gedeelte van myn vrou haar brief voor te lees. Is julle gewillig om 'n ogenblik te luister?

—Al te seker; ons sal luister.

—Nou wel, hier staan: "Moet tog ni vergeet wat ek vir jou gevraag het ni, toen jy op reis sou gaan omtrent 'n hulp in myn huishou'e. In di bo'eland kry 'n mens dikwils arme meisies, wat mar net bly sal wees as hulle na di onderveld kan kom; as jy altemit so een op di lyf loop, siet tog wat jy kan doen. Misskien kan neef Jan en nig Anni jou op di spoor bring. Ek weet dat jy so'n meisi nou ni kan afbring ni; mar Abram en Anna het plan om ander maand boland toe te gaan, dan sal dit kan geskide." En so weet julle oek met een di hele stori. Nou moet ek julle mar dadelik sê, dat ek myn oog op jou nig Leni het; sy kom my heeltemaal geskik voor; sy is ni te oud ni; oek ni so kinderagtig jonk ni; sy is 'n gelowige meisi, sy lyk vir myn vlug en handig en sindelik, en ni eiesinnig ni. Ek verbeel vir myn ek sal nergens 'n beter een kry as sy is ni. Wat sê julle daarvan?

—Wel, neef Koos, jy moet weet dat ons haar in ons huis ingeneem het omdat sy waardig is om onder fatsoenlike mense te lewe. Haar vader het syn boerderytji opgegé, en nou kyk sy uit na 'n plek waar sy haar brood kan verdien. Sy verstaat om te bak en te slag as dit nodig is; sy is byderhand met di

naald; haar hande staat vir niks verkeerd ni; ek denk self dat sy vir nig Anna 'n reg goeie hulp sal wees.

—Neef Koos, ek wil oek graag 'n woordji sê: Jy moet weet dat ons ni soek om van haar af te kom ni. Sy is ons glad ni tot 'n las ni. Sy gé ons gen moeite ni; sy is altyd ewe gewillig om alles te doen wat voor di hand kom; mar as jy denk dat nig Anna haar sal kan gebruik in haar huishoue, dan sal ek graag sien dat sy en jy tot 'n akkoord kom.

—Het julle daar dan niks op te'e dat ek met haar daaro'er sal praat ni? En durf julle haar gerus vir myn rekommandeer?

—Rekommandeer? o ja, gerus; sy sal julle ni te'en val ni, en oek het ek of myn vrou daar niks op teen ni dat sy na onder gaat as sy self daar genoege in neem. Mar ek denk, neef Koos, dat dit sal goed wees as myn vrou en ek eers met haar praat, dan kan sy haar belange inbring en vra'e vra, of sê wat sy daarvan denk. Sy het vir ons 'n grote agting en sal niks doen sonder ons goedkeuring ni; sy beskou ons as haar vader en moeder, en sy sal doen wat ons haar anraai.

.....
—Oom, tante, dis ag uur! Di kos is op tafel.

—Ja, nig Leni, ons kom!

—Nou, so's geseg is.

—Heel goed, neef Jan!

IN DI AGTERKAMER.

—Nig Leni, hoe lyk oom Koos vir jou?

—Wat meen oom Jan daarby? Meen oom of ek vir hom respek het? Mar ek denk, ek kan omtrent oom syn gedagte raai.

—Nou toe, laat hoor!

—Oom wil seker weet, of ek kans sien om by oom Koos te woon. Van di onderveldse oom gekom het, loop ek al met di gedagte, dat daar vir myn onder ergens 'n goeie plek sal wees,

—Ek wil jou sê, Leni, oom Koos het met ons gepraat o'er jou en ons gevraag, of ons denk dat jy 'n geskikte mens sal wees om syn vrou in haar huishoue te help. Oom Koos het met di plan van huis gegaan om te perbeer 'n meisi, soos jy, te kry. En nou lyk dit vir myn en tante Anni, of dit van di Heere kan wees. Jy wil graag 'n plek hê, en di mense wil graag 'n meisi hê soos jy is; al wat ons nou van jou wil weet is, of jy lus het om na onder te gaan.

—Oom en tante! ek beskou julle as myn ou'ers. Dis waar, ek is oud genoeg om te weet wat ek moet doen of kan doen; mar ek sou, terwyl ek in oom en tante hulle huis, ni 'n ding wil doen sonder julle goedkeuring ni. Om di waarheid te sê: ek het vir di Heere om 'n uitkoms gevraag; ons het al na 'n uitkoms gesog, en nou kom dit so onverwags en so net na myn sin.

—Mar, Leni, is jy dan ni te'ensinnig om na di onderveld te gaan ni?

—Né, myn liwe tante, net omgekeerd, ek wil liwers in di onderwêreld woon as in di boland, as dit in myn keus staan. En denk oom en tante dan ek sal kan gaan?

—Leni, seg oom Jan, dis daarom opmerkelik dat alles so mooi saamstem; dit lyk vir myn of dit van di Heere is. Ons het niks daarop te'en as jy sal gaan; met oom Koos sal jy mar min te doen kry op di plaas; jy sal tante Anna moet help in di huis en met vrugte dro en so ander werkies, wat in 'n vrou haar hande tuis hoor. Mar één ding moet jy weet: die plek syn naam kan jy gerus: "Selde Rus" noem, want *daar* raak di werk nooit op ni.

—Oom Jan kan mar vir oom Koos sê, hy kan mar met myn praat.

—Heel goed!

ALLES KLAAR.

Maandag het Oom Koos weer Kaap toe gegaan, en syn kleine seun weer saam; mar nou het hy agter syn Pa angehou so's 'n lammetje agter di ooi. Syn Pape het al syn dinge mooi agter mekaar gekry; en toen hy Maandag aand tuis kom by Oom Jan, kon hy sê: "Neef Jan! ek is nou klaar in di Kaap; al myn goed is gekoop, en op twe plekke gebring; nou kan ek mar net in di Kaap inry met di wá, oplaai en laat vat. Dis alles reg sover. Mar nou wat van di kinders, waar jy van morre van gepraat het? Jy weet, ek het 'n paar seuntjies al te danig nodig. Hoe ver het jy gekom?"

—Neef Koos, dit lyk ver myn amper al te mooi, al te goed, al te voorspoedig, al te makkelik.

—Neef Jan! moet 'n ding dan sleg gaan om goed te wees?

—Né, dat ni; mar ek staan verbaas o'er di dade van God; mar so *gaat dit*; as di Liwe Here 'n ding wil doen, dan gaat dit tog al te maklik.

—Nou ja, wat is di uitslag?

—Di uitslag is: di ouers verwag ons morre so vroeg as ons wil kom; dan kan julle met mekaar praat; en ek twyfel mar min, of dit kom reg. So's jy weet, het ek al vroe'er met di mense gepraat en op myn geneem om na 'n plek uit te sien, waar om di kinders te plaas, en myn gedagte was altyd op jou; jy kan sulke jong mense gebruik; jy het hulle nodig, en vir hulle is dit beter; hulle leer werk, en ons kryg meer kans om di grond te bewerk. Di véboerdery is wel di voornaamste by julle, mar di landbou mag daarom ni agterbly ni. 'n Mens het tog iets meer nodig as net mar vleis, en jou plase het grond en water genoeg om alles te kan opbring.

—Dis reg; ek het dan oek al ordentelik groot plantasies angelê, so's jy weet. En ek sal te danig bly wees, as ek 'n paar kinders kan kry om ver myn te help

—Ek dink, dis so goed as seker.

—Nou wel, dan moet ons mar morre oggent, so kort na ag uur so'n toe gaan. En hoe ver het julle met Nig Leni gekom?

—Net so ver as ons kan kom. Ons het met haar gepraat; en so ver is alles reg; mar nou moet julle saam praat.

—Leni, kom tog so effentjies hier.

—Hier is ek al, Oom Jan!

—Myn kind, Oom Koos wil nou 'n bietji met jou saam praat.

—Nou ja, Oom Jan! Oom Koos kan mar begin; ek sal luister. Oom Koos, ek luister!

—Nig Leni! ek moet jou dan sê, dat myn vrou 'n dogter nodig het; ek het ver haar belofte om in di Boland na 'n dogter uit te kyk. Vrydag agtermiddag kry ek 'n brief van myn vrou, en daar in sê sy: ek moet tog ni vergeet ni, om na imand te verneem, wat vir haar in haar huishoue kan behulpsaam wees. Van ek hier is, en vir jou gesien het, het ek di gedagte, dat jy di regte een is: Wil jy myn dogter word? Jy verstaan wat ek meen; as jy gene'e is, om na di Onderveld te kom, en by myn wil kom woon, om myn vrou in haar werk te help, dan wil ek jou as 'n dogter aanneem en behandel. Ek belofte jou, jy sal dit goed hê, en ek sal vir jou goed beloon. Jy sal myn vrou dien, ni as 'n diensbode ni, mar as 'n dogter. Ons kan vir 6 maande perbeer, en gaat dit goed, en is ons van albei kante tevrede, dan is dit goed, mar kan ons met makkaar ni klaar kom ni, en wil jy weer na bo kom, dan sal ek vir jou met 'n goeie gele'entheid na bo stuur.

—Ek dink, Oom, dat ek vir di Onderveldse Tante sal kan voldoen?

—Ek dink so, Nig Leni, as jy dit daar net so maak as hier, dan twyfel ek daar mar min an of jy bly by ons woon so lank as ons leef, of tot jy altemit een dag trou. As so'n bolandse noi onder kom, dan gebeur dit daarom dikwils, dat di een of di ander jonkman so'n plan maak om so'n noi'entji weg te skraap.

—Oom lat 'n mens amper bloos.

—Mar Leni, sulke dinge is mos gebeurlik, en dat hulle gebeurlik is, weet ek, want ek het dit al sien gebeur; mar lat dit nou mar bly: Gé jy vir myn jou toestemming om onder toe te gaan? As jy "ja" seg, dan sal ek 'n plan maak om jou na onder te lat kom. Myn oudste seun, wat al 'n vader van 3 kinders is, kom ander maand met vrou en kinders Kaap toe, met 'n veer wá; ek sal met hom 'n plan maak, en ons sal sorg dat jy goed onder kom. Kan jy ver myn nou di antwoord gé?

—Kyk, Oom! dit sal ni gaan ni om nou so mar op di plek "ja" te sê ni; Oom moet vir myn dri da'e tyd gé, dit is, tot o'ermorre aand; vóór Oom di aand loop slaap, sal Oom dit weet.

Een ding kan ek al vas sê, dat ek in myn hart gen te'ensin voel ni; mar ek wil graag 'n paar da'e hê om alles te o'erdink, en nog 'n bietji met Oom Jan en Tante Anni, mar vooral met di Here te raadpleeg.

—Nou ja, Leni! dis goed; so's geseg is.

* * * * *

—Neef Jan, ek is verstom o'er di goedertierendheid van di Liwe Here; dat het ni beter gegaan as ek gewens het ni, mar baije beter as ek dit kan verwag het; mar "so gaat dit". Ek het in myn lewe al so dikwils opgemerk, dat di Here 'n mens so aangenaam kan verras, en jou kan gé, vêr bo jou verwagting; en as ek nou so alles o'erdenk, dan het di troue Hemelse Vader myn al geantwoord eer ek geroep het. Toen ons gister oggent na di ou'ers toe gaan, het ek so baije gedagtes gemaak; ek dag: miskien maak di ou'ers groot beswaar; miskien geval ek hulle ni; miskien maak di ou'ers dit ver myn lastig met baije vra'e, wat ek straks ni sal kan beantwoord ni; miskien is di kinders nog te klein of te swak van ligaam; of miskien kom hulle vir myn ongeskik voor; miskien wil di ouers 'n beloning vir hulle kinders lat kry, wat ek ni kans sien om vir hulle te gé ni; miskien en miskien en miskien; en gelukkig het ek met al myn "miskiens" niks te doen gehad ni. Myn liwe Neef Jan! as di end net so goed is as di begin, dan het ek baije stof tot dank. As alles nou voorspoedig gaat, dan kan ek morre di wá in di Kaap gaat oplaai, en as jy met jou kar en pêrde di kinders Vrydag voor di middag by Soutrevier kan besorre, dan kan ek Vrydag nag 'n heel endji ry. Ek is so mar stom; hoe goed is di Here! Mar wag: "So gaat dit!"

"So gaat dit", myn Neef. As di Here 'n mens voorspoedig maak, dan is hy voorspoedig. Mar nou het jy nog ni Nig Leni haar antwoord gekry ni.

—Né, mar ek verwag dit vóór ek van aand gaat slaap. Sy het mos so gesê; weet jy, watter antwoord ek sal kry?

—Haar antwoord weet ek nog ni; ons wil ni vir haar vra ni. Ons lat haar mar so stilletjies begaan; mar as jy vir myn vra wat ek dink, dan seg ek: sy gaat.

—Hoe kom, denk jy so?

—Dit sal ek vir jou sê: Van dat sy by ons kom woon het, het e k haar dikwils hoor sing: Ps. 42:5:—

"Maar de Heer zal uitkomst geven."

En van dat jy en ons met haar gepraat het om onderveld toe te gaan, het sy met di vêrsi opgehou. Gister di hele dag het sy gen stuk gesing ni; mar van agtermiddag hoor jy mar gedurig Ps. 146:1:—

"Prijs den Heer met blijde Psalmen."

En dit laat vir myn dink dat sy besluit het om jou anpresentasi an te neem.

—Ou-man, kom jy tog so 'n o'enblikki na di kombuis syn kant.

—Neef Koos, ekskuus 'n o'enblikki.

—Toe mar! toe mar!

—Wa's dit, ou-vrou?

—Leni wil jou effentjies sien.

—Wa's dit, Leni?

—Oom en Tante; ek het vir Oom Koos beloof om vir hom vandaag myn antwoord te gé, of ek na di onderveld sal gaan of ni. Ek het myn besluit geneem; mar julle is myn so dierbaar, dat ek eers vir julle wil sê wat myn besluit is.

—Mar ek weet dit al, Leni?

—Hoe weet Oom dit dan?

—Ps. 146 het dit vir myn gesê.

—Mar Oom Jan is oek al te slim.

—O ja, kind! ek het so mar dadelik vir Matji gesê: Leni trek, toen ek vir jou hoor sing:—

“Prijs den Heer met blijde Psalmen.”

Jy is, glo ek, al te bly, dat jy nou van di lastige Oom en Tante kan los kom, nê!

Sy slaan di arms om oom en tante hulle nekke en soen hulle om di beurt, en sê, terwyl di warme trane so mar loop: Julle weet van beter, ni waar ni, matji? Ek het julle so lief as ek myn eïe ou'ers mar kon liefhê; mar ek beskou dit as 'n grote uitkoms dat ek na di onderveld kan gaan. Julle is so vrindelik gewees vir myn te neem tot daar 'n uitkoms kom, en nou di uitkoms gekom het, moet ek dit aanneem.

—Ja, myn dogter, ons weet alles. Veeg nou mar jou trane af en gaat vertel vir oom Koos wat jy besluit het.

—Mar oom en tante moet saam in gaan.

—Dat sal ons doen, Leni!

—Neef Koos, hier is Leni nou om haar besluit vir jou mé te deel.

—Mar het sy dan ni gehuil ni? Jy moet tog ni straks né sê ni, nig Leni!

—Né, wat, seg oom Jan! hier is jou anstaande dogter.

—Nig Leni! Het jy regtig besluit om myn voorstel an te neem, kind?

—Ja, oom Koos, ek geef jou vandaag, onder goedkeuring van di Heere, myn woord en myn hand.

—En ek neem di woord en di hand met dankbaarheid an. Mag di liwe Heere di bevestig!

En so was dan di saak beslis.

—Neef Koos! Nig Leni is myn dogter, en myn vrou en ek geef haar vandaag an jou o'er; behandel haar goed, sy is dit

waardig; en jy, Leni! perbeer om vir oom Koos en tante Anna voldoening te gé, sodat ons almal gedurig mag rede hê om ons te verbly.

—Dit is oek myn wens en begeerte.

—Nou wel, Leni! Jy bly nou by oom Jan tot myn seun met syn vrou opkom; dit sal ander maand wees, en dan kom jy met hom saam. Hier is 'n vyfpond banknoot; missskien wil jy nog so di een en ander anskaf wat jy vir di afsit nodig het, en verder sal ons wel sien.

—Danki, oom Jan! Dit sal heeltemal voldoende wees.

NA DI ONDERVELD.

—Jan en Bêrend kon hulle oge amper ni glo ni, toen oom Jan en oom Koos di Dinsdag morre om ag uur in di voorkamer van hulle ou'ers sit, om met hulle ou'ers te kom praat om hulle na di onderveld toe te neem om di boerdery te leer.

Di vier stuks was nou mar in 'n drukke gesprek in, en oom Jan, wat mar altyd di voorpêrd moet wees, het omtrent so begin: Julle ou'ers het an julle kinders voorlopige toestemming gegé en di kinders hulle begeerte uitgedruk om na di onderveld te gaan, om, as dit so kan kom, di boerdery te leer. Hier is nou myn vrind uit di onderveld, by wi ek graag sou sien dat julle kinders moet geplaas worde. So's julle kan sien, hy is 'n man ryp in jare, en ek kan daar by voeg, van grote ondervinding: hy is 'n boer wat syn werk verstaan: hy het nou gekom om di kinders te sien of hulle vir hom anstaan, en verder om te sien of julle makkaar omtrent di kondisies kan verstaan. Ek denk, nou kan neef Koos mar angaan.

—Wel, vrinde! as julle dit goed vinde dat ek sal praat, dan wil ek eers vra of julle gewillig is om julle kinders vir myn saam te gé na di onderveld. Ek voel di gewig van so'n stap. Ek voel oek dat dit vir julle mar moeilik is, om 2 van julle kinders an 'n glad vreemde man en an 'n onbekende vrou o'er te gé; en dit dan nog al o'er di 50 uur te pêrd van julle huis af. As myn vrind, neef Jan, ni di middelman was, dan sou ek ni graag so'n ding onderneem ni. Ek het so'n paar Duusman syn kinders nodig—selfs meer as twe—mar hoe nodig oek, sou ek hulle tog ni graag sonder so'n vertroubare middelman neem ni.

—En ons sou, sonder di middelman, net so min ons kinders vir enige vreemde man gé; mar di grote vertrouwe, wat ons in neef Jan het, maak dat ons dit kan doen. Mar moet neef Koos di kinders dan ni eers sien ni? Straks staan hulle vir jou ni an ni.

—Ek het daar gen vrees voor ni: neef Jan is al lank in di land; hy weet wat soort jong mense ons onder nodig het. Mar ek sal daarom bly wees om hulle te sien.

—Jan en Bêrend, kom hier, di oom wil ver julle sien.

—Dag oom! dag oom!

—Dag myn kinders! is julle di twe knape wat wil onder-
veld toe gaan?

—Ja oom, ons twe!

—En het julle dan nog gen spyt van julle besluit ni?

—Né, oom, ons wil graag gaan. Ons het al lank verlang al
om te gaan.

—En hoe lyk dit vir julle, sal di werk dan ni vir julle al
te swaar val ni? Dis 'n plek waar di werk nooit op raak ni.
Sal julle hou?

—Mar oom, Pa het vir ons geleer: as ons goed is dan moet
ons hou, en as ons hou dan is ons goed. Het oom baije vé?

—Julle sal sien as jy onder kom. Daar is skape, bokke, esels,
pêrde, donkies, vo'elstruise, en vrugte so veul as julle mar wil.

—Nou ja, oom, dan sal dit wel gaan.

—Kyk kinders, as julle ou'ers julle wil saam stuur, dan sal
ek vir di afsit nes julle onder kom vir ider van julle tien skaap-
ooitjies merk, en nadat julle gedrag is, sal ek julle altyd iets
toevoeg. Mar één ding: gehoorsaamheid is di eerste saak; laat
slaap daar kom niks van ni; knoeiwerk verdraag ek ni; en vé
seer maak mag ni gebeur ni.

—Kinders, julle het nou so wat gehoor van julle werk en
van julle loon, mar nou moet ons vir di oom in julle te'envoor-
digheid sê: wees gehoorsaam; doet julle werk goed; maak gen
ding seer; geef nooit anstoot of ergernis ni; en as julle verbrui,
dan moet oom Koos di lat ni ontsien ni. 'n Kind kan ni braaf
sonder lat groot worde ni, en al wat 'n kind te min kryg, gé di
Heere an di ou'ers of voogs terug. Kinders, julle kan nou
mar loop!

—Neef Koos! ons gé di kinders nou in jou hande o'er. Jy
en jou vrou moet nou mar di ou'ersorg op julle neem. Hulle
het nog 'n bietji onderwys nodig; daar sal jy seker wel voor
sorre. Ons het hulle met di woord van God so vêr groot gemaak.
Bekeerd is hulle gen van twe ni, mar hulle het eerbied vir di
woord van God, en as jy verstandig met hulle werk, het ons
'n hoop dat hulle sal beantwoorde. Skryf so nou en dan hoe
dat dit gaat, en lat hulle self oek vir ons skrywe; maak met
hulle so's met jou ei'e kinders, en as daar o'er 'n jaar of 'n paar
jaar 'n kans kom om hulle 'n rukki by ons te lat kuier, sal ons
bly wees.

—Ek moet julle danki sê vir di groot vertrouwe wat julle in
myn stel; ek hoop oek om julle vertrouwe ni te leur te stel ni:
vir goeie kos en klere staat ek goed; wat ek self ken, sal ek vir
hulle leer en laat leer, en na hulle verdienste sal ek hulle beloon;
en mag di Heere gé dat ons gen van alle iets te kla het ni.

—Nou ja, dan is dit so ver afgedaan. En wanneer moet di
kinders klaar wees, en waar moet hulle kom?

—Neef Jan, ons waardige vrind, het vir myn beloop om di
kinders met syn kar en pêrde hier te kom afhaal en hulle te
besorre op Soutrivier by di brug, op di uitspanning; ek sal daar

Vrydag voor di middag wees; as di kinders nou mar klaar is op Vrydag morre, seg om ag uur, dan kom alles reg. Kan julle teen di tyd klaar wees? As dit ni kan ni, dan moet jy dit liwers sê, dan kan ons 'n paar da'e opskort, seg tot Maandag; mar ek is braaf haastig, so sal ek bly wees as dit so kan kom so's ek gesê het. Niggi, jy sal weet of dit sal gaan.

—Ek sal sorre dat hulle Vrydag om ag uur kant en klaar is, as di Heere daarin ni 'n verhinderling gé ni.

—Nou, dan is dit alles so ver geskik. Oom Jan sal seker daar niks op te'en hê ni om di Heere syn se'en op ons verrigtings te vra ni en te bid om 'n gelukkige en voorspeedige reis.

—Mar laat di kinders dan oek inkom.

—Reg so, niggi! hulle mag hoor hoe ons ons dinge ni buite di Heere om doen ni.

Di kinders kom in; almal kniel neer, na di lees van Psalm 121 en oom Jan gaat voor in di gebed; en toen hy klaar is val oom Koos in en dank di liwe Heere, wat hom so buitengewoon voorspoedig gemaak het. Di dank is vir di Heere, dis reg. Mag nimand dit vergeet ni.

“So gaat dit” as 'n mens di Heere ken in al syn wege. Hy maak di pad reg, en dan kom Hem di lof en dank toe; en nimand moet Hem dit onthou ni. Di Heere is 'n Hoorder en Verhoorder van di gebede van Syn volk, en di wat op Hem vertrou, het Hy nog nooit beskaam gemaak ni.

—Vrydag morre om tien uur was oom Jan met Jan en Bêrend op Soutrivier met pak en sak. Oom Koos neem di knape uit oom Jan syn hande o'er. Nog 'n woordji van afskeid en di wa trek na di onderveld en di kar terug na oom Jan syn huis toe.

—Mar was tante Anni in di onderveld ni bly ni, toen sy van oom Koos en van oom Jan 'n brief kry, waarin hulle so kort en sakelik medeel, hoe dat dit in di boland gegaan het. Haar man het twee jonge seuns en sy kry 'n dogter. Sy dank oek so mar di liwe Heere, wat alles so wel gemaak het. Ja, seg sy, ja, “so gaat dit” as 'n mens godvresend, gelowig en gehoorsaam is, en tot di Heere syn toevlug neem. Ek verlang nou mar dat hulle moet kom.

Hulle is and' kom en nou mar sal sy hulle sien.

Di vollende maand gaat di oudste seun Kaap toe met syn vrou en kindertjies, en so's afgespreek was het hulle vir nig Leni saamgeneem en onder di bewarende hand van di liwe Heere is hulle veilig by oom Koos angekom en natuurlik hartelik ontvang. Oom Koos was al tuis eer syn seun na bo gegaan het, en toen hulle nou almal in di onderveld by makkaar was, was hulle baije bly. Nig Leni omdat sy 'n goeie plek het met werk en brood en 'n goeie behandeling; di kinders, omdat hulle na di wens van hulle hart in di onderveld di boerdery kan leer; di ouwers, omdat hulle kinders op 'n goeie plek en by goeie mense gekom het, waar hulle kan leer werk en voorbereid worde om

self eens di maatskappy as véboere te dien; oom Jan, omdat hy 'n middel in di hand van di Heere was om nig Leni en di kinders in 'n gristelik huisgesin te bring, waar hulle almal nuttig kari wees, en oom Koos en tante Anna was uiters in hulle skik met hulle tye jonge seuns en hulle dogter, wat almal goed beantwoord het.

Omtrent 6 maande was nig Leni, en di kinders 'n bietji langer, daar, toen kom oom Jan eendag so onverwag op di plaas by oom Koos; en nig Leni, wat hom di eerste in di oog kryg, vlieg na hom toe en soen hom so hartelik as 'n kind syn vader mar kan soen, en roep uit: Myn Pa! myn Pa!

Di seuntjies en oom Koos en tante Anna was almal ewe bly om hulle ou vriend weer 'n slag te sien. Hy het toen so'n bietji ondersoek gedaan na di gedrag van di kinders en hoe nig Leni beantwoord, en het tot syn grote blydschap verneem dat almal tevrede en nimand teleurgesteld was ni.

OOM JAN EN NIG LENI.

— Ek is bly, Leni! dat ons 'n uurtji het om saam te praat. In di volle geselskap kan tye mense ni lekker uitpraat ni. En ons moet lekker praat. Ons is mos met dubbelde bande an makkaar verbonde, met bande van vrindskap en met bande van gristelikke liefde.

— Dis waar, Oom! mar ek moet sê, dat ek vir Oom nog nooit vrindskap bewys het ni; ek het di geleentheid nog ni gehad ni; ek het van oom en tante vrindskap geniet; mar ek hoop myn tyd sal kom!

— Dis reg, Leni, jou tyd sal kom; ider kryg syn tyd; mar al sou jy jou vrindskap an ons nooit kan toon ni, dan sal jy daarom 'n kans kry om ander mense jou vrindskap te bewys. Laat ek vir jou nou weer so 'n klein lessi gé; dit kan jou goed doen.

— Oom, ek sal dankbaar wees vir ider les, wat oom vir myn ge, en ek hoop om 'n goeie les nooit te vergeet ni, mar trou te beoefen.

— Onthou dan di paar woortjies: Leni: *maak idereen gelukkig so veul as jy kan; maak nimand ongelukkig ni.*

— Mar, Oom! Wil dan ider mens gelukkig wees?

— Ja myn dogter! ider mens wil gelukkig wees; mar di ongeluk is, dat ider mens homself ni gelukkig maak ni. Ons geluk moet daarin bestaan, dat ons ander gelukkig maak. Jy is nou hier op di plaas by Oom Koos. Nou moet jou plan wees om dit vir hom aangenaam te maak; doet alles, wat jy kan om hom te pilsier, en tog moet jy gen oge-dinaar wees; jy moet altyd klaar wees om hom te dien, ider ding so doen as hy dit graag het. En net so met jou tante. Kyk hoe haar manier is; elke mens het syn eie geaardheid, syn eie maniere, syn eie gewoontes; jy was 'n heel tydji jou pa syn huishouster gewees, na jou ma haar dood, en so het jy oek jou eie maniere en

gewoonte om 'n ding te doen. Julle twee syn maniere stem miskien ni heeltemal ooreen ni. Jy is nou in haar diens; maak nou mar nes sy verkies, al lyk dit miskien vir jou so hier en daar verkeerd, en al sou jy miskien 'n ding anders of beter doen. Pas tog op, dat jy ni 'n ander syn huishou op jou eie manier wil verrig ni; 'n huismoeder, wat al jare lank haar eie huishou gedrywe het, het gewoonlik 'n gedagte, dat nimand dit beter kan bestuur ni, en dat dit ni nodig is om enige veranderinge te maak ni. Jy het seker al lank gesien, dat jou tante ordentelik persies is, en 'n vaste reël hou. Jy moet mar trou met haar saam loop; mar as sy jou miskien mag vra: Leni, hoe is jy gewoon om dit te doen of dat te doen? dan kan jy dit sê; mar 'n niggi moet ni 'n tante wil leer ni. Mar ek glo amper ni, dat dit nodig is, om jou op so iets opmerkzaam te maak ni, jy is oud en verstandig genoeg om dit self te weet, ni waar ni?

— Ek is daarom bly, dat oom Jan met myn oer sulke dinge gepraat het. Ek het daarom self al verstaan, as 'n mens 'n andereen dien, dan moet jy hom ni op jou eie maniere dien ni, mar op syn manier, al dink jy oek jou eie manier is beter. Mar tante is glad ni onaardig ni; ons kan makkaar ordentelik goed verstaan. Ons verskil wel so hier en daar, mar ek weet goed, dis ni myn eie huishou ni, mar tante hare, en daarom maak ek mar net soos sy vir myn seg; en gelukkig het sy vir myn nog ni moet knor ni. Ek dink, oom Jan! as dit so bly, as dit nou is, dan sal dit wel gaan. As 'n mens vir myn di heel dag moet grou en snou, sal dit vir myn bra swaar wees, mar gelukkig is dit ni so ni. Ons kom ordentelik goed klaar.

— En hoe lyk dit vir jou met di kinders. Sal dit gaan?

— Dit smaak so, oom Jan! ek hoor hulle ni kla ni. Oom kan begryp, hulle is bra baar, en ongebrei; di boerwerk val hulle partykeer net hard; mar oom Koos spaar hulle so hier en daar. As oom Koos sien dat hulle dit bietji te hard kry, dan ge hy hulle 'n ligter werki, dat hulle, hulle lyf weer 'n bietji kan reg ruk. Hy is 'n verstandige ou-oom en eis ni te veel van hulle ni. Oek is hier so veel wat vir 'n kind aangenaam is. Soos oom self weet, hier is kos genoeg en hulle kry genoeg; en dis vir 'n kind 'n grote vertroosting. Oom sien oek hier, hulle lyk mos ni verdritig of ma'er ni; vir skoon en heel klere word trou gesorg. In gevaarlike plekke word hulle ni gestuur ni; met jonge wilde perde mag hulle vireers nog ni werk ni as hulle te perd hier of daarnatoe gestuur word, dan moet hulle 'n mak ou dier neem, waar hulle ni maklik 'n ongeluk me kan maak ni. As oom Koos altemit uitry na di dorp of na een van di getroude kinders, dan gaat een van hulle saam om vir koesier te dien. Op di manier leer hulle met kar en perde omgaan.

— En maak hulle dan nooit ongeluk ni?

— Ek kan ni sê, dat hulle ongeluk maak ni. Bêrend was daarom di ander dag sandruiter gewees mar dit het nog al goed afgeloop

— Hoe het hy gemaak?

— Oom stuur vir hom met 'n boodskap na “Dwars in di weg” en oom seg: Bêrend! ry stadig; jy moet mar net ni vir jou laat ophou ni. Ek ge jou 'n uur so-'n-toe en weer terug. Toen seg hy: Ou-oom, kan ek asseblief di handsambokki neem, anders sal Blesbok ni goed maak ni. As hy sien 'n mens het ni 'n slaanding by hom ni, dan maak hy soos hy wil. Oom Koos seg toen: Nou ja, neem mar; mar jy moet ni vir hom slaan ni, anders kan hy straks agterop skop en dan is jy af, en hy kom alleen met saal en toom huis toe.

Bêrend sê weer: nou dink ou-oom oek alte swak van myn. Ek sal ni somar af val ni. Ek kan mos al perd ry; 'n perd het vir myn nog nooit afgegooi ni.

Ou Oom. Ek wil glo, ja! want nog nooit het 'n perd dit met jou perbeer ni. Mar wag maar!

En so gaat Bêrend na “Dwars in di weg.” 'n Bietji voor di uur om is, daar staan ou Blesbok met saal en toom voor di stal. Ek kom toen juis uit en hoor di perd runnik voor di stal. Dit was oek netso. Bêrend het afgeval van di perd. Oom Koos was buitekant en tante wat di perd sien, sonder di kind, het net groot geskrik. Waar is di kind? Waar is di kind? roep sy. Ek sien hom toen net oer di bultji kom en ek seg vir tante: Ek dink tante kan mar gerus wees; Bêrend kom an en hy speel met di sambokki, so moet hy ni groot seer gekry hê ni, anders sou 'n mens dit somar gou-gou kan sien.

Ou TANTE. Bêrend, myn kind! hoe het jy gemaak? Hoe het jy gemaak? Hoe kom jy van di perd af? Het jy seer gekry? Het jy jou baing beseer? Tante vra somar 'n half dosyn vra'e agtermakaar. Di stomme kind kry amper gen tyd om antwoord te ge ni.

— En het hy baing seer gekry?

— Né, oom Jan, Hy het so 'n paar skaafplekkies gehad, mar niks van betekenis ni.

— En was di stori toen uit?

— Ne, oom Jan; di muisi het nog 'n stertji gehad.

— Hoe dan, Leni! ek is mos nuwskierig om te weet.

— Ek sal vir oom Jan vertel; mar ek gaat eers vir oom Jan 'n koppie koffi haal en van tante hoor of sy vir myn nog 'n half uurtji kan spaar.

— Nou ja, maak dan so.

Leni kom terug en bring di koppie koffi saam, en 'n stukki lekker brood met vars botter, en seg: Oom Jan, tante seg: sy kan nog 'n rukki sonder myn klaar kom.

— Nou toe dan, Leni! jy moet vir myn dan di stertji van di muisi laat sien.

— Goed, oom Jan! Oom Jan moet dan weet, dat Bêrend vir tante en vir myn gevraag het om tog ni vir Ou-Oom te sê dat hy van di perd geval het ni.

— En het julle dit belowe?

— Oom Jan, ons het gesê: ons kan dit ni belowe ni, en daar by gevoeg, dat dit tog sal uitkom. Di aand na di lees en voor di ete, begin oom Jan met di kinders so 'n bietji te gesels, en eindelik seg hy vir Bêrend: Wel, myn seun! hoe het dit met jou vandag afgeloop?

Bêrend kryg 'n kleur en seg: Ni so danig sleg ni, oom!

— Ni so danig sleg ni, Bêrend; mar dan tog so 'n bietji sleg!

— Ja oom, so 'n bietji sleg.

— Hoe dan, Bêrend! het di perd tog ni altemit spulletjies met jou gemaak ni?

— Ja oom hy het!

— Jy het tog ni straks te voet huistoe gekom ni?

— Ja oom!

— Het di perd vir jou afgegooi?

— Ja oom!

— Ek dag di perd sal jou ni af gooi ni.

— Hy het dit mar daarom gedaan oom!

— En het jy vir jou beseer, Bêrend?

— Ne oom, dit het goed afgeloop. Myn vel is daarom op 'n paar plekkies geskaaf.

— En wi syn skuld was dit nog al, Bêrend?

— Dit was Blesbok syn skuld, oom!

— Mar hoe het dit dan gekom, myn seun? Kom, staan hier voor myn en vertel vir myn eerlik, hoe dat dit gekom het, dat jy afgeval het, of dat Blesbok vir jou afgegooi het. Het di perd met jou gespring?

— Ek glo ni, oom, want oom het ons geleer, as 'n perd spring kom syn viervoete gelyk van di grond, hy maak syn rug krom en hou syn kop af ondertoe; en so het dit ni gegaan ni. Ne, oom! hy het agterop geskop en so het ek afgekom.

— En hoe kom het hy agterop geskop? Jy het tog ni altemit met di sambokki gewerk ni (Bêrend praat gen woord ni). Nou toe, myn seun, vertel vir myn, hoe het dit gekom, dat jy afgeval het. Het jy met di sambokki gewerk? (Bêrend is vuurrood) waar was ek, Bêrend, toen jy vir Blesbok gesambok het, anderkant di ruggi. Het jy vir myn gesien?

— Ne oom! ek het ni vir oom gesien ni. Ek weet ni waar oom gewees het ni.

— Het ek misskien kort by jou gestaan, agter di jong kweperheining?

— Ek kan ni sê ni. oom; ek het ni vir oom gesien ni.

— En het jy di perd geslaan, Bêrend?

— Ja, oom! ek is in di hand; ek sal mar skuld beken; ek het hom 'n paar rapse met di sambok gege, hy wou mos ni gelop het ni, en daarom het ek vir hom so effentjies uitgeklop.

- Waar is di sambokki, vrou!
- Hier an di kapstok hang dit.
- Ge dit!

Tante ge dit toen vir oom Jan. Toen seg oom Jan: Dit is goed, Bêrend, dat jy ni perbeer het om my leuns te vertel ni. Julle ouers het vir julle so mooi geseg: kinders, lieg nooit. Jy het ni gelieg ni. Mar jy kon ook ni vir myn 'n leun vertel ni, want ek het alles gesien. Ek het agter di jong kweperheining gestaan; ek hoor vir jou roep: Blesbok, Blesbok, Blesbok, en ek hoor di sambok val op di perd; ek sien toen, hoe hy agterop skop en jy af oer di kop. Ek het gesien dat jy dadelik opstaan, jou klere afveeg en huistoe gaan agter di perd an. Nou, myn kind! ek is bly, dat dit so afgeloop het; mar nou moet ek tog vir jou vra of jy ni ongehoorsaam gewees is ni. Ek het jou gewaarskuw om ni di perd te slaan ni, en jy het dit tog gedaan. Sien jy di sambokki? nou sal ek vir jou ook mar so veul houe moet ge as jy vir Blesbok gege het. Het jy al ooit gevoel, Bêrend! hoe smaak 'n sambokhou?

— Ne oom! nog ni; mar ek denk, dit sal baing seer wees. Oom moet tog asseblief vir mijn vergewe; ek het fout gemaak; mar ek hoop om dit nooit weer te doen ni.

— Kinders ek is van daag Vader en Voog, o'er julle, seg oom Koos, en as ek julle ni straf ni, as julle verbrui, dan staat ek kans om deur di Here gestraf te worre. Ek het gedag om Bêrend vier hou'e te gé en as hy gelieg had, had hy dit seker gekry; mar nou kan ek hom met 'n ligter straf lat vry kom. Jy ry graag pêrd, nê, Bêrend?

— Ja, Oom!

— Nou wel; jy mag vir 'n hele week ni pêrd ry ni; waar ek vir jou stuur moet jy te voet loop en as dit te vêr is, sal ek 'n ander te pêrd stuur. En daarmé is di saak afgedaan. Kom vrou skep op! Seg Oom.

Ek moet nou loop. Oom Jan; ek het ni meer tyd ni; tante sal vir myn wag.

— Toe mar Leni, gaat jou gang.

JAN EN BAREND ALLEEN.

Na di ete het Jan en Bêrend "nag geseg" om te gaan slaap. Oom Jan en Koos het nog sit gesels en fluks op gerook, en Tante Anni en Leni het na di pakkamer gegaan.

— Jan, seg Bêrend, ek het van aand nou strop getrek; ek het gedog ek sou 'n pak kry.

— En dit het jy seker ni verdien ni!

— Ja, seker het ek dit verdien; Ou-Oom het vir myn geseg, ek moet ni vir Blesbok slaan ni; ek moet vir hom net di sambokki wys. Mar jy weet mos, hy is mar so'n bietji stadig, en ek het mos al te groot lus gehad om vir hom di skotige opdra'end te laat uitgelop. Ek het hom al so nou en dan 'n tikki gegé,

om vir hom lekkerder te laat stryk, mar dan waai hy mar net met syn stêrt, dis al. Toen dag ek: di hoogte moet jy daarom uitgelop, mar toen ek vir hom di vierde hou gé, gooi hy agterop, en ek vooraf, en toen spaander hy.

— En jy het jou tog 'ni baing beseer ni?

— Ni so groot ni. Op 3 plekkies is di vel af, en myn hele lyf is daarom effen seer. Ou-Oom het daarom genadig met myn gewerk. Kêrel, as ek 4 houe had moet kry, soos ek vir Blesbok gegé het, dan weet ek ni reg ni.

— Bêrend, hoe jy wil maak, weet ek ni; mar ek het myn voorgeneem om gehoorsaam te wees. Ons het dit vir Pa en Ma beloof, en ek is ten volle van mening om dit te doen..... Wi is daar?

— Kinders maak 'n bietji oop..... Ou-Tante en Nig Leni kom in.

Tante seg: Bêrend, jy het daarom vandaag groot fout gemaak. Myn kind, jy moet tog ni ongehoorsaam wees ni. Deur jou ongehoorsaamheid had jy vandaag 'n groot ongeluk kan kry. Dit is gelukkig goed afgeloop, mar jy had net so goed jou arm of been kan breek, of jou nek afgeval het, en wat sal jou ou'ers dan sê? Ongehoorsaamheid maak altyd 'n mens ongelukkig, en as julle wil bemind en gelukkig wees, dan moet julle persies doen wat ons vir julle sê. Weet julle ni meer wat ons di ander dag gelees het van Koning Saul syn ongehoorsaamheid? Daardeur het hy syn hele Koninkryk verloor. Jy het nou nog mar net 'n paar stukkies van jou vel moet mis, en dat groei weer an, mar jy kan meer verlies. Deur ongehoorsaamheid maak 'n mens homself en andere ongelukkig. Nig Leni en ek, ons het nou mar di Liwe Here gedank, dat dit met jou ni erger gegaan het ni, en gebid, dat julle tog mag gehoorsaam wees, anders kryg ons dit almal swaar. Ou-Oom en ek kry dit swaar, want dan moet ons knor en praat, en ons word ongerus; julle kry dit swaar, want dan moet julle gestraf worde; julle ou'ers, wat natuurlik moet weet hoe julle dit maak, kry oek swaar, want hulle sal ni lekker voel as hulle hoor dat julle ongehoorsaam is ni. Tot hiertoe het ons daarom ni oer julle te kla ni; mar julle moet goed hou. Ou-Oom hou ni braaf van baing praat ni; hy wil hê 'n kind moet mar net doen wat hom geseg worde, en daarmee is dit klaar. Kom Leni, ons moet loop.

— Nag kinders!

— Nag Ou-Tante; nag Tante Leni!

Toen Ou-Tante en Nig Leni weg was, seg Bêrend vir Jan: Wil jy glo, Jan, ek het nou net baing spyt dat dit gebeur is. Ek weet oek ni, wat myn gery het om ongehoorsaam te wees ni. Klaas, di jong, het oek vir myn geseg: Basi, jy moet oppas; as jy vir Blesbok 'n paar hou'e gé, is jy op di grond; mar ek het nooit gedag dat dit so sal kom ni. Jan, ek gaat net maak soos jy geseg het. Dis waar wat Ou-Tante geseg het: Koning

Saul het deur ongehoorsaamheid syn hele Koninkryk verloor. Verloor is 'n slegte ding. Weet jy nog dat Ma vir ons eenkeer di geskidenis van Koning Saul gelees het, en toen sy by di woord kom wat di Profeet Samuel vir Koning Saul geseg het: Gehoorsaam wees is beter as offerande, en opmerk is beter as di vet van ramme; dat sy toen vir jou en vir myn geseg het: Kinders, wees altyd gehoorsaam; julle sien hoe dit met Koning Saul gegaan het. Syn ongehoorsaamheid het hom syn Koninkryk gekos, en dit kan julle ook 'n Koninkryk kos. En toen het jy mos geseg: Mar Ma! ons kan ni 'n Koninkryk verloor, want ons het ni. En weet jy nog wat Ma toen geseg het?

— Ja, ek weet; ek het dit nog ni vergeet ni.

— Ma het toen geseg: Mense wat in di Heere Jezus glo, is Koninklikke Priesters. Ma het daarby gevoeg: Gelowe en gehoorsaam wees is mar diselfde ding.

— Wag 'n bietji, Bêrend! nou kom di verse in myn gedagte, wat Ma vir ons di dag het laat van buite leer. Wag, hoe gaat dit ook weer? Dis, glo ek, uit Lukas 3:36.

— Né, kêrel, ni Lukas ni; jy het al vergeet. Dis Joh. 3:36: Di, wat in di Soon glo, di het di ewige lewe; mar di wat ongehoorsaam is vir di Soon, di sal di lewe ni sien ni, mar di toorn van God bly op hom.

— Reg so, dis di regte teks.

— Nou ja, di wat glo en gehoorsaam is, kryg di Koninkryk, en di wat ongelowig is en ongehoorsaam, di kry dit ni. Laat ons nou mar loop slaap. Ek het nou myn plan gemaak. Mag di Liwe Heiland ons help!

— Slaap gerus!

— Rustige nag!

'N SMOUSKAR.

'N ONBEKENDE.

Dit was Saterdag agtermiddag. Ou-Tante was druk besig om alles in order te bring vir Sondag, en Leni druk besig met stryk, 'n werki, wat sy geleer het om gou en goed te doen.

— Noi, daar kom 'n kar o'er di hoogte, seg 'n klein meid.

— Laat mar kom, seg Nig Leni.

— Noi, is dit Noi syn mense uit di Bo'eland, wat vir Noi Leni kom kuier?

— Loop, wat lol jy; maak jou werk klaar!

— Né, Noi Leni, dis mense wat vir Noi Leni kom kuier; ek kan dit somar an myn hart voel.

— Wil jy loop, en jou werk klaar maak!

— Koeien dak, Nikki. (Di ou togryer het nog nooit geleerd om g reg uit te spreek ni; hy seg almelewe k vir g).

— Goeien dag, Oom! Oom moet mar uitspan. Oom Koos is in di tuin, en hier is nimand by di huis om te help ni.

— Ek sal klaar kom, Nikki; dank-i.

Di ou togryer was al dikwils by Oom Koos gewees; mar daarom mar min daar verkoop; want di ou man was wat 'n bietji duur met syn goed. Mense wat so nou en dan hulle goed self uit di Bo'eland haal, raak bekend met di Bo'elandse pryse, en dan wil hulle alles goedkoper hê as mense wat almelewe van di Smouse koop.

— Leni, watter mense is daar, roep Ou-Tante.

— Tante, dis 'n oue, leelike Smous, wat vir myn "Nikki" sê. As hy ni kan "Nig" of "Niggi" sê ni, kan hy mar liwers syn mond hou. Ek is gen "Nikki" ni.

— Houh! Houh! Leni. Dis Ou-Neef Tom. Wag, jy sal net nou mar, as jy vir hom leer ken, vir hom agting hê. Jy ken vir hom nog ni. Hy is 'n gelowige man, en as hy in ons buurte kom, bly hy altyd di Sondag hier o'er.

— Tante, is dit dan mar ni net om te smous ni?

— Né, Leni, al koop ons oek glad niks van hom ni, hy gé daar ni om ni; hy kom net hier om ons geselskap. Hy is 'n Gristen, en nog al een wat jou nooit 'n twyfel gé of hy bekeer'd is of ni. Is di koffij warm? di ou man is gek na 'n koppie koffij. Waar is hy?

— Hulle maak pêrde vas.

— Jy moet hom vrindelik innooi, Leni. Oom Koos sal al te bly wees om vir hom te sien. Hulle kan al te lekker praat oer di goddelikke dinge, en ek weet seker, al klink *Nikki* so'n bietji vreemd in jou ore, jy sal net nou mar 'n smaak in hom kry.

— Ek weet ni, Tante.

— Mar Leni, ek weet goed. Jy weet mos dat kinders van di Liwe Heer, al misksi seg hulle: *Koeien dak, Nikki*, mekaar lief kry, so gou as hulle mekaar leer ken. En as hy vir jou, en jy vir hom leer ken, dan kry julle mekaar as broer en suster lief, en dan word di lelikke *Koeien dak, Nikki*, vir jou eers regte mooi.

— Né Tante, ek weet tog ni. O, goeie, daar kom hy al!

— Kom binne, Oom! seg Leni; ga sit! En terwyl sy dit seg, grimlag sy so onderlangs.

(Tante Anna kom in).

— Ah, welkom Neef Tom, welkom! Ek is bly om jou weer te sien. Het Neef al uitgespan, en waar is di perde? En hoe gaat dit nog? Sy geef vir hom 'n hartelikke handdruk.

— Danki Nikki, dat ek welkom is; mar ek weet, ek is hier altyd welkom; myn kar is al uitgespan, en di pêrde het ek al vaskemaak en voer keké. En nou moet ek nok jou laaste vraag beantwoorde. Dit kaat nok met myn koed. Is Nikki en Neef Koos oek nog kesond?

— Ja, dank-i, ons is almal fris. Ken Neef Tom di Niggi; het jy haar hier van te vore al gesien?

— Né, ek keloof ni!

— Nou ja, dis 'n Niggi wat myn man van di Bo'eland het laat kom vir myn, tot 'n hulp in di huishou'e. Myn Dogters is mos al almal getroud, en nou het ek tog weer een; haar naam is Leni. En ek moet mar gou daar by voeg dat sy oek di Heiland ken, en dus is ons almal na famili.

— Jy sê: ons almal; is ek dan oek famili? Meen jy keestelikke famili?

— Ja, Ou-Neef, dis wat ek meen. Nig Leni is oek 'n kind van die Heere. Sy het oek kennis an di weg van saligheid. Sy weet oek van wedergeboorte en bekering te praat.

— Ek is rekte bly om dit te hoor. Ek weet, di Liwe Heere het o'eral Syn kinders, en as jy so hier en daar een op di lyf loop, maak dit 'n mens syn hart so mar bly. En waar is Neef Koos dan?

— Myn man is nog besig om di vo'elstruiskampe na te sien. Hy sal nou mar hier wees, om te kom koffi drink. Nig Leni, skink 'n bietji koffi vir di ou vrind, en gé oek 'n paar beskuitjies.

— Tante, daar is Oom Koos.

(Oom Koos kom in).

— Daar het jy dit nou. Goeien dag, Ou-Neef; het jy dan tog oek eindelijk weer 's hier uitgekome; watter goeie wind het jou hier na toe gewaai, Neef Koos?

— Ek kan ni sê, watter wind vir myn hier na toe kewaai het ni; mar van Dinksdak af het ek so lust gehad om morke hier te wees en di Sondak by julle deur te bring.

— Nou ja, ou vrind! jy is regte welkom; ons is almal bly om 'n ou gristen te ontvang. Ek hoop ons sal aangenaam en stigtelik kan gesels, en mag di liwe Here in ons midde wees om ons te se'en. Vrou het di kinders nog ni gekom ni?

— Ek het vir hulle laat roep. Hulle sal net nou hier wees

Na 'n aangename aand doorgebrag te hê, gaat ider na syn slaapkamer.

LENI IN HAAR SLAAPKAMER.

Ek voel half skaam, om ek di ou man in myn hart uitgelag het. Syn gesprekke is waarlik goed. 'n Mens kan an syn hart voel, dat hy 'n kind van di Here is; hy is wel oud en 'n bietji leelik en syn "koeien dak nikki" klink mar sleg in 'n mens syn ore, mar ek voel daarom 'n respekte vir hom, omdat hy 'n gelowige man is. En hy kan baing nut doen in di wêreld. Hy kom op baing plekke, en as hy van syn kanse wil gebruik maak, kan hy siele win vir di Here.

— Leni, slaap jy al?

— Né, tante! kom in!

— Wel Leni, hoe geval jou di ou neef?

— Mar tante, ek kan ni anders sê as goed. Ek was eers half vererger met syn “koeien dag nikki,” mar van ek gehoor het van tante, dat hy ’n gelowige man is, en van ek self gehoor het, is ek met hom tevrede, en ek moet sê, hy het baie woorde gesê, wat vir myn goed gedaan het aan myn hart. Ek is bly dat hy gekom het en ek hoop, ons sal morre ’n soete rusdag hê.

— Leni, ons ken di ou broeder al o’er di tien jare, en ons het nog nooit rede gehad om o’er hom te kla. Dit is waar, hy is duur met syn goed, mar syn goed is di geld wêrd; hy stel jou nooit te leur ni; jy kan op hom reken. Leni het jy di sleutel van di middelkamer nog?

— Ja tante, hier is hy.

— Nou slaap gerus!

— Nag tante!

OU NEEF IN SYN KAMER.

Hoe koed is di liwe Here om myn tok meer by mense te laat kom, waar di vrees van di Here in woon. Watter ’n kenot het myn siel kesmaak in di paar ure, wat ek op di plaats is. En as di keselskap van di Here syn kinders op di aarde al so soet is, wat sal dit in di hemel wees, as ons almal by mekaar is. Di niggi skyn vir myn oek ’n liwe Kristin te wees; sy is regte ernstig en sy meen wat sy sek, en sy sek wat sy meen. Met sulke mense kan ek soete gemeenskap hê, mar met di wêreldse kristene, wat met alle man saam loop en met alle winde saam waai en met alle honde in di bos blaf, kan ek ni omgaan ni. Sou di liwe Here vir myn hiernatoe gebrok het om myn siel bisonder te verkwik na dat ek dri weke lank so’n genot het moet mis.

Hy begin toen oek so mar te dank en val op syn knië en seg: Hemelse Vader, ek dank U vir di kroot kenot, dat ek tok weer ’n keer in di hande van u kinders keval het en met hulle het kan saam spreek o’er di hemelse dinge. Myn hart spring op van blydskap in my. Se’en, o myn hemelse Vader, myn ou-broeder en suster, wat vir myn altyd so vrindelik is en kristelike liefde betoon. Ek dank U oek, dat ek di jong suster het leer ken. Sy lyk vir myn ’n diep ontdekte kristin wat di Heiland waarlik lief het. O myn Heer, se’en hulle almal en bysonder di wees sonder vader, sonder moeder; dat sy in ’n huis gekom is, waar Jesus di huisvrind is. Beskerm haar, bewaar haar, doe wel aan haar, laat oek ek haar as ’n suster bemin. Ké myn ’n kelekendheid om haar nader te leer ken. Se’en al U kinders o’er di lengte en brete van di aarde, idereen van di heilike; lat ons mekaar liefhê, voor mekaar bid, mekaar met eer voorkaan, en almal saam volkers van U wees so as liefde kinders. Ontvang deur ons Here Jesus Kristus, U eenkebore Soon, oek myn dank vir di kenade aan myn en aan al U heilike bewese en wees ons almal kenadik om Jesus wil. Amen.

SONDAG MORRE VROEG.

— Hoe is dit ou neef, het jy goed geslaap?

— Kom nader, neef Koos! Sit hier by myn kooi. Ja danki; ek het goed geslaap; en hoe kaat dit met neef Koos?

— Ek het niks te kla ni. Di lyf is nog 'n bietji styf van di sesdagse arbeid, mar anders gaat dit goed; en hoe gaat dit met jou ou lyf?

— Ook redelik, neef Koos, mar ek lê sokkens 'n bietji later; ek het di leste vier nakte ni veul geslaap ni, mar van nak het ek koed gerus en ek voel verkwik van morre. Het julle al keeles, kesing en kebid?

— Né nog ni. Ons wag nog op jou. Wat seg jy is di Here ni goed vir ons om ons 'n dogter te gé, wat myn vrou in haar huis-houe kan help, en dan nog al 'n meisi, wat godvresend is en fluks om te werk; sy is regtig myn vrou haar regterhand. Sy is nou al 'n goeie rukki by ons, en sy beantwoord net goed. Haar hande staan vir niks verkeerd ni en wat nog di beste is, soos ek geseg het, sy is is 'n godvresende meisi. Ons dogters is almal getroud en di angenome dogtertji is nog te jong om veul te kan help, so is sy vir ons so nodig as di brood wat ons eet.

— Ek is self bly, neef Koos! dat jou vrou keholpe is, en veral is ek bly dat di nikki di Heiland ken. Julle ken haar beter as ek, mar so ver as ek haar ken, sien ek haar an as 'n kind van di Here. Ek hoop, dat ons van daak 'n soete rusdak mak hê, en kemeenskap der heilike kan smaak; myn siel het daar behoefte an.

— Nou ja, ou neef, ek sal nou mar loop; as jy klaar is, kan jy mar kom, dan kan ons saam lees.

— Binne vyftien minute sal ek daar wees.

— Heel goed; ek sal Jan instuur met 'n koppi koffi en 'n beskuitji.

'N BRIEF.

Di Sondag het aangenaam voorby gegaan. 's Morgens het hulle gelees Psalm 92, 'n Psalm, 'n Lied op di Sabbatdag, en Mattheus 28, 'n hoofdstuk o'er di opstanding. In di voormiddag het hulle 'n paar Psalms en gesange gesing en gelees 1 Cor. 15 end uit, en dit het anleiding gegé om saam te spreek o'er di opstanding van Gristus en oek o'er di opstanding van di regverdige, Lukas 14:14; o'er di eerste opstanding, Openb. 20:5 en 6. Oom Koos en ou neef Tom het voorgegaan in di danksegging en gebed. In di namiddag het hulle weer so 'n samekomsj gehad en gelees en gespreek o'er di opneming van "di gemeente," voor-namelik vollens 1 Thess. 4:13—18, en in di aand het hulle bid-stond gehou om vir al Gods kinders te bid en vir di arme onbekeerde sondare, famili en vrinde, heidens en vyande. Maan-dag morre het tante Anni nog so 'n bietji goedjies gekoop en neef Tom het vir ider so'n klein persentji gege; mar Leni het

goed gekry vir 'n Sondagse tabbert met al wat daar by hoort. En toen hy vertrek, het hy vollens syn gewoonte ider 'n se'enwens gegé, mar nig Leni kry 'n extra handdruk en 'n extra se'enwens. En toen hy op syn kar klim, seg hy: ek hoop julle gou weer te sien. En so trek hy weg.

In di namiddag sit tante en nig Leni alleen in di eetkamer en tante sê toen vir Leni: Mar, Leni! hoe het ek dit met di ou neef Tom? Dit lyk vir myn, of jy in syn guns gekom het. Jy het mos 'n stuk goed vir 'n Sondagse tabbert van hom gekry en 'n ekstra handdruk en 'n ekstra se'enwens. Dit lyk vir myn of hy 'n goed oog op jou het.

— Mar hoe praat tante dan nou! Is hy ni 'n getroude man ni? En is hy dan ni 'n oue man, en is ek ni nes 'n kind by hom ni? Ek het di goed van hom aangeneem nes 'n kind van 'n vaderlike vrind 'n ding aanneem. Waar kom tante an sulke gedagtes? Dis doje goed; tante kan dit mar gerus begrawe.

— Ek weet ni reg, Leni! Ek word al half onrustig. Dit smaak vir myn of hy 'n plan het met jou. Syn hart is lewendig en vrolik geworde; ek vertrou di vrede ni.

(Net kom oom Koos in.)

— Oom Koos! seg Leni, hoor tog vir tante hier. Sy begin vir myn te pla met di ou oom Tom, net of di ou man planne het. Nou weet ek ni, oom Koos, of tante so mar spulletjes maak om vir myn te pla, of dat sy dat regreg meen, mar sy laat vir myn kleur kry.

— Wel Leni! of tante grappies met jou maak kan ek ni sê ni, mar dat ni ou neef 'n buitengewone gedagte koester is seker. Ek het fyn op hom gelet en ek moet jou ronduit sê, dat hy gedagtes maak; hy het vir myn 'n stuk of wat vra'e gedaen, wat ek moes beantwoorde as 'n eerlik man en griste broeder, en dit sou my ni verwonder ni as hy weer een dag kom—en di dag kan gou gou kom—ni om van syn goed te verkoop, mar om 'n vrou te soek.

— Mar oom maak dit nog erger as tante. Is di ou man dan ni getroud ni, oom?

— Leni! hy is getroud gewees, mar syn vrou is 'n paar jaar gelede o'erlede sonder kinders na te laat. 'n Tydji daarna het hy vir myn 'n brief gestuur en daarin gesê, dat hy hoop so te bly as hy is, vooral omdat hy ni met 'n onbekeerde mens wil trou ni, en oek ni met 'n jong kind, en oek ni met 'n weduwe met kinders, om kort te wees, hy het so veul beswaar in 'n huwelik gesien, dat hy plan gemaak het om so te lewe, en so te sterwe. Mar an van morre vroeg syn praat lyk dit ver myn of hy 'n goed oog op jou het en, als jy ni al te remagtig is ni, vrees ek dat ons vir jou een dag kwyd raak.

— Ek sal mar vir oom loop koffi skenk; wil tante oek nog 'n mondji vol?

— Leni, seg oom Koos, dat kan jy doen, mar koffi skenk sal myn ou neef syn gedagte ni verander ni, en al skenk jy oek duisend koppies koffi, dan kan hy daarom mar nog vir jou vra. Of denk jy miskien as 'n man 'n plan het om 'n meisi te vra, di meisi dan mar net nodig het om koffi te skenk en dan kom daar van di vra'ery niks te reg ni?

— Oom maak my somar béwerig.

— En denk jy dan Leni dat jou bewerigheid di ou neef van syn plan sal afbring?

— Mar oom moet nou asseblief tog ophou; ek word half benoud.

— Mar Leni jou benoudheid sal hom ni hinder ni, daar weet hy tog net niks van ni. As di liwe Here dit ni so wil, dan kom daar niks van ni en as Hy dit so beskik het, dan sal jy mar moet volg.

Di gesprek van Oom en Tante met Leni het haar and nadenk gebrag. Sy begin haar nou te herinner dat di ou man met haar meer of min ingenome was; dat hy haar 'n paar vra'e gedaen het, wat 'n onverskillige man ni sou vra ni; dat hy vir haar 'n groter persent gegé het as vir di andere en dat sy regtig twemaal deur hom gegroet is en al di ander mar eenmal; dit doet haar denk, dat daar iets van kon waar wees, dat hy gedagtes op haar maak.

En so gaat daar 'n 14 da'e voorby. Leni het ni versuim om al wat voorgeval het in haar gebed an di Here bekend te maak ni, en daar sy teer voor di Here leef sou sy ni wil iets doen, wat God ni wil ni, of iets durf weiger wat God wil, dat sy wel sal doen. En so was sy dan altyd met di saak werksaam. Oom Koos en tante Anna ieder afsonderlik bring di saak al ras voor di Here. As dit so kom dat di ou man haar vraag wil hulle weet hoe om hulle te gedra. Hulle wil van di Here weet of hulle haar moet help of afraai. Hulle wil veul liwers vir Leni hou as afgé; mar is dit van di Here dan druf hulle haar ni afraai ni.

Ou-baas daar kom di posjong an.

— Laat hom mar kom, ek is oek hier.

Daar was 'n paar korante—Patriotte, want oom Koos en syn seuns het di "Patriot" lief—en oek 'n paar briwe vir die plaas-mense. Leni hou haar hart vas, sy vrees dat oom Koos somar sal roep: Leni! hier is 'n brief vir jou van 'n ou-vrind van myn; mar dit loop gelukkig goed af. Haar hart is nou 'n bietji geruster. In di agtermiddag voel haar hart weer ni so lekker ni. Oom Koos en tante Anni hou so'n soort van konferensi in di Vry-kamer, en toen tante so entoe gegaan het, het sy 'n paar briwe in di hand gehad. Omtrent 'n half uur later roep tante: Leni, kom tog effentjies hier, en bring 'n paar koppies koffi saam.

Leni skrik somar, mar di tye koppies koffi doet haar denk, dis ni om haar mar om di koffii te doen; mar tante het ni geseg: bring 'n paar koppies, mar bring 'n paar koppies koffi saam. Dan is dit mar om haar te doen en ni so groot om di koffi ni. (Sy bring di koffi in.)

— Leni, seg oom Koos: ek is versog geworde om jou di brifi te o'erhandig. Lees dit nou maar op jou gemak en dan kan ons mekaar vóór ons gaat slaap nog 'n keer spreek.

— Van wie is dit, oom!

— Ek denk Leni, di naam sal wel binne in staan. Jy kan mos goed lees.

— Ek ken di hand ni, oom!

— Mar myn liwe dogter, dit kom daar ni op an ni, jy het mos al meer briewe ontvang van onbekende hande. Ontstel jou mar ni.

Al dri gaat uit di Vrykamer en Leni na haar kamer toe; sy leg di brief op di tafel; kyk di brief an, en durf di ni oop maak ni. Sy vrees dit kan straks 'n brief wees van di ou-man. Sy loop uit di kamer en weer in, neem di brief weer in hande. Sy wil dit oop maak, mar leg hom weer op tafel. So na 'n uur of 5 vraag tante: haar het jy di brief al gelees?

— Ne tante! nog ni. Ek is half bang om te lees.

— Mar kind! jy het ni nodig om bang te wees, dat daar 'n slegte tyding in sal staan ni.

— Weet tante dan wat daarin staan?

— Leni ek het di brief natuurlik ni gelees ni; so sal dit mar moeilik wees om te seg watter woorde almal daarin staan.

— Mar hoor tante druk haar daarom versigtig uit. Weet tante dan di sake miskien?

— Né Leni ek weet di sake ni.

— Di saak dan, tante!

— Leni! mar nou keer jy mos vir my vas. Jy moet mar liwers na jou kamer gaan en lees self, dan weet jy daar alles van. En Leni gaat, en lees en weet daar alles van.

NA DI ETE.

Hulle het di aand vroeg geëet en Jan en Bêrend en Koa het gaan slaap. Almal is van di vloer; alleen oom Koos, tanni en nig Leni is nog op. Hulle het nog so iets saam te praat.

Oom Koos begin: Hoe is dit, Leni! het jy di brief al gelees en di inhoud goed verstaan?

— Ja oom Koos! ek het di brief gelees en verstaan, mar ek wens liwers, dat ek nooit di brief ontvang het ni

— Ja myn dogter, mar jy het nou di brief ontvang, en jy kan dit ni help ni, dat myn ou-vrind syn hart op jou geset het ni Jy het dit ni gesoek ni, en nou dit tog so gekom het, moet jy o'erdenk wat jy wil doen; dri we'e staan vir jou oop; ten eerste syn voorstel heeltemal afslaan en 'n beslis "né" skrywe; ten tweede, anneem; ten derde di saak in o'erweging neem.

— Mag ek vir oom en tante vra, wat julle daarvan denk; ek sal in dese saak seker ni sonder julle handel ni. Toen oom Koos vir myn by oom Jan kry en di voorstel doen om na onder te kom het ek niks wil doen sonder oom Jan en Tante Anni hulle goed-

keuring en so wil ek nou oek handel. Di liwe Here het vir myn onder julle dak ingebring; julle behandel vir my as julle kind: So denk ek dis heeltemal reg om myn oek as 'n kind nou te gedra. Wat is julle gedagte van di saak?

— Vrou, seg oom Koos, jy kan nou mar vir nig Leni sê, wat so omtrent ons opini in di saak is. Tante Anni sê: Leni di ou-neef Tom het dit nou net moeilik gemaak vir ons almal en nogtans moet ek hom gelyk gé. Hy is 'n man wat al op jare is, het het, as hy van tog tuis kom, nimand, wat hom ontvang, nimand, wat belang in hom stel, gen vrou, gen kind, gen broer, gen suster; hy het nog wel 'n swa'er mar by di voel hy hom ni tuis ni, en so verlang hy om te trou: dis een; en dan is hy 'n gelowige man, wat nooit 'n ongelowige vrou sal trou ni: dis twe; en dan is hy ni heeltemal onbemiddeld ni; kom hy te sterwe dan moet hy syn goed agterlaat vir mense, di dit in syn oog onwaardig is, om al deuse rede wens hy te trou; hy het jou gesien; hy weet, jy is oek mar alleen in di wêreld, jy is oek ni meer so kinderagtig jonk ni, hy het gesien jy is sindelik en handig en voor alle dinge jy vrees di Here nes hy; en hy gun jou 'n onbesorgde dag so lang hy lewe en syn goed by syn dood.

En sou oom en tante dan graag sien, dat ek met di ou man sal trou?

— Né en ja, seg tante; want dan moet ons vir jou mis en jy is vir ons onmisbaar; ons kom goed klaar, ons verstaan mekaar; di klein verskillertjies is van gen betekenis; as ek di dag 'n bitji woelig is, is jy stil en jy loop jou koers en so kom alles altyd reg. Ek kan vir myn en vir oom Koos syn part sê, dat ons jou liwers wil hou as afgé! mar an di ander kant gun ons vir jou 'n maat en vir hom 'n hulp. Jy het so's ons verstaan Jan syn ou-vader opgepas, so weet jy omtrent, hoe om 'n ou mens te behandel; ons denk heel moegelik dat di saak van di Here is, en as dit so is, sal ons oppas om ons daar ni teen te versit ni. En as jy denk, dat dit van di Here kan wees, moet jy dit ni somar ligsinnig afslaan ni. Dis 'n ernstige saak en ons is bly, dat jy ni op jou ei'e wysheid vertrou ni, mar ons raadpleeg, so's 'n kind behoort te doen. Dit sou ons bitter seer doen as jy ons sou voorby gaan en di een dag of di ander dag somar sou sê: tante ek gaat trou; ek gaat weg. Party kinders maak alles buiten di ou'ers om klaar en maak amper nes of hulle gen ou'ers of voogde het ni en as alles klaar is, dan hoor jy dit, en dan kom hulle konsent vra. Mar dis ni reg ni. 'n Kind moet 'n ou'er raadpleeg vooral in so'n gewigtige saak as 'n huwelik.

— Oom Koos praat: Nig Leni so's tante nou mar gesê het, so het ons omtrent van agtermiddag en voor di ete saam gepraat. Ek het daar dan oek mar min by te voeg. As jy dink, jy siet kans om met myn ou-vrind klaar te kom en jy het ni ono'erkomelikke besware ni dan kan jy jou geluk strak verskop as jy wei'er. So's tante geseg het ons kan jou ni mis ni, ons wil

jou ni graag afgé ni; mar ons moet ons an di wil van di Here onderwerp. En het jy nou al di saak o'erdag, Leni?

— Oom Koos en tante Anni kan wel denk, dat di saak ni 'n o'enblik uit myn gedagte is ni, mar julle kan daarom ewe goed verstaan, dat ek nog gen besluit geneem het ni. Di ou-man het dan oek mar gevra om met di vollende pos hom te laat weet of daar enige hoop vir hom is. Ek kan di saak ni heeltemal weggoi ni, en vooral na julle twe syn rede. Ek het nou net 'n week tyd tot o'erdenking en gebed. Mar oom en tante moet vir my help!

— Oom Koos seg: Leni dit sal ons doen, ons sal oek in deuse saak as jou vader en moeder handel en jou help waar ons kan. Ons beloof jou dit. Ek denk, ons kan nou mar loop rus.

— Tante sê ons is nou so stil met ons dri alleen. Ek dink ons moet mar dadelik di saak voor di Here bring.

— Leni sê: ek sal baing bly wees as oom dit wil doen.

— Oom Koos het gen beswaar daarte'en gehad ni. Al dri kniel neer en oom Koos bring op 'n eenvoudige wys di saak vóór di Here en begeer dat al vier, di ou neef ingesluit, mag saamstem, so dat daar gen hakery of onaangenaamheid mag kom ni. Toen oom Koos amen seg, kon tante en nig Leni so uit hulle harte oek "amen" sê, en, met geruste harte, gaat hulle slaap, en slaap di hele nag deur net of daar niks gebeur is ni.

OP DI KAAPSTADSE STASIE.

Op 'n agtermiddag kom oom Jan met di trein na di Kaapstad, en op een van di rustbanke sit imand wat oom Jan goed ken. Raai wi? Nimand anders as neef Tom. Neef Tom sien vir oom Jan en groet so vrindelik, dat oom Jan so mar se: Neef Tom, jy lyk so opgeruimd en vrolik as ek jou nog nooit gesien het ni. Is daar iets gebeur wat jou so vrolik maak?

— Ja, ek sal jou vertel. Jy kan mos vir neef Koos, ons ou koeie vrind in di onderveld.

— Ja, ek ken hom goed soos jy weet.

— Ken jy nik Leni oek?

— O ja, heel goed!

— Ja, ek weet sy het myn kesek, dat sy vir jou so koed ken en dat sy enike maande by jou kewoon het. Sy is 'n koeie meisi; sy is 'n kelowige meisi. Sy kaat trou.

— En met wi nog al, tog ni met neef Tom ni?

— Ja met hom; sy het vir myn haar jawoord keké.

— En is neef Koos en nig Anni daarmé tevrede?

— O ja, hulle wil haar ni kraak kemis het ni; mar hulle kun haar 'n koeie man. Nou moet jy vir myn 'n pilsier doen. Ek kaat o'ermorke na onder om te trou en dan kom ek dadelik op. Soek nou dat ek 'n huis heb; ek wil kraak in jou buurte wees, hoe nader hoe liwers, dit sal vir Leni ankenaaam wees om kort by haar ou vrinde te wees. Sal jy dit doen?

— Mar seker sal ek dit doen. En ek dink dat effen onderkant myn huis 'n huis te huur is met dri kamers en 'n kombuis; di mense gaan daar uit met di eerste van di maand en van morre was di bordji nog an; ek sal dit morre dadelik gaan huur en skryf dan mar wanneer jy kom, dan kan ons alles vas in order maak. Kom mar reg na ons toe met Leni en al, dan kan julle 'n paar da'e by ons loseer tot jou huis gemeubeleerd is. Van harte geluk met julle voorneme!

— En neem di gelukwens dankbaar an; en wat di huis betref moet ek sê: dat kan ni beter ni. Ek sal dit vir Leni se; sy sal al te bly wees; sy het vir julle baie lief. Sy beskou julle as haar ouers. Neem asseblief di twe pond en ké di vir jou vrou.

Oom Jan het syn affêres in di Kaapstad verrig, en nes hy in huis stap seg syn vrou: Man, daar is 'n brief van nig Leni gekom; mar jy sal nooit rai, wat di kind gaat anvang.

— Ek dink, ek kan dit so mar raai.

— Nooit raai jy dit.

— Ek dink ek kan dit raai.

— Nou kom, raai!

— Nig Leni gaat trou met neef Tom.

— Hoe weet jy dit?

Ek neem di gelukwens dankbaar an; en wat di huis betref moet ek sê:

— Neef Tom het dit self vir myn vertel.

— Waar kry jy hom?

— Op di stasie in di Kaapstad. Hier is twe pond wat hy vir jou stuur en hy het vir myn gevraag om 'n huis vir hulle te huur, so naby ons as moentlik is.

— O, dat kom goed. Di mense anderkant ons gaat verhuis by di end van di maand—dis nog omtrent 10 da'e—dan moet ons mar perbeer om di huis te kry.

Di vollende dag het Oom Jan di huis gehuur en toen di ander mense uittrek het tante Anna alles skoon en reg gemaak; di jonk getroude kan nou mar kom.

'N BRIEF UIT DI ONDERVELD.

Geliefde Ou'ers,

Pa en Ma sal seker bly wees om te verneem, dat Bêrend en ek nog fris is. Ou-oom en Ou-tante is ook nog almal wel. Met ons ve gaat dit oek nog redelik. Ons twe het nou omtrent 150 anteelskape. Ons het ons hamels verkoop en vir 'n deel van di geld jong ooi'e gekoop en ek het 'n merri en Bêrend het 'n roer gekoop. Ou-oom het vir myn verlede week, toen weer 'n broeisel vo'elstruisies uitgekom het, twe kleintjies gegé en as di vollende broeisel uitkom dan kryg Bêrend oek twe. Hier is nou 'n skoolmeester op di plaas, om vir ons en nog 'n paar jong mense uit ons buurte klaar te maak vir di anneming. In October sal ons aangeneem worde. Mar nou moet ek Pa en Ma wat vertel.

Weet Pa en Ma ni, dat kort na ons van bo'e is Tante Leni oek hier kom woon het. Raai tog sy is gister getroud met 'n smous, wat langen tyd in di buurt van Kaapstad gewoon het. Hy is al 'n bietje oud, mar ou-oom seg, hy is 'n goeie man. Dit lyk vir ons oek so. Hy kan te danig mooi bid; hy is 'n stille man en hy het vir ons al meer as één goeie raad gegé. Dit sal ons daarom baing spyt, dat tante Leni vertrek; sy was ons tot groot nut; sy het ons dikwels goeie raad gegé, en geknor oek, as sy denk, dat ons dit verdien. Ons het vir di ou-oom Tom en tante Leni gevraag om 'n paar biltonge, 'n paar wildsboutjies, 'n paar vo'elstruiseiers en 'n knapsakki gedroogde vrugte vir julle saam te neem. Tante stuur oek so wat en ou-oom het vir myn 'n mooi voelstruisveertji vir sustertji gegé. Baing komplemente van Bèrend, van ou oom en ou-tante.

U liefhebbende Seun, JAN.

P.S.—Bèrend sal ander maand skrywe; met Krismis hoop ons 'n 14 da'e te kom kuier. Ou-oom weet nog ni of ek alleen of ons al-twe sal kan kom ni. Baing werk. Kos genoeg.

'N TELEGRAM.

— Telegram! Telegram!

— Pa, daar is 'n telegram van Wellington, seg oom Jan syn dogter.

— Van Wellington? Van wi? Gé!

Oom Jan lees. "Alles wel. Ons hoop morre aand by julle te wees."

— Vrou, het jy gehoor neef Tom en nig Leni kom morre.

— Alles is klaar, hulle kan mar kom!

Dit was oek net so. In di agtermiddag van di ander dag trek di veerwa met ses fris pèrde daarvoor vóór di deur van oom Jan. Dit was 'n welkom, welkom! handgé, handgé, soen, soen. Almal ewe bly en almal dankbaar vir di grote goedertierenhede van di Here.

Dri da'e later was neef Tom en nig Leni in hulle huis en di nodigste meubels angeskaf en geplaas. Neef Tom 'n gelukkige man en nig Leni 'n gelukkige vrou, al was haar man oek al 'n bietji an di ou kant.

Omtrent dri maande later moet dit na di Diamantvelde toe. Neef Tom kan ni langer bo versuim ni. Met 'n wa negosigoe en syn veerwa vir hom en nig Leni, gaat dit na die Diamantvelde. Di afskeid was 'n bietji hard, mar dit help ni. Hulle trek en ons het hulle oek nog ni weer gesien ni. Van di Diamantvelde het dit deurgegaan na di Transvaal en weer terug na di Velde. Daar het neef Tom di mark help voorsien van vleis en

later van melk en botter, tot dat hy op 'n dag vir nig sê: Myn kind ek is kedaan!

En hy was gedaan! En hy is heengegaan in di rus, wat daar o'erbly vir die volk van God, en Leni is 'n weduwe met 'n goeie besigheid in di buurte van di Diamantvelde.

So nou en dan ontfang Oom Jan 'n brief van nig Leni en nig Leni vergeet di huis ni waar sy, in haar nood, vriendelik ontfang is. Hier kon ons nou 'n punt set om nog 'n oenblik van di twee seuntjies te vertel, mar daar is nog iets met nig Leni gebeur, wat ek ni graag wil verswyg ni. Dit gaat met weduwes dikwils mar bra swaar. Ider mens ontsiet ni 'n weduwe ni; menigeen doet haar skade aan; oek is daar dikwils bose mense, wat onder 'n skyn van lang te bid de huise van di weduwes opeet. Nadat nig Leni een jaar of dri weduwe gewees is kom 'n wewenaar, wat 'n klomp kinders het, met haar in anraking, en di wewenaar is ni 'n man wat di Here ken ni. Daar val anders op hom niks te sê ni, alleen hy is ni bekeernd ni. Toen hy di voorstel doen, om met nig Leen te trou was sy ni ongenene mar sy weet goed, dat so'n huwelik ni is "na di skrifte ni." So is sy daarom huiwerig. Vir oom Jan durf sy dit ni te skrywe ni, want sy wil graag 'n aarske beskermmer hê, en laat sy vir oom Jan weet, dat sy met 'n onbekeerde man gaat trou, dan weet sy van te vore, dat hy dit vir haar sterk sal afraai, al is di man origens nog so goed. So laat sy dan vir hom niks weet ni en oek ni vir oom Koos ni, mar geef onvoorsigtig haar "jawoord" en sy trou, en sy was vir 'n week of wat meer of min 'n gelukkige vrou.

Toen sy nou 'n rukki getroud was, begin sy daarom te begryp, dat sy verkeerd gehandel het deur ni haar huwelyk vir oom Jan bekend te maak ni. So skryf sy op 'n goeie dag vir hom 'n brief en onder andere oek dit daarin: Oom Jan sal seker wel verwonderd wees om van myn te verneem, dat ek weer getroud is, en dat nog wel met 'n onbekeerde man; mar ek het dit in myn weduskap al te swaar gekry; 'n vrou wat 'n besigheid drywe kan ni goed sonder 'n man, sonder 'n helper, sonder 'n beskermmer klaar kom ni. Ek weet, dat oom vir myn sal knor en myn gedrag ni sal goedkeur ni, mar ek het ni kans gesien om langer alleen te bly ni. As oom Jan vir myn nou bestraf, sal ek dit mar moet verdra; mar daar ek nou getroud is, reken ek vir myn verplig om dit vir oom Jan bekend te maak, ens, ens. En daarop skryf oom Jan 'n brief terug, waar, omtrent di huwelik, so wat di vollende re'els voorkom. Wat jy my, liwe Leni, van jou tweede huwelik skrywe het vir myn en matji bra seer gemaak. Dit is altyd di gewoonte om di jongetroude met hulle huwelik geluk te wens, mar ek siet gen kans om dit op di gewone manier en met di gewone verwagting nou te doen ni. Ek kan ni verwag, dat jy op duurte gelukkig sal wees ni; dit is eenvoudig onmogelik. As jy mar 'n naamgristen was, sou dit gaan, mar 'n mens, wat wesentlik uit God gebore is, en in ons Here Jezus

geloof en deur sulke diepe wege deurgegaan is en so veul lig van di Here ontfang het kan ni gelukkig wees in so'n verbintenis ni, ens., ens.

Leni het vir oom Jan in 'n hele tyd ni geskrywe ni. En so seg oom Jan op 'n dag vir syn vrou: Hoe sou dit tog met nig Leni gaan? Di kind laat glad niks van haar hoor ni. Dit moet, glo ek, mar sleg met haar gaan, en daarom is sy skaam om te skrywe. Ek het amper lus om vir haar 'n brief te stuur en te vra hoe dit gaat. En so skrywe oom Jan 'n paar da'e later 'n brief an Leni, waarin die vollende woorde voorkom: "Liwe Leni, ons hoor glad niks meer van jou ni, ons weet ni of jy nog lewe of dat jy al dood is; dit is seker al 'n paar jare, wat jy jou stil hou. Sal jy dan ni weer 'n slag wakker worde om vir ons te skrywe ni? Dit doet ons diep leed, dat jy te'en di vermaning van di Heilige Skrif in, met 'n onbekeerde man gaan trou het; mar dit breek daarom di liefdeband tusse ons ni. Ek sal daarom ni ophou om jou lief te hê, al keur ek di daad af. Laat ons weet, hoe dat dit met jou gaat en of dit nog so goed gaat as in di eerste weke van jou huwelik," ens., ens. En daarop volg 'n paar weke later 'n brief van nig Leni en daarin seg sy: "Waarde oom Jan. Ek is te blameer omdat ek so lang ni vir julle geskrywe het ni, mar ek kon julle gen goeie tydinge stuur ni en so het ek gedag: ek moet myn ongeluk mar alleen dra. Ek het 'n ongelukkig lewe met myn onbekeerde man. Ek het gedog ek was 'n ongelukkige wedevrou, mar nou ondervind ek, dat ek nog 'n ongelukkiger getrouwde vrou is. Honderd maal liwer 'n ongelukkige weduwe, as om met 'n onbekeerde man opgeskeep te wees. Gen gelowige weduwe moet haar laat verlei om met 'n onbekeerde man te trou al is hy oek goed en godsdienstig. Godsdienstigheid is nog gen geloof, gen bekering, gen wedergeboorte ni. Ek het in di strik geloop en hoe kom ek daar nou weer uit? En as oom Jan ooit 'n geskiedenis skrywe, waarskou tog di wedevrou wat gelowig is vir 'n huwelik met 'n man, wat di Here ni ken ni. Wat ek al uitgestaan het, is met gen pen te beskrywe nie," ens.

En so sleep nig Leni nog van daag 'n ongelukkige lewe voort. "So gaat dit" as 'n mens syn eie wil doen. Jonge, godvresende wedewes laat julle raai en wees ni ei'ensinnig ni. Mar ni alleen hulle ni, mar enige gelowige jongeling of jonge dogter, pas op vir 'n ongelyke huwelik: Ouers moet daar oek op let; kinders moet hulle skik na di wyse skriftuurlikke raad van ouers en vrinde en ni hulle ei'e kop volg ni. Nig Leni is van daag ongelukkig; mar sy kan dit an nimand verwyt ni; sy het di goeie raad van gristelikke vrinde gevrees in plaats van gesoek en ni ag gegé op di raad en vermaning van di Heilige Skrif ni en so moet sy nou di yster juk dra, wat sy op haar nek geneem het en di pyn uithou. En hier moet ons haar geskiedenis eindig in di hoop, dat daar weer beter da'e vir haar sal anbreek.

'N BESOEK BY DI OU'ERS.

Dat was 'n heel blydschap, toen di ouers di tyding kry: ons hoop teen Krismis 'n dag of 14 te kom kuier. En hulle het almal hulle wens verkry. Jan en Bêrend was heeltemal jong mense geworde; di stemme was verander di kuikenvere het al uitgekom en hulle het al so meer of min 'n mannelike houding gekry. Di sustertji was ni 'n kleine bietji in haar skik met di twe onder-veldse broers ni; hulle het besoek gekry en rondgekuier en vertel en nuus gehoor en toen di 14 da'e om was het hulle al verlang om weer onder toe te gaan.

Hulle is weer na onder en veul besonders het daar met hulle ni voorgeval ni. Met goeie jare het hulle vé vermeerder, met swak jare het hulle soos almal 'n bietji skade gely; mar oer 't geheel stadig vooruitgegaan. Jan was meer as Bêrend 'n kerel wat di waarde van 'n oulap ken en kyk in di toekoms; Bêrend kyk meer na di genot van vandaag—Jan ge gen oulap uit sonder noodsaak ni; Bêrend is meer onverskillig, omtrent geld en goed, altwe het daarom beantwoord maar Jan het toen hulle van Oom Koos weggaan meer goed gehad as Bêrend en so's dit vandaag nog. Toen Jan so omtrent twintig jaar oud was, het hy by 'n skoenseun van Oom Koos gaat woon en omdat hy 'n danig oppassende jonkman was het dit met hom regte goed gegaan. In syn buurte waar hy toen woon was 'n wedevrou met 'n paar kinders en één van di kinders was 'n meisi van omtrent sewentien jare. Jan het so nou en dan toen hy nog by Oom Koos gewoon het 'n beetje gaan kuier by di tante, waar di jong noi is, en dit het ook ni te lang geduur ni of daar kom op 'n Vrydag agtermiddag 'n brief uit di onderveld an di ouers en daar is niks minder in ni as 'n Huweliksbekendmaking.

Hy skrywe: "Waarde Ouders, Pa en Ma en al di broers en myn liwe klein suster sal bly wees om van myn te verneem, dat ek, deur di Here syn genade, nog fris en gesond is. Toen Bêrend en ek 'n tydji gelede by julle gekom het, het ek soos 'n kind toekom, vertel, dat ek myn gedagte geset het op 'n jong noi in di buurte waar ek nou woon, en nou moet ek myn ouers bekend maak met ons voorneme om ons in di Huwelikke Staat te laat bevestig op di eerste van ander maand. Myn bruid en haar moeder stuur hulle beste kompelmente en ons almal hoop dat ons voorneme julle goedkeuring sal wegdra. Soos Pa en Ma weet is myn besitting nog ni groot ni, mar myn Bruid het oek tog so wat, en daar ek van mening is, om by myn anstaande skoonmoeder te gaan woon en haar boerdery saam met myne sal drywe, reken ek dat ons genoeg het om me te begin. Ons vraag om julle ouderlikke se'en," ens.

Daarop skryf di Pa van Jan 'n brief, en daarin seg hy: "Waarde kind,—Vollens wat jy ons geseg het, toen jy by ons gekom het, saam met Bêrend, kon ons wel verwag, dat jou

Huwelikkbekendmaking sou volg. Ons het dan oek van agtermiddag jou brief ontvang. Ons verbly ons in jou gesondheid en oek dat jy dit an di genade van di Here toeskrywe. Soos jy weet, ken ons di jonge dogter ni wat nou jou Bruid is en oer 'n korte tydji jou vrou sal wees; mar vollens wat jy ons geseg het, kan ons niks teen jou voorneme inbreng ni. Ons wens jou van harte geluk met jou voorneme, en mag di liwe Here syn seen daarop ge. Seg oek vir jou Bruid en haar Ma, dat julle voorneme ons goedkeuring wegdra; geef hulle ons beste groetenis en seg, dat ons hoop om hulle altwe een-dag persoonlik te leer ken," ens.

En so is Jan getroud en dit het nimand berou ni. Verlede jaar kom Jan so onverwags met vrou en twe kinders, 'n seuntji en 'n dogtertji, in di Boweland kuier, tot grote blydskap van di ouers en van al di vriende; en Jan het ni versuim ni, om oek vir oom Jan 'n besoeki te bring. Di ouers was heeltemaal in hulle skik met hulle skoondogter en di skoondogter met haar skoonouers. Nou, ja! "So gaat dit!" As di liwe Here syn seen op 'n mens rus, dan gaat dit goed. en di liwe Here sal idereen seen wat hom wêl gedra. As 'n mens wêl doen dan is daar oek verhoging. Di liwe Here het Jan oek verhoog. Hy het nou vrou en kinders en 'n besitting van omtrent twaalf honderd skape, 'n span perde, en 'n party beeste, sodat hy goed kan lewe. As hy nou nog Jesus besit en in di vrees van di Here wandel, totdat hy di saligheid verkry, dan sal alles wêl wees: want sonder di saligheid baat al di ander dinge net niks. Di Heiland het geseg: Wat baat dit 'n mens as hy di gehele wêreld gewin en hy ly skade an syn siel. Ons moet nou Jan oek hier laat staan en hom alleen toewens, dat hy mag salig worde met geheel syn huis.

EN WAT VAN BEREND?

En wat van Bêrend? Dit het met Bêrend oek tamelik goed gegaan. Na Jan van oom Koos weg was, het Bêrend nog 'n heel rukki gebly. Op 'n goeie dag kom 'n suster van ou tante daar kuier met haar man en 'n paar kinders; mar ni klein kinders ni; 'n paar vris jong nois, en soos dit met jong mense meesal gaat, hulle neem partykeer somar een-twe-dri notisi van makkaar. Om kort te gaan, toen di oom en tante weg was, loop di briwe tussen een van di nois en Bêrend heen en weer; hulle het makkaar alte gou en alte mooi verstaan. Ou oom en ou tante het oek gou-gou gemerk wat daar gaande was en hulle het gen rede gehad om di ouers of Bêrend af te raai ni.

— Ou Oom, kan ek ni asseblief 'n paar da'e gaan kuier ni? seg Bêrend op 'n goeie dag.

— En waar nog al na toe, myn seun?

— Na oom Isak, oom!

— Na oom Isak? Jy meen na oom Isak syn na famili, nê?

— Hoe meen oom?

— Het oom Isak dan ni huismense, wat jy liwers wil sien as oom Isak self?

— Ja oom! mar oom Isak en ek moet daarom oek so 'n klein gesprekki hê.

— Nou ja, myn seun, ek verstaan nou di hele saak al. As jy jou planne kan uitvoer dan word jy nou-mar regtig ons neef.

— Sal ou oom en ou tante daar dan iets op teen hê?

— ô Né! myn seun, jy het jou, in di jare, wat jy by ons gewoon het so gedra, dat ons gen beswaar maak, om jou vir ons famili te erken ni, as jy met ons nig trou.

— En kan ek dan gaan, oom?

— Wanneer wil jy gaan?

— Ek het gedog morre agtermiddag, ou oom.

— Nou wel, dis goed, dít neem vir jou 'n dag en 'n half om so'n toe te ry, en net so lank weer terug, dis 3 da'e, en 3 da'e kuier en jou affêres reg maak en Sondag rus, so is dit net 'n week.

— Nou ja oom! is oom dan so tevrede?

— Heeltemaal, myn kind!

— En Bêrend het gery en sy 3 da'e by oom Isak gebly en gevry en alles reggemaak met di ouers en op syn tyd weer tuis.

Bêrend is van daag di skoonseun in 'n goeie famili, en neef van Ou-oom en Ou-tante; hy woon by syn skoonouers, en, hoewel hy ni so voorspoedig is as syn broer ni, nogtans het hy gen rede om berou te hê, dat hy onderveld toe gegaan het ni. Syn vrou het nou één kindji, en syn skoonvader het an syn ou'ers so'n vlugtige besoeki gebreng, om kennis te maak. Ons moet hier oek van Bêrend afskeid neem en hom met vrou en kind an di Here opdra en vir hom bid, dat oek hy met syn famili in di vrees van di Here mag lewe en "altyd met die Here mag wees." "So gaat dit."

OOM WILLEM.

DIE PATRIOTVERENIGING VIR AFRIKAANSE TEKSUITGAWES

KOMITEE:

Dr G. S. NIENABER
(Hoofredakteur-sekretaris).
Dr F. C. L. BOSMAN.
Dr A. J. COETZEE.
Prof. G. DEKKER.
Prof. J. L. M. FRANKEN.
Prof. C. M. VAN DEN HEEVER.
Dr W. KEMPEN.
Prof. B. KOK.
Prof. M. S. B. KRITZINGER.
Dr P. J. NIENABER.
Dr ANNA DE VILLIERS.

KONSTITUSIE VAN DIE VERENIGING

- 1 Die doel van die Vereniging is om belangrike Afrikaanse stukke van vóór 1900 in soverre as wat hulle moeilik toeganklik geword het, te laat uitgee ter verspreiding onder die lede en vir verkoop aan die publiek.
- 2 Intekengeld per jaar is een pond, vooruitbetaalbaar.
- 3 Vir sy intekengeld ontvang elke lid nie meer as drie werke nie. Die boeke van lede is in linneband en genommer.
- 4 Die beheer van die sake van die Vereniging berus by bogenoemde komitee van elf lede.
- 5 Die Vereniging se publikasies word deur die Voortrekkerpers, Beperk, Hoekstraat 18-24, Johannesburg, vir sy rekening uitgegee en versprei.
- 6 Alle korrespondensie omtrent lidmaatskap, intekengelde en sake rakende die administrasie moet gerig word aan die uitgewer.
- 7 Briefwisseling in verband met die uitgee van tekste moet met die Hoofredakteur-sekretaris gevoer word. (Adres: Natalse Universiteitskollege, Pietermaritzburg).
- 8 Die komitee sal wenke van sy lede i.v.m. die uitgee van tekste verwelkom.

LEDELYS VAN DIE PATRIOTVERENIGING

TOT OP 8-11-43

1. Dr Abel Coetzee, Randse Universiteit, Johannesburg.
2. Prof. dr D. F. du T. Malherbe, Pk. Klein-Brakrivier, Dist. Mosselbaai.
4. Mnr M. J. Gregory, Ottostraat 15, Krugersdorp.
5. Die Hooft, Monument Hoërskool, Krugersdorp.
6. Die Bibliotekaris, N.V.K., Pietermaritzburg.
8. Mnr C. J. Nienaber, Tegniese Kollege, Pietermaritzburg.
9. Die Bibliotekaris, Carnegie Biblioteek, Posbus 246, Germiston.
10. Mnr J. C. de Beer-Wiid, Bulwerstraat 278, Pietermaritzburg.
11. Prof. J. S. van Heerden, Joubertstraat 178, Pretoria.
12. Prof. J. J. le Roux, Hebworthweg, Pietermaritzburg.
13. Mnr J. P. Scannell, Universiteitskollege, Pietermaritzburg.
14. Mnr P. J. Conradie, Langstraat 13, Lichtenburg.
15. Mnr P. W. S. Schumann, Posbus 115, Lichtenburg.
20. Prof. Geo. Cronje, Voortrekker-Universiteit, Pretoria.
21. Mnr P. R. Nel, Seuns Koshuis, Harrismith.
22. Mnr Thos. Blok, Posbus 280, Bloemfontein.
23. Prof. dr C. M. van den Heever, Randse Universiteit, Johannesburg.
24. Dr J. G. M. Richter, King Edwardlaan 181, Pietermaritzburg.
25. Mnr H. C. van Niekerk, Oranjestraat 71, Kroonstad, O.V.S.
26. Die Bibliotekaris, Merensky Biblioteek, Voortrekker Universiteit, Pretoria.
29. Die Bibliotekaris, Merensky Biblioteek, Voortrekker Universiteit, Pretoria.
30. Mej. Hendrikz, Rhodes Universiteit, Grahamstad.
31. Mnr Ernst van Heerden, Christello-Hof 14, Stellenbosch.
34. Kapt. J. G. G. Krige, Vlugs 33, Lugmagstandplaas, Port Elizabeth.
35. Dr L. S. Steenkamp, Posbus 6, Ladysmith.
36. Mnr O. Maarschalk, Whiteweg 14, Ladysmith, Natal.
37. Mnr D. J. Potgieter, Bayviewlaan, Tamboerskloof, K.P.
38. Boekhandel-Bestuuder, Unie-Volkspers Bpk., Kaapstad.
39. Die Bibliotekaris, Die Parlementsbiblioteek, Kaapstad.
40. Prof. dr J. Chris Coetzee, P.U.K. vir C.H.O., Potchefstroom.
41. Mej. Killie Campbell, Muckleneuk, Marriotweg 221, Durban.
42. Mnr Dirk Mostert, P/a F.A.K., Johannesburg.
44. Mnr M. C. van Rensburg, Erfdeel, Posbus 10, Hennenman, O.V.S.
45. Mnr J. J. Heyns, Hoërskool Marquard, O.V.S.
46. Die Volksblad-Boekhandel, Posbus 267, Bloemfontein.
47. Dr S. J. du Toit, P/a Onderwysers Dept., Bloemfontein.
48. Die Bibliotekaris, Hoofbiblioteek, Randse Universiteit, Johannesburg
49. do. do. do. do.
50. Die Bibliotekaris, Gubbins Biblioteek, Randse Universiteit, Johannesburg.
51. Dr E. G. Jansen, Volksraad, Kaapstad.
52. Mnr J. H. Swart, Posbus 41, Petrus Steyn, O.V.S.
53. Pastor A. Witthöft, Pk. Motchelle, Oor Zeerust.
54. Mnr J. Semmelink, Sewendelaan 318, Capital Park, Pretoria.
55. Mnr J. J. Boshoff, Bayonne, Mooirivier, Natal.
59. Mnr Abr. H. Jonker, Die Suiderstem, Buitengrachtstraat, Kaapstad.
60. Mnr H. C. Kuun, Posbus 856, Bulawayo, S.R.
61. Prof. M. C. Botha, Voortrekker Universiteit, Pretoria.
63. Dr F. C. L. Bosman, „Vorentoe“, Grottoweg, Rondebosch.
64. Dr W. de Vos Malan, Alexandriaweg, Seepunt, K.P.
65. Mnr J. H. M. Viljoen, „Die Huisgenoot“, Keeromstraat 30, Kaapstad.
67. Mnr B. J. Venter, Rustenburgweg 208, Greenside, Johannesburg.
69. Mnr M. A. S. Grundlingh, Graaffsaal, Villiersdorp.
70. Mnr N. van Blerk, H/v Ryneveld- en Crozierstraat, Stellenbosch.
71. Die Bibliotekaris (D. H. Varley), S.A. Openbare Biblioteek, Kaapstad.
72. Dr A. I. Perold, Posbus 14, Suider-Paarl.
73. Prof. F. C. Gonin, Cummingstraat, Wellington, K.P.
74. Helpmekaar Meisieskool, P/a mej. Theron, Edith Cavellstraat, Johannesburg.
75. Die Bibliotekaris, Openbare Biblioteek, Johannesburg.
76. Mnr D. N. Cilliers, Hoërskool, Bellville, K.P.
77. Dr P. J. Nienaber, Rustenburgweg 210, Greenside, Johannesburg.
78. Prof. M. S. B. Kritzinger, Stasiestraat 221, Pretoria.
79. Prof. G. P. Lestrade, Skool van Afrikanistiek, Universiteit Rondebosch.
80. Dr M. S. Louw, Posbus 660, Kaapstad.
81. Mnr C. F. J. Muller, Neethlingstraat, Stellenbosch.
82. Dr G. S. Nienaber, St Patricksweg 18, Pietermaritzburg.
83. Die Bibliotekaris, Normaalkollege, Parkweg, Bloemfontein.
84. Mnr G. H. J. de Winter, Posbus 5, Graskop.
85. Mnr T. W. Hiltje, Posbus 276, Pretoria.
86. Mnr G. A. Leyds, Mayfieldweg 6, Rondebosch, K.P.
87. Mnr H. A. Rust, Opleidingskollege, Wellington.
88. Mnr H. Hoving, Graaffsaal, Villiersdorp.
89. Mnr G. A. van Breda, „Oudekraal“, Pk. Kampsbaai.

91. Mnr P. E. de Kock, Westcliffskool, Kaapstad.
92. Prof. H. B. Thom, Mostertdrif, Stellenbosch.
93. Mnr G. Bourguin, Monmouthweg 57, Durban.
94. Prof. dr F. E. J. Malherbe, Mostertdrif, Stellenbosch.
95. Prof. F. J. Labuschagne, Molenstraat 37, Potchefstroom.
96. Mnr F. V. Lategan, Andersonstraat 285, Pretoria.
97. Mnr T. C. Visser, Lokshoek, Jagersfontein, O.V.S.
99. Eerw. P. P. Joubert, Lionskerkpastorie, Paarl.
100. Dr J. D. M. Claassens, African Life-gebou, St. Georgestraat, Kaapstad.
101. Prof. A. J. Bosman, Duncanstraat 941, Pretoria.
102. Mnr H. Rissik, Posbus 46, Johannesburg.
103. Mnr D. Brechin, Redaksie „Natal Daily News“, Fieldstraat, Durban.
104. Prof. J. L. M. Francken, Neethlingstraat, Stellenbosch.
105. Mnr P. du T. Grobler, Natal Universiteitskollege, Pietermaritzburg.
107. Prof. J. F. Burger, Universiteit Kaapstad.
108. Mnr C. J. P. Jooste, Posbus 3, Waterval-Boven.
109. Mnr S. C. Bierman, Jorissenstraat 122, Wanderers View, Johannesburg.
110. Ds P. F. D. Weiss, Skoollaan 1157, Hatfield, Pretoria.
113. Mnr L. P. Nigrini, Posbus 112, Zeerust.
114. Dr F. D. Holleman, Bosmanstraat, Stellenbosch.
116. Mnr S. J. Scheepers, Goedehoop, Posbus 9, Sheepmoor.
117. Mnr J. H. Rossouw, Hoofonderwyser, Cradock.
118. Mnr W. D. Marais, Tokai-Verbeteringshuis, Retreat, K.P.
119. Prof. N. Diederichs, P/a F.A.K., Voortrekker-gebou, Johannesburg
120. Mnr J. V. Smit, Rosedene, Estcourt, Natal.
121. Dr I. D. du Plessis, Koningin Victoriastreet, Kaapstad.
122. Hoof-Argivaris, Posbus 6, Kaapstad.
124. Mnr H. C. Miller, Posbus 398, Kaapstad.
125. Mnr W. J. Swanepoel, Posbus 59, Randfontein.
126. Mnr S. C. Hattigh, Parkstraat 10, Randfontein.
127. Mnr S. C. H. Rautenbach, Baileystraat 81, Randgate, Randfontein.
128. Dr J. van der Poel, Papenboom, Nuwelandlaan, Nuweland, K.P.
130. Mnr John M. Hershensohn, „The Shieling“, Greytown.
131. Mnr J. A. Potgieter, P/a Kaap Central, Pimstraat 68, Newtown, Johannesburg.
132. Die Biblioteekaris, Openbare Biblioteek, Krugersdorp.
133. Mnr W. J. Snyman, Devenishstraat, Pietersburg.
134. Mnr H. H. du Plessis, Posbus 27, Kaapstad.
135. Mev. A. Muller, Posbus 659, Kaapstad.
136. Mnr P. J. le Grange, Posbus 13, Kaapstad.
138. Dr P. C. Schoonees, Posbus 127, Vryheid, Natal.
139. Mnr M. Brits, Driefonteinskool, Pk. Gloria, Middelburg.
140. Die Sekretaris, Oranjeskool, Bloemfontein.
141. Dr S. P. van der Walt, Stantonstraat 71, Turffontein, Johannesburg.
142. Mnr J. H. P. Botha, Hoërskool Nassau, Mowbray, K.P.
143. Die Biblioteekaris, J. W. Jagger Biblioteek, Universiteit, Rondebosch, Kaapstad.
144. Dr P. J. Meyer, Buffaloweg 28, Emmarentia, Johannesburg.
145. Mnr G. J. A. Lubbe, Hoofweg 39, Fishers Hill, Germiston.
146. Dr I. D. van der Merwe, Taylorweg 3, Greenside, Johannesburg.
147. Mnr M. J. Posthumus, Prospectstraat 1261, Pretoria.
148. Mnr G. H. J. de Winter, Posbus 5, Graskop.
149. Mnr D. A. Kruger, Graskop.
150. Mnr D. F. van der Merwe, Universiteit Kaapstad.
151. Prof. G. Dekker, Noordstraat 1, Potchefstroom.
152. Ere Biblioteekaris (per Dr G. Dekker) Biblioteek, P.U.K., Potchefstroom.
153. Die Biblioteekaris, Carnegie Biblioteek, Universiteit Stellenbosch.
154. do. do. do.
155. Mnr F. J. Botha, Moria Goewermentskool, Pk. Kliprivier.
156. Mnr R. F. M. Immelman, Sandownweg 77, Rondebosch, K.P.
157. Die C.S.V.-Boekhandel, Posbus 25, Stellenbosch.
158. do. do. do.
159. H.A.U.M., Kerkstraat 3, Kaapstad.
160. do. do. do.
163. Prof. A. P. Goossens, Tomstraat 9, Potchefstroom.
165. Dr J. C. Kotzé, Hoërskool, Bronkhorstspuit.
166. Prof. I. D. Bosman, Universiteit Pretoria.
167. Mnr A. J. Sadie, Hoërskool, Postmasburg.
168. Dr J. S. du Toit, Vreugde, Oliveweg 16, Seepunt.
169. Dr J. J. Pieterse, Monument Hoërskool, Krugersdorp.
170. Mnr J. A. Erasmus, Extowneg 11, Bloemfontein.
171. Mnr F. G. M. du Toit, Die C.S.V.-Hoofgebou, Stellenbosch.
174. Mnr J. R. Malan, Intermediêre Skool, Oogies.
176. Van Schaik Bpk., Pretoria.
177. 178. do. do.
182. Mnr J. A. Erasmus, Sesselaan 208, Wonderboom-Suid, Pretoria.
183. Prof. dr D. F. Malherbe, Pk. De Bloem, Bloemfontein.
184. Die Paarlse Drukkery, Posbus 248, Paarl.
185. Mnr Fred. Scheepers, Retiefstraat 49, Potchefstroom.
186. Die Sekretaris, Oranjeskool, Bloemfontein.
187. Hoër Volkskool, Heidelberg

188. Mnr A. L. Botha, Rynevelostraat, Stellenbosch.
189. Sentrale Hoërskool, Bloemfontein.
193. Mnr S. J. Kritzing, Rosestraat 12, Riviera, Pretoria.
194. Mnr Gideon Roos, Uitsaai-Korporasie, Johannesburg.
195. Dr H. J. Simons, Universiteit Kaapstad.
196. Jan van Riebeeck-Hoërskool, Kloofstraat 129, Kaapstad.
198. Die Bibliotekaris, U.K.O.V.S., Bloemfontein.
199. Dr F. Z. van der Merwe, Natalse Onderwys Dept., Langmarkstraat, Pietermaritzburg.
201. Dr O. Hoops, Posbus 1833, Kaapstad.
202. Mnr H. C. Viljoen, Voortrekkerweg, Newcastle.
204. Mnr J. A. Kruger, Spoorweghuis-Hoofkantoor, Johannesburg.
205. Mej. M. M. Theron, Kleinstraat 52, Johannesburg.
206. Dr C. J. König, Greenweg 2, Greenside-Uitbreiding, Johannesburg.
207. Mnr G. J. van Eck, E.R.-gebou, Andriesstraat, Pretoria.
208. Mnr D. J. Potgieter, Agstelaan 11, Linden, Johannesburg.
209. Die Hoof Hoër Gimnasium, Potchefstroom.
210. Mnr H. Joubert, Harpurlaan 102, Benoni.
212. Die Hoof Helpmekaar Hoër Seunskool, Johannesburg.
213. Dr Anna de Villiers, Hugenote Universiteitskollege, Wellington.
214. Mnr A. E. du Toit, Voortrekkerskool, Posbus 40, Boksburg.
215. Mnr G. N. Claasen, Eloffskool, Pk. Eloff.
217. Mnr M. S. du Buson, Voortrekkeergebou 217, Johannesburg.
218. Mnr A. J. C. Driescher, Posbus 44, Zeerust.
219. Heidelberg Normaal Kollege, Heidelberg, Tvl.
220. Mnr J. A. S. Erasmus, Skoolhoof Nondweni, Natal.
221. Mnr F. A. Mynhardt, St. Peterskool, Rosettenville, Johannesburg.
222. Mnr W. F. Joubert, Paul Krugerskoolplaas, Oor Rustenburg.
223. Mnr J. A. van Vuuren, Visagiestraat 373, Pretoria.
224. Mnr Hertzog Venter, Tomstraat 66, Potchefstroom.
225. Mnr Coenraad Brink, Mareestraat 57, Potchefstroom.
226. Mev. I. M. du Toit, Posbus 106, Stellenbosch.
227. Mnr W. A. Wilcocks, Posbus 845, Johannesburg.
228. Prof. dr B. Kok, U.K.O.V.S., Bloemfontein.
230. Mnr F. P. van der Westhuizen, Marklaan 81a, Vereeniging.
231. Prof. D. B. Bosman, Universiteit, Kaapstad.
233. Mnr J. de Coning, Buteweg, Durban.
234. Mnr J. D. Vorster, P/a Die Eendragkskool, Boksburg-weg, Germiston.
235. Mnr A. H. Uys, Pk. Daviesville.
236. Mnr P. A. M. Brink, Dagbreek Junior-Hoërskool, Posbus 154, Springs.
237. Mnr E. H. Langsmit, Sentrale Skool, Naboomspruit.
238. Mnr J. A. Vogel, Arthur Mathews-skool, Maraisburg.
241. Mnr A. F. Vosloo, Voortrekker Hoërskool, Pietermaritzburg.
242. Mnr M. S. Strydom, Posbus 16, Babanango, Natal.
243. Mnr P. J. Jacobs, Pk. Lagersdrift, Oor Middelburg.
244. Dr F. E. T. Krause, Posbus 363, Pretoria.
245. Mnr D. G. Steenkamp, Pk. Mopani, Noord-Transvaal.
246. Mnr A. S. V. Barnes, Oribiweg 21, Scottville, Pietermaritzburg.
247. Mnr Nico Meiring, Onderwysersdepartement, Pietermaritzburg.
248. Mnr S. J. H. Claasens, Kenhardt.
249. Maskew Miller Bpk., Posbus 396, Kaapstad.
250. Dr J. H. O. du Plessis, Posbus 525, Port Elizabeth.
251. Mnr H. N. Roux, Posbus 224, Ermelo.
252. Mnr H. J. Senekal, Sewendestraat 1, Bloemfontein.
253. Mnr J. S. Smuts, Riebeeckstraat 12, Vasco, K.P.
254. Mnr S. J. Venter, Hoërskool, Ladybrand.
255. Mnr S. L. C. van der Walt, Buteweg 18, Durban.
256. Prof. J. D. A. Krige, Randse Universiteit, Johannesburg.
257. Dr F. J. Kritzing, Posbus 7455, Johannesburg.
258. Dr W. J. B. Pienaar, Tullyalleyweg, Rondebosch, K.P.

Die nommer van hierdie boek
is :.....141.....

